# Kognitiewe aspekte van lesersreaksies op *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden en *Swartskaap* van Odette Schoeman

**LEA M. MARAIS**

**12317942**

**Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Artium* in Afrikaans en Nederlands aan die Potchefstroom kampus van die Noordwes-Universiteit**

**Studieleier:** **Prof. H.J.G. du Plooy**

**Medestudieleier:** **Dr. P.L. van Schalkwyk**

**Mei 2012**

**Potchefstroom**

## Dankbetuigings

Graag wil ek die volgende persone bedank sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

In die eerste plek my studieleier, Prof Heilna du Plooy, vir die leiding, raad en ondersteuning gedurende hierdie studie, dit was van onskatbare waarde. So ook die finansiële ondersteuning veral met die taalversorging

Dr Phil van Schalkwyk, my medestudieleier, vir sy raad en leiding.

Me Elma de Kock vir die taalversorging.

Die nege lesers wat tyd afgestaan het om die onderskeie boeke te lees en daaroor te praat.

My familie vir hul ondersteuning, en in besonder my susters en vriende, spesifiek Justine Reynolds vir haar hulp.

Dosente wat die grondslag gelê het om hierdie verhandeling moontlik te maak, en hul voortdurende belangstelling en navraag, in besonder Dr. Rónel van Oort en Dr. Ria van den Berg.

Graag sal ek in besonder dankie wil sê aan my ouers. My ma wat ŉ liefde vir die taal en boeke gekweek het, en wat met ŉ baie ongewone sameloop van omstandighede die inspirasie tot die onderwerp was. So ook vir my pa wat altyd gesê het, maak nie saak wat jy met jou lewe wil doen nie, jy sal opgelei wees om dit te doen. Hy het my baie gemotiveer om te studeer, omdat dit juis so belangrik vir hom was. Ek sou die verhandeling baie graag met hulle wou deel.

Ek wil graag in besonder dankie sê aan Me. Christine du Toit. Sonder haar ondersteuning, raad en leiding sou die verhandeling nooit moontlik gewees het nie. Veral haar hulp met verskeie moeilike aspekte op persoonlike vlak, nie net in die tydperk van my M nie, maar selfs voor dit. Ek sou in die verband nooit genoeg kon dankie sê nie. Me. Du Toit was ŉ onoffisiële studieleier en is steeds ŉ mentor. So ook dankie aan haar hele gesin vir die hulp gedurende my mediese probleme in hierdie afgelope jaar.

Laastens my Hemelse vader wat my krag gegee het om die taak te voltooi ten spyte van ŉ moeilike jaar.

## Opsomming

**Titel: Kognitiewe aspekte van lesersreaksies op *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden en *Swartskaap* van Odette Schoeman**

Elke leser sal verskillend oor ŉ boek redeneer en daarom die boek verskillend interpreteer. Daar kan nie met wetenskaplike sekerheid gesê word hoe ŉ bepaalde leser ŉ boek sal interpreteer nie. Daarom is daar in die studie gekyk na die resepsie-estetika soos dit deur Iser en Jauss gebruik is. Die resepsie-estetika staan vandag nie meer op sy eie nie, maar word ondersteun deur navorsing vanuit die kognitiewe paradigma, wat daarop gerig is om vas te stel hoe ŉ leser ŉ bepaalde teks lees, verstaan en interpreteer. In hierdie studie is daar gebruik gemaak van *30 Nagte in Amsterdam* deur Etienne van Heerden en *Swartskaap* deur Odette Schoeman om lesers se reaksie vanuit ŉ kognitiewe paradigma te toets. Daar is gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsingsmetodes om die hipotese te toets en hierdie data is daarna in verskillende fases van verwerking geprosesseer soos vervat in die addendum DVD.

Daar is in die studie ondersoek ingestel na die redes waarom lesers op ŉ sekere wyse sal redeneer ten opsigte van die algemene respons met betrekking tot die verhaal, karakters, gebeure en ruimte. Daar is in die studie gevind dat ŉ leser nooit sy eie interpretasie van sy agtergrond en verlede kan skei nie. Lesers gebruik hul agtergrond om, hetsy sin te maak van die storie en verhaal, of om aspekte van hul eie verlede te ondersoek en te verwerk.

Dit was duidelik uit die studie dat die leser sterker in ag geneem kan word wanneer dit by die resensering en bespreking van boeke kom, omdat dit lesers is vir wie boeke geskryf word. Daarom word daar in die studie voorgestel dat daar ŉ resensiemodel ontwikkel word wat lesers in staat sal stel om met meer insig en kennis ŉ keuse te maak wanneer hulle boeke kies om te lees. So ŉ model behoort hulle in staat te stel om boeke te kies wat meer tot hul persoonlike voor- of afkeure sal spreek.

**Sleutelwoorde**: Resepsie-estetika, kognitiewe paradigma, leserreaksie, leser agtergrond, lewensbeskouing, populêre teks, literêre teks, narratief, narratologie.

## Abstract

**Title: Cognitive aspects of readers responses on *30 Nagte in Amsterdam* by Etienne van Heerden and *Swartskaap* by Odette Schoeman**

Every reader will respond to and think in a different way about a book. They will have different interpretations of the book. It is not possible to say with scientific certainty in what way a reader will interpret a book. To address this issue, this study focuses on the reader response theory as explained by Iser and Jauss. However, the reader response theory is at present supported by research from the cognitive theory to narratology. This study attempts to understand how a reader reasons with regards to a certain text. A further aim is to understand why a specific reader will think about and interpret the text in the way he or she does. In this study the books *30 Nagte in Amsterdam* (*30 Nights in Amsterdam*) by Etienne van Heerden and *Swartskaap* (*Black Sheep*) by Odette Schoeman is used to test the hypothesis. Qualitative research methods were used and the data was processed in different stages  as is displayed in the addendum DVD.

Cognitive theory wants to explain how the reader will respond to the book as a whole, characters, events and the places and spaces represented in the novel. In this study, it was found that a reader's response will always be influenced by his/her background. Readers use their background either to make sense of the book and the story it tells or to make sense of what has happened in their own lives in order to accept and understand it.

On account of the results reached in the study it can be argued that readers should be taken into account when books are reviewed and discussed, because they are the ones that have to do the actual reading. Because of this finding, this study puts forward the suggestion that a review model is developed so that readers can make informed decisions as to which book will be best suited to them.

**Key words**: Reception theory, cognitive paradigm, reader response, reader background, life ideology, popular text, literary text, narrative.

# Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1: INLEIDING....1

1.1 Kontekstualisering....1

1.2 Metodologie....5

1.2.1 Kwalitatiewe metodes....5

1.3 Sentraal teoretiese stelling/hipotese....7

1.4 Keuse van boeke....7

1.5 Studiegroep....8

1.6 Semi-gestruktureerde onderhoude....9

1.7 Data-analise....11

1.7.1 Kodering....11

1.7.2 Betroubaarheid....11

1.8 Probleemstelling....12

1.9 Doelstellings....13

1.10 Samevatting....13

1.11 Gevolgtrekking....15

HOOFSTUK 2: TEORETIESE AGTERGROND....16

2.1 Inleiding....16

2.2 Hans Robert Jauss....16

2.3 Wolfgang Iser....19

2.4 Die kognitiewe paradigma....24

2.5 Die kognitiewe paradigma as instrument om lesers se interpretasie te verstaan....33

2.6 Gevolgtrekking....35

HOOFSTUK 3: NARRATOLOGIESE ANALISE VAN *SWARTSKAAP* DEUR ODETTE SCHOEMAN EN *30 NAGTE IN AMSTERDAM* DEUR ETIENNE VAN HEERDEN....36

3.1 Inleiding....36

3.2 Verhaalanalise....37

3.3 Die skrywers ....................................................38

3.4 Gebeure ....................................................40

3.5 Narratologie ....................................................44

3.5.1 Karakter/Karakterisering ....................................................44

3.5.1.1 Karakterisering in *Swartskaap* ....................................................45

3.5.1.2 Karakterisering in *30 Nagte in Amsterdam* ....................................................48

3.5.2 Ruimte ....................................................52

3.5.2.1 Ruimteuitbeelding in *Swartskaap* ....................................................52

3.5.2.2 Ruimteuitbeelding in *30 Nagte in Amsterdam* ....................................................53

3.5.3 Tyd ....................................................53

3.5.3.1 Tydsaspekte in Swartskaap ....................................................54

3.5.3.2 Tydsaspekte in *30 Nagte in Amsterdam* ....................................................55

3.5.4 Verteller ....................................................56

3.5.4.1 Die verteller in *Swartskaap* ....................................................56

3.5.4.2 Die verteller in *30 Nagte in Amsterdam* ....................................................56

3.5.5 Fokalisator ....................................................56

3.5.5.1 Die fokalisator in *Swartskaap* ....................................................57

3.5.5.2 Die fokalisator in *30 Nagte in Amsterdam* ....................................................58

3.6 Temas in die verhale ....................................................59

3.6.1 Temas in *Swartskaap* ....................................................59

3.6.2 Temas in *30 Nagte in Amsterdam* ....................................................60

3.7 Algemene opmerkings ten opsigte van die verhale ....................................................61

3.8 Voorgestelde vrae vir onderhoude ....................................................63

3.10 Samevatting ....................................................66

HOOFSTUK 4: KWALITATIEWE NAVORSINGSVERSLAG ....................................................68

4.1 Inleiding ....................................................68

4.2 Analise van data ....................................................69

4.2.1 Studiegroep-onderhoude ....................................................70

4.2.2 Dokumentanalise ........ 70
4.2.3 Kwalitatiewe kodering ........ 71
4.2.4 Data-analise ........ 71
4.3 Tematiese analise ........ 71
4.3.1 Fase 1 – Oop Kodering ........ 72
4.3.2 Fase 2 – Selektiewe/aksiale kodering ........ 74
4.3.3 Fase 3 – Selektiewe kodering ........ 74
4.4 Resultate van analise ........ 74
4.4.1 Leser een ........ 76
4.4.1.1 Agtergrond ........ 76
4.4.4.2 Leser se interpretasie ........ 76
a) Leser een se interpretasie van *Swartskaap* ........ 76
b) Leser een se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ........ 78
c) Ander aspekte van interpretasie ........ 80
d) Leser se siening aangaande resensies ........ 80
e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ........ 81
f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie ........ 82
4.4.2 Leser twee ........ 83
4.4.2.1 Agtergrond ........ 83
4.4.2.2 Leser se interpretasie ........ 83
a) Leser twee se interpretasie van *Swartskaap* ........ 83
b) Leser twee se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ........ 85
c) Ander aspekte van interpretasie ........ 86
d) Leser se siening aangaande resensies ........ 86
e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ........ 87
f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie ........ 89
4.4.3 Leser drie ........ 90
4.4.3.1 Agtergrond ........ 90
4.4.3.2 Leser se interpretasie ........ 90

a) Leser drie se interpretasie van *Swartskaap* ... 90

b) Leser drie se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ... 92

c) Ander aspekte van interpretasie ... 95

d) Leser se siening aangaande resensies ... 95

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ... 95

f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie ... 97

4.4.4 Leser vier ... 97

4.4.4.1 Agtergrond ... 97

4.4.4.2 Leser se interpretasie ... 98

a) Leser vier se interpretasie van *Swartskaap* ... 98

b) Leser vier se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ... 100

c) Ander aspekte van interpretasie ... 102

d) Leser se siening aangaande resensies ... 102

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ... 103

f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie ... 104

4.4.5 Leser vyf ... 105

4.4.5.1 Agtergrond ... 105

4.4.5.2 Leser se interpretasie ... 105

a) Leser vyf se interpretasie van *Swartskaap* ... 105

b) Leser vyf se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ... 107

c) Ander aspekte van interpretasie ... 109

d) Leser se siening aangaande resensies ... 109

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ... 110

f) Navorser se opmerkings aangaande die leser se interpretasie ... 111

4.4.6 Leser ses ... 112

4.4.6.1 Agtergrond ... 112

4.4.6.2 Leser se interpretasie ... 112

a) Leser ses se interpretasie van *Swartskaap* ... 112

b) Leser ses se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ... 114

c) Ander aspekte van interpretasie ..... 117

d) Leser se siening aangaande resensies ..... 117

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ..... 118

f) Navorser se opmerkings aangaande die leser se interpretasie ..... 119

4.4.7 Leser sewe ..... 120

4.4.7.1 Agtergrond ..... 120

4.4.7.2 Leser se interpretasie ..... 120

a) Leser sewe se interpretasie van *Swartskaap* ..... 120

b) Leser sewe se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ..... 122

c) Ander aspekte van interpretasie ..... 124

d) Leser se siening aangaande resensies ..... 124

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ..... 125

f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie ..... 126

4.4.8 Leser agt ..... 127

4.4.8.1 Agtergrond ..... 127

4.4.8.2 Leser se interpretasie ..... 127

a) Leser agt se interpretasie van *Swartskaap* ..... 127

b) Leser agt se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ..... 129

c) Ander aspekte van interpretasie ..... 131

d) Leser se siening aangaande resensies ..... 131

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale ..... 131

f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie ..... 132

4.4.9 Leser nege ..... 133

4.4.9.1 Agtergrond ..... 133

4.4.9.2 Leser se interpretasie ..... 134

a) Leser nege se interpretasie van *Swartskaap* ..... 134

b) Leser nege se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ..... 135

c) Ander aspekte van interpretasie ..... 137

d) Leser se siening aangaande resensies ..... 137

e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale .......... 138

f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie .......... 139

4.5 Vergelykende analise .......... 139

4.7 Samevatting .......... 152

HOOFSTUK 5 – GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING .......... 153

5.1 Inleiding .......... 153

5.2 Kognitiewe aspekte van die resepsie-teorie as interpreteringsmetode .......... 153

5.2.1 Lesers se agtergrond, kennisraamwerk en oortuigings .......... 154

5.2.2 Die rol wat die volgorde waarin die boeke gelees is speel in die lesers se interpretasie .......... 157

5.2.3 Buiteblad en titel van die boek .......... 158

5.2.4 Die invul van oop plekke deur die lesers .......... 159

5.2.5 Lewensbeskoulike opvattings van die lesers .......... 161

5.3 Interpretasie van lesersinterpretasies volgens kognitiewe konsepte in 'n kwalitatiewe ondersoek .......... 161

5.3.1 Lesers se identifisering van 'n fokuspunt in die verhale .......... 162

5.3.2 Verwerking van raamwerke deur die lesers .......... 163

5.3.3 Toepassing van die kognitiewe paradigma op die literatuur soos deur David Herman voorgestel .......... 164

5.3.3.1 Die kognitiewe verbuiging van die narratief .......... 165

5.3.3.2 Karakterassosiasie .......... 165

5.3.3.3 Die rol van emosies .......... 166

5.3.3.4 Koppelvlakke tussen die narratief en intellek-brein .......... 166

5.4 Geïdentifiseerde probleemareas .......... 170

5.5 Samevatting .......... 171

5.5.1 Uiteensetting van die studie .......... 171

5.5.2 Probleemareas en voorstelle .......... 174

5.5.3 Gevolgtrekking .......... 174

BIBLIOGRAFIE ........................................................................................................ 175

## Lys van figure

Figuur 1: Verwysingspunte in ’n leser se verwysingsraamwerk ............ 25

Figuur 2: Kleiner strukture wat leser skep in verhaal ............ 26

Figuur 3: Uiteensetting van karakters in *Swartskaap* ............ 47

Figuur 4: Uiteensetting van karakters in *30 Nagte in Amsterdam* ............ 51

## Lys van tabelle

Tabel 1: Agtergrondinligting van leser een....76

Tabel 2: Leser een se interpretasie van *Swartskaap* ....78

Tabel 3: Leser een se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*....79

Tabel 4: Ander aspekte van Interpretasie van Leser een....80

Tabel 5: Leser een se vergelykende aspekte tussen die twee verhale ....82

Tabel 6: Agtergrondinligting van leser twee ....83

Tabel 7: Leser twee se interpretasie van Swartskaap....84

Tabel 8: Leser twee se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ....86

Tabel 9: Ander aspekte van Interpretasie van Leser twee ....87

Tabel 10: Leser twee se vergelykende aspekte tussen die twee verhale....89

Tabel 11: Agtergrondinligting van leser drie....90

Tabel 12: Leser se interpretasie van Swartskaap ....92

Tabel 13: Leser drie se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*....94

Tabel 14: Ander aspekte van Interpretasie van Leser drie....95

Tabel 15: Leser drie se vergelykende aspekte tussen die twee verhale ....96

Tabel 16: Agtergrondinligting van leser vier ....97

Tabel 17: Leser vier se interpretasie van *Swartskaap*....99

Tabel 18: Leser vier se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*....101

Tabel 19: Ander aspekte van Interpretasie van Leser vier ....102

Tabel 20: Verskille tussen die verhale soos deur Leser vier uiteengesit ....104

Tabel 21: Leser vier se vergelykende aspekte tussen die twee verhale....104

Tabel 22: Agtergrondinligting van leser vyf ....105

Tabel 23: Leser vyf se interpretasie van *Swartskaap*....107

Tabel 24: Leser vyf se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ....108

Tabel 25: Ander aspekte van Interpretasie van Leser vyf ....110

Tabel 26: Leser vyf se vergelykende aspekte tussen die twee verhale....111

Tabel 27: Agtergrondinligting van leser ses ....112

Tabel 28: Leser ses se interpretasie van *Swartskaap*....114

Tabel 29: Leser ses se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* .......................................117
Tabel 30: Ander aspekte van Interpretasie van Leser ses ...................................................118
Tabel 31: Leser ses se vergelykende aspekte tussen die twee verhale...............................119
Tabel 32: Agtergrondinligting van leser sewe .....................................................................120
Tabel 33: Leser sewe se interpretasie van *Swartskaap* ......................................................122
Tabel 34: Leser sewe se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* ....................................123
Tabel 35: Ander aspekte van interpretasie van Leser sewe.................................................125
Tabel 36: Leser sewe se vergelykende aspekte tussen die twee verhale ............................126
Tabel 37: Agtergrondinligting van leser agt..........................................................................127
Tabel 38: Leser agt se interpretasie van *Swartskaap* .........................................................129
Tabel 39: Leser agt se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*........................................130
Tabel 40: Ander aspekte van Interpretasie van Leser agt....................................................131
Tabel 41: Leser agt se vergelykende aspekte tussen die twee verhale ...............................132
Tabel 42: Agtergrondinligting van leser nege.......................................................................133
Tabel 43: Leser nege se interpretasie van *Swartskaap* ......................................................135
Tabel 44: Leser nege se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*.....................................137
Tabel 45: Ander aspekte van Interpretasie van Leser nege.................................................138
Tabel 46: Leser nege se vergelykende aspekte tussen die twee verhale ............................139
Tabel 47: Algemene agtergrond ..........................................................................................140
Tabel 48: Interpretasie: *Swartskaap* ...................................................................................141
Tabel 49: Interpretasie: *30 Nagte in Amsterdam*..................................................................144
Tabel 50: Leser se siening aangaande resensies................................................................148
Tabel 51: Ander aspekte van interpretasie ..........................................................................149
Tabel 52: Vergelykende Aspekte: Estetiese aard van aanbieding .......................................150

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

Wanneer ’n roman op die rakke verskyn, is die teks die resultaat van die outeur se poging om ’n storie aan lesers oor te dra, d.w.s. die roman is die representasie van ’n storie wat as ’n verhaal ook implisiet die siening van die outeur oor die verhaalgegewens bevat. Maar wat gebeur werklik wanneer die teks in die hand van die leser beland?

Wanneer literatuur vanuit die leser se perspektief ontleed word, lê so ’n ondersoek op die terrein van die resepsie-georiënteerde teorieë. Alhoewel daar verskeie benaderings tot die resepsie van literatuur is, word daar in hierdie studie gefokus op die resepsie-estetika, spesifiek Wolfgang Iser se teorie van oop plekke wat in ’n teks voorkom. Aanvullend hiertoe, word ook gebruik gemaak van insigte uit die resente kognitiewe paradigma. Om die teorieë in hierdie studie te toets, is daar gebruik gemaak van onderhoudvoering om die reaksie van werklike lesers te bepaal.

## 1.1 Kontekstualisering

Volgens Iser (1983:xi) is die roman die genre waarin die leser se betrokkenheid deel uitmaak van die poses van betekenisgenerering van die roman. Wanneer ’n leser ’n teks lees, ontdek daardie leser nuwe dimensies in die roman wat in sekere gevalle sal verskil van dit waaraan die leser gewoond is.

Volgens Iser is daar twee belangrike aspekte wat in ag geneem moet word in die leesproses. Die eerste is dat lees ’n temporele aksie is en nie liniêr nie. ’n Leser het ’n bepaalde *verwagtingshorison*[1] wanneer hy/sy ’n boek begin lees. Hierdie *verwagtingshorison* speel ’n beduidende rol in die interpretasie van die leser, omdat dit die grense waarbinne die leser beweeg, beïnvloed. Die tweede belangrike aspek waarop Iser fokus, is die konsep van *oop plekke*, wat impliseer dat alles in die verhaal nie absoluut volledig vertel word nie. Die leë plekke stel eintlik vrae aan die leser. Die skrywer verskaf nie die "antwoord" op die oop plek wat hy in ’n teks laat nie, sodat die leser die geleentheid gegee word om die oop plekke vanuit sy/haar eie raamwerk te vul, wat dan onder meer aspekte van die leser se agtergrond weerspieël. So ’n leesproses is nie eenvoudig en liniêr nie omdat die leser vorentoe en agtertoe kyk, besluite oor sekere

---

[1] Alhoewel Hans Robert Jauss eerste die term ‘verwagtingshorison’ gebruik het, maak Iser ook van die term gebruik. Die navorser gebruik verderaan die term met verwysing na Iser se werk (Jauss, 1982:24).

aspekte neem, daardie besluite verander, verwagtinge vorm en sekere aspekte van die teks bevraagteken, aanvaar en verwerp (Iser, 1983:288). Die leser se interpretasie kan gesien word as 'n spieël waarin die leser homself/haarself sien (Iser, 1983:280-281).

Resente benaderings in die literatuurstudie, byvoorbeeld die bestudering van taal, tekste en narratiewe tekste in besonder vanuit die kognitiewe paradigma, het op hierdie uitgangspunte voortgebou. Die kognitiewe paradigma, wat volgens Herman (2009:32) die afgelope dekade gebruik word om literêre tekste te bestudeer, sluit eksplisiet aan by die teorie van Iser en die resepsie-estetika. Afgesien van die insigte uit die resepsie-estetiese teorieë, gebruik die kognitiewe studie ook konsepte en metodes uit die velde van kognitiewe psigologie en kunsmatige intelligensie om hipoteses te ontwikkel wat die produksie en verstaan van narratiewe ondersoek.

Donald (2006:2) noem 'n aantal aspekte wat belangrik is wanneer literatuur vanuit 'n kognitiewe paradigma ondersoek word. Een van die belangrikste insigte is sy siening dat kuns konstruktief is in die sin dat dit die verfyning en uitbreiding van kognitiewe modelle en wêrelduitkyke nastreef. Dit is die natuurlike produk van die kognitiewe self, die gevolg van die brein se vermoë of neiging tot integrasie van perseptuele en konseptuele materiaal oor tyd. Die letterkunde is instrumenteel, veral om kultuurstrominge te identifiseer en verskaf ook 'n selfidentifiserende simbool vir die tyd waarin die letterkunde geskryf word.

Letterkunde is die produk van breinaktiwiteite wat persepsie, geheue, aandag, leksikale soektogte en herroeping insluit. Wanneer die boek byvoorbeeld gelees word, kom die observasie en waardering daarvan tot stand deur die aktivering van skakels tussen die kognitiewe komponente wat georganiseer is in 'n werkende struktuur of operasionele hiërargie (Donald, 2006:10). Die leser lees die teks, fokus op spesifieke punte, prosesseer die fokuspunt, stoor die verwerking in sy tydelike geheue, sif deur die verskillende geprosesseerde dele waarna die leser dit in sy permanente geheue stoor. So word die verskillende fokuspunte gesinchroniseer tot 'n eenheid wat die interpretasie van die kunswerk is.

Vir ander navorsers soos Gerrig en Egidi (2003:34) is die ondersoek van tekste vanuit die kognitiewe benadering belangrik omdat dit die proses bestudeer wat die leser volg

om die simbole (letters en woorde) op die bladsy in modelle in ’n narratiewe wêreld te omskep en ’n voorstelling daarvan te konstrueer.

Kognitiewe narratologie behels ’n studie van die faktore wat geassosieer kan word met die ontwerp en interpretasie van verhalende tekste of stories. Dit gaan oor die skakeling tussen die verhaal wat vertel word en die gees en die verstand van die leser. Herman (2009:30) is van mening dat die kognitiewe paradigma die tradisionele resepsie-teoretici se teorie verbreed met idees aangaande die leser se intelligensie wat verskeie dimensies tot die narratiewe struktuur toevoeg. Herman (2009:31) stel dit egter duidelik dat die kognitiewe paradigma tans slegs ’n kombinasie van los skemas is wat nie ’n vaste of omvattende raamwerk van ondersoek ten opsigte van die literatuur bied nie, omdat dit slegs fokus op die kognitiewe aspekte van die vertelling. Die kognitiewe narratologie wil op die volgende vrae antwoorde soek:

1. Watter kognitiewe prosesse is betrokke wanneer ’n narratief verstaan wil word?

2. Hoe gebruik lesers mediumspesifieke raamwerke om die basis van die verhaalgebeure te bou?

3. Op watter wyse kan stories funksioneer om ’n leser te dwing tot nadenke?

Herman (2003:10) is van mening dat dit juis hierdie kognitiewe funksies is wat die leser in staat stel om die oop plekke in ’n teks op ’n spesifieke manier te vul. Dit laat die leser toe om sekere vorme van inligting vanuit sy/haar persoonlike en sosiale verwysingsraamwerk op te roep wanneer ’n boek gelees word. Sodoende word struktuur aan komplekse narratiewe gee. Volgens Herman (2003:11) word stories dus ’n vermenging van die intensies van die skrywer en die kennis van die leser.

Hieruit blyk dit hoe belangrik dit is dat daar tans gekyk word nie net na die linguistiese struktuur en die kognitiewe vermoë van die leser nie, maar ook na die sosiale struktuur, agtergrond en uitkyk van die leser (Herman, 2003:11). Herman is verder van mening dat daar twee strategieë bestaan wanneer daar ondersoek ingestel word na die narratief en die intelligensie (kognitiewe vermoë) van die leser.

a) Daar kan gepoog word om tekste te verstaan deurdat die leser kyk na die karakters, gebeurtenisse en verskeie narratologiese aspekte. Alhoewel die proses volgens Herman (2003:12) natuurlik en outomaties geskied, is daar ook aanduidings dat dit ’n komplekse linguistiese en kognitiewe proses is.
b) Tekste kan beskou word as 'n middel waardeur lesers kan ontwikkel, d.w.s. die tekste is gereedskap om te verstaan, ’n instrument vir die oefening en verbetering van die kognitiewe vermoë van die leser (Herman, 2003:13).

Kennis word gekonstrueer na aanleiding van bepaalde skemas van kennis waaroor die leser beskik. Herman (2009:30) verduidelik dat skemas bestaan uit *skripte* en *rame*. Die term *skripte* verwys na die leser se voorkennis oor handelingspatrone wat hom/haar in staat stel om bepaalde verwagtinge te hê aangaande ’n teks. Die leser verwag ’n bepaalde verloop van gebeurtenisse in die teks omdat wat in die teks gerepresenteer word vanuit die leser se eie geheue lewend gemaak word. Rame verwys na die verwagting van die leser aangaande die wyse waarop die verwysingsveld, wat deur die betekenis van ’n situasie of ervaring opgeroep word, op enige gegewe moment in die verhaal die interpretasie kan bepaal of beïnvloed. ’n Raam wat deur die leser gebruik word gedurende sy/haar interpretasie sal van krag wees, totdat die leser genoop word om aan sy/haar raamwerk te verander deurdat daar iets in die teks is of selfs in sy/haar persoonlike beskouing is wat die raamwerk laat verander.

Dit blyk uit Herman se uiteensetting dat die kognitiewe benadering ook aangewend kan word om die leser se interpretasie van tekste te verstaan en te evalueer. Daar word in hierdie studie gekyk na die tekstuele en kognitiewe aspekte wat ’n effek het op die leser se interpretasie van die verhaal en na die koppelvlak tussen die narratief en die intellek van die leser. Hoe projekteer die leser sy eie identiteit op die verhaal en watter invloed het daardie identiteit, verwysingsraamwerk en ideologie op sy/haar interpretasie van die verhaal? Daar moet egter ook ondersoek ingestel word na die verband tussen die struktuur wat die skrywer in die verhaal ontwikkel en die interpretasie van die leser.

Die teoretiese agtergrond van die ondersoek word meer breedvoerig in hoofstuk 2 bespreek, om die teorie te toets en die lesers se reaksie op die tekste te ontleed moes daar van empiriese metodes gebruik gemaak word. Vervolgens gee die navorser ’n kort uiteensetting van die navorsingsmetodologie, spesifiek die metodes van kwalitatiewe navorsing wat gebruik is om die navorsing te struktureer.

## 1.2 Navorsingsmetode

Kwalitatiewe navorsing kan volgens Mayan (2001:5) gebruik word om die ondervindings wat mense in hulle daaglikse lewe ervaar te ondersoek en te dokumenteer. Dit is ’n naturalistiese benadering wat gebruik word om die natuurlike verskynsels waar te neem. Met kwalitatiewe navorsing word daar gepoog om die daaglikse ondervindings van mense te verstaan soos dit in ’n bepaalde situasie plaasvind, sonder om die proses te onderbreek. Kwalitatiewe navorsing word volgens Mayan (2001:6) gebruik om die inligting agter die syfers te ontdek. In hierdie studie is gepoog om die persoonlike ondervindings van elke leser te ontdek en om veralgemenings oor ’n verskeidenheid lesers te vermy. Daar word gevolgtrekkings gemaak na aanleiding van die gevallestudie en afgestem op die resultate van die spesifieke inligting wat gevind is.

### 1.2.1 Kwalitatiewe metodes

Volgens Mayan (2001:7) en Marshall en Rossman (2006:4) is daar verskeie metodes van kwalitatiewe navorsing wat gebruik kan word om data in te samel gedurende navorsing. Die belangrikste metodes wat gebruik word in kwalitatiewe navorsing hou verband met etnografiese, fenomenologiese en gegronde teorie (vgl. Huysamen, 1993:1–30).

a) Die etnografiese benadering

Volgens Mayan (2001:8) het antropoloë in die laat negentiende eeu die etnografiese metode ontwikkel om data in te samel aangaande kulture wat volgens hulle geklassifiseer is as primitief. Alhoewel die metode ontwikkel en verander het vanaf die laat negentiende eeu is daar sekere aspekte wat steeds van toepassing is vandag. Die etnografiese metode laat navorsers toe om hulself bloot te stel aan ’n groep se omgewing om sodoende ondersoek te doen aangaande die groep se kultuur. Tans is dit nie meer beperk tot etniese kultuurgroepe nie, maar word kultuurgroepe in die moderne samelewing ook so ondersoek, byvoorbeeld die besigheidsgemeenskap, spesifieke lesers, onderwysers, subkulture of enige ander groep.

In die etnografiese metode maak navorsers gebruik van observasies, onderhoude en veldnotas om data in te samel. Daar kan gebruik gemaak word van verskeie databronne soos video, dokumente, dagboeke, kuns of enige noemenswaardige kulturele verskynsels.

Mayan (2001:8) is van mening dat die metode ’n duidelike beskrywing kan gee van ’n bepaalde verskynsel.

b) Die fenomenologiese benadering

Volgens Mayan (2001:8) is die fenomenologie in die laat negentiende eeu deur Husserl ontwikkel omdat hy besorg was dat die wetenskaplike metode wat toe gebruik is om ’n fisiese fenomeen te ondersoek nie verantwoording kon doen vir die menslike aspek wat deel vorm daarvan nie. Die doel van ’n fenomenologiese aanslag is om die ondervindings van die mens te kan beskryf. Navorsers moet alle vooropgestelde idees aangaande dit wat ondersoek word, opsy skuif voordat data versamel word, sodat ’n weergawe van die data uit die navorsing na vore kan kom. In hierdie metode kan daar gebruik gemaak word van onderhoude, dagboeke, joernale en kuns om die ondervindings van mense te ondersoek.

Volgens Mayan (2001:9) kan die fenomenologiese benadering ’n duidelike beskrywing gee en die betekenis van 'n bepaalde fenomeen na vore bring.

c) Gegronde Teorie

Volgens Mayan (2001:8) is gegronde teorie deur Glaser en Strauss ontwikkel in 1967. Volgens hierdie benadering word daar teorieë ontwikkel vanuit die data. In hierdie geval ontwikkel die navorser nie ’n teorie voordat hy/sy die inhoud ingesamel het nie, maar die teorie ontwikkel vanuit die data wat ingesamel is. Soos die data ingesamel word, so sal die teorie ontwikkel.

Volgens Mayan (2001:8) word data versamel uit dokumente, skryfwerk, artikels en dagboeke en hierdie data word meestal gebruik om ’n proses te ondersoek of die ondervinding van die deelnemers oor ’n tydperk.

In die geval van hierdie studie is daar gebruik gemaak van die fenomenologiese benadering. Data is ingesamel deur middel van onderhoude om die ondervinding van elke onderskeie leser te ondersoek.

## 1.3 Sentraal teoretiese stelling/hipotese

Die sentrale teoretiese argument is dat agtergrond, vorige leeservaring, uitgangspunt en verskeie ander faktore die ontvangs en interpretasie van tekste bepalend beïnvloed en dat hierdie stelling ondersoek en gesubstansieer kan word deur gebruik te maak van konsepte uit die kognitiewe paradigma. Geldige gevolgtrekkings oor teksinterpretasie kan gemaak en geklassifiseer word deur die lesings en interpretasies van twee spesifieke en baie uiteenlopende romans te vergelyk.

Om die doelstellings wat deur die sentrale teoretiese stelling geïmpliseer word, te bereik, word daar van kernkonsepte uit die resepsie-estetika en kognitiewe paradigma gebruik gemaak. Op grond van 'n analise en interpretasie van die gekose tekste deur die ondersoeker, is 'n vraelys opgestel wat deur die onderskeie lesers voltooi moes word.

Nadat die nege lesers die boeke gelees het, is daar onderhoude met elke leser gevoer en ŉ interpretasie van die lesers se interpretasie is gemaak om te bepaal hoe elke leser die tekste interpreteer en ontvang.

Ten slotte word daar gepoog om gevolgtrekkings te maak aangaande die geldigheid van die sienings van die resepsieteorieë en die kognitiewe paradigma na aanleiding van die terugvoer van die lesers se interpretasie en verstaan van die gekose romans.

## 1.4 Keuse van boeke

*30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden en *Swartskaap* van Odette Schoeman word gebruik in hierdie ondersoek om lesersreaksies vas te stel en te analiseer.

Die twee romans is geselekteer op grond van bepaalde ooreenkomste en verskille.

Beide boeke is in 2010 benoem vir pryse. *30 Nagte in Amsterdam* ontvang inderdaad die Hertzogprys vir letterkunde. *Swartskaap* is genomineer vir die Jan Rabie Rapport-prys saam met *Plaasmoord* deur Karin Brynard en *Troos van die ongebrokenes* deur Bettina Wyngaard. *Troos van die ongebrokenes* het die prys ontvang.

Albei romans is grootwordverhale of ontwikkelingsromans, maar is nogtans baie uiteenlopend. Die twee hoofkarakters reageer verskillend op die omstandighede waarin hulle grootword en daar is ŉ groot verskil tussen die sosio-ekonomiese agtergronde in die onderskeie boeke.

Daar is verder groot stilistiese en verhaaltegniese verskille tussen die twee romans. *30 Nagte in Amsterdam* is ’n gesofistikeerde roman wat as ’n oop teks geklassifiseer kan word. Eco (1979:3) definieer ’n oop teks as ’n teks waar die leser aktief betrokke is by die generering van betekenis in sy interpretasie van die teks. Die teks laat ruimte vir ’n wye spektrum van interpretasies en daarom speel die leser ’n belangrike rol in die totstandkoming van die teks. *Swartskaap* aan die ander kant is ’n meer toeganklike en selfs populêre boek wat in sekere opsigte as ŉ geslote teks beskryf kan word aangesien die leser nie soveel oop plekke hoef te vul nie.  Geslote tekste word deur Eco (1979:8) gedefinieer as tekste wat deur die skrywer ontwikkel is om spesifieke response by die leser te wek. Daar word nie tot dieselfde mate grasie aan die leser gegee of die uitdaging gestel om sy eie interpretasie van die teks te maak nie.

## 1.5 Studiegroep

Daar is in hierdie ondersoek gebruik gemaak van ’n klein studiegroep waar die lesers bestaan uit drie persone in hul twintigerjare, drie in hul veertigerjare en laastens drie persone wat vyftig jaar en ouer is.

Soos reeds genoem is daar gebruik gemaak van die klein studiegroep juis om reg te laat geskied aan die individuele stem van elke deelnemer. Dit gaan in hierdie studie nie om veralgemening van gegewens oor groot getalle deelnemers nie, maar om die interpretatiewe konstruktivistiese ondersoek van individuele lesers se interpretasie van die onderskeie verhale (Mayan, 2001:9).

Die deelnemers aan die studiegroep is geselekteer op grond van hulle bereidwilligheid en vermoë om goeie inligting en terugvoer te verskaf, maar ook met die oog op 'n verspreiding van lesers uit verskillende agtergronde wat betref opleiding en ontwikkeling en sosio-ekonomiese lewenstyl.

## 1.6 Semi-gestruktureerde onderhoude

Om die doelstellings van die navorsing te bereik, is die data ingesamel van die lesers deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde onderhoude. Die onderhoude is opgeneem en daarna getranskribeer vir analise.

Volgens Seidman (2006:7) gee onderhoudvoering aan die navorser die geleentheid om betekenis te gee aan die leser se interpretasie. Dit gee aan die leser die geleentheid om sy/haar eie gedagtes aangaande die teks te orden en te herdink, wat dit moontlik maak om betekenisvolle afleidings uit die leser se interpretasie te maak. Mayan (2001:14) is van mening dat dit die deelnemers die geleentheid gee om hulle ondervindings in hul eie woorde weer te gee.

Seidman (2006:7) vermoed dat wanneer lesers gevra word om oor hul ondervindings te praat, hulle besonderhede vanuit hulle gedagtestroom sal oproep. Dit sal tot gevolg hê dat die navorsing die dieper interpretasie van elke leser kan ondersoek. Daar is verder op onderhoudvoering besluit omdat dit aan die leser die geleentheid gee om gemaklik oor sy/haar ervaring van die boek te praat sonder om beperk te wees deur vaste vrae en moontlike beperkte spasie op ’n vraelys. Indien die ondersoeker meer inligting verlang aangaande ’n saak, kan ’n opvolgvraag gebruik word om die saak duideliker uit te klaar.

Semi-gestruktureerde onderhoude pas die beste aan by hierdie soort navorsing. ’n Semi-gestruktureerde onderhoud kan beskryf word as ’n onderhoud wat data van individuele deelnemers ontvang deur ’n stel oop vrae wat in ’n spesifieke volgorde aan die deelnemers gestel word (Mayan, 2001:15). Daar word aan elke deelnemer dieselfde vrae gevra juis om vir elke leser dieselfde situasie te skep waaruit afleidings gemaak kan word oor hoe die onderskeie deelnemers reageer op die teks. Dit is waarskynlik dat lesers op uiteenlopende maniere lees. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude maak dit moontlik om elke leser se interpretasie te evalueer op sy eie, maar ook om vergelykings te kan tref tussen die onderskeie deelnemers juis omdat dieselfde vrae aan elke leser gevra word.

Volgens Mayan (2001:15) kan onderhoude in die volgende kategorieë verdeel word:

a) Kulturele onderhoude wat daarop gerig is om ooreenstemmende sienings, reëls, waardes en verwagtinge in ’n kulturele groep te bepaal.

b) Onderwerp-gedrewe onderhoude wat toegespits is daarop om sekere gebeurtenisse of aspekte dieper te ontgin.
c) Historiese onderhoude wat oorwegend gevoer word om ’n spesifieke periode in tyd te ondersoek vanuit die perspektief van die deelnemers.
d) Lewensgeskiedenisgerigte onderhoude waar die onderhoudvoerder die lewensgebeurtenisse in die deelnemer se lewe wil ondersoek, en;
e) Waardebepalingsonderhoude waar daar ondersoek word hoe die deelnemers ’n program of saak ervaar het en wat die sterk- en swakpunte daarvan is, soos gesien deur die deelnemers.

Vir die doel van hierdie studie is daar besluit om gebruik te maak van onderwerpgedrewe onderhoude, omdat daar ondersoek ingestel word na leespatrone en maniere van verstaan van verhalende tekste. Daar word gefokus op hoe die onderskeie lesers vanuit verskillende agtergronde die boeke lees. Daar word gekyk na die leesproses, die narratologiese aspekte wat voorkom in die boek en die taalgebruik wat gebruik word in die boeke en so ook die leser se beskrywing van sy/haar ervarings.

Die vrae wat in die onderhoude gevra is, is so gestruktureer dat daar inligting oor die deelnemers se agtergrond na vore kom. Daarna beweeg die vrae na elke leser se interpretasie van die boek.

Die vrae wat aan die lesers gestel is, word in hoofstuk 3 bespreek en is opgestel na aanleiding van die narratologiese analise van die onderskeie verhale. Vir etiese redes is die lesers gevra om toestemmingsbriewe te onderteken. Hierdie toestemmingsbriewe is beskikbaar op die ingeslote addendum DVD.

Die onderhoude is digitaal opgeneem en getranskribeer met die hulp van die kwalitatiewe navorsingsprogram Nvivo 8[2]. Hierdie onderhoude en hul transkripsies is beskikbaar op die addendum DVD. Die inligting op die DVD is nie taalversorg nie en word as rou data aangebied. Daar is sekere foute op die DVD, maar omdat dit nie direk so gebruik is in verhandeling nie, is daar besluit om dit so te hou.

[2] NVivo 8, ’n QSR International-program wat ontwikkel is om die verwerking van kwalitatiewe navorsing te vergemaklik. Dit laat die gebruiker toe om video’s, onderhoude, dokumente, foto’s, media en enige ander materiaal maklik te analiseer en te kodeer (Anon, 2009:2).

## 1.7 Data-analise

Die data wat deur die onderhoude versamel is, is inhoudelik geanaliseer. Volgens Mayan (2001:21) kan die inhoud van kwalitatiewe navorsing in twee tipes verdeel word. Daar kom duidelike en verborge soorte inhoud na vore. Duidelike inhoudelike analise kan omskryf word as die proses waar daar na spesifieke woorde of idees in die reaksies van die deelnemers gesoek word en waar hierdie "merkers" uitgewys word.

Verborge inhoudelike analise soos wat in die geval van hierdie studie gebruik is, is die proses waar temas geïdentifiseer word uit die onderhoude. Die temas word dan gekodeer en gekategoriseer. Daar word hierdeur gepoog om die betekenis agter spesifieke opmerkings van die deelnemers te ontdek en sodoende te bewys dat elke leser op grond van sy/haar agtergrond ’n teks verskillend lees.

### 1.7.1 Kodering

Deur gebruik te maak van NVivo 8 is die onderhoude gekodeer ten opsigte van temas en kategorieë wat ontwikkel vanuit die onderhoude. Volgens Mayan (2001:22) kan kodering gedefinieer word as ’n proses waardeur woorde, sinne, temas of konsepte wat herhaaldelik in die data na vore kom, uitgelig word. Op grond van hierdie herhalende data kan onderliggende patrone geïdentifiseer en geanaliseer word.

Die proses waardeur die data gekodeer is, lei daartoe dat die data volgens temas georganiseer word en daarvolgens geanaliseer kan word. Lesers se ondervindings aangaande die tekste kon met mekaar vergelyk word, waarna ’n gevolgtrekking van die lesers se interpretasies gemaak is. Hierdie koderingproses is beskikbaar in die ingeslote addendum DVD wat die verskillende fases van kodering aandui.

### 1.7.2 Betroubaarheid

Volgens Mouton en Marais (1992:81) kan betroubaarheid bereik word wanneer die meetinstrument op verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings lei. Die inhoud van die lesings deur die deelnemers sal uiteraard verskil, maar die gevolgtrekkings het primêr te make met die afleidings wat gemaak kan word oor die verhouding tussen die lesers, hulle agtergrond en verwysingsveld en hulle interpretasies. Mouton en Marais (1992:81) is verder van mening dat die betroubaarheid deur vier veranderlikes beïnvloed kan word. Die navorser, die individu (leser in die geval

van die studie), die meetinstrumente en die navorsingskonteks. Die inligting in hierdie studie kan as betroubaar beskou word omdat dieselfde vraelys gebruik word, dieselfde ondersoeker die beantwoording begelei het en die lesers se interpretasies verbatim opgeteken is vir die analise daarvan.

Daar kan egter nie geargumenteer word dat die lesers dieselfde interpretasie oor die boeke sal hê as hul na ŉ tyd weer gevra word oor die boek nie. Juis omdat die teorie argumenteer dat agtergrond en nuwe leeswerk ŉ rol speel, is die lesers selfs net deur die lees van die boek in ŉ ander raamwerk geplaas. Deurdat die nuwe raamwerke soos gevorm deur die boeke nou deel is van hul verwysingsraamwerk sal ŉ tweede lees van die boeke ŉ ander interpretasie wek by die lesers.

Die data kan om hierdie rede egter nie as onbetroubaar beskou word nie. Die navorsing wil bewys hoe die leser die boeke op ŉ spesifieke moment interpreteer. Alle lesers verander soos hul agtergrond en raamwerke verander. Die data kan as betroubaar beskou word omdat dit ŉ eerlike verbatim beskrywing is van die lesers se interpretasie op ŉ spesifieke moment soos opgeneem deur dieselfde ondersoeker en omdat dieselfde vraelyste vir al die lesers gebruik is.

## 1.8 Probleemstelling

Die uiteensetting wat hierbo verskaf is, lei tot die volgende probleemvrae:

1. Hoe kan insigte van die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma gebruik word om lesers se interpretasie te verstaan?
   - 1.1 Hoe word boeke ontvang, verstaan en geïnterpreteer deur verskillende lesers, spesifiek ten opsigte van die invul van die oop plekke in die teks wat deur die skrywer ontwikkel is om spesifieke reaksies by die lesers te wek?
   - 1.2 Watter rol speel lesers se agtergrond, kennisraamwerke en oortuigings in die verstaan en waardering van ŉ teks?
2. Sou daar met behulp van konsepte uit die kognitiewe paradigma en deur middel van ŉ kwalitatiewe ondersoek (spesifiek deur die gebruik van onderhoude) vasgestel kan word hoe literêre interpretasie plaasvind?
   - 2.1 Sal lesers vanuit verskillende agtergronde ŉ teks verskillend ontvang?
   - 2.2 Watter rol speel die leser se agtergrond in die invulling van oop plekke in die teks?

2.3 Watter rol speel die lewensbeskoulike opvattings van die leser in sy/haar interpretasie van die teks?

2.4 Is daar beduidende verskille tussen die manier waarop lesers ’n populêre teks soos *Swartskaap* van Odette Schoeman interpreteer en hoe hulle ’n roman soos *30 Nagte in Amsterdam* wat as ’n literêre werk beskou word, interpreteer?

3. Watter afleidings en gevolgtrekkings kan gemaak word oor leesprosesse na aanleiding van ’n analise van die lesers se interpretasies soos dit na vore kom in die onderhoude oor hulle leeservaring?

Vanuit hierdie probleemstelling is daar spesifieke doelstellings wat deur die studie bereik wil word.

## 1.9 Doelstellings

Die doelstellings van die studie kan soos volg uiteengesit word:

1. Om die insigte van die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma te gebruik om lesers se interpretasie van tekste te verstaan met die fokus op die leser se invulling van oop plekke en hoe dit beïnvloed kan word deur die leser se agtergrond, kennisraamwerk, oortuigings en waardering van die teks.
2. Om deur onderhoudvoering vas te stel hoe kognitiewe prosesse ’n rol speel in literêre interpretasie en om in die onderhoude wat daar met lesers gevoer sal word vas te stel of lesers vanuit verskillende agtergronde tekste verskillend sal ontvang, of die leser se agtergrond die invul van oop plekke sal beïnvloed, of die uitgangspunte van die leser ’n rol speel in die leser se interpretasie en of daar ’n beduidende verskil is tussen die manier waarop lesers populêre tekste en literêre tekste interpreteer.
3. Om relevante gevolgtrekkings te maak aangaande die kognitiewe aspekte van interpretasie op grond van die data soos versamel in die onderhoude oor die lesers se leesondervinding.

## 1.10 Samevatting

Die studie wil deur navorsing vasstel of opvattings en teoretiese insigte uit die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma gebruik kan word om lesers se interpretasie van tekste te verstaan of te verklaar. Daar word gepoog om relevante gevolgtrekkings op

grond van die versamelde inligting te maak. Om daarin te slaag kan die studie soos volg kortliks saamgevat word:

Daar word ŉ uiteensetting gegee van die belangrikste aspekte van die resepsie-estetika met spesifieke fokus op Wolfgang Iser se teorie van oop plekke en verwagtingshorison. Daar word veral aandag gegee aan die implikasies van hierdie konsepte vir die benadering van lesers tot daardie oop plekke en die invloed van die verwagtingshorison op lesings wat lesers maak.

Daar word in meer besonderhede gekyk na die dinamika wat die kognitiewe paradigma bring om die interpretasieprosesse van lesers te verstaan. Ondersoek word ingestel om vas te stel hoe die kognitiewe paradigma gebruik kan word om die interpretasie van tekste te evalueer.

Die verhandeling bevat daarom die verslag van ’n kwalitatiewe studie met betrekking tot twee onlangse Afrikaanse romans, naamlik *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden en *Swartskaap* van Odette Schoeman. Die data wat ondersoek word, kom voort uit onderhoude waarvan die vrae gerig is op die grensoorskrydende aspekte in die romans. Die ondersoek wil vasstel wat die effek van sulke grensoorskrydende aspekte op die onderskeie lesers is.

Die data word geanaliseer met die doel om die kategorieë van betekenis of vorming van betekenis te identifiseer en te ontdek. Die analise van die lesers se response word ontleed om vas te stel watter temas, patrone of kategorieë van betekenis vir die deelnemers tot stand kom.

Daar word ten slotte gepoog om gevolgtrekkings te maak aangaande die geldigheid van die resepsieteorieë en die kognitiewe paradigma om die interpretasie en verstaan van verhalende tekste te omskryf en te verklaar.

Die studie is in die volgende hoofstukke ingedeel:

1. Inleiding.
2. Bespreking van teoretiese raamwerk waarbinne gewerk gaan word.
3. Analise van verhale op grond waarvan die vrae van die onderhoude geformuleer sal word.
4. Data-analise en resultate.

5. Gevolgtrekking en samevatting.

## 1.11 Gevolgtrekking

In die studie word gepoog om te bepaal of elke leser breedvoerig deur sy/haar agtergrond beïnvloed word wanneer hy/sy die onderskeie boeke interpreteer. Die lesers het deurgaans die verhale verskillend van mekaar geïnterpreteer. Die meeste van die lesers het meer van *Swartskaap* gehou, wat vir my ʼn duidelike aanduiding is dat lesers nie so welbelese is as wat ons mag hoop nie, en daarom oppervlakkige kognitiewe interpretasies het tot die tekste. Die lesers was meer gemaklik met *Swartskaap* omdat dit nie baie inspanning van hulle geneem het om die verhaal te lees nie.

# HOOFSTUK 2: TEORETIESE AGTERGROND

## 2.1 Inleiding

Om die kognitiewe aspekte van lesersreaksies te kan ondersoek, moet daar eers duidelikheid gekry word oor wat lesersreaksie is asook wat die kognitiewe benadering tot literêre interpretasie behels.

Lesersreaksie, meer bekend as die resepsie van tekste deur lesers, verwys na die leesaktiwiteit, betekenisgewing en die leser se reaksie op die teks wat hy/sy lees (Senekal, 1983:1). Volgens Suleiman en Crosman (Senekal, 1983:1) word die leser se reaksie op 'n teks en die betekenisopbou daaruit bepaal deur sekere aanwysings wat deur die outeur in die teks gegee word. Die resepsie-estetika[1] het ten doel om die rol van gevoel, die verskeidenheid van individuele reaksie, die konfrontasie en wisselwerking tussen tekste en lesers en die aard en beperkinge van interpretasie te bestudeer en te evalueer (Senekal, 1983:1 en Bennett, 1995:3-18).

Teoretici soos Hans Robert Jauss en Wolfgang Iser het die grootste bydrae gelewer tot die teorie van die resepsie-estetika. Die resepsie-estetika het egter nie net by hierdie teorie volstaan nie, maar word as basis gebruik vir die meer onlangse kognitiewe benadering tot literatuur. Die kognitiewe benadering poog om die denkprosesse van die leser tydens die interpretasie van ’n bepaalde teks, te interpreteer.

In hierdie hoofstuk sal daar ’n teoretiese raamwerk uiteengesit word waarin Jauss en Iser se teorieë en die meer resente kognitiewe paradigma bespreek word.

## 2.2 Hans Robert Jauss

Jauss se naam, soos dié van Iser, het bykans sinoniem geraak met die resepsie-estetika. In Jauss se intreerede, *Literaturgeschichte als Provokation der Literaturwissenschaft* (1970), het Jauss sy oortuiging gestel dat die literatuurgeskiedenis, wat in daardie stadium die literêre gegewe bloot as ’n geslote kring van produksie- en aanbiedingsestetika beskou het, nie die belangrike aspek van die resepsie en werking van die leser voldoende verreken nie. Jauss het verder gestel dat die leser die geskiedenisvormende energie van die literêre werk is, dat die literêre werk nie ’n objek is wat op sigself bestaan nie en vir enige leser op enige tyd dieselfde lyk nie. Interpretasie verskil in tyd, omdat die leser verander soos wat tyd verloop. Die literêre werk is eerder ’n volledige notering wat bedoel is om altyd ’n hernude

[1]Resepsie-estetika: Die vertakking van die literatuurwetenskap wat die wisselwerking tussen leser en teks bestudeer (Malan, 1983:xxiii).

ooreenkoms in die lees van die literêre werk te vind, ooreenkomste wat bepaal word deur die tydperk waarin die leser leef.

Jauss is van mening dat die leser nie ’n passiewe rol speel wanneer ’n teks gelees word nie, maar dat die historiese lewe van die teks nie sonder die aktiewe bydrae van die leser sal realiseer nie. Die geskiedenis van ’n werk se resepsie deur die lesers speel ’n belangrike rol om status aan die werk te gee deur middel van die betekenis wat hulle aan die werk toedig (Jauss, 1982:19). Hiermee word bedoel dat sekere werke met verloop van tyd moontlik verskillend deur lesers gelees sal word en dat die ontvangs van die teks beïnvloed kan word deur bepaalde uitgangspunte van die lesers binne ’n bepaalde tydperk.

Die siening van die leser as ’n geskiedenisvormende energie is gebaseer op die uitgangspunt dat die leser van ’n literêre teks nie noodwendig ten alle tye dieselfde lyk nie. Die leser moet sy/haar vooroordele oorkom voordat daar van die vooruitsig uitgegaan kan word dat die geskiedenis van die literatuur op literêre feite gebaseer kan word. Vir Jauss is ’n teks nie ’n voorwerp wat op sy eie staan (of absoluut outonoom is nie), dit ontlok ook nie by elke leser uit verskillende geskiedkundige eras dieselfde betekenis nie. Dit is nie ’n monument wat ’n tydlose beeld sal verskaf nie, maar ’n dialoog tussen die teks en die leser wat verander oor tyd. Aangesien literatuur en daarom ’n teks nie ’n voorwerp is nie, maar ’n gebeurtenis, kan dit ’n voortgaande effek hê indien lesers aanhou om ’n sekere respons daarop te hê.

Jauss (1982:23) maak verder gebruik van die term *verwagtingshorison*. Die konsep *verwagtingshorison* is afkomstig van die hermeneuties filosofiese term, ‘horison van verwagtinge’. Dit gaan om die raamwerk van verwagtinge en aannames wat die wêreld van die leser en die outeur saambring in die interpretasie van die bepaalde teks. Die respons van die leser vind nie plaas in ’n vakuum nie, maar geskied op grond van die horison van verwagtinge waarmee die leser die teks lees (Jauss, 1982:23). Jauss kyk na die opname en werking van ’n werk in die objektiveerbare sisteem van verhoudings of verwagtinge. Dit gaan vir Jauss nie net om die kennis en ervaring wat die leser in sy/haar persoonlike lewe sou ervaar nie, maar ook die leser se kennis en ervaring met betrekking tot literatuur self. Hieronder is veral die volgende belangrik:

a) die bekende norme van die genre waartoe die teks behoort;
b) die implisiete verhouding tussen die werk en die literêr-historiese omgewing, en;
c) die kontras tussen die fiktiewe wêreld en die werklikheid, tussen die poëtiese en praktiese funksies van die taal (Jauss, 1982:24).

Hiermee bedoel Jauss dat die leser ’n literêre werk binne sy kleiner horison beskou en deur die wyer horison van werklike ondervindings, soos die leser dit ervaar in die werklike lewe, beïnvloed word. As die verwagtingshorison van ’n werk so geformuleer word, kan ons die kunstige karakter van die werk in sy oorspronklike vorm neem en dit uitbrei tot die impak wat dit het op die beplande gehoor.

Die gaping tussen die leser se bestaande verwagtingshorison en die teks word deur Jauss gesien as die plek waar die estetiese werking van die teks intree. Die teks sal die bestaande verwagtingshorison bevestig en versterk, of dit totaal verskuif of verander (Jauss, 1982:25). Hierdie leemte kan vir latere lesers heeltemal onbelangrik raak, omdat die werk nou ’n alternatiewe horison oproep en die werk beter verstaan word deur die lesers. Jauss (1982:23) beskryf die verwagtingshorison soos volg:

> *A literary work, even when it appears to be new, does not present itself as something absolutely new in an informational vacuum, but predisposes its audience to a very specific kind of reception by announcements, overt and covert signals, familiar characteristics, or implicit allusions. It awakens memories of that which was already read, bring the reader to a specific emotional attitude, and with its beginning arouses expectations for the ‘middle and end,’ which can then be maintained intact or altered, reoriented, or even fulfilled ironically in the course of the reading according to specific rules of genre or type of text.*

Wanneer ’n leser ’n teks ontvang, het die leser 'n bepaalde verwagtingshorison. Die leser het bepaalde verwagtings na aanleiding van verskeie aspekte van die teks, soos onder meer sy kennis van die skrywer, wat hy/sy van prosa verwag en dan ook die raamwerk waarin die leser gemaklik voel. Geen leser sal ’n teks onbeïnvloed kan lees nie, maar sal altyd sy eie verwagtingshorison en uitkyk tot die interpretasie toevoeg. Jauss is van mening dat wanneer die leser se verwagtingshorison en die betrokke teks baie ooreenstem met mekaar so 'n teks moontlik beskou kan word as populêre leesstof, juis omdat die leser nie met verandering van sy/haar eie opvattings gekonfronteer word nie.

Jauss onderskei tussen twee hoofverwagtingshorisonne; die eerste verwagtingshorison is in die teks self. Die tweede verwagtingshorison waarna Jauss verwys, is die verwagtingshorison van die leser se eie lewenservaring. Jauss (1982:30) is van mening dat die verwagtingshorison deur die leser se lewenservaring opgebou word, sy gebruike en die manier waarop hy/sy die wêreld verstaan en hoe hierdie aspekte die leser se sosiale gedrag beïnvloed. Geskiedenis word daarom duidelik as ’n belangrike aspek van die verwagtingshorison beskou.

Senekal (1982:8) is van mening dat die interaksie van hierdie twee horisonne ’n estetiese ervaring konstitueer wat ’n aanduiding is dat daar onderskei kan word tussen die werksisteem[2] en ’n interpretasiesisteem[3] wat faktore soos lesersosiologie en leserpsigologie insluit.

Volgens Senekal (1983:7) is twee aspekte belangrik in die resepsie-teorie van Jauss:

a) Die verwagtingshorison word aanhoudend gevorm en verander. Die verwagtingshorison van die leser word deur ’n verskeidenheid aspekte beïnvloed. Tekste wat ’n leser voor die bepaalde teks gelees het, kan die verwagtingshorison laat afwissel, verander of selfs herskep. Senekal is van mening dat die proses ontstaan uit die spanning tussen die werk en die bestaande en aanvaarde norm, tussen die reeks veranderde norme of instellings van die leser en die historiese reeks literêre werke wat die norm daarstel.
b) Die ontvangs van ’n teks is nie ’n willekeurige reeks indrukke nie, maar die saambring van spesifieke aanwysings in ’n proses van doelgerigte waarnemings.

Volgens Jauss (1982:30) is die analise van ’n literêre werk nie iets wat buite die geskiedenis geskied nie. Ons het nie toegang tot die oorspronklike horison nie, omdat die geskiedkundige horison reeds opgeneem is in die huidige horison. Om ’n literêre werk te verstaan, vind daar ’n proses van samevoeging plaas tussen hierdie horisonne wat ons aanvaar afhanklik van mekaar bestaan. Die sosiale funksie van literatuur tree in werking wanneer die literêre ondervinding van die leser in die verwagtingshorison van die leser se lewensondervinding die leser se lewensbeskouing en sosiale gedrag beïnvloed (Habib, 2008:723).

Jauss se intreerede het as belangrike vertrekpunt gedien vir die resepsie-estetika, maar hy was nie alleen in sy denkwyse oor literêre interpretasie vanuit die leser se oogpunt nie. Wolfgang Iser publiseer in 1972 *Die Appelstruktur der Texte* wat net soos Jauss se werk sinoniem gesien word met resepsie-estetika.

## 2.3 Wolfgang Iser

Net soos Jauss, is Iser van mening dat die teks nie alleen in ag geneem kan of mag word nie, maar dat die response van die leser ’n beduidende rol speel. Iser (1979: 274) stel dit dat daar twee pole is in die skepping van ’n literêre werk. Die skeppingspool wat deur die outeur

[2]Wat deur Jauss verduidelik word as die verwagtingshorison in die teks self (Jaus, 1982:24).
[3]Wat deur Jauss verduidelik word as die verwagtinghorison van die leser (Jaus, 1982:24).

geskep word en die estetiese pool waar die betekenis deur die leser aan die bepaalde teks gegee word (Iser, 1979:274).

Iser maak dit ook duidelik dat lesers nie slegs kan identifiseer met die literêre werk of net met die response wat die leser op daardie werk het nie, maar dat daar ’n middeweg moet wees waar albei pole, teks en lesersrespons, ewe belangrik is. Daar moet daarom ’n dialoog wees tussen die leser en die teks en die leser moet homself/haarself oopstel om deur die teks beïnvloed te word. Die leesproses is ’n aktiewe en kreatiewe proses waarin die lees van die teks lewe gee en die dinamiese karakter van die teks na vore bring. As ’n outeur ’n storie aan die leser in totaal aanbied, is daar niks vir die leser om te doen nie. Dit is juis omdat die teks deur oop plekke gekenmerk word dat die leser aktief en kreatief betrokke kan wees by die teks en dinge vir homself/haarself uitwerk. In die teks word daar verskeie strategieë ingeskryf om die limiete van sy eie ongeskryfde implikasies na vore te bring, maar die werk word deur die leser en sy eie verbeelding uitgewerk (Iser, 1979:276).

Iser is van mening die konneksie tussen verskillende sinne word nie deur die werk self gevestig nie, maar deur die leser wat die teks lees. Elke sin in ’n literêre werk wil eintlik iets meer sê as wat dit werklik sê. Die werklike literêre werk moet nie net bloot die leser se verwagting bevestig nie, maar dit ook en veral verbreed, anders sal die leser verveeld raak met die teks (Iser, 1979:278). Die teks wat deur die leser geskep word, word deur Iser die virtuele dimensie genoem wat die samekoms van die teks en die verbeelding van die leser voorstel en die spesifieke leser se interpretasie van die bepaalde teks.

Volgens Iser (1979:278) is daar twee belangrike aspekte van die leesproses. Die eerste is dat lees ’n temporele handeling is en nie slegs liniêr nie. Wanneer ’n leser lees, word dit wat gelees word in die gedagtes gebêre om opgeroep te word wanneer die persoon iets nuuts lees. Nuwe aspekte word met mekaar verbind om nuwe skakels te vorm. Dit is hierdie skakels wat tussen die verlede, hede en toekomstige tekste gelê word, wat die interpretasie van elke leser beïnvloed.

Hierdie skakels is die produk van hoe die leser se gedagtes werk met die rou materiaal van die teks en nie die teks self nie (Iser, 1979:278). Lesers verander hulle perspektief konstant soos wat hulle deur die fiktiewe materiaal werk. Wanneer ’n leser ’n teks ’n tweede keer lees, ken die leser reeds die einde van die verhaal. Dit bied aan die leser die geleentheid om nuwe konneksies te maak en dinge wat hy/sy die eerste keer gemis het nou raak te sien. Daarom sal ’n leser se perspektief aangaande die teks verander indien die leser daardie teks meer as een keer lees. Die leser sal moontlik ’n dieper betekenis in die verhaal vind. Die betekenis van die literêre werk word dus in die leeshandeling gegenereer en is die produk van ’n komplekse interaksie tussen die teks en die leser.

Die tweede belangrike aspek van lees, is volgens Iser die oop plekke waarmee die leser gekonfronteer word in die teks. Alle tersaaklike inligting word nie eksplisiet in 'n teks gegee nie, maar gesuggereer. Oop plekke is dus die "onbepaalde" elemente in die teks wat medeskepping van die leser verg om adekwate begrip te bewerkstellig. Wanneer ’n nuwe personasie byvoorbeeld ingevoer word, moet die leser self die verband met ander personasies, handelingslyne, ensovoorts lê (Malan, 1983:XXIV). Oop plekke kan omskryf word as daardie plekke of gedeeltes in ’n teks waar die inligting logies gesproke nie volledig is nie; dit is dus plekke van onbepaaldheid.

Deur ons verwagtinge wat konstant verander sal ons daarna streef om alles bymekaar te pas in ’n sekere patroon. Volgens Iser (1979:284) is die patroon nie noodwendig in die teks nie, maar in die leser se gedagtes met sy eie geskiedenis van ondervinding, die konsekwensies daarvan en sy uitkyk op die lewe. Lesers wil die materiaal in ’n teks verstaan binne ’n bepaalde raamwerk omdat dit die raamwerk is wat die leser toelaat om iets wat aan die leser bekend is, volgens ’n bekende patroon te begryp (Iser, 1979:285).

Oop plekke se effektiwiteit lê juis daarin dat iets wat baie belangrik is vir die teks, versteek word. Die antwoord word nie vir die leser gegee nie. Die onvolledigheid motiveer die leser en gee aan die leser die geleentheid om die twee pole, die outeur se bedoeling en die leser se interpretasie, bymekaar te bring. Oop plekke en negatiwiteit is ongeformuleerde agtergrond. Dit laat woorde toe om hul letterlike betekenis te verander tot verskillende lae van betekenis wat deur die leser saamgestel word (Iser, 1983:225-227).

Die soeke na die norm het bepaalde implikasies: dit gee die leser ’n idee van sy/haar eie vermoë om skakels te maak en die deur die vorming van die skakels, die leser se eie interpretasievermoë. Dit gaan dus nie net om die teks nie, maar oor die lesers self. Die nie-liniêre manier van hoe ’n leser lees, word deurgetrek vanuit die leser se ondervindings in die werklike wêreld. Volgens Iser kan die manier waarop die leser die teks ondervind, die leser se eie agtergrond uitbeeld. So gesien word die leesproses ’n spieël waarin die leser homself/haarself ontbloot (Iser, 1979:280-281). Wanneer ’n teks deur ’n leser gelees word, word die teks herskep in die gedagtes van die leser. Dit is nie gemaklik of liniêr nie. Die leser kyk vorentoe, agtertoe, besluit oor sekere aspekte, verander daardie besluite, vorm verwagtinge, bevraagteken, aanvaar en verwerp sekere aspekte (Iser, 1979:288). Die rol van die leser moet gesien word as iets potensieel, nie aktueel nie. Die leser se reaksie word nie in die teks uitgespel nie. Die leser word slegs ’n raamwerk gegee van die moontlike besluite. Wanneer die leser dan bepaalde besluite maak, sal hy/sy die prentjie daarvolgens invul. Iser (1979:56) stel dit soos volg:

> *Whenever this 'critical infidelity' occurs in the reception of the novel, then the world is reduced to the level of its individual reader's disposition; but the reader's role – despite the necessity for making selections – is meant to open him up to the working of the text, so that he will leave behind his individual disposition for the duration of his reading. In this way and in this way only, he will gain a positive and active insight into human nature.*

Volgens Iser (1979:288-289) is daar twee faktore wat in die proses van herskepping belangrik is. In die eerste plek speel die bekende dele van die werk, soos genre, literêre patrone, temas en die sosiale konteks van die teks 'n belangrike rol. Tweedens is die strategie wat gebruik word om die bekende teenoor die onbekende te stel, belangrik. Die leser sal dus die bekende aspekte oproep en daarvolgens bepaalde idees en verwagtinge aangaande die teks skep. Die outeur gebruik egter verskeie strategieë, soos verteltegnieke, karakterisering, ruimte, verteller en ander narratologiese aspekte om die leser uit die konteks van die bekende te trek en homself/haarself oop te stel vir nuwe uitgangspunte en idees. Die outeur gebruik hierdie aspekte om die leser se verwagtingshorison te verbreed. Die leser word gelei tot 'n nuwe verwagtingshorison wat ontwikkel vanuit die leser se eie agtergrond en dit wat die leser in die teks ontdek en bygevoeg het tot sy/haar eie verwagtingshorison.

Vir Iser dui lees op die manier waarop lesers ondervinding opdoen, die teks word deur die leser se hede opgeneem en die leser se idees raak weg in die verlede. Dit is volgens Iser die leser en nie die outeur wat die dinkwerk moet doen nie. Wanneer daar 'n stuk gelees word, moet die leser die denke van die outeur probeer ontsyfer, maar dit word beïnvloed deur die leser se eie persoonlikheid, persepsies en sienings (Iser, 1979:293-294).

Die vraag, watter faktore in 'n teks kan 'n rol speel in hoe die leser die teks interpreteer, moet egter gevra word. Aspekte wat hierin 'n rol speel is:

- wat aan die leser bekendgemaak word;
- wat slegs gedeeltelik aan die leser bekendgemaak word, met sekere aspekte wat weggesteek word vir die leser;
- wat die skrywer wil bereik deur die verhaal wat hy/sy aan de leser voorlê; en
- watter spanning in die teks voorkom en hoe daardie spanning geskep en behou word?

Tekste moet verstaan word as 'n kombinasie van vorme en tekens om die leser se verbeelding te lei maar nie te forseer in 'n bepaalde rigting nie, want die leser se verwagting moet ook in ag geneem word.

Dit kan gestel word vanuit Iser se teorie, dat die manier waarop 'n gebeurtenis in ’n literêre teks uitgebeeld word, gerig word deur spesifieke kondisies van spesifieke geskiedkundige gebeurtenisse, maar ’n goeie literêre werk kan geskiedkundige gebeurtenisse deurstaan en sy vermoë tot impak behou ongeag die verskillende historiese omstandighede waaronder die teks gelees word. Die leser het vooropgestelde idees en menings wat gevorm word vanuit sy/haar eie ondervindings en toelaat dat die leser 'n eie mening daaroor vorm. Wanneer die leser dan ’n teks lees, vind daar ’n samesmelting van horisonne plaas. Deur die interaktiewe spel tussen die leser en die teks, laat dit die leser toe om sy/haar eie vooropgestelde mening te verander om die betekenis van die teks te vorm. Die horison van die leser en die teks wat die betekenis van die teks openbaar, word saamgevoeg om ’n nuwe horison te vorm (Iser, 1979:228).

Wanneer daar gepraat word van hoe ’n teks die leser beïnvloed, is daar volgens Iser (1983:27) twee breë kategorieë waarin leser verdeel kan word. Die werklike lesers en die veronderstelde/ideale leser. Die werklike leser is die leser wie se resepsie ondersoek word, die veronderstelde/ideale leser ’n projeksie is van die moontlike leser en al die moontlike verhoudings van die leser tot die teks. Die gedokumenteerde resepsie van die werklike leser word soms as ’n spieël van die kulturele norme of kodes in ’n sekere era gesien. Iser (1983:27) wys op sekere konflikte wat ontstaan tussen die leser en die outeur, konflik tussen die leser se subjektiwiteit en die outeur se subjektiwiteit. Die outeur se subjektiwiteit neem die leser se subjektiwiteit oor om ’n konflik tussen die leser se vermoë om ’n teks te evalueer en die bedoeling van die outeur te laat ontstaan.

Betekenis is daarom nie uitsluitlik opgesluit in die struktuur, oorvertelling, metode of karakters nie, maar ook en selfs veral in die leser self. Alhoewel bogenoemde as sleutels gebruik word, moet bepaal word onder watter omstandighede ’n bepaalde teks ’n bepaalde betekenis sal verskaf. Iser (2000a:310) stel dit dat die narratief ’n manier is waarop die leser sy posisie verskuif of verander. Die leser word gevang tussen die onbekende begin en einde van ’n verhaal en vul die verhaal in vanuit sy eie verwysingsraamwerk. Volgens Miall (1995: 278) het Iser verder geargumenteer dat fiktiewe tekste, soos wat in hierdie studie ondersoek word, verskil van die werking van die kognitiewe proses wat benodig word om die tekste te verstaan. Gedurende die lees van ’n fiktiewe teks word die raamwerk waarna die leser moet verwys ook in oop plekke opgedeel, daar word ’n verskeidenheid van moontlikhede oopgemaak wat ’n kombinasie van skemas oopmaak wat die leser noodsaak om bepaalde besluite in die teks te neem. ’n Fiktiewe teks verwys na ’n skema wat die leser self na vore moet bring.

Soos reeds genoem, word die uitgangspunte van teoretici soos Jauss en Iser gebruik as agtergrond tot die meer resente ontwikkeling van die kognitiewe paradigma in die interpretasie van literatuur. Die kognitiewe paradigma poog nie net om die leser se rol te erken in die interpretasieproses nie, maar om die leser se denkprosesse en ontwikkeling van die leser self deur die leesproses te verduidelik en te ondersoek (Iser, 2000b:311).


## 2.4 Die kognitiewe paradigma

Die benadering soos hierbo uiteengesit vorm die basis van die meer resente ontwikkelinge van die kognitiewe paradigma in die bestudering van taal, tekste en narratiewe tekste in besonder. Volgens Herman (2003:32) is die fondasie vir ontwikkeling van die kognitiewe paradigma reeds in die 1970's gelê, nie net deur die teoretici soos Iser en Jauss nie, maar ook deur ander resepsie-estetici soos Tompkins (1080), Sternberg (1978) en Perry (1979). Hierdie teoretici het op die resepsie van tekste gefokus en veral ook op die prosessering van die teks deur die leser, wat die ontwikkeling van die kognitiewe paradigma teweeggebring het. Dit sluit duidelik aan by die opvattings oor kommunikasie en resepsie soos Iser dit uiteengesit het. Volgens Herman (2009:32) is die kognitiewe paradigma slegs in gebruik vir die laaste dekade. In die 1970's is daar verskeie studies gedoen ten opsigte van die leser se resepsie en reaksie op 'n teks, waarvan veral die werk van Iser (1972), Jauss (1977) en verskeie ander resepsie-estetiese teoretici belangrik is. Volgens Abbott (2006:717) is die kognitiewe literêre studie 'n uitbreiding van die resepsie-estetika van Iser. Dit wil die leser se interpretasie van teks in verband bring met die funksionering van die brein. Abbott (2006:717) is van mening dat die meeste mense geskok is wanneer ander nie iets interpreteer soos hulle nie, omdat daar aangeneem word dat almal se brein en gevolglik ook hulle interpretasie van 'n teks dieselfde as hul eie sal wees.

Buiten vir die resepsie-estetika, is teorieë uit die kognitiewe psigologie en kunsmatige intelligensie gebruik om verstaanprosesse te ondersoek, totdat navorsers hipoteses ontwikkel het wat die produksie en verstaan van die narratief ondersoek. Verskeie teoretici soos Langacker, Donald, Gerrig & Egidi en Herman is besig om navorsing te doen oor die kognitiewe paradigma.

Langacker (2008:46) pas die kognitiewe paradigma toe op die sintaksis van woorde, maar sy menings en uitgangspunte kan ook toegepas word op die letterkunde. Langacker is verder van mening dat literatuur nie literatuur is tot dit kognitief voorgestel is nie. Die kognitiewe benadering werk met geïdealiseerde konsepte en aanvaar dat die "raam" 'n beginpunt vir die semantiese verduideliking is. Daar kan gesê word dat die raam die konsepsionele konteks bied, dit wil sê die basis van betekenis wat die leser lei om die


inhoud op ’n sekere wyse te interpreteer. Die struktuur van die teks lê op die agtergrond en word as die standaard aanvaar en verwag, maar die teiken van die betekenis is die voorgrond van die bewustheid van die struktuur wat ondersoek word om betekenis te ontsluit. Enige teks roep agtergrond op as ’n basis vir betekenisgewing en die verstaan van ’n teks. Langacker (2008:83) is van mening dat daar in die kognitiewe paradigma aan die leser ’n verwysingspunt gegee word waarna die leser kan verwys ten einde iets te ontdek of te verstaan. Die leser maak kognitief kontak met ’n ander punt in die teks, maar ook met verwysingspunte in die leser se eie lewe en verwysingsraamwerk. Langacker stel dit grafies voor soos in figuur 1.




**Figuur 1: Verwysingspunte in ’n leser se verwysingsraamwerk**

Langacker (2008:215) verwys verder na netwerke en skemas in die kognitiewe benadering. Wanneer daar gepraat word van leë aannames, om idees te verwoord, word daar gedink aan uitdrukkings as houers en die betekenis van hulle konteks. Om te kommunikeer, vereis kognitiewe vermoë, want ’n wye verskeidenheid bates en vermoëns moet gebruik word.

In ’n teks is daar die breë houer van die storie, die buitelyne waarbinne die storie afspeel. Binne in die breë struktuur is daar kleiner strukture (kleiner verhale) wat uiteindelik die totale storie vertel. Die leser moet van sy kognitiewe vermoëns gebruik maak om die kleiner strukture saam te voeg ten einde betekenis te gee aan die teks. Skemas moet die uitdrukking wat hul karakteriseer verteenwoordig.




**Figuur 2: Kleiner strukture wat leser skep in verhaal**

Die volgende aspek van die kognitiewe benadering wat volgens Langacker belangrik is, is die gedagte van rame waarin die leser beweeg (Langacker, 2008:281). Soos die teks ontvou, beweeg dit deur ’n reeks rame, waar elke raam op die volgende volg. Die leser beweeg van ’n vorige raamwerk, na die huidige raamwerk om uit te kom by die toekomstige raamwerk. Die skrywer lei die leser deur hierdie rame met die oog om die leser en die skrywer bymekaar te bring in ’n gekoördineerde verstandelike verwysing.

Die kognitiewe benadering kan nie uitgeskakel word wanneer daar na die resepsie van ’n teks deur 'n leser verwys word nie. Langacker vat dit soos volg saam.

> *We are always striving to make sense of our experience and construct a coherent view of the world. This comes with being alive and conscious – we can’t help it. As we strive for ‘epistemic control’, each of us develops a conception of reality. (Langacker, 2008:297.)*

Vanuit die kognitiewe benadering kan daar aanvaar word dat taal die narratief vooruitloop. Taal is die middel waardeur ’n analise van die kognitiewe omgang van die narratief geskied. Volgens Langacker (2008:15) is die model van die kognisie fundamenteel ’n proses van interpretasie van komplekse lae van verwysings. Elke laag van die kognitiewe aktiwiteit betrek ’n ander verwysing en elke laag vereis die bemeestering van die laag daaronder. Wanneer ’n leser dus ’n teks lees, word die betekenis van die woord buite die konteks waarin dit gewoonlik gebruik word, opgeroep.

Daar is verskeie invalshoeke tot die kognitiewe paradigma en volgens Donald (2006:2) is daar sewe aspekte wat belangrik is wanneer daar gekyk word na die kuns vanuit die kognitiewe paradigma. Vir die doel van hierdie studie sal Donald se teorie soos hy dit baseer op die breë spektrum van kuns aangepas word vir gebruik ten opsigte van die literatuur en letterkunde in besonder.

1. Letterkunde moet gesien word as ’n spesifieke tipe kognitiewe skepping, dit is ’n aktiwiteit van die skrywer met die doel om die gedagtes van die leser te beïnvloed. Die skrywer wil ’n teks aan die leser gee wat die leser se uitkyk oor die lewe sal beïnvloed, verbreed en moontlik verander.
2. Letterkunde word geskep in die konteks van “vrygestelde kognisie”. Mense het groot kognitiewe netwerke waarin die intellek meestal binne ’n vasgestelde struktuur van die vloei van idees, herinneringe en kennis funksioneer. Volgens Donald (2006:3) het die aktiwiteit van kunstenaars en dus ook skrywers ’n sterk uitwerking op hierdie kultureel-kognitiewe netwerk. Hul is soos kreatiewe generators wat skep en die kognitiewe uitkyk van hulle generasie beïnvloed.
3. Kuns is konstruktief in die sin dat dit die verfyning en uitbreiding van verstandelike modelle en wêrelduitkyke nastreef. Dit is die natuurlike produk van die kognitiewe self, die gevolg van die brein se vermoë/neiging tot integrasie van perseptuele en konseptuele materiaal oor tyd.
4. Letterkunde is metakognitief, aangesien die selfevaluering waardeur ’n skrywer kommentaar lewer op die omgewing waaruit die skrywer kom, sterk daarin figureer. Die letterkunde is instrumenteel om kultuurstrominge te identifiseer en verskaf ook ’n selfidentifiserende simbool vir die tyd waarin die letterkunde geskryf word. Letterkunde is dus metakognitief in sy kognitiewe funksie op individuele en sosiale vlak (Donald, 2006:5).
5. Kuns is ’n tegnologies-gedrewe aspek van die kognisie. Dit beïnvloed die tipe kognitiewe netwerk wat die kunstenaar kan skep om te kyk hoe die moderne tegnologie ’n rol speel in ons verstaan van kuns. Nuwe tegnologie het meegebring dat daar van nuwe mediums gebruik gemaak kan word tot die skep van kuns. In die narratologie word nuwe tegnologie ook gebruik om ander ruimtes te skep. Of die leser kennis het van hierdie tegnologie, sal beïnvloed hoe die leser die narratief evalueer en interpreteer.
6. Die rol van die skrywer in die kognitiewe sisteem is nie noodwendig gevestig of onveranderlik nie. Die simboliese tegnologie kan die struktuur van die kognitiewe affekteer, aangesien die brein van binne en buite beïnvloed word sodat die geheue self daardeur bepaal word.
7. Laastens is kuns en meer in besonder letterkunde daarop gemik om ’n kognitiewe uitkoms te bewerkstellig. Kuns word ontwerp om ’n sekere intellektuele toestand in die leser skep. Die letterkundige werk kan geëvalueer word in terme van die mate waarin dit in hierdie doel slaag.

Donald (2006:8) verdeel die historiese ontwikkeling van die brein in 'n mimetiese fase (*Mimesis),* wat dui op die mens se vermoë om na te boots, 'n mitiese fase (the *Mythic),* wat beskryf kan word as die vermoë tot gesproke taal, soos in storievertelling en laastens, die fase van die moderne kulture (*Thecretik)*, wat op simbole gebaseer is, logika het, burokraties is en wat staat maak op eksterne geheue. Die leser gebruik al hierdie vermoëns as aspekte van sy kognisie in die interpretasie van 'n teks. Volgens Donald (2006:7) is die doel van letterkunde 'n kognitiewe aanslag op die leser, omdat die moderne intellektuele persoon met behoud van alle vorige vlakke in sy komplekse kognitiewe struktuur, ontwikkel om 'n nuwe kognitiewe vlak te bereik, en literatuur verskaf aan die leser die omgewing om hierdie nuwe vlak te bereik. Metodes soos skryf, kodering, wiskundige notasies, wetenskaplike instrumente, boeke, rekords en rekenaars word in alle kulture gebruik. Dit is egter belangrik om te besef dat hierdie laaste fase van kultuur slegs moontlik is op grond van die agtergrond van die twee voorafgaande fases van kulture.

Kuns/letterkunde is die produk van 'n breinaktiwiteit wat verdeel kan word in persepsies, geheue, aandag, leksikale soektogte en die vermoë om kennis te herroep of op te roep. Wanneer daar byvoorbeeld 'n boek gelees word, kom die waardering en observasie daarvan tot stand deur die aktivering van skakels tussen die kognitiewe komponente wat georganiseer is in 'n werkende struktuur of operasionele hiërargie (Donald, 2006:10).

Tydens die lees van 'n roman, ondergaan die leser 'n kognitiewe proses. Die leser lees die teks, fokus op spesifieke punte, prosesseer die fokuspunt, stoor die verwerking in sy tydelike geheue, sif deur die verskillende geprosesseerde dele waarna die leser dit in sy permanente geheue stoor waar hy/sy die verskillende fokuspunte sinkroniseer en tot 'n eenheid van die kunswerk verwerk. Die proses kan verskeie kere herhaal en verander word voordat die leser gemaklik is met die roman. In hierdie proses ontwikkel 'n hoër interpreterende sentrum vir die brein met verskeie rame wat oor tyd versprei is.

Soos 'n leser 'n letterkundige werk interpreteer, sal die leser waarskynlik verskeie klein of maklike kognitiewe aspekte uit die teks gebruik en 'n meer komplekse raamwerk skep waarin die leser gemaklik voel. Die leser word gelei tot 'n intellektuele toestand waarin selektief besluit word watter herinneringe hy/sy sal gebruik gedurende die interpretasie (Donald, 2006:11). Selfs al skep die skrywer met fyn beplanning sekere eienskappe wat hy/sy aan die leser wil voorhou, kan hy/sy nooit in beheer wees van die neurologiese interpretasie wat dit by die spesifieke leser sal ontlok nie. 'n Leser se geheue is so kompleks dat die skrywer dit nooit sal kan voorspel nie. Die teks sal 'n leser lei tot 'n interpretasie wat uniek is en eie aan daardie leser, want alhoewel die skrywer die interpretasie deur sy skryfmetodes kan beïnvloed, volg elke leser se brein verskillende paaie. Die skrywer kan

slegs ’n klein deel hiervan beheer, die grootste deel word deur die leser self beïnvloed. Onder leiding van die skrywer, versamel die leser se brein die los dele van die onderhawige verhaal, terwyl die leser sy/haar eie agtergrond gebruik om die skrywer se intensie te rekonstrueer (Donald, 2006:13).

Vir ander navorsers soos Gerrig en Egidi (2003:34) is die ondersoek van tekste vanuit die kognitiewe benadering belangrik omdat dit die proses is wat die leser volg om die simbole (letters en woorde) op die bladsy in modelle en ’n narratiewe wêreld te omskep en daardie voorstellings as ’n representasie te beskou. Volgens Johnson-Laird (Gerrig en Egidi, 2003:34) kan hierdie representasie op verskillende vlakke geskied. In sommige gevalle is die representasie baie na aan die teks en speel die leser se agtergrond en uitkyk nie regtig ’n rol nie, maar in ander gevalle sal dit ’n diverse en breë representasie wees. Alhoewel die skrywer in sommige gevalle ’n rol speel in die representasie wat die leser van ’n gedeelte sal maak, sal die agtergrond van die leser, sy kennis en sy kognitiewe vermoë steeds die belangriker rol speel.

As die teks byvoorbeeld afspeel in die Karoo soos wat die geval is in dele van *30 Nagte in Amsterdam*, sal die leser wat weet hoe die Karoo lyk se representasie nie noodwendig so lyk soos dié van iemand wat hierdie tweede wêreld totaal vanuit sy eie verbeelding skep nie. Die teenoorgestelde kan egter ook waar wees. Die leser wat weet hoe 'n plek lyk, kan in sy tweede wêreld ’n omvangryke ruimte skep van bekende plekke, waar die vreemde leser oor 'n onbekende ruimte lees. Dit is juis in hierdie onderskeid wat die kognitiewe paradigma ’n rol speel. Hoe belese is die leser, met watter intensie lees die leser en kan die leser homself/haarself in die konteks van die teks plaas en watter invloed dit sal hê op die leser se interpretasie as die leser in hierdie taak sou faal?

Gerrig en Egidi (2003:34) is van mening dat ’n kognitiewe benadering tot literatuur die volgende visie het:

1. Die kognitiewe paradigma moet verantwoording doen van die prosesse wat plaasvind op elke moment terwyl die leser ’n teks lees.
2. Die kognitiewe paradigma moet ’n volledige representasie kan gee van wat in elke oomblik van lees plaasvind.
3. Die kognitiewe paradigma moet die finale representasie van die narratief wat in die langtermyngeheue gestoor sal word wanneer die leesproses klaar is, kan verduidelik.

Hierdie doel kan bereik word deur ondersoek in te stel na die doelwitte wat die leser aan homself/haarself stel, maar ook aan die teks. Die doelwitte kan minimaal van aard wees, wanneer die leser minimale invloed op die teks het, wanneer lesers slegs lees wat in die

teks staan, en nie enige aspekte van buite of vanuit hulle eie agtergrond daarby betrek nie. Die verduidelikingsgebaseerde teorie daarteenoor fokus daarop dat daar doelwitte in die teks gestel word wat die leser wil oplos. Hoekom word iets genoem binne in 'n teks, watter doel dien dit vir die vertel van die verhaal (Gerrig & Egide, 2003:41-42)? Hieruit kan ondersoek word wat die skrywer wou bereik, wat sy doel is met die bepaalde teks. Daarna moet bepaal word of die leser daardie doelwit bereik het met sy eie interpretasie en waarom dit bereik is al dan nie.

Herman (2009:30) en Zunshine (2010b:151) definieer die kognitiewe paradigma as die studie van verstandelike aspekte wat gepaard gaan met storievertelling. Dit is die skakeling tussen die verhaal wat vertel word enersyds en die gees en die verstand van die leser andersyds. Kognitiewe narratologie is daarom 'n studie van die faktore wat geassosieer kan word met die ontwerp en interpretasie van die teks/storie. Herman (2009:30) is van mening dat die kognitiewe paradigma die tradisionele resepsie-teoretici se teorie verbreed met idees aangaande die leser se intelligensie, en daardeur verskeie dimensies tot die narratiewe struktuur toevoeg. Die kognitiewe paradigma is interdissiplinêr omdat dit in soveel verskillende velde gebruik kan word, velde wat ondermeer die volgende insluit; linguistiek, rekenaartegnologie, filosofie, psigologie en verskeie ander velde, omdat die brein en die verstandelike interpretasie op verskillende terreine interdissiplinêr is. Herman (2009:31) stel dit egter duidelik dat hoewel die kognitiewe paradigma fokus op breinrelevante aspekte ten opsigte van vertelling, dit tans slegs 'n kombinasie is van los skemas en nie 'n vaste raamwerk van ondersoek ten opsigte van literatuur nie.

Herman is van mening dat die kognitiewe paradigma die volgende vrae wil antwoord;

1. Watter kognitiewe prosesse is betrokke wanneer 'n narratief verstaan wil word, bedoelende watter modelle of wêrelde word deur die narratiewe teks in die leser geskep?
2. Hoe gebruik lesers medium-spesifieke raamwerke om die basis van die verhaalgebeure te bou?
3. Op watter wyse kan stories funksioneer om 'n leser te dwing tot nadenke?

Volgens Herman (2003:9 en 2010:156) is die kognitiewe paradigma nodig in die ondersoek van literatuur omdat die vroeë strukturalistiese modelle nie voldoende is om die kodes en struktuur van sekere narratiewe te ondersoek nie. Herman is van mening dat hierdie modelle nie die linguistiese aspekte van die narratief doeltreffend ondersoek in die interpretasie van die teks deur die leser nie. Saussure, soos aangehaal deur Herman (2003:9), wys uit dat die linguistiese vermoë van 'n leser vergelyk kan word met die kognitiewe funksie wat 'n leser

nodig het vir interpretasie. Hierdie linguistiese vermoë van die leser bestaan slegs in die gedagtes van die sprekergemeenskap van daardie spesifieke taal. Daarom is Herman van mening dat die sisteem van taal kognitief is en gebaseer op die sosiale gemeenskap van die gebruiker. Daarom is taal en die interpretasie van daardie taal 'n verstandelike bate wat in die sosiale lewe van die gemeenskap gegrond is (Herman, 2003:4).

Dit is volgens Herman (2003:10) juis hierdie kognitiewe funksies wat die leser tot sy eie interpretasie toevoeg wat aan die leser die vermoë gee om die oop plekke in 'n teks op 'n spesifieke manier te vul. Dit laat die leser toe om sekere aspekte vanuit sy/haar eie persoonlike en sosiale konteks op te roep wanneer daar 'n boek gelees word. Sodoende word daar struktuur aan komplekse narratiewe gegee. As die skrywer byvoorbeeld noem hoe 'n man voor 'n lughawe staan op soek na 'n huurmotor, sal die leser aanneem dat die persoon 'n kaartjie gekoop het, op die vliegtuig geklim het, en of op pad is huis toe of homself op 'n vreemde plek bevind. Die leser vul dus die oop plekke vanuit sy/haar eie kennis en agtergrond. Volgens Herman (2003:11) word stories daarom 'n vermenging, nie net bloot van die intensies van die skrywer nie, maar ook van die leser wat sy eie insigte en kennis na daardie storie bring ten einde 'n nuwe betekenis en struktuur met seker kognitiewe bates daar te stel.

Dit is hieruit belangrik dat daar vandag gekyk word nie net na die linguistiese struktuur en die kognitiewe vermoë van die leser nie, maar ook na die sosiale struktuur, agtergrond en uitkyk van die leser (Herman, 2003:11). Herman is verder van mening dat daar twee strategieë bestaan wanneer daar ondersoek ingestel word na die narratief en die intelligensie (kognitiewe vermoë) van die leser.

a) Om tekste te verstaan

   Om tekste te verstaan, kan die leser kyk na die karakters, gebeurtenisse en verskeie narratologiese aspekte. Alhoewel die proses volgens Herman (2003:12) natuurlik en outomaties geskied, is daar ook aanduidings dat dit 'n komplekse linguistiese en kognitiewe proses is. Herman is verder van mening dat die leser se kognitiewe vermoë in gedagte gehou moet word wanneer die leser die narratief interpreteer en organiseer, maar ook die kort- en langtermyngeheue, die verbeeldingswêreld wat die leser skep van plekke en gebeure, die konseptuele vermenging van die narratief en die sosiale verhouding tussen karakters wat in die teks voorgestel word. Wanneer lesers 'n tweede wêreld skep in hulle gedagtes moet daardie lesers aan sekere aktiwiteite deelneem wat volgens Gerrig en Egidi (2003:33) nie kan geskied sonder dat die kognitiewe vermoë van die leser daarin 'n rol speel nie. Daarom is kognisie essensieel vir lesers ten einde die teks te kan verstaan.

b) Tekste as gereedskap om te verstaan.
Tekste kan egter ook gesien word as instrumente vir die oefening en verbetering van die kognitiewe vermoë van die leser (Herman, 2003:13). Tekste brei die leser se kognitiewe vermoë uit en sal dan daardie leser se vermoë om ’n teks te interpreteer verbeter. Hoe meer ’n persoon lees, hoe beter sal sy interpretasie van elke nuwe teks wees. So ook kan tekste aangewend word om die leser se psige te verryk. Wanneer ’n leser ’n traumatiese of spanningsvolle gebeurtenis beleef het, kan tekste gebruik word om die persoon te dwing om dit te verwerk en sodoende ’n gesonde psige te ontwikkel (Herman, 2003:13). Tekste kan dus aangewend word as terapie vir lesers. Turner (2003:121) stel voor dat mense deur hul lewens beweeg deur groot prosesse en gebeurtenisse te verstaan deur middel van konstruksie, herinnering en die vermenging van verskillende herinneringe en stories.

Om te verstaan hoe die leser sy/haar eie agtergrond oproep gedurende die leesproses verwys Herman (2009:30) na die term *skript*, waar die leser se voorkennis hom/haar toelaat om bepaalde verwagtinge te hê aangaande die handelingsverloop in ’n teks. Die leser verwag sekere gebeurtenisse en strukture op ’n gegewe oomblik van die teks wat vanuit die leser se eie geheue lewend gemaak word. Dit kom veral na vore wanneer ’n komplekse ruimte waarbinne ՚n gebeurtenis plaasvind, beskryf word deur baie min, en ՚n basiese vertelling van die skrywer. Die leser vul dan self die ruimte of momente in die lyn van gebeurtenisse vanuit sy/haar eie arsenaal van bekende skripte.

*Rame* (*frames*) verwys egter na die verwagtinge van die leser ten opsigte van domeine van ervaring, bekende betekenisvelde wat die struktuur van die teks op enige gegewe moment kan beïnvloed. ’n Bekende raam wat deur die leser gebruik word gedurende sy/haar interpretasie, sal van krag wees totdat die leser genoop word om sy/haar raam te verander omdat daar iets in die teks was wat die raam laat verander. Dit is volgens Herman juis hierdie vroeë raam wat die narratief kognitief laat ontwikkel en dit moontlik maak om vas te stel hoe spesifieke aspekte van die narratief tot sekere interpretasiestrategieë lei.

Herman (2009:36) identifiseer verskillende aspekte van narratiewe tekste wat vanuit die kognitiewe paradigma ondersoek kan word.

1. Die kognitiewe verbuiging van die narratief, dit wil sê afwykings van die verwagte narratiewe verloop.
2. Die representasie van die gedagtes van karakters en hoe dit lesers lei om met die spesifieke karakters te identifiseer of nie.
3. Die bestudering van die emosie en emosionele diskoers en hoe emosie deur spesifieke narratiewe tekste geëlimineer kan word.

4. Die kognitiewe prosesse betrokke by die verstaan van die tydruimtelike aspekte van die narratief.
5. Navorsing in die tekstuele en kognitiewe aspekte wat ’n effek het op die narratiewe spanning, die skep van nuuskierigheid en verrassing en die elemente van die narratief in die breë wat die leser se algemene perspektief van die storiewêreld kan beïnvloed.
6. Navorsing aangaande die koppelvlak tussen die narratief en die intellek-brein van die leser, veral met betrekking tot die identiteitstema of die gevoelens van empatie wat die leser mag hê. Hierna word verwys as die kognitiewe resepsie-teorie.
7. Die studie van die narratief om die wêreld van tegnologie en veral rekenaars te verstaan.
8. Studies om die korrelasie tussen tekseienskappe en tekseffekte te verwoord. Dit kan byvoorbeeld gaan oor die korrelasie tussen die struktuur van die teks en die interpretasiestrategieë wat dit in werking sal stel.
9. Die voorstelling dat narratiewe funksies as kognitiewe raamwerk die leser toelaat om storie en storie-elemente te kan identifiseer in verskeie semiotiese mediums.

Verskeie van die bogenoemde aspekte is belangrik, veral in die konteks van kognitiewe narratologiese navorsing, omdat dit fokus op die onderliggende kognitiewe prosesse wat die leser toepas gedurende die leesproses en -ondersoek. Daar word gelet op die leser se vermoë om iets te konstrueer en homself/haarself totaal in die storiewêreld te verdiep. So ook word daar navorsing gedoen oor die representasies wat die leser skep en laastens die emosies wat deur die storie by die leser gewek word.

Herman (2009) en Langacker (2008) wys daarop dat woorde in wêrelde omskep word in die gedagtes van die leser en dat dit essensieel is om die narratief te verstaan. Die leser skep in sy gedagtes ’n wêreld waar hy/sy die vrae van wat, waar, wanneer en hoekom wil antwoord.

## 2.5 Die kognitiewe paradigma as instrument om lesers se interpretasie te verstaan

Volgens Herman (2009:37) kan die tradisionele benadering tot die narratiewe aspekte van ’n verhaal opnuut ondersoek word omdat daar met die kognitiewe benadering gekyk kan word na die kognitiewe prosesse wat onderliggend is tot die leser se interpretasie van die teks. Dit is van toepassing op die geval van tyd ten opsigte van die twee boeke in hierdie studie. In die een teks word tyd liniêr voorgestel en die leser sukkel nie om die verhaal in sy/haar eie gedagtes voor te stel nie. Maar in die ander verhaal is tyd nie liniêr en chronologies nie, daar word gespring van die hede tot verskeie dele in die verlede en die leser moet deur middel

van sy kognitiewe vermoëns die verhaalgegewens orden en herrangskik ten einde die volle verhaal voor hom/haar te kan sien.

Die kognitiewe paradigma kan volgens die navorser beskryf word as ’n ondersoek na die intellektuele prosesse en uitgangspunte van die leser tydens sy/haar skep van ’n tweede wêreld, naamlik die wêreld waarin die verhaal afspeel en wat in besonder gerig is op die proses van interpretasie van die onderskeie lesers. Die rede waarom ’n spesifieke leser van ’n verhaal hou of nie kan die gevolg van baie faktore wees, maar die navorser is van mening dat die leser se kognitiewe representasie van die verhaal ’n beduidende rol speel.

Indien ’n leser moeilik skakels maak tussen verskillende aspekte in ’n verhaal wat nie-chronologies verloop, sal die leser nie van die verhaal hou nie, omdat die leser moontlik nie so maklik soos ander lesers die verhaal vir homself/haarself agtermekaar kan sit nie.

So ook speel die karakters ’n beduidende rol. Enige leser lees makliker ’n boek as hy/sy homself/haarself in die skoene van die karakter kan plaas of self simpatie met ’n karakter voel. Soveel te meer sal ’n leser van ’n boek hou indien daardie leser homself/haarself kan assosieer met ’n bepaalde karakter of wat daardie karakter beleef. Wanneer ’n leser ’n teks lees en glad nie enige assosiasie het met enige aspek van die karakters nie, sal die leser se interpretasie van daardie teks moontlik oppervlakkig bly, omdat die leser net lees om die teks klaar te lees en daar nie enige interpretasie van die teks plaasvind nie. Dit sou dan beteken dat die leser geen kognitiewe inspanning gebruik om die betekenis agter die teks of karakter te ontsluit nie.

Soos hierdie aspekte waar is vir aspekte soos tyd en karakter, sal dit ook waar wees vir die ander narratiewe aspekte soos verteltegniek, verhaalverloop, gebeure, ensovoorts van die verhaal. Daarom is dit belangrik om te kyk hoe die individuele leser die teks lees en interpreteer. Teoretici soos Iser, Jauss, Langacker, Donald, Gerrig en Egidi en in besonder Herman se sienings kan toegepas word om die leser se interpretasie te verstaan en om vas te stel tot watter mate die leser se agtergrond ’n rol speel in sy/haar interpretasie.

Dit is vanuit hierdie navorsing duidelik dat die kognitiewe benadering aangewend kan word om die leser se interpretasie van tekste te evalueer. In beide die boeke waaroor hierdie verhandeling gaan, is daar bepaalde karakters wat volgens die navorser bepaalde reaksies by die leser ontlok. Daar kan dus gepoog word om vas te stel of sekere lesers met sekere karakters sal identifiseer en die vraag is dan waarom hulle met daardie bepaalde karakter sal identifiseer. Hierdie vraag stem ooreen met die eerste navorsingsterrein wat Herman identifiseer.

Daar sal ook gekyk word watter tekstuele en kognitiewe aspekte 'n effek het op die leser se interpretasie van die verhaal. Sal 'n leser byvoorbeeld werklik die situasie waarin die karakters van *Swartskaap* hulself bevind kan verstaan en daardeur deernis met die verhaal en met die karakter hê?

Laastens en in meer besonderhede sal daar ondersoek ingestel word na die koppelvlak tussen die narratief en die intellek van die leser. Watter identiteit bring die leser tot die verhaal en watter invloed het daardie identiteit, verwysingsraamwerk en ideologie op sy/haar interpretasie van die verhaal? Daar moet egter ook hierby in ag geneem word watter verbande daar getrek kan word tussen die struktuur wat die skrywer aan die verhaal gee en hoe dit die interpretasie van die leser sal beïnvloed. Wanneer die skrywer byvoorbeeld iets walgliks herhaaldelik in die verhaal beskrywe, moet gevra word: Hoe sal dit die leser beïnvloed? Sal die leser later so gewoond daaraan raak dat dit sy/haar eie rame en skripte verskuif, of sal dit hom/haar net meer in opstand laat kom oor die verhaalgegewe of selfs teenoor die roman as geheel?

## 2.6 Gevolgtrekking

Die resepsie-estetika is die grondslag waarop die kognitiewe paradigma voortbou. Vanuit die bostaande uiteensetting kan konsepte geselekteer word en geëvalueer word vir gebruik in die ondersoek van lesersreaksies op bepaalde tekste. Daarna sal vasgestel kan word of die teorie met sukses of nuttigheid toegepas kan word om lesers se reaksies en interpretasies te evalueer.

Die onderskeie verhale word in hoofstuk 3 geanaliseer volgens die narratologiese model sodat die verhale in die eerste plek sonder die lesers se interpretasie verstaan kan word. Hierna kan die lesers se interpretasie bygevoeg word en die moontlike verskil tussen die lesers se interpretasies uitgewys word.

# HOOFSTUK 3: NARRATOLOGIESE ANALISE VAN *SWARTSKAAP* DEUR ODETTE SCHOEMAN EN *30 NAGTE IN AMSTERDAM* DEUR ETIENNE VAN HEERDEN

## 3.1Inleiding

Om die lesers se resepsie van tekste met behulp van konsepte uit die kognitiewe paradigma te kan ondersoek, moet daar volgens ’n bepaalde wetenskaplik verantwoordbare struktuur gewerk word, anders is daar geen kriteria waarvolgens vrae opgestel kan word aan die hand waarvan lesers se reaksies op die tekste ondersoek kan word nie. Die narratologiese model word in hierdie studie gebruik om struktuur te gee aan die ondersoek van lesers se interpretasie.

Volgens Bortolussi en Dixon (2003:1) kan narratiewe gebruik word om reaksies van lesers (of hoorders) te verkry en die reaksies kan ondersoek word om die gedagtes en interpretasie van lesers te verstaan. Bortolussi en Dixon (2003:1) wys verder daarop dat verskeie navorsers in die narratologie die belangrikheid van die leser in narratiewe kommunikasie erken en daarom lesers by hulle navorsing betrek. Om ’n verhalende teks te verstaan, moet ’n leser ’n beeld vorm van die narratologiese aspekte soos die onderskeie karakters, gebeurtenisse, ruimte, tyd en ander verteltegniese aspekte soos fokalisasie. Hoe die lesers die verhaal in hul gedagtes herskep en vir hulself uitwerk, sal ’n beduidende rol speel in die leser se interpretasie van die tematiek van die verhaal.

Om die narratologie te kan gebruik as struktuur om inligting te verkry wat met behulp van die kognitiewe paradigma die lesers se resepsie kan ondersoek, word daar eers ’n narratologiese ondersoek van beide die verhale aangebied. Die tekste word oorsigtelik bespreek en daar word veral gefokus op kategorieë wat volgens die navorser vir die gewone leser belangrik en opvallend behoort te wees.

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van ’n narratologiese analise van die twee romans. Daar word inligting verskaf oor die skrywers, waarna ’n kort beskrywing van die onderskeie verhale gegee word. Die kort beskrywing gee ’n oorsig oor die verhale, juis omdat, wanneer lesers die verhaal opsom, hulle slegs die dele wat vir hulle belangrik is oorvertel en die kort beskrywing word gebruik as verwysingspunt om die lesers se lesings te kan beoordeel.

Hierna sal die onderskeie narratologiese aspekte soos storie/verhaal, gebeure, karakter, ruimte, tyd, fokalisator, verteller en verteltegniek afsonderlik bespreek word. Daar word ’n kort beskrywing gegee van wat elke narratiewe kategorie behels en hoe dit in die twee verhale funksioneer.

*Swartskaap* van Odette Schoeman en *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden is as tekste gebruik in hierdie ondersoek waarin daar gepoog is om lesersreaksies vas te stel en te analiseer. Die inligting van die lesers se lesings van die romans is versamel deur middel van onderhoudvoering. Die onderhoude het bestaan uit gesprekke aan die hand van voorafopgestelde vrae.

Die vrae waarmee die leserreaksies getoets is, is opgestel aan die hand van die teoretiese vertrekpunte soos uiteengesit in Hoofstuk 2, sowel as die analise van die tekste wat verderaan in hierdie hoofstuk volg, sodat daar rekening gehou word met die veranderlikheid in die interpretasies van tekste.

- Die keuse van die twee romans, *Swartskaap* van Odette Schoeman en *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden, berus op die volgende:
  - Beide boeke is in 2010 benoem vir pryse. *30 Nagte in Amsterdam* ontvang die Hertzogprys vir letterkunde. *Swartskaap* is genomineer vir die Jan Rabie Rapport-prys saam met *Plaasmoord* deur Karin Brynard en *Troos van die ongebrokenes* deur Bettina Wyngaard. *Troos van die ongebrokenes* het die prys ontvang.
  - Albei romans is grootwordverhale of ontwikkelingsromans, maar hulle is nogtans baie uiteenlopend. Die twee hoofkarakters reageer verskillend op die omstandighede waarin hulle grootword en daar is ŉ groot verskil tussen die sosio-ekonomiese agtergronde in die onderskeie boeke.
  - Daar is groot stilistiese en verhaaltegniese verskille tussen die twee romans. *30 Nagte in Amsterdam* is ’n gesofistikeerde roman wat as ’n oop teks geklassifiseer kan word. Eco (1979:3) definieer ’n oop teks as ’n teks waar die leser aktief betrokke is by die interpretasie van die teks. Die teks laat ruimte vir ’n wye spektrum van interpretasies en daarom speel die leser ’n belangrike rol in die teks. *Swartskaap* aan die ander kant is ’n meer toeganklike en selfs populêre boek wat in sekere opsigte as ŉ geslote teks beskryf kan word aangesien die leser nie soveel oop plekke hoef te vul nie. Geslote tekste word deur Eco (1979:8) gedefinieer as tekste wat deur die skrywer ontwikkel is om spesifieke response by die leser te wek. Daar word nie tot dieselfde mate grasie aan die leser gegee of die uitdaging gestel om sy eie interpretasie van die teks te maak nie.

## 3.2 Verhaalanalise

’n Storie word vertel om iets aan die leser oor te dra. Betekenis word tot stand gebring en die leser se verwysingsraamwerk word daardeur verbreed. In die narratologie word die term

*storie* gebruik om te verwys na die basiese storie wat vertel word, naamlik die chronologiese, logiese weergawe van die verhalende elemente of gegewens in ’n teks. Daarteenoor is die *verhaal* die versameling tekselemente soos wat dit in die teks deur die leser gelees word. Die verhaal wil in die meeste gevalle meer sê as die blote inligting wat in die verhaal gegee word en daarom moet die leser al die strategieë wat die skrywer gebruik het om die inligting mee te manipuleer, interpreteer om te probeer agterkom wat die verhaal alles sou kon beteken.

Elke verhaal sal die narratiewe elemente van gebeurtenisse, karakters, ruimte, tyd fokalisator en verteller bevat. Daarsonder sal ’n verhaal nie kan bestaan nie. Die manier waarop ’n verhaal vertel word, gee aan die verhaal bepalende betekenis.

Daar moet dus onderskei word tussen wat vertel word en hoe dit in die verhaal vertel word. ’n Verhaal bestaan uit geselekteerde elemente wat op bepaalde maniere gekombineer word om die verhaal te vertel. Die skrywer maak keuses in verband met dit wat vertel word en hoe hy/sy dit vertel.

In die eerste plek moet daar gekyk word na wat in die verhaal gebeur, en daarna hoe dit vertel word. Die volgende vrae moet beantwoord word:

1. Wat gebeur?
2. Met wie gebeur dit?
3. Wanneer het dit gebeur?
4. Waar het dit gebeur?
5. Waarom het dit gebeur?

## 3.3 Die skrywers

Odette Schoeman publiseer hierdie roman op dertigjarige ouderdom en dit is haar eerste roman. Sy het joernalistiek gestudeer, maar het haar studies gestaak om op fotografie te kan fokus en as vryskutjoernalis te werk. Schoeman het op 20 reeds twee seuns gehad. Nadat sy en haar man, die pa van die twee seuns, van mekaar geskei is, het sy by ’n prokureursfirma begin werk. Sy woon tans in Vanderbijlpark.

Schoeman het net soos die karakter Claudie nie ’n maklike lewe gehad nie. Haar ouers is vroeg geskei en in ’n onderhoud met Jaco Botha erken sy dat *Swartskaap* tot ’n mate outobiografies is. Alhoewel sy self nie deur haar pa gemolesteer is nie, is daardie deel van Claudie se geskiedenis gebaseer op verskeie vriende se lewens. Sy is ook in ’n plek van veiligheid geplaas, nie omdat sy deur haar pa misbruik is nie, maar op grond van haar rebelsheid. Sy het verskeie kere van die huis af weggeloop.

Schoeman stel dit in haar onderhoud dat dit 'n storie was wat sy moes skryf, sy moes haarself met haar verlede konfronteer om haarself los te maak van haar verlede soos wat Claudie doen wanneer sy uiteindelik wegloop van haar pa se huis af.

Etienne van Heerden daarteenoor is geen onbekende in die Afrikaanse literatuur nie. Van sy bekendste boeke is *Toorberg* (1986), *Casspirs en Campari's* (1991), *Die stoetmeester* (1993) en *Die swye van Maria Salviati* (2000) om maar net 'n paar te noem. Buiten die en ander romans het hy ook verskeie novelles, kortverhale, kabaretstukke, literatuurwetenskaplike tekste en redaksionele tekste geskryf. Van Heerden skryf verder poësie en het 'n gevestigde lesersgroep wat gereeld sy tekste lees. Die groot verskil tussen Schoeman en Van Heerden is dat Van Heerden bewustelik literêr skryf en dat sy hele oeuvre bekend is in die literêre wêreld, nie net plaaslik nie, maar selfs internasionaal, terwyl Schoeman onbekend is en met hierdie boek haar eerste roman gepubliseer het.

Volgens Erasmus (1999:679) lê Van Heerden se trefkrag as skrywer grootliks daarin dat sy romans sonder uitsondering sosio-politieke vraagstukke in die Suid-Afrikaanse konteks behandel. Erasmus (1999:697) is verder van mening dat daar opvallende temas is wat deurlopend ontwikkel word van teks tot teks. Van Heerden se tekste hou volgens Erasmus (1999:679) struktureel tred met die tyd waarin hy skryf. Daar is intertekstuele verwysings wat dialogiese strukture laat ontstaan en ooreenkomste tussen gegewens in sy tekste en biografiese besonderhelde wat boeiend vir 'n leser is om te probeer interpreteer.

Van Heerden is op 3 Desember 1954 in Johannesburg gebore en het grootgeword op die plaas Doornbosch wat teen die Toorberg in die Graaff-Reinet distrik geleë is. Na die afsterwe van Van Heerden se pa, verhuis die gesin na Stellenbosch waar hy aan die Paul Roos Gimnasium matrikuleer. Nadat hy 'n jaar in die vloot spandeer het, behaal Van Heerden verskeie grade aan die Universiteit van Stellenbosch, 'n B.A. (Regte), LL.B. en ook 'n honneursgraad in Afrikaans en Nederlands. Daarna voltooi Van Heerden sy meestersgraad in Afrikaans en Nederlands onder die leiding van J.C. Kannemeyer oor die voorkoms van raspejoratiewe in Afrikaanse prosatekste.

Van Heerden begin in 1983 praktiseer as prokureur nadat hy as prokureursklerk in Bellville gewerk het. In 1987 word Van Heerden aangestel as dosent in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde en literatuurteorie aan die Rhodes-universiteit in Grahamstad. Vandag gee Van Heerden klas in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad waar hy veral M-studente lei in kreatiewe skryfwerk.

Volgens Erasmus (1999:679) is daar ’n progressiewe ontwikkeling in sy werk vanweë die feit dat Van Heerden sosio-politieke werklikhede van Suid-Afrika nie ontwyk nie en daarmee worstel in sy werk. Erasmus is van mening dat Van Heerden daarin slaag om literêre kritici en ander kundige lesers te verras met elke nuwe teks wat gepubliseer word en *30 Nagte in Amsterdam* is weereens so ’n teks.

## 3.4 Gebeure

Volgens Hühn *et al*. (2009:80-83) kan ’n verhaal nie vertel word sonder dat iets gebeur nie, ’n verhaal bestaan uit bepaalde gebeurtenisse wat die karakters ondergaan of handelinge wat hulle uitvoer. Dit is belangrik om kennis te dra van die gebeurtenisse, juis omdat dit die karakters en die verhaal in so groot mate beïnvloed.

Die gebeure van die onderskeie verhale word vervolgens kortliks bespreek.

*Swartskaap* is die grootwordverhaal van Claudie Thompson binne haar uitgebreide gesin. Dit is geensins die verhaal van ’n gelukkige gesin nie, maar eerder die verhaal van ’n gebroke disfunksionele familie met verskeie geheime. Claudie het ses broers en een suster, maar as gevolg van haar ouers se stormagtige huwelik is slegs Theuns haar bloedbroer. Die res van haar broers en haar suster is ’n muisnes van halfbroers en ’n halfsuster. Claudie se pa wat vir ’n groot gedeelte van die verhaal in die tronk is, het drie ander kinders by drie ander vroue waarvan een haar tannie is. Haar ma wat aan erge depressie ly het drie ander kinders by twee ander mans, waarvan twee by haar pa se beste vriend. In die loop van die verhaal word Claudie deur drie mans gemolesteer waarvan een haar pa is en haar ma gaan haar verskeie kere geweldadig te lyf.

Nadat Claudie se pa tronk toe is en haar ma en pa geskei is, begin die moeilike grootwordjare en die nomadiese bestaan. Haar ma soek desperaat na ’n man in haar lewe, wat tot gevolg het dat daar heelwat slegte karakters deel word van die huisgesin se lewe. Wanneer haar ma egter vir Jack ontmoet en hy ’n veel beter vaderfiguur uitmaak, kom die gevolge van depressie en ’n verslawing aan *Valium* en *Syndols* baie duidelik na vore. Haar ma tree nie rasioneel op nie, en uiteindelik verdryf sy Jack ook uit die gesin se lewe.

Claudie en haar broers vind ’n veilige hawe in die koshuis en wil na die meeste vakansies so gou moontlik terugkeer daarheen. Wanneer Claudie se pa uit die tronk gelaat word, tuimel Claudie se wêreld eintlik finaal ineen. Die hoop dat alles nou sou beter gaan, word vinnig platgeslaan wanneer haar ma, haar en Theuns bloot net aflaai by hul pa omdat sy glo dat hulle eerder by hom sou wou bly. Hulle voel hulle word deur die belangrikste persoon in hul lewens gewoon weggegooi.

Die lewe by haar pa is 'n totale ontnugtering vir Claudie, waar sy gemolesteer word deur haar pa, maar anders as toe sy drie jaar oud was, besef die ouer Claudie dat dit verkeerd is. Die karakter ontwikkel van 'n kinderlike slagoffer tot iemand wat opstaan vir haarself sodat sy saam met haar broer wegloop. Hierna gaan Claudie deur verskillende moeilike situasies. Die pleegouers by wie sy geplaas word, sien nie meer kans om na haar om te sien nie. 'n Tweede pleegma pleeg selfmoord en sy beland in 'n sentrum vir moeilike tieners. In dié plek kan Claudie dit ook nie uithou nie, en sy loop weer saam met 'n vriendin weg. Sy word dan deur 'n motor raakgery, waarna sy weer by haar pa gaan woon.

Alhoewel Claudie bly hoop dat dinge die keer beter sou gaan, is dit nie die geval nie. Vir 'n laaste keer haar moet sy haar besittings pak en haar lewe in haar eie hande neem. Sy gaan woon in Nelspruit in die skuiling van die 'Salvation Army'. Terwyl sy haar matriekjaar voltooi, werk sy smiddae en saans as kelnerin.

Aan die einde van die verhaal het Claudie ontwikkel tot 'n persoon wat nie net meer as 'n buitestaander tot haar eie lewe leef nie. Sy neem haar lot in haar eie hande, voltooi haar matriek en maak iets van haar eie lewe ten spyte van haar agtergrond.

Prinsloo (2004:368) beskryf die term *swartskaap* as iemand wat sy/haar familie in die skande steek. In die verhaal sien die kinders almal hulself as die swartskape van die familie, maar as die verhaal in sy geheel beskou word, is dit hul ouers wat die werklike swartskape is. Hoewel die kinders voel dat hulle deur die wêreld as swartskape gesien word, omdat hulle nie volgens die gemeenskap se standaarde as goeie mense of mense van die regte kant van die treinspoor beskou word nie en daarom die gemeenskap in die skande steek, maak hulle tog iets van hulle lewens. Ten spyte van hul agtergrond, verloop hulle lewens so dat niemand hulle as swartskape kan klassifiseer nie.

Volgens Cochrane (2009) is *Swartskaap* 'n verhaal van iemand wat deursettingsvermoë het en ten spyte van verskeie struikelblokke bo haar omstandighede uitstyg om iets van haarself te maak.

Daar kan na aanleiding van die gebeure gevra word wat die leser hieruit sal haal. Sal die leser deernis met die verhaal, met die karakters en hul situasie hê? Die meeste lesers sal moontlik met 'n onbekende wêreld en die waarheid van armoede en onstabiele huise gekonfronteer word. Hul verwysingsraamwerk sal waarskynlik verbreed word, wat 'n nuwe perspektief aan die leser sal verskaf.

Die verhaal van *30 Nagte in Amsterdam* vertel die verhaal van Henk de Melker, 'n museumassistent in die klein dorpie Somerset-Oos in die Oos-Kaap. Henk skryf historiese

monografieë oor randfigure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hy leef versigtig en volgens ’n vaste roetine, hy het geen hartstog of begeerte nie en wil ten alle koste nie depressief soos sy pa wees, of mal soos sy tante nie. Dit motiveer Henk om binne die grense van ’n gemaklike bestaan, sonder emosionele kontakte, te leef.

Henk se geroetineerde lewe word egter omver gegooi wanneer hy ’n formele brief uit Amsterdam ontvang met die nuus dat sy eksentrieke Tante Zan gesterf het en dat hy die eerste erfgenaam is. Henk moet egter na Nederland reis om sy erfporsie, Zan se huis in Amsterdam, op te eis. Wanneer Henk in Amsterdam aanland, word hy ontnugter deur die bepaling dat indien hy wil erf, hy sy lewe in Suid-Afrika moet opgee en hom permanent in die huis in Amsterdam moet vestig.

Die besoek aan Amsterdam gee verder aan Henk die geleentheid om navorsing te doen vir sy jongste monografie oor die lewe van Cornelius van Gogh, die broer van die bekende Vincent en Theo van Gogh. Cornelius het homself in Suid-Afrika gevestig met die ontdekking van goud en het later stil en onbekend in Suid-Afrika gesterf. Cornelius kom net soos Tante Zan en Henk uit ’n familie van depressie, waansin en gevaarlike hartstogte en was ’n vreemdeling in ’n onbekende land. Alhoewel Henk self die verbande tussen homself en Cornelius raaksien, hou hy homself slegs besig met feite en hy laat homself nie toe om enige spekulatiewe verbande te trek tussen homself en die persoon wat hy navors nie.

Henk word met sy verblyf in Amsterdam gekonfronteer met sy eie geskiedenis. Dit is juis hier waar Van Heerden se vermoë om ’n storie in woorde lewend te maak na vore kom. Die verhaal word omskep in ’n knopiespinnekopweb van stories wat toon dat die twee karakters uiteindelik ’n produk van hul verlede is. Nuwe karakters, soos die prokureur en die straatmusikante, lei Henk selfs verder om ’n deel van sy familiegeskiedenis te ontdek waarvan hy nie bewus was nie. Henk word ondermeer gekonfronteer met sy eie boosheid wanneer hy weer onthou dat hy probeer het om sy tante te vergiftig met ’n knopiespinnekop, omdat hy haar nie verstaan het nie en haar as iets boos beskou het.

Tante Zan se verhaal openbaar haar betrokkenheid by die anti-Apartheidsbeweging en so kom ontstellende feite in die verhaal na vore. Sy erken aan Henk dat sy ’n aandeel gehad het in die verbranding van haar minnaar en die moord op haar broer, en dit blyk ook dat sy ’n kind gehad het by een van haar strydbroers, Zollie.

Tante Zan se invloed op die familie is duidelik sigbaar: sy steel Henk se ma se erfporsie in die vorm van die Napoleonborde, en is betrokke by haar broer se moord, waarna sy uit die

familie gestoot word. Dit laat Henk se ma later in afsondering vergaan, as uitgeworpene van die familie. Soos wat Henk op ’n ontdekking van Amsterdam gaan, ontdek hy wie hy werklik is en ’n geskiedenis van sy familie wat baie meer omvat as waarvan selfs hy bewus was.

Tante Zan lewe totaal anders as Henk. Sy is uitgesproke en oordadig en wanneer sy praat en wat sy dink is ononderbroke en dikwels ’n onsamehangende stroom van idiome. Tante Zan is seksueel roekeloos teenoor die huiwerige, steelsgewyse ervaring van Henk. Zan is verslaaf aan seks, en ag haar lyf as die enigste taal waarmee sy mense kan laat luister.

Daar is egter ook ’n erfgenaam van die tweede instansie wat die verhaal verder kompliseer. Hy is ’n straatsanger en so word Henk verder by die lewe van onbekendes betrek, mense wat later deel word van homself. Grotius, die prokureur, is die seun van die man met wie sy Tante getrou het en wat aan haar die woning in Amsterdam nagelaat het. Sy dogter is deel van die straatmusikante en so ook is Tante Zan se kleinseun. Hierdie ontdekking maak die besluit vir Henk aan die einde van die verhaal baie makliker. Hy laat die woning aan Grotius en die straatmusikante na.

Selfs nie hierdie ryke verhaal is genoeg vir Van Heerden nie. Henk ontdek dat sy Tante nooit dood is nie, en dat sy haarself as ’n ou man vermom. Sy is egter sterwend en die kanker het reeds ’n deel van haar bolip weggevreet. Dit is dan ook juis Tante Zan wat Henk konfronteer met die moord op sy pa en die feit dat sy hom uit die ellendige bestaan in die museum wil ontwortel, sodat hy werklik kan leef en homself kan losmaak van sy bloed, van sy erfenis.

Aan die einde van die verhaal neem Henk sy Tante terug Suid-Afrika toe waar sy wil teruggaan na die plek waar haar minnaar, Carl Wehmeyer, verbrand is. Op pad daarheen raak Zan weereens ontslae van haar klere, as teken van haar losmaak van die verlede, en die band van familie.

Alhoewel dit baie moeilik is om die verhaal in ’n paar paragrawe in te pas, is dit die verhaal in breë trekke.

*30 Nagte in Amsterdam* is ’n boek met verskillende storielyne en baie spanning. Dit hou die leser aan die lees, want met elke nuwe bladsy ontdek die leser iets nuuts oor die karakters, diverse aspekte ten opsigte van Apartheid, familiedinamika en die vooropgestelde idees van die tradisionele Afrikaner-familie.

Hierdie kort beskrywing van die verhale gee ŉ algemene oorsig van die onderskeie verhale, waarna daar nou dieper gekyk word na die verhale deur gebruik te maak van die narratologiese model ten opsigte van karakter, ruimte, tyd, fokalisator en verteller.

## 3.5 Narratologie

Die woord *narratologie* hou volgens Du Plooy (1992:331) verband met die Latynse woord *narrare* wat vertel beteken. Die narratologie kan dus omskryf word as die studie van verhalende tekste, van die vorm en die funksie van verhale. Volgens Du Plooy (1992:331) en Meister (2009:329) kan die term *narratologie* gedefinieer word as die teorie van verhalende tekste. Hierdie model onwikkel volgens Du Plooy (1992:331) vanuit die Franse strukturalisme sedert die vyftigerjare toe daar ʼn opbloei was in die belangstelling vir die strukturalistiese ondersoek van verhale. Die Franse strukturaliste, Bremond, Greimas, Todorov, Barthes en Genette het verhale bestudeer vanuit die verhaalstruktuur en die intertekstuele en strukturele verhoudinge wat in die verhaal na vore kom. Hierdie ondersoekmetode het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die narratologie as ʼn gespesialiseerde en spesifieke vorm van die studie van verhalende tekste (Du Plooy, 1992: 331).

Verhalende tekste kan beskou word as betekenisvolle tekenstelsels in 'n spektrum van mediums soos onder meer geskrewe taaltekste, mondelinge tekste, beeldtekste wat verhalend van aard is of enige teks wat 'n verhaal vertel. Dit sluit ook fiksionele en nie-fiksionele geskrewe taaltekste, wat verhalend van aard is, in. Dit kan onder meer koerantberigte, nuusverslae, ander verslae, tydskrifartikels, geskiedskrywings, televisiedramas, films, dokumentêre en opvoedkundige televisieprogramme en films wat verhalend van aard is, insluit. Selfs strokiesprente, strookfilms, skilderye, dans en musiek kan narratologies ondersoek word.

Volgens Du Plooy (1992:331) is die klassieke narratologie ʼn tipiese strukturalistiese dissipline wat met eksakte definisies op ʼn wetenskaplike manier ʼn sistematiese geheel van algemene uitsprake oor die elemente, die aspekte en die struktuur van verhalende tekste maak. Die basiese elemente van die narratologiese model soos karakter, ruimte, tyd, fokalisator en verteller word vervolgens bespreek en hoe dit in die onderskeie verhale na vore kom.

### 3.5.1 Karakter/Karakterisering

Karakters kan gedefinieer word as teks- of media-gebaseerde figure in 'n storiewêreld wat gewoonlik menslik is of menslike eienskappe het. In hierdie opsig verwys karakters dus na

die deelnemers in die storiewêreld in verskeie mediums. Karakters ontstaan en bestaan uit die wisselwerking tussen al drie die wêrelde van 'n verhaal (storie, verteltek en vertelproses) en tussen al die gegewens, impulse, elemente of aspekte binne hierdie hele kompleks (Jannidis, 2009:14-18; Brink, 1989:67 en Johl, 1992:199-200).

#### 3.5.1.1 Karakterisering in *Swartskaap*

In *Swartskaap* gaan dit oor die wedervaringe van die uitgebreide familie (Swartskaap, p.12)[1]. Die verhaal sentreer om Claudie en omdat Claudie die verteller[2] is en alles vanuit haar perspektief vertel word, is dit vanselfsprekend dat die karakters ook uiteraard grootliks vanuit haar perspektief geskets word. Soos reeds gemeld word karakters opgebou deur eksplisiete en implisiete verteltegnieke. In die geval van *Swartskaap* word die eksplisiete eienskappe hoofsaaklik deur Claudie oorgedra. Hoofstuk een en twee word grootliks aan die uitleg van die familie en daarom aan karaktereienskappe gewy. Claudie lê haar familie aan die leser uit en sekere belangrike eienskappe van elke karakter word aan die leser geopenbaar. Alhoewel dit die familie aan die leser bekend stel, lei hierdie werkwyse daartoe dat dit tog die interpretasie van die leser self beperk. Die leser besef reeds hier watter tipe persoon die meeste karakters is, met die uitsondering van Claudie se pa.

Brink (1989:77) is van mening dat karakters bekendgestel kan word aan die leser ook deur dit wat ander karakters van hulle sê. In *Swartskaap* kom dit veral na vore in die ma en pa as karakters in die verhaal. Claudie word regdeur die verhaal gekonfronteer met haar ma se weergawe van haar pa en so ook met haar pa se weergawe van haar ma. As kind word sy opgesaal met volwassenes se probleme, juis omdat hulle oor mekaar praat met hul kinders. Claudie se ma word ook deur haar ouma aan die leser bekendgestel wanneer die ouma aan Claudie vertel hoekom haar pa in die tronk beland het. Haar ma word hier as 'n selfsugtige persoon getipeer.

Buiten dat karakters deur ander karakters beskryf word, word die karakters egter ook geopenbaar deur wat hulle van hulleself sê. Dit kom weereens die sterkste na vore in die ma en pa in die roman. Elkeen verontskuldig hom- of haarself oor wat gebeur of aangaan en pak die skuld op iemand anders. Die feit dat die karakters hulself hier beter probeer voorstel as wat hulle regtig is, moet die leser op sy/haar hoede stel om nie net die voorstelling blindelings te vertrou nie, omdat dit nie noodwendig die werklikheid is nie. Hieruit ontstaan die vraag egter of enige van die karakters se voorstelling werklik vertrou kan word. In die geval van *Swartskaap* het ons 'n karaktergebonde verteller wat die karakters vanuit haar oogpunt beskryf, en daar is geen onpartydige verteller of karakter wat die karakters aan die

[1] *Swartskaap*, gevolg deur bladsynommers verwys na Schoeman, Odette. 2010. *Swartskaap*.
[2] *Verteller* word op bladsy 58 van die hoofstuk bespreek.

leser voorstel nie. Dit is problematies omdat die onervare leser nie buite die inligting wat gegee word sal kan beweeg nie en daarom ’n oppervlakkige en voor-die-hand-liggende interpretasie sal maak.


Die implisiete informasie wat uit die optrede van elke karakter afgelei kan word, speel verder ’n baie belangrike rol in die ontwikkeling van die karakters. Juis omdat dit aan die leser die vermoë gee om die karakters vir homself/haarself op te som en daardeur die toekomstige optrede van die karakters te kan voorspel. In *Swartskaap* is dit juis hierdie voorstelling en die leser se begeerte om die karakters se optrede te voorspel waarin die belangrikste tema van die verhaal na vore kom, naamlik die vraag of iemand net sleg of net goed is.

Deurgaans is die karakters se optrede ’n bewys dat almal nie net goed of sleg is nie. Claudie se ma wat haar beskerm as daar by die skool probleme is, en moeite doen met klere en kos wanneer sy koshuis toe gaan, verwerp haar tog wanneer haar pa uit die tronk vrygelaat word. So ook in die geval van Claudie se pa wat by die kinderhuis opdaag met ’n koek wanneer sy verjaar en haar selfs later help om uit die kinderhuis te ontsnap. Tog molesteer hy haar later in die boek. Hy behandel haar so sleg dat sy op die ou end eerder wegloop. Claudie se pleegouers maak haar deel van hulle familie, maar wanneer dinge moeilik gaan, gaan laai hulle maklik net haar klere by die skool af. Elke karakter het goeie eienskappe, maar nes die leser dink dat dit beter begin gaan, kom die slegte kant van die karakters na vore.

Die taalgebruik van die karakters speel ook ’n beduidende rol in *Swartskaap*. Die karakters praat dikwels ’n plat, swak Afrikaans met verskeie sleng-woorde. Dit tipeer die karakters vir die leser as mense uit ’n bepaalde sosio-ekonomiese groep, in die roman se eie terme, mense van die verkeerde kant van die treinspoor, selfs voordat hulle omstandighede eksplisiet aan die leser vertel word. In die geval van *Swartskaap* is die herhalende verwysing na bepaalde karakters ook van belang. Volgens Brink (1989: 81) is die hoeveelheid keer wat ’n karakter genoem word van belang vir die invloed of belangrikheid van die karakter. In *Swartskaap,* ’n grootwordverhaal, is die karakters wat die grootste invloed op Claudie het en herhaaldelik genoem word, haar ma, pa, broers, onderwysers en vriende.

Hoe die karakters hieruit deur die leser gekonstrueer word, sal ’n aanduiding gee van watter karakter die leser identifiseer of juis nie. Die karakter waarmee die leser identifiseer sal volgens die navorser grootliks deur die leser se eie agtergrond bepaal word en ’n aanduiding wees van die leser se verwysingsraamwerk soos vasgelê in kognitiewe skemas. As die leser byvoorbeeld geen deernis met enige karakter het nie, is dit moontlik dat die leser slegs oppervlakkig na die verhaal kyk en nie werklik die verhaal deurdink en interpreteer nie.

Die belangrikste karakters in *Swartskaap* kan soos volg uiteengesit word:[3]




**Figuur 3: Uiteensetting van karakters in *Swartskaap***

[3]Aangepas vanuit Schoeman (2010:12)

### 3.5.1.2 Karakterisering in *30 Nagte in Amsterdam*

In *30 Nagte in Amsterdam* is daar verskeie karakters wat met die eerste oogopslag lyk asof hulle afsonderlik van mekaar staan, maar soos wat die verhaal aanbeweeg, blyk dit duidelik dat die karakters 'n netwerk vorm waarin die mense op verskillende maniere aan mekaar verbind is. Die karakters maak op interessante wyse deel uit van mekaar se uiteenlopende lewens.

Anders as in die geval van *Swartskaap* waar die karakterbespreking fokus rondom Claudie, moet daar in *30 Nagte in Amsterdam* op verskeie karakters gefokus word om 'n geheelbeeld te vorm. Die navorser gaan hoofsaaklik in hierdie studie fokus op die twee hoofkarakters, Henk en Tante Zan, omdat die twee karakters die karakteriseringsproses van die verhaal die beste saamvat.

**Henk de Melker as karakter**

Henk word deur ander karakters of 'n eksterne verteller aan die leser voorgestel sodat daar van direkte en indirekte karakterisering gepraat kan word.

Die direkte/eksplisiete uitbeelding gee Henk se fisiese karaktereienskappe weer. Dit word nie beskyf nie, maar sy handeling skep 'n direkte beeld:

> "...hy wat altyd so versigtig en noukeurig is, 'n voetjie-vir-voetjie-loper..." (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 10.[4])

Dadelik word 'n beeld van Henk in die leser se gedagtes geskep as iemand wat teruggetrokke is. Hy word as pateties beskryf, as iemand wat sy eie lewe by homself laat verbygaan. Wanneer die brief van Grotius in Somerset-Oos opdaag, word Henk vir die eerste keer gekonfronteer met sy eie verlede en met sy stil teruggetrokke bestaan in die museum.

Die indirekte karakterisering van Henk is egter van meer belang omdat dit 'n beeld van 'n karakter skep wat nog nie self weet wie en wat hy is nie. In die eerste plek speel die naamgewing van Henk vir my 'n belangrike rol: Henk de Melker. Die van De Melker sal by die meeste lesers die konnotasie van Daisy de Melker oproep, wat aansluit daarby dat van Henk vertel word dat hy sy Tante wou vergiftig met die knopiespinnekop in die glasvaas. As seuntjie het hy dit moontlik nie goed deurdink nie. Hierdie naamgewing beskryf die karakter

[4] *30 Nagte in Amsterdam*, gevolg deur bladsynommers verwys na Van Heerden, Etienne. 2008. *30 Nagte in Amsterdam*.

tweeledig, eerste as ’n intellek wat planne wil maak as iets nie is soos hy dit graag wil hê nie, maar ook as iemand wat wegkruip vir dinge, hy is bang vir sy tante en in plaas daarvan om haar te leer ken, of om met sy ouma en ouers daaroor te praat, gebruik hy 'n lafaard se uitweg en kry iets anders soos die knopiespinnekop om sy vuilwerk te doen. De Melker kan ook wys op onskuld: soos in melktande en melkkos, dus verwys na ’n klein kind wat met melk gevoed word of ’n mens wat onskuldig en onkundig soos ’n kind is. Die teenstellende assosiasies maak die roman interessant, want die interpretasie is nie voor die hand liggend nie.

Dit wat ander karakters van Henk sê, veral Tante Zan, karakteriseer Henk verder in die verhaal. Selfs as jong kind beskryf Tante Zan hom as bang en teruggetrokke, maar tog as ’n ontdekkingsreisiger. Wanneer Tante Zan later weer Suid-Afrika besoek, beskryf sy Henk as iemand wat wegkruip in sy werk en in die klein dorpie. Hierdie beskrywing van Henk deur ander karakters tipeer hom as ’n stil, versigtige en noukeurige persoon wat alles tot op die laaste beplan.

Henk se optrede gee ’n verdere uitbeelding van sy karakter. Weereens is dit duidelik uit Henk se optrede dat hy teruggetrokke is en sy stil lewe in Somerset-Oos verkies, maar sy optrede bring ook ander aspekte na vore. Henk se obsessie met Oosterse vroue en die feit dat hy betaal vir seks skep ’n tweeledige betekenis. Dit is duidelik dat hy nie gemaklik is met vrouens nie, maar tog gaan hy in die Walletjies ’n Oosterse vrou soek. Dit is ’n aanduiding dat hy geen emosionele verbintenisse wil maak nie.

Die feit dat Henk randfigure ondersoek en homself besig hou met blote feite, tipeer Henk as iemand wat bang is vir emosie en nie betrokke wil raak by ander mense nie. Henk vind verder vertroosting in die kindergraf wat in sy kantoor lê. Sy obsessie met die dood dui verder daarop dat die karakter van Henk gemakliker is met die dooies as om met lewende mense in aanraking te kom. Henk word deurgaans as slim beskryf. Hy is baie trots op die verwerwing van sy honneursgraad, maar hy kruip nogtans weg op die stil dorpie en wil nie sy talente gebruik nie. Henk vertel sy pa van die planne van sy Tante se sindikaat om die kragstasie op te blaas (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 413). Hierdie optrede van Henk tipeer hom as iemand wat die regte ding wil doen, wat aanvaarding by sy pa soek, maar tog ook iemand wat sy Tante kan verraai, ’n persoon wat in ’n tweestryd is met homself, sy familie en oor wat die regte dinge is om te doen.

Dit is hieruit duidelik dat Henk deur verskeie metodes voorgestel word as ’n stil, bang-om-te-lewe-karakter, iemand wat tevrede is met ’n stil lewe op ’n afgeleë dorpie.

**Tante Zan (Susan, Xan) de Melker as karakter**

Tante Zan bring 'n hele ander dimensie na die verhaal. Haar eksentrieke, uitgesproke en op-die-man-af-uitsprake gee aan die leser 'n ander perspektief op die verhaal. Tante Zan se verhaal sorg ook vir die grootse opskuddings en mees komplekse aspekte van die intrige in die verhaal. Sy behou die leser se aandag omdat die leser wil weet wat met die eksentrieke tante in Amsterdam gebeur het, wat daar van haar geword het en hoe is dit dat Henk nou haar enigste erfgenaam kan wees.

Net soos in die geval van Henk vind die karakterisering van Tante Zan op direkte en indirekte wyses plaas.

Tante Zan word direk uitgebeeld (*30 Nagte in Amsterdam*, p.12) in die verhaal. Sy word beskryf as 'n mooi vrou – pragtig met 'n lyf wat lenig en soepel is, groen oë, gul, fynbesnede lippe en neusvleuels. Daar word genoem dat Ouma Olivier haar as die mooiste vrou in die distrik beskou het. Verder kan tante Zan se epileptiese aanvalle as 'n direkte uitbeelding van haar karakter gesien word. Alhoewel dit nie iets van haar persoonlikheid vertel nie, bied dit die grondslag vir die wyse waarop die mense van die dorp, haar eie familie en veral Henk haar hanteer, wat 'n direkte uitwerking het op haar as karakter. Afgesien van die fisiese aspek van die epilepsie, is daar wel die suggestie dat hierdie breinstorms ook iets van haar geestelike onrus weerspieël.

Hierdie beeld lê die grondslag vir 'n beeld van Tante Zan: sy is gekompliseerd en daar is baie fasette aan haar persoonlikheid.

Tante Zan word oorwegend deur indirekte uitbeelding aan die leser bekend gestel. Haar betrokkenheid by die anti-Apartheidsbeweging tipeer haar as iemand wat nie deur die massa saamgesleep word in haar politieke oortuiging nie, en haar ook glad nie laat voorskryf deur ander nie. Die feit dat sy betrokke is by die moorde van haar minnaar Carl Wehmeyer en ook haar broer, Henk se pa, direk of indirek, maak dit duidelik dat sy ten volle glo in die anti-Apartheidsbeweging.


Haar optrede in die openbaar verskaf verdere dimensies van haar karakter. Zan koop vir Henk 'n boek oor Vincent van Gogh (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 184) wat haar as saggeaard teenoor Henk voorstel, sy hou Henk dop wat haar as nuuskierig voorstel (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 132). Dan kom daar egter ook sekere slegte aspekte van Zan na vore, soos wanneer sy die belangrike Napoleonborde van Henk se ma steel (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 192). Sy weet wat die borde vir die familie beteken, maar ag haar eie belange bo die van ander. Tante Zan het ook 'n duidelike fassinasie met swart mense, sy loop naak voor die

tronk verby, gaan gereeld na die lokasie en wanneer sy onder in die mynskag is, raak sy die swart werker sag aan (*30 Nagte in Amsterdam*, p.202).

Tante Zan se losbandige leefstyl in Amsterdam en wanneer sy terugkeer na Suid-Afrika, dui in besonder op die feit dat haar losbandigheid en haar taal haar manier van kommunikasie is. Sy praat met haar lyf, kan uiting aan haarself en haar gedagtes gee deur hierdie losbandige lyflikheid. Dit is belangrik dat die leser hierdie aspek raaklees anders kan dit weereens die geval wees dat die leser deur haar losbandige leefstyl gewalg word en nie probeer om die karakter as karakter te verstaan nie.

Dit is hieruit duidelik dat Van Heerden gebruik maak van verskillende metodes om sy karakters aan die leser voor te stel. Die leser moet dieper lees om die werklike karakter te leer ken. Alhoewel hierdie karakteriseringstyl meer uitdagings aan die leser stel, gee dit ook aan die leser 'n geleentheid om self skeppend te lees en self 'n opinie oor die karakter te vorm.

Hoewel hier eksemplaries slegs na twee van die karakters in die boek as voorbeelde verwys is, is die roman gevul met baie karakters wat soos volg grafies voorgestel kan word.




**Figuur 4: Uiteensetting van karakters in *30 Nagte in Amsterdam***

Die gebeure en die plasing van karakters sal altyd binne ŉ bepaalde ruimte plaasvind. Dit is daarom belangrik om te kyk hoe die ruimte in die onderskeie verhale weergegee word.

### 3.5.2 Ruimte

Karakters moet altyd êrens wees in ’n verhaal, hulle kan tog nie in die lug hang nie, so ook vind alle gebeurtenisse op bepaalde plekke plaas. Die ruimte kan beskryf word as die plek waar iets plaasvind omdat alles gebeur met iemand in ŉ gekonstrueerde ruimte. Niemand kan bestaan, nie eers binne die grense van ’n bladsy, sonder om êrens te wees nie (Brink, 1989:107; Ryan, 2009:420 en Venter, 1992a:453).

In die twee romans kan die ruimte soos volg saamgevat word.

#### 3.5.2.1 Ruimteuitbeelding in *Swartskaap*

Die fisiese ruimte in *Swartskaap* wissel deurgaans deur die verhaal. Die familie bevind hulleself in verskillende dorpe, soos Brakpan, Vanderbijlpark, Westonaria, Boksburg en die Vaaloewer. Daarmee saam word die kinders nog na die koshuis in Lagerspoort toe gestuur. Hierdie ruimtes kan geklassifiseer word as die fisiese ruimte, wat meer net op die plek waar die verhaal afspeel, fokus. Volgens Cochrane (2009) is *Swartskaap* ’n oortuigende herskepping van die era van die 1980’s en 1990’s.

> *Die era van Gé Korsten en Bles Bridges, van Joey Haarhoff en Gert van Rooyen. Die valley: Benoni, Boksburg, Vaal-oewer en Vereeniging, en die anderkant van die railwaytracks.*

Vir Cochrane (2009) is dit egter nie ’n nostalgiese terughunkering na ’n sorgelose kindertyd nie.

Die abstrakte ruimte wat in die verhaal geskep word, is van meer belang. Die nomadiese bestaan, die rondtrekkery van plek tot plek, is ’n abstrakte ruimte op sy eie. Die feit dat die gesin nooit regtig ’n plek het waar hul woon nie, dui juis op die ongeborgenheid van die gesin. Die skrywer gebruik verder die invulling van die ruimte om die abstrakte ruimte vir die leser voor te stel. Die feit dat die huis maar karig is aan meubels roep byvoorbeeld die abstrakte ruimte van armoede by die leser op.

Wanneer die leser ’n tweede wêreld vir homself/haarself skep, gebruik die leser die gegewens soos wat die skrywer dit aan hom gee. As ’n leser nie die vermoë het om ’n

tweede wêreld oortuigend te verbeel of te herskep nie, sal dit sy/haar interpretasie van daardie verhaal negatief beïnvloed.

#### 3.5.2.2 Ruimteuitbeelding in *30 Nagte in Amsterdam*

In *30 Nagte in Amsterdam* is daar vier belangrike ruimtes. Die plaas wat die trots van die De Melker-familie voorstel, die dorp Graaff-Reinet waar die huis is waarin Henk grootgeword het, maar ook die museum waar hy later werk en wegkruip. Die museum weerspieël sy leefwyse, die doodsheid daarvan en die afsondering waarin iets of iemand maklik vergeet kan word. So ook kan die swartwoonbuurte waar Zan haarself kan wees en laastens Amsterdam waar Tante Zan haar vestig en waar Henk ’n nuwe identiteit ontwikkel, as belangrike ruimtes gesien word.

Elk van die ruimtes roep by die leser bepaalde betekenisse op. Die plaas dui op ’n erfenis, ’n rustigheid en ’n geskiedenis. Die dorp dui op vernuwing en die onvermoë om tyd te laat stil staan. Ouma Olivier woon later op die dorp omdat sy die plaas vir haar seun gee alhoewel dit nie noodwendig uitwerk soos sy dit sou verkies nie.

Die swartwoonbuurt waar Zan graag heen gaan, is vir die mense van die dorp (en vir die meeste lesers) die onbekende waarvoor hulle bang is. Zan word aangeraai om nie daarheen te gaan nie, maar tog voel sy op ’n manier daar tuis, omdat hul haar daar aanvaar net soos sy is, terwyl sy by haar familie altyd voel asof sy nie daar hoort nie.

Amsterdam, dié ruimte wat die grootste gedeelte van die roman in beslag neem in terme van ruimtelike plasing, bring die konsep van verplasing, ontuisheid en vervreemding na vore. Henk beleef dit as donker (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 43,35,71 en 72) en hy hunker terug na Suid-Afrika (*30 Nagte in Amsterdam*, p. 65). Hierdie spel tussen Amsterdam en Suid-Afrika is ’n aanduiding van Henk se ontwikkeling as karakter. Hy vernuwe, nie noodwendig omdat hy wil nie, maar omdat hy deur sy verlede gekonfronteer en deur sy hede gedwing word. Alhoewel hy nog terughunker na sy ou self, is die verandering onomkeerbaar.

### 3.5.3 Tyd

As iets in ’n verhaal gebeur, vind daardie gebeure in tyd plaas. Dit gaan in 'n verhaal ook nie net om die tydstip waarop iets plaasvind nie, maar ook die tyd wat die skrywer aan ’n sekere gebeurtenis afstaan. Tyd is ’n belangrike aspek in ’n narratologiese ondersoek en kan verdeel word in historiese tyd, vertelde tyd en verteltyd. Die volgorde, frekwensie en duur wat daar aan seker aspekte gespandeer word, speel verder ’n rol met betrekking tot tyd (Du Plooy, 2004:16; Keuris, 1992:543; Margolin, 2009:336; Toolan, 2009:50-54).

### 3.5.3.1 Tydsaspekte in Swartskaap

In die geval van *Swartskaap* is Cochrane (2009) van mening dat die openingshoofstuk as ’n proloog én epiloog gelees moet word omdat dit belangrike inligting bevat. Daaruit kom dit na vore vanuit ’n agterna-perspektief dat Claudie reeds ’n stryd van dertig jaar teen die bloed in haar are voer.

Die historiese periode waarin die verhaal afspeel, is vanaf die 1950’s, wanneer Claudie se ouers gebore is, tot 1996 wanneer Claudie haar matriek voltooi. Alhoewel daar ook aan die begin van die verhaal vermeld word dat daar tyd verloop het na haar matriekjaar, is die fokus van die verhaal op die tydperk voor 1996. Hierdie historiese tyd roep dadelik sekere assosiasies by die leser op. Hierdie periode herinner aan die hoogtepunt van die konflik rondom Apartheid, ’n Suid-Afrika waarin die pedofiel Gert van Rooyen ’n realiteit was en nie bloot ’n storie wat oorvertel word nie. Hierdie historiese assosiasies dra by tot die realiteit van die verhaal en dit is moontlik dat hierdie prominente verwysings na historiese tyd lesers van verskillende ouderdomme die verhaal verskillend sal laat lees, omdat die leser juis met daardie tyd kan assosieer.

Behalwe vir die inleidende gedeelte van die roman wat buite die chronologiese tydspatroon val, word die hele verhaal chronologies vertel. Daarom kan sommige gebeurtenisse nie in besonder as belangriker as ander beskou word nie. Alles word bloot net vertel soos Claudie dit ervaar het in die tyd wat sy dit ervaar het. Daar is in die geval van *Swartskaap* nie werklik insidente wat herhaal word nie. Die optredes van die karakters van die ma en pa word wel herhaal om aan te toon dat hulle nooit werklik verander nie, maar volhard in hul slegte gewoontes en onverantwoordelike optrede teenoor hulle kinders. Dit bevestig die leser se persepsie van die situasie waarin Claudie haarself bevind en bewerkstellig by die leser deernis vir die karakter. Die leser sal hoop dat sy uit die situasie kan ontsnap, omdat die dilemma van die disfunksionele familie deur die herhaaldelike optrede van die ouers tuisgebring word by die leser.

Die verteltyd wat daar egter aan sekere insidente afgestaan word, is interessant in die verhaal, veral wat betref die tydperk waarin Claudie haar matriek voltooi. Die ander gedeeltes van die boek word uitvoerig aan die leser beskryf, maar die matriekjaar word in ’n paar bladsye aan die leser vertel.

Die verhaal ontwikkel deur bepaalde reekse gebeurtenisse om daarby uit te kom dat Claudie in staat is om besluite vir haarself te neem. Sy besluit uiteindelik om weg te loop van die huis af en haar matriek op haar eie klaar te maak. Sy meet haar sukses daaraan dat sy 'n BMW besit en bestuur soos in die inleiding vertel word (*Swartskaap*, p. 9). Die skrywer maak gebruik van ’n groot tydsprong tussen die vertelling in die inleidende hoofstuk en die res van

die roman. Daarna begin die verhaal waar Claudie 3 jaar oud is en kom tot ’n dramatiese einde wanneer sy matriek voltooi. Dit is die resultaat van die verandering in die karakter van Claudie.

**3.5.3.2 Tydsaspekte in *30 Nagte in Amsterdam***

Die historiese tyd waarin *30 Nagte in Amsterdam* afspeel, is vanaf ongeveer die 1960’s tot die hede. Alhoewel daar nie uitdruklik gesê word in watter historiese tyd die verhaal afspeel nie, word dit deur die beskrywing van karakters en gebeure voorgestel. Apartheid, die hofsake van Tante Zan se medepligtiges en die feit dat Henk in die hede na Amsterdam moet reis dui daarop dat die verhaal moontlik vanaf die 1960’s tot nou afspeel. Dit is immers nodig vir die leser om kennis te dra van sekere aspekte soos Apartheid om die verhaal in ’n historiese tyd te plaas. As die leser geen kennis dra van die hofsake ensomeer nie, sal die leser nie so maklik die verhaal in die historiese konteks kan plaas nie.

*30 Nagte in Amsterdam* is nie-chronologies geskryf. Alhoewel daar ’n hoofverhaallyn is wat loop vanaf die moment waarop Henk die brief onvang, sy kaartjie na Amsterdam koop, die vliegrit, sy aankoms en verblyf in Amsterdam tot by sy terugkeer vanaf Amsterdam, veroorsaak die konfrontasie met sy verlede dat daar gedurig terugbeweeg word na die verlede. Hierdie afwyking van die tradisionele chronologiese volgorde word gebruik om die verhaal in die eerste plek ’n ontdekking vir die leser te maak. Dit is soos ’n legkaart wat deur die leser aanmekaar gesit word om die totale verhaal te rekonstrueer. Indien die leser hierdie rekonstruksie moeilik vind, sal die leser se interpretasie van die verhaal gekniehalter word, omdat die leser die verhaal te moeilik sou vind.

Daar is ook in *30 Nagte in Amsterdam* insidente en gegewens wat meer as een keer vertel word om klem daarop te plaas, soos in die geval van die Napoleonborde. Daar word eers vertel waar hulle vandaan kom, watter waarde hulle vir Henk se ma het, hoe Zan hulle steel en hoe die geld later aangewend word om vir Henk se ma versorging te kan gee tot haar afsterwe. Dit is nie net ’n aanduiding van die belangrikheid van die borde in die verhaal nie, want al is die borde ’n simbool van die skeuring in die familie, toon dit 'n onverwagte aspek van Zan se karakter, dat sy naamlik diefstal pleeg, maar tog die geld vir iets goed laat gebruik. Ook die feit dat ’n familie-erfstuk aangewend word om vir die anti-Apartheidsbewegings geld te gee, is ironies in die verhaal. Dit plaas klem op die kwessie van rykdom as sodanig teenoor die aanwending van geld vir die welsyn van die groter gemeenskap, in dié geval die onderdrukte swartmense.

Die knopiespinnekop in die vaas en Tante Zan se betrokkenheid by haar broer se dood is voorbeelde van iterasie. Dit word nie herhaaldelik genoem nie, juis omdat dit ’n geheim is in die verhaal en ontdek moet word deur die karakters en die leser.

### 3.5.4 Verteller

Die verteller is volgens Venter (1992b:564), Bamberg (2009:132) en Margolin (2009:351) die diskursiewe instansie wat die vertelling in ’n teks tot stand bring. Die outeur kan direk te werk gaan deur middel van die vertellersteks wat die storiegebeure en karakters beskryf of indirek deur die vertelling deur 'n verteller te laat plaasvind sodat die karakters se woorde en gedagtes indirek aan die leser gebied word. Daar kan onderskei word tussen ’n eksterne, 'n interne en 'n karaktergebonde verteller (Margolin, 2009:358; Genette, 1980:189 en Alber en Fludernik, 2009:178)

#### 3.5.4.1 Die verteller in *Swartskaap*

*Swartskaap* word uit die perspektief van Claudie vertel, en soos wat Claudie ouer word deur die verhaal word die verteller en verteltegniek aangepas by die karakter se ouderdom. Wanneer Claudie die eerste keer gemolesteer word deur die man by wie sy en haar broer tuisgaan, word dit beskryf vanuit die perspektief van ’n kind wat nie weet wat gebeur nie en daarom ook nie ’n groot bohaai daaroor maak nie (Schoeman, 2010:20). Wanneer Claudie se pa haar egter molesteer en die karakter ouer is, vertel sy vir haar broer en haar ouma. Die karakter as verteller groei tot ’n meer volwasse en meer geskakeerde verteller.

Claudie bly die verteller deur die hele verhaal, wat aan die verhaal 'n bepaalde outentisiteit verleen. Die illusie word geskep dat die verhaal nie oorvertel word nie, maar vertel word deur iemand wat dit self beleef, 'n tegniek wat die verhaal baie meer werklik maak vir die leser.

#### 3.5.4.2 Die verteller in *30 Nagte in Amsterdam*

In *30 Nagte in Amsterdam* word daar gebruik gemaak van ’n eksterne/alomteenwoordige verteller. Dit word egter verder gekompliseer deurdat daar van wisselende fokalisators gebruik gemaak word.

Die fokalisator kan soos volg beskryf word.

### 3.5.5 Fokalisator

Waar die verteller soos hierbo bespreek te make het met wie die verhaal vertel, verwys die fokalisasie van ’n verhaal na die instansie wat kyk, dit wil sê, wie is die een wat sien wat gebeur in die verhaal. Die persoon wat sien in die verhaal hoef nie noodwendig dieselfde te wees as die persoon wat vertel nie (Genette, 1980:189, Niederhoff, 2009:115; Brink, 1989:134 en Alber & Fludernik, 2009:178). Volgens Venter (1992c:133) impliseer vertelling ’n perspektief op sake en dit word uitgebeeld deur die fokalisasie, die waarneming van ’n saak en die manier waarop dit vertel word. Daar kan onderskei word tussen eksterne, interne, karaktergebonde en verteller-fokalisators.

Volgens Du Plooy (2004:31) is dit verder belangrik om verskillende fasette soos die perseptuele implikasies, psigologiese faktore en ideologiese posisie van die fokalisator in ag te neem.

#### 3.5.5.1 Die fokalisator in *Swartskaap*

In die geval van *Swartskaap* is Claudie regdeur die roman die fokalisator. Die verhaal word deurgaans vanuit haar perspektief vertel. Die leser word slegs vertel wat Claudie sien. Alhoewel daar soms melding gemaak word van hoe haar ma en pa tog iets beleef, word dit steeds vanuit Claudie se perspektief gegee. Daarom is dit slegs Claudie wat in die roman kyk en sien wat om haar aangaan.

In *Swartskaap* is dit duidelik dat die leser nie alles van die verhaal weet nie. Daar is sekere dele wat Claudie nie verstaan nie, soos wanneer haar ma ’n verhouding het met ’n getroude man. Omdat Claudie nie alles kan sien wat gebeur in hulle verhouding nie, weet die leser nie alles wat aangaan nie, en is die leser saam met Claudie verras wanneer ander karakters lelik teenoor Claudie optree. Dit word eers opgelos wanneer die leser saam met Claudie uitvind van die verhouding. Mense veroordeel haar, sy en die leser weet aanvanklik nie waarom nie totdat die inligting aan Claudie bekend word.

Die psigologiese faktore speel ook ’n rol by die fokalisasie. Aangesien *Swartskaap* deur Claudie as fokalisator vertel word, speel haar emosionele toestand ’n duidelike rol. As kind vertel sy die verhaal deur die oë van ’n kind wat party dinge nie verstaan nie. Wanneer sy egter ouer word, pas die skrywer die fokalisator ook daarby aan. Sy het ’n nuwe perspektief op die wêreld en verstaan ook sekere aspekte van haar lewe beter. Die invloed van Claudie se emosionele reaksies op die vertelde gebeure dra verder by tot die geloofwaardigheid van die boek, omdat die leser die gebeure verstaan soos wat die karakter en fokalisator dit op daardie tydstip verstaan. Die manier waarop die vertelling die taalgebruik en sienswyse van die hoofkarakter aanbied, maak die wêreld van 'n verwarde en ongelukkige kind vir die leser oop.

In die laaste plek kan daar gekyk word na die ideologiese posisie van die fokalisator. As ’n fokalisator ’n spesifieke situasie op ’n bepaalde manier sien, kan hy die leser van sy siening oortuig, bloot omdat die ander kant van die storie nooit gegee is nie.

Omdat *Swartskaap* slegs Claudie as fokalisator het, is dit slegs haar perspektief wat bekend is. Wanneer die fietse byvoorbeeld gesteel word, stel Claudie dit op so 'n manier dat die leser dit nie noodwendig sterk veroordeel nie, maar meer simpatie met die kinders het, juis omdat die gebeure vanuit Claudie se sosiale posisie vertel word. Ideologie in die sin van politieke ideologie is nie hier van toepassing nie. Die verskuilde feministiese aspekte kan wel

as ideologies gesien word, maar dit bring die interessante kwessie na vore dat die implisiete outeur die kinderherinneringe so vertel dat dit die uitbuiting van die dogtertjie in 'n bepaalde lig plaas.

As daar vanuit die kognitiewe benadering gekyk word na die fokalisator in *Swartskaap*, moet daar ondersoek word of die leser raaksien dat die verhaal slegs uit die oogpunt van Claudie vertel word en watter impak dit het op die verhaalgegewens en die interpretasie van die lesers.

#### 3.5.5.2 Die fokalisator in *30 Nagte in Amsterdam*

In *30 Nagte in Amsterdam* word die hoofstukke afgewissel tussen verskillende fokalisators. Die hoofstukke word afgewissel tussen Tante Zan en Henk as fokalisator. Hierdie wisseling is ooglopend omdat die skryfwyse so radikaal van mekaar verskil. Tante Zan se gedagtestroom en manier van praat tipeer haar, net soos die wyse waarop Henk se versigtigheid oorgedra word deur die wyse waarop die hoofstukke waarin hy die fokalisator is, geskryf is.

Die vertelstrategie laat dit dus aan die leser oor om verskeie verbande tussen verhale in die roman op sy eie te ontdek deur afleidings te maak vanuit Tante Zan, Henk en ’n eksterne verteller se perspektiewe. Buiten Henk se maandlange verblyf in Amsterdam, begin die leser ’n tweede lewe ontdek, die onbekende verlede van Henk en klein dingetjies wat hy as kind gedoen het. So kom ook die wedersydse sieninge van Tante Zan en die hele De Melker-familie stuk-stuk na vore.

Die vertelstrategie wat in *30 Nagte in Amsterdam* gebruik word, maak die boek dadelik meer ingewikkeld vir die leser, juis omdat die leser vir homself/haarself moet uitpluis watter hoofstuk word uit wie se perspektief vertel en waar pas die gedeelte van die verhaal wat vertel word in. In die roman word die gebeure soos legkaartstukke aan die leser aangebied deur verskillende vertellers en fokalisators. Die verhaal word nie soos in die geval van *Swartskaap* deur een persoon vertel nie, daarom word daar stukke van die verhaal aangebied op verskillende plekke in die verhaal en die leser moet dit self agtermekaar sit om ’n geheelbeeld van die verhaal te vorm.

Dit dra daartoe by dat die boek verrassend is vir die leser. Net as die leser dink dat hy weet hoe die storie gaan eindig, gebruik die skrywer die fokalisator en verteller om iets nuuts in die verhaal te openbaar.

Hierdie kort bespreking van die narratologiese aspekte van die romans sal gebruik word as 'n basis om die lesersreaksies van spesifieke lesers te ondersoek. Die narratologiese analise lei die leser egter na ŉ meer gekompliseerde betekenis en interpretasie van ŉ teks en hierdie tematiese inhoude word vervolgens bespreek.

## [5]3.6 Temas in die verhale

In enige verhaal is daar sekere temas wat deur die verhaal oorgedra word. Die skrywer het wel 'n bepaalde intensie, maar of die werklike lesers die bedoelde boodskap kry, bly altyd 'n vraag.

### 3.6.1 Temas in *Swartskaap*

In *Swartskaap* val die klem daarop dat Claudie ten spyte van die negatiewe omstandighede van haar kleintyd die uitdagings in haar lewe aanvaar, haar toekoms in haar eie hande neem en daarvan iets maak. Die verhaal is gemoeid met die idee van die swartskaap, die moeilikheidmaker van die familie. Al is Claudie nie die tradisionele swartskaap nie, ag sy haarself as die swartskaap. Dit belemmer haar selfbeeld vir 'n lang tyd. Objektief beskou is dit egter eerder die ouers wat die swartskape is, omdat hul die oorsaak is van die moeilikheid in die familie; hulle steek die familie in die skande, nie die kinders nie. Tog moet Claudie hierdie beeld van haarself verwerk en hanteer.

'n Ander tema gaan oor hoe mense mekaar gebruik. Dit gaan in die verhaal nie net oor seksuele misbruik nie, maar ook oor emosionele uitbuiting. Claudie se ma maak foute in haar lewe, maar gee haar kinders die skuld daarvoor. Sy manipuleer haar kinders deur hulle die skuld te gee vir haar eie foute, sodat sy nie verantwoordelikheid daarvoor hoef te aanvaar nie. Die kinders word ook later in hul lewe steeds deur hul ma gebruik, wanneer sy verwag dat hulle vir haar moet sorg, ten spyte van die feit dat sy haar kinders herhaaldelik weggestoot het. Die ma gebruik verder die mans wat haar liefkry hoofsaaklik om in haar eie behoefte aan geborgenheid te voorsien, maar ook vir finansiële ondersteuning en oorlewing.

Die roman gee ook 'n goeie uitbeelding van empatie. Die verhaal sal beslis empatie ontlok vir Claudie en haar broers, maar ook teenoor haar ma en pa wat so aan hulle eie swakhede uitgelewer is. Die verhaal toon dat geen mens net goed of net sleg is nie, hoewel mense se keuses mekaar se lewens erg beïnvloed.

Die tema van die impak wat mense op ander se lewens het, kom baie duidelik na vore. Die verhaal toon dat niemand die vingerafdrukke van ander se lewens op hul eie lewe kan uitvee

[5] Die bewerings onder die opskrif 6.3 word nie as absolute en geldige stellings voorgehou nie, maar word geformuleer soos dit uit die studie kom en wil nie enige aanstoot gee nie.

nie. Die karakters beïnvloed mekaar positief of negatief, maar die suggestie is wel dat mense ŉ keuse kan maak oor wat hulle met hulle lewens wil doen en nog meer belangrik, watter impak jy wil uitoefen op ander mense se lewens. Die invloed wat gesinslede op mekaar het, beïnvloed die geslagte wat na hulle kom.

**3.6.2 Temas in *30 Nagte in Amsterdam***

Net soos in *Swartskaap* is daar in *30 Nagte in Amsterdam* bepaalde temas wat na vore kom. In die eerste plek is daar die bekende motiewe van Van Heerden se oeuvre in *30 Nagte in Amsterdam*: die kleindorpse lewe, ŉ vader wat afwesig is en ŉ moeder wat daardie rol moet oorneem, die Suid-Afrikaanse situasie, skuld, identiteitsproblematiek, rassekonflik en die plaasomgewing.

Die belangrikste temas kan egter soos volg opgesom word:

Daar is verskeie karakters wat 'n identiteitsprobleem het. Henk in besonder beleef deurlopend 'n identiteitskrisis al ondersoek hy homself in die verhaal en al ontwikkel hy as persoon. Dit word egter aan die leser oorgelaat om te besluit of hy die identiteit wat hy ontwikkel deur die loop van die verhaal daadwerklik deel van sy lewe sal maak en sy lewensuitkyk grondig sal kan verander. Henk en selfs Tante Zan is ontneem van hulle eie identiteit deur Ma Olivier. Haar strewe om altyd die beste kant bo te hou, onderdruk haar kinders en ook haar kleinkind en weerhou hulle daarvan om hulle eie identiteit te vorm en daarom sukkel hulle om deel te wees van die wêreld.

Die politieke uitgangspunte van die tyd en rassekonflik kan ook as ŉ tema in die roman gesien word. Daar word gefokus op ŉ aspek van die Suid-Afrikaanse politiek wat liefs doodgepraat word, naamlik 'n Afrikaner wat nie met die politiek van die tyd saamgestem het nie, en met die "vyand" saam probeer veg het om ontslae te raak van die Apartheidsisteem. Die kwessie van rassekonflik en die problematiek daaromheen word uit verskillende hoeke ondersoek. Is alle blankes rassiste, is alle swartes gewelddadig of is die rasseverskille bloot die produk van politieke omstandighede?

Die tema van skuld en die vergifnis kom baie sterk in die verhaal na vore. Die twee hoofkarakters moet hul skuld erken in sekere gebeure. Die onderskeie gebeure het ŉ direkte impak gehad op beide se lewens. Die vergifenis word aan die einde van die boek gesimboliseer deur die naakte dans om die beendere van Wehmeyer.

Die familiedinamika en die invloed van die bloed wat in jou are vloei op jou toekoms is 'n belangrike faktor in die verhaal. Die afwesige vaderfigure in die verhaal, die dominerende Ma Olivier, Henk se ma wat onderdruk word in die familie en die eksentrieke tante maak Henk wie hy is. Hy wil nie hierdie eienskappe deel maak van sy bestaan nie, en kruip daarom eerder van alles en almal in die lewe weg. So ook is Tante Zan die produk van haar familiedinamika. Juis omdat sy onderdruk word deur haar ma, is sy losbandig, praat sy met haar lyf, en meng sy met swartmense, alles dinge wat Ma Olivier ten sterkste afkeur.

## 3.7 Algemene opmerkings ten opsigte van die verhale

*Swartskaap* lees maklik wat daartoe sal bydra dat die meeste lesers die boek maklik sal verstaan en daarom volgens die navorser meer van die boek sal hou. Dit vereis nie baie inspanning of werk van die leser nie en die meeste oop plekke word deur die skrywer self gevul. Die storie word omtrent volledig en uitvoerig aan die leser vertel en boonop nog vanuit een perspektief en liniêr. Daarom sal die lesers waarskynlik slegs sy normale kognitiewe vermoë en raamwerke gebruik om ’n tweede wêreld te skep en aspekte van plek, tyd en karakter in sy/haar eie verbeelding voor te stel.

Claudie kan net soos Henk en Tante Zan as 'n liminale karakter beskou word, en al drie karakters groei deur die loop van die verhaal en kan daarom as karakters wat hulself in liminale fases bevind beskryf word. Die karakters word verander deur hul omstandighede en moet aanpas by dit wat met hulle gebeur. Die karakters gaan deur ’n selfondersoek en ontwikkel tot ander weergawes van hulself.

Wat ook na vore kom, is dat Claudie nie noodwendig in alle opsigte ten goede verander nie. Die meeste lesers sal dit moontlik so lees omdat Claudie haar matriek onder moeilike omstandighede voltooi, maar tog dra sy die invloede van haar ma steeds met haar saam. Sy ry in haar BMW en ignoreer haar broer; net soos haar ma haar rug op haar gekeer het, keer Claudie ook haar rug op daardie lede van haar familie van wie sy nie hou nie. Sy en haar broer rook steeds saam dagga en sy verkwalik steeds haar ouers. Sy sê wel in die loop van die verhaal sy het hulle vergewe, maar die letsels is steeds merkbaar in haar optrede as volwasse mens soos blyk uit die inleidende gedeelte van die roman.

*30 Nagte in Amsterdam* is volgens die navorser ’n boek wat as ’n postmodernistiese en postkoloniale teks beskou kan word. Die teks is postmodernisties omdat verskeie grense oorskry word, soos politieke, ideologiese, godsdienstige en sosiale grense en ook die grense tussen die lewe en die dood, byvoorbeeld in Henk se obsessie met die kindergraf in sy kantoor. Daar is ook die grens wat die karakters oorskry in terme van binne en buite, soos Tante Zan wat buite die familiekring tree en die ruimtes van die tronk en lokasie betree,

asook haar betrokkenheid by die vryheidsbeweging. Henk moet nuwe ruimtes betree wanneer hy die plaas vir die dorp moet verruil, of Suid-Afrika vir Nederland, en sy pa moet 'n grens oorsteek wanneer hy hospitaal toe moet gaan vir depressie, iets wat nie algemeen aanvaar is of oor gepraat is in so 'n tradisionele klein dorpie nie.

Hierdie grense wat oorskry word, gaan nie net oor die fisiese grense wat die karakters oorsteek nie, maar ook oor die emosionele grense wat die karakters oorskry wanneer die karakters teen hulself en hulle verlede oortree. Die karakters moet telkens die grense van hulle identiteit ondersoek wanneer hul hulself met die onbekende konfronteer.

Hierdie roman word gekenmerk deur ’n gefragmenteerde aanbieding van die gebeure wat vanuit afwissellende perspektiewe vertel word. Die hede en verlede, feit en fiksie, lewe en die dood loop deurmekaar en dit word aan die leser oorgelaat om die legkaart aan mekaar te sit. Die komplekse styl en struktuur word ook verder versterk deurdat daar geen spesifieke weergawe van die waarheid/werklikheid gegee word nie, maar verskillende sienings wat teenoor mekaar gestel word vanuit die herlewing van talle insidente. Die leser moet daarom ’n aktiewe rol speel in die herordening van nie-chronologiese vertelde gebeure waarvan die skrywer nie die finale antwoord aan die leser verskaf nie.

Die verhaal kan as postkoloniaal beskou word omdat die vryheidstryd so 'n prominente rol speel. Die kolonialiseerder word onttroon in die verhaal en die gekolonialiseerde se stryd om bevry te word, word vertel. Die leser word gekonfronteer met die konsep van onderdrukking in die belewenis van die karakters.

Van Heerden speel baie met die taal en laat die taal die storie vertel. Die prominente gebruik van die bewussynstroomtegniek laat die leser deel voel van die verhaal en die karakters se omstandighede. Dit is egter duidelik dat die karakters van die dominee, skoolhoof, predikant, selfs Ma Olivier en ander gesagsfigure gestereotipeer is. Die karakters kom plat voor en word uitgebeeld as konserwatiewe mense wat nog vasgeval is in die verouderde lewenstyl. Daar is geen diepte aan hierdie karakters nie, alhoewel dit vir die navorser verstaanbaar is vanuit die vertelling en fokalisasie van Tante Zan, omdat sy nie altyd volwasse en by haar volle positiewe voorkom nie, en ook geneig is tot radikale reaksies op ander mense.

Skuld speel ’n duidelike en belangrike rol in die verhaal. Tante Zan het skuld aan haar broer en minnaar se dood en voel dat sy haar ma teleurgestel het. Henk het skuldgevoelens oor die klein oortreding van die glaskas, die knopiespinnekop wat veroorsaak het dat Tante Zan ’n deel van haar vinger verloor het en ook 'n skuldgevoel dat hy teenoor sy ouers en ouma

gefaal het en nie aan hul eise voldoen het nie. Hy sien homself as ’n gemiddelde persoon en daarom skryf hy oor die lewens van onbelangrike historiese figure, juis omdat hy met daardie persone kan identifiseer.

Van Heerden gebruik, soos in baie van sy ander boeke, die plaas en platteland as verteenwoordigend van globale aspekte van Suid-Afrika. So ook kom die konflik van rasseverskille na vore. Alhoewel die politieke tematiek ironies aangebied word en nie aan die leser opgedring word nie, is die leser regdeur die verhaal bewus daarvan. Die uitbeelding van ’n familie wat oënskynlik 'n tipiese en vooraanstaande Afrikaanse familie is, word in die roman betrek in die vryheidstryd en daarmee word aannames oor Afrikaners omvergewerp.

Wat ook duidelik in die verhaal na vore kom, is die hibriditeit van subkulture wat uitgebeeld word. Nie net is daar ’n vermenging van Afrikaner en Nederlander nie, maar ook van Afrikaner en Xhosa in die geval van Tante Zan, die Oosterse meisies waarna Henk soek, die Franse erfenis wat deur die Napoleonborde ingebring word en so ook die subkultuur van die straatmense in Amsterdam. Dit is asof die verhaal die konsep van verskillende soorte vermenging uitbeeld en so die karakters, en lesers, tot selfondersoek dwing. Die hibriditeit in die verhaal simboliseer die moderne wêreld, waarin wit Afrikaners hulleself moet heroriënteer, waarin baie mense soms sonder tuiste voel en waarin migrasie 'n algemene verskynsel is.

Die roman het eintlik 'n oop slot en die afloop word aan die leser se interpretasie oorgelaat. Of die karakters vrede gevind het en of hul steeds deur hul eie identiteit, skuld en verlede gejaag word, word nie met 'n finale of duidelike afloop aangedui nie. Dit is ook deel van die postmodernistiese oopeindige siening van die wêreld.

## 3.8 Voorgestelde vrae vir onderhoude

Die narratologiese ondersoek, gekombineer met die konsepte uit die kognitiewe narratologie, soos verduidelik deur Herman (vgl. bespreking in Hoofstuk 2) is gebruik om 'n stel vrae op te stel vir die ongestruktureerde onderhoude. Daar word dus gewerk binne die raamwerk van die postklassieke narratologie wat die klassieke narratologie kombineer met ander benaderinge. Daar is gepoog om die vrae nie te strak te struktureer nie, omdat dit hier gaan om die leser se eie interpretasie. Die vryheid van die lesersinterpretasie, veral aangesien dit juis nie literêr geskoolde lesers is wat gekies is nie, moet behou word en daarom is die vrae slegs as riglyn gebruik in die onderhoude.

**Afdeling A: Algemeen/Biografiese inligting**

Die biografiese inligting word gevra om ŉ vergelyking te kan tref tussen die ouderdomme, geslag en ander biografiese inligting van die lesers. Omdat die studie juis ondersoek hoe lesers vanuit verskillende agtergronde, van verskillende kognitiewe vermoëns en lewensuitkyke die onderskeie verhale interpreteer, is dit belangrik om die basiese inligting van elke leser op te teken.

Volgens my sal die hoeveelheid en tipe boeke wat die leser normaalweg lees ook ŉ beduidende rol speel. ŉ Meer belese leser, sal byvoorbeeld ŉ dieper betekenis in die onderskeie verhale ontdek, en nie net die gebeure wat vertel word nie.

Die biografiese vrae kan soos volg uiteengesit word:

1. Wat is u ouderdom?
2. Wat is u geslag?
3. Wat is u huistaal?
4. In watter taal lees u oorwegend?
5. Hoeveel boeke lees u gemiddeld per jaar?
6. Watter tipe leesstof/boeke verkies u en waarom?
7. Is daar enige aspekte wat sal bepaal of u van ŉ boek sal hou al dan nie?
   (Aspekte soos die soort verhaal – avontuur of fantasie, die tema – politiek of liefde, die taalgebruik of skryfstyl.)

**Afdeling B: *Swartskaap* deur Odette Schoeman en Afdeling C: *30 Nagte in Amsterdam* deur Etienne van Heerden**

Afdeling B en C se vrae stem so ver moontlik ooreen, sodat die onderskeie verhale en die lesers se interpretasie vergelyk kan word. Die vrae is gestruktureer om die moontlike kognitiewe prosesse soos deur Herman gestel (vgl. bl. 30, Hoofstuk 2) te ondersoek.

Daar word bepaalde vrae oor die karakters gevra om te ondersoek of die leser met bepaalde karakters identifiseer en waarom? Daar is ook vrae oor die narratologiese aspek van tyd en tydruimtelikheid. Lees die leser makliker as die verhaal chronologies verloop al dan nie; hierdie aspek is ŉ duidelike aanduiding van die leser se kognitiewe inspanning om die verhaal te verstaan. As die leser nie gemaklik is met ŉ moeiliker boek nie, sal die leser moontlik meer van die makliker boek hou, al is dit nie noodwendig die beter boek nie.

Daar word verder oop vrae aan die leser gestel, om soos deur Herman uiteengesit, die emosie en emosionele reaksie van die leser op die teks te ondersoek.

Herman verwys verder na die tekstuele en kognitiewe aspekte wat die verhaal beïnvloed. Om te bepaal of die leser spanning in die verhaal ervaar het, of nuuskierig was, word die oop vraag aan elke leser gestel om die verhaal oor te vertel. Die vraag gee aan die onderhoudvoerder die geleentheid om te sien watter aspekte die belangrikste is vir die leser, omdat dit juis die aspekte sal wees wat die leser eerste sal vertel en moontlik 'n aanduiding sal verskaf van uit watter raamwerk die leser die teks evalueer.

Die koppelvlak tussen die narratief en die intellek-brein van die leser word ondersoek met die vrae oor die temas wat die onderskeie lesers in die verhaal ontdek het. Die vermoede is dat al die lesers nie noodwendig dieselfde temas raak sal raaklees nie, omdat lesers temas wat vir hulle belangrik is en wat uit hul agtergrond ondersteun word, sal lees. Dit sal 'n direkte aanduiding wees wat belangrik is vir die leser en hoe die leser intellektueel oor die verhaal dink. Die karakter waarmee die leser homself/haarself sal identifiseer is vir die navorser 'n verdere aanduiding van die leser se identiteit en of die leser empatie kan hê met karakters in die onderskeie verhale. Elk van die onderskeie verhale raak kontroversiële aspekte aan en hoe die leser hierdie aspekte interpreteer en ondersoek sal volgens die navorser direk vanuit sy/haar agtergrond beïnvloed word.

**Die volgende vrae sal aan die lesers gevra met verwysing na beide *Swartskaap* en *30 Nagte in Amsterdam*.**

8. Het u al voorheen van die skrywer gehoor, en het dit op enige wyse 'n verwagting by u geskep van die verhaal?
9. Watter verwagting het die titel en veral die buiteblad by u geskep voordat u die boek begin lees het? Verduidelik asseblief.
10. Het u enige resensies oor die boek gelees, voor of na die tyd? Hoe het dit u interpretasie van die boek beïnvloed?
11. Rekonstrueer die storie/verhaal kortliks in u eie woorde.
12. Het u van die verhaal gehou of nie en verduidelik asseblief waarom?
13. Al het u nie van die verhaal gehou nie, is daar enige aspekte waarvan u gehou het in die verhaal en waarom?
14. Al het u van die verhaal gehou, is daar enige aspekte waarvan u nie gehou het in die verhaal nie, en waarom?
15. Wat is u opinie aangaande die taalgebruik in die verhaal? Hoekom dink u het die skrywer dit in die spesifieke taalstyl geskryf?
16. Assosieer u uself met enige karakter? Verduidelik waarom.

17. Is daar enige tema wat vir u na vore kom in die verhaal, en dink u dit is belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks en literatuur? Indien ja, bespreek.
18. Ongeag of u van die verhaal hou al dan nie, beskou u dit as goeie skryfwerk of nie en waarom?

**Afdeling D: Vergelykende vrae**

Die vergelykende vrae is belangrik juis omdat die twee boeke so divers van aard is en in kompleksiteit verskil. Die leser se kognitiewe uitkyk en agtergrond gaan ŉ beduidende rol speel in die vergelykings wat die leser kan trek tussen die onderskeie boeke. Sal die leser byvoorbeeld die verskille in die verteltegniek kan opmerk en speel dit ŉ rol in die leser se voorkeur vir een boek eerder as die ander?

Aangesien beide boeke kontroversiële aspekte aanraak, is dit moontlik dat die leser in verband met een of ander aspek sy/haar verwysingsraamwerk sal vergroot. Hoe die onderskeie lesers vanuit hul eie raamwerk beweeg om ŉ nuwe raamwerk te vorm, is duidelik ŉ kognitiewe proses wat ondergaan word sonder dat die leser dit noodwendig agterkom.

19. Watter ruimte staan vir u uit in beide verhale en waarom?
20. Het enige verhaal u verwysingsraamwerk verbreed en op watter wyse?
21. As u vanuit u eie agtergrond moet kyk, is daar enige aspek wat u interpretasie en gevoel aangaande die boek beïnvloed? Verduidelik indien moontlik.
22. Groei die onderskeie karakters volgens u, en verduidelik waarom u so sê.
23. Wat sou u sê is die belangrikste aspekte wat sal bepaal of u van ŉ storie/verhaal hou ten opsigte van die volgende:
    a) Karakters en karakteruitbeelding.
    b) Ruimte en ruimteuitbeelding.
    c) Tyd; chronologies of nie-chronologies.
    d) Verteller en verteltegniek.
24. Voel u dat resensies voldoende is? Verduidelik.
25. Watter boek het u eerste gelees en waarom?
26. Het die eerste boek ŉ invloed gehad op u lees van die tweede boek? Verduidelik.
27. Watter ooreenkomste sien u tussen die twee boeke?
28. Wat is die oorkoepelende verskil tussen die boeke?

## 3.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die narratologiese model kortliks beskryf en gebruik om ŉ analise te maak van die twee verhale wat vir die studie gebruik is. Daar is gefokus op die skrywers, die gebeure, karakters, ruimte, tyd, fokalisator en verteller. Hierna is die temas en algemene opmerkings aangaande die verhale bespreek.

Daar is verder ŉ vergelyking gemaak tussen die verhale om die kompleksiteit van die onderskeie verhale te vergelyk.

Na aanleiding hiervan is daar vrae opgestel wat in onderhoude met die onderskeie lesers bespreek is. Hierdie onderhoude is getranskribeer, gekodeer en ontleed soos vervat in Hoofstuk 4 om elke leser se interpretasie weer te gee. Daar word verder in Hoofstuk 4 ŉ interpretasie van die lesers se interpretasie gemaak, sodat daar ŉ moontlike antwoord op die navorsingsvrae, soos in Hoofstuk 1 uitgeengesit, gevind kan word.

# HOOFSTUK 4: KWALITATIEWE NAVORSINGSVERSLAG

## 4.1 Inleiding

Hierdie studie is onderneem om te bewys dat 'n leser se agtergrond, verwysingsraamwerk, ideologie en algemene lewensuitkyk 'n belangrike en selfs bepalende rol speel in die manier waarop die bepaalde leser 'n teks kognitief sal rekonstrueer, interpreteer en evalueer in sy/haar eie gedagtes. Hierdie hoofstuk bevat die resultaat van die semi-gestruktureerde onderhoude wat met 'n groep van nege lesers gevoer is nadat hulle die spesifieke geselekteerde tekste gelees het. Om die data te analiseer, is gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsingsmetodes. Onder kwalitatiewe navorsing word verskeie benaderings tot navorsing in die sosiale wetenskappe geklassifiseer, soos onder meer die hermeneutiese benadering en die interpretatiewe benadering. Die interpretatiewe benadering, wat in hierdie studie belangrik is, is daarop gerig om betekenisvolle interpretasies te kan maak ten opsigte van individue of gemeenskappe en die betekenis wat hulle aan bepaalde ervarings heg (Flick, 2009:2).

Kwalitatiewe navorsing is nie bloot die analise van 'n paar oop vrae en aanhalings uit transkripsies nie, maar is gerig op die deeglike analise van die data. Daar moet nie veralgemeen word nie, maar gesoek word na die dieper betekenis wat uit die data na vore kom (Mayan, 2001:7). Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is die navorsingsmetode waardeur daar gepoog word om ryk deskriptiewe data oor 'n bepaalde onderwerp of konteks te bekom, te analiseer en te verstaan. Daar word gepoog om individue of groepe te verstaan binne die sosiale en kulturele konteks waarin hulle leef.

In hierdie studie is die data wat deur middel van onderhoude volgens die kwalitatiewe navorsingbenadering versamel is, herhaaldelik gelees en gekodeer[1] om antwoorde op die volgende navorsingsvrae, soos ook in Hoofstuk 1 uiteengesit, te probeer vind:

1. Hoe kan die insigte van die resepsie-estetika en die kognitiewe paradigma gebruik word om lesers se interpretasie te verstaan?
   1.1 Hoe word boeke ontvang, verstaan en geïnterpreteer deur verskillende lesers, spesifiek ten opsigte van die invulling van die oop plekke in die teks wat deur die skrywer ontwikkel is om spesifieke reaksies by die lesers te wek?
   1.2 Watter rol speel lesers se agtergrond, kennisraamwerke en oortuigings in die verstaan en waardering van 'n teks?

[1] Kodering is die proses waar die data waarmee gewerk word, georden, gegroepeer en gedefinieer word vir die proses van analise (Gibbs, 2007:38). Hierdie term word meer breedvoerig bespreek op bladsy 72 van hierdie hoofstuk.

2. Sou daar met behulp van konsepte uit die kognitiewe paradigma en deur middel van 'n kwalitatiewe ondersoek (spesifiek die gebruik van onderhoude) vasgestel kan word hoe literêre interpretasie plaasvind?
   2.1 Sal lesers vanuit verskillende agtergronde 'n teks verskillend ontvang?
   2.2 Watter rol speel die leser se agtergrond in die invulling van oop plekke in die teks?
   2.3 Watter rol speel die lewensbeskoulike opvattings van die leser in sy/haar interpretasie van die teks?
   2.4 Is daar beduidende verskille tussen die manier waarop lesers 'n populêre teks soos *Swartskaap* van Odette Schoeman interpreteer en hoe hulle 'n roman soos *30 Nagte in Amsterdam,* wat as 'n literêre werk beskou word, interpreteer?
3. Watter afleidings/gevolgtrekkings kan gemaak word oor leesprosesse na aanleiding van 'n analise van die lesers se interpretasies soos dit na vore kom in die onderhoude oor hulle leeservaring?

In hierdie ondersoek is die data gekodeer/gerangskik volgens temas wat na vore gekom het. Hierdie temas is vasgestel op grond van die lesers se antwoorde op die onderhoudsvrae en word gebruik om die lesers se interpretasies te ontleed. Die resultaat van die kwalitatiewe data is aangewend om die lesers se interpretasie soos wat dit deur hulle bestaande kognitiewe denke beïnvloed word, te evalueer. Die lesers is egter in baie opsigte naïewe lesers. Hierdie studie is 'n verkenning van die leespatrone van mense wat nie literêr oor boeke nadink nie, die gewone leser op straat en nie die literêre kenner nie.

## 4.2 Analise van data

Vir hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n doelgerigte studiegroep van nege persone (Bailey, 2007:64). Die groep het bestaan uit onderskeidelik drie persone tussen agtien jaar en nege-en-twintig, drie tussen dertig en nege-en-veertig en laastens drie wat ouer is as vyftig.

Volgens Flick (2009:x) word kwalitatiewe navorsing aangewend om 'n sosiale verskynsel te verstaan, te beskryf en dit te probeer verklaar. Daar word gepoog om die ervarings van individue te analiseer deur die interaksie tussen die individu en die bepaalde verskynsel te analiseer. Dit word onder meer gedoen deur die dokumente wat in die ondersoek gegenereer word en wat op die verskynsel van toepassing is, te analiseer.

In die geval van hierdie studie is die analise gemaak aan die hand van die data wat ingesamel is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude oor die lesers se interpretasie van die onderskeie boeke. Die onderskeie onderhoude met die lesers is getranskribeer, waarna die analise gemaak is deur patrone, verskille en probleme te identifiseer.

### 4.2.1 Studiegroep-onderhoude

In hierdie studie is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde individuele onderhoude waartydens vooropgestelde spesifieke vrae gebruik is. Die vrae is opgestel na aanleiding van die narratologiese ondersoek van die onderskei verhale (vgl. Hoofstuk 3) en die teoretiese agtergrond (vgl. Hoofstuk 2). Daar is oop vrae aan die lesers gestel waarna die lesers die geleentheid gegee is om te reageer op die onderskeie verhale. Die lesers verskaf in die onderhoude hulle eie interpretasie van die onderskeie boeke. Elke individu in die ondersoeksgroep is in ŉ een-tot-een gesprek uitgevra aangaande haar interpretasie. Daar is op dié wyse moeite gedoen om aan die respondente die geleentheid te gee om heeltemal openlik en eerlik te wees oor hulle interpretasie.

Juis omdat die studie fokus op die invloed wat kognisie en agtergrond moontlik kan hê op die leser se interpretasie, is die lesers afsonderlik in een-tot-een onderhoude ondervra. Lesers kan ongemaklik wees om sekere aspekte van hulle agtergrond bekend te maak as daar meer mense by die gesprek betrokke is. In die geval van lesers 8 en 9 wou die lesers nie alleen wees wanneer die onderhoude gevoer word nie, en is daar met die twee vriendinne 'n gesamentlike onderhoud gevoer. Omdat die spesifieke twee lesers gemaklik is met mekaar, het dit geen invloed gehad op hulle besprekings van die tekste nie, en was die twee lesers in sommige gevalle selfs meer eerlik as van die ander lesers met wie daar individuele onderhoude gevoer is. Omdat hierdie twee lesers dit so verkies het, is ŉ uitsondering in hulle geval gemaak. Die etiese aspekte van die studie is uitgeklaar met die Navorsingseenheid van die Departement Tale aan die Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus.

Die getranskribeerde onderhoude is deur middel van inhoudsanalise verwerk. Inhoudsanalise is ʼn proses waarin die data ondersoek word om ooreenkomste en verskille wat die teorie ondersteun of daarvan verskil uit die data te isoleer en sodoende patrone en temas te identifiseer wat uit die data na vore kom (vgl. Alvesson, 2011:3-176).

### 4.2.2 Dokumentanalise

Die twee romans is deur die ondersoeker self taamlik uitvoerig geanaliseer volgens die narratologiese model (vgl. Hoofstuk 3). Volgens Mayan (2001:21-22) kan die inhoud van dokumente òf manifesterend òf latent wees. Wat die manifesterende inhoud betref, word gesoek na spesifieke woorde, idees en kombinasies daarvan. Die gegewens oor sulke woorde,

idees en kombinasies kan gebruik word as die bron waarteen 'n bepaalde leser se interpretasie gemeet word.

In die geval van hierdie studie word daar egter meer gefokus op latente inhoudsanalise. Hier word data geïdentifiseer, gekodeer en gekategoriseer om die primêre patrone in die data te ontsluit vir interpretasie. Hierdie proses van kodering word vervolgens bespreek.

#### 4.2.3 Kwalitatiewe kodering

Die data is gekodeer na aanleiding van die respondente se antwoorde tydens die semi-gestruktureerde onderhoude. Kodering is 'n proses waar groot hoeveelhede data opgebreek word in kleiner segmente. Die data word gekategoriseer om 'n raamwerk van tematiese idees te bewerkstellig (Bailey, 2007:127; Gibbs, 2007:38; Flick, 2007:296). Ooreenstemmende stellings van die lesers word onder een kode gegroepeer en die aspekte wat buitengewoon is, kom ook in die proses na vore. Volgens Strauss (1987:29) wil kwalitatiewe navorsing nie items tel nie, maar data oopbreek en herorganiseer in kategorieë wat ooreenkomste en verskille kan uitwys sodat data gebruik kan word om teoretiese konsepte te ondersteun en te ondersoek.

#### 4.2.4 Data-analise

Die onderhoude is digitaal in MP3-formaat opgeneem waarna die NVivo 8-sagteware gebruik is om die data te transkribeer en die kodering te doen soos aangetoon in Addendum A. Elke leser se onderhoud is tematies geanaliseer in drie fases; a) oop kodering, b) gefokusde/aksiale kodering, en c) selektiewe kodering, soos aangetoon in Addendum B. Na hierdie proses is die lesers se response met mekaar vergelyk om die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie interpretasies uit te wys. Die lesers se response is daarna vergelyk met die dokumentanalise soos weergegee in Hoofstuk 3, waarna 'n gevolgtrekking gemaak word aangaande die onderskeie lesers se lees en interpretasie van die tekste.

Die tematiese analise en vergelyking tussen die onderskeie response sal vervolgens bespreek word.

## 4.3 Tematiese analise

Soos reeds genoem begin die tematiese analise by die kodering van data. Volgens Bailey (2007:155) is die tematiese analisering van data baie effektief om temas te identifiseer wat moontlik van toepassing kan wees op die navorsingsvrae.

#### 4.3.1 Fase 1 – Oop Kodering

Oop kodering word gebruik om groot hoeveelhede data in meer beheerbare segmente te orden. Deur temas saam te groepeer kan daar 'n analise van die data gemaak word (Flick,

2007:296; Gibbs, 2007:50; Bailey, 2007:152). Die onderhoude wat getranskribeer is tot groot hoeveelhede tekstuele data is gerangskik volgens herhalende onderwerpe, uitgangspunte, emosies en so meer. Volgens Bailey (2007:155) kan verskeie temas oorvleuel, maar daar kan egter ook sekere temas wees wat sal uitstaan, omdat een bepaalde leser moontlik totaal ander aspekte in die teks ontdek as enige van die ander lesers. Nie alle inligting in die onderhoude is gekodeer nie, maar slegs die inligting wat van toepassing is op die navorsingsvrae (Bailey, 2007:128). Hierdie oop kodering is afsonderlik vir elke onderhoud gedoen en herhaal om iteratiewe temas vas te stel.

Volgens Gibbs (2007:44-46) kan daar onderskei word tussen twee soorte kodering; konsepgedrewe kodering en datagedrewe kodering. Konsepgedrewe kodering is kodering met die doel om die verskynsel beter te verstaan deur navorsingsliteratuur, onderwerpe wat na vore gekom het in die onderhoude en ander bronne deur te werk en voorafgekose temas uit te soek. Daar moet egter ruimte gelaat word vir nuwe temas wat moontlik na vore kan kom, sodat dit bygevoeg kan word.

Datagedrewe kodering daarteenoor is wanneer daar geen vooropgestelde temas of kodes beskikbaar is nie. Wanneer die koderingproses begin, word die temas ontwikkel soos daar deur daar die data gewerk word.

In hierdie studie kan daar egter nie net van een van die bogenoemde koderingsmetodes gebruik gemaak word nie, en word ’n kombinasie gebruik. Omdat daar vanuit ’n teoretiese agtergrond gewerk word (soos bespreek in Hoofstukke 2 en 3) en ook oop kodering, kan vergelykings gemaak word en lesers se interpretasies vergelykend ondersoek word. Oop koderingsvrae wil ondersoek wie, wat, waar, hoe, hoeveel en hoekom. Volgens Gibbs (2007:50) poog vergelykings om belangrike kenmerke vas te stel omdat oorbekendheid oor ’n onderwerp daartoe kan lei dat sekere eienskappe nie raakgesien word nie. Om hierdie vergelykings te kan maak, word daar sekere woorde en frases gemerk wat uitgesonder kan word, sodat daar bepaalde betekenis daaraan geheg kan word.

Daar is verskeie temas in hierdie eerste fase van analise geïdentifiseer wat die primêre inligting verteenwoordig. Die inligting is vervolgens gesorteer sodat dit verder verwerk kan word in die tweede fase.

Ten einde ’n vergelyking te kan maak tussen die twee verhale en lesers se interpretasies daarvan en dit ook te kan analiseer, is sekere aspekte en temas geïdentifiseer wat in beide verhale na vore gekom het. Hierdie ooreenstemmende temas is:

- Wat is die belangrikste eienskappe van die verhaal?

- Het die leser van die verhaal gehou of nie?
- Van watter aspekte het die leser nie gehou nie?
- Beskou die leser die spesifieke roman as goeie skryfwerk?
- Het die verhaal die leser se verwagtingshorison verbreed?
- Van watter karakter het die leser niks gehou nie?
- Met watter karakter het die leser geassosieer?
- Wat is die leser se mening aangaande die taalgebruik in die roman?
- Watter temas het die leser in die roman raakgelees?
- Wat is die leser se opinie aangaande die titel en buiteblad?
- Hoe sien 'n terugvertelling van die verhaal deur die leser daar uit?

Temas wat nie volgens verhaal gegroepeer kon word nie, is soos volg in die vrae vir die onderhoude verreken:

- Watter een van die twee romans het die lesers eerste gelees?
- Hoe het die leser die gebruik van die van De Melker in *30 Nagte in Amsterdam* geïnterpreteer?
- Dink die leser dat die onderskeie karakters in die romans ontwikkel of groei?
- Watter oop plekke herken die leser en hoe word dit deur die leser gevul?
- Lees die leser resensies en dink die leser resensies verskaf voldoende inligting oor boeke?
- Watter soort boeke lees die betrokke lesers graag?
- Watter redes verskaf die leser vir die lees van 'n bepaalde soort boek?

Die lesers is gevra om vergelykings tussen die twee verhale te maak en die vergelykende temas kan soos volg uiteengesit word:

- Watter ooreenkomste is daar vir die lesers in die romans?
- Watter rol speel die lesers se agtergrond in hulle waardering van die onderskeie verhale?
- Hoe ondervind die lesers die karakters en karakterisering?
- Hoe ondervind die lesers die ruimte in die tekste?
- Hoe ondervind die lesers die tyd in die tekste?
- Hoe ondervind die lesers die verteller in die tekste?
- Hoe ondervind die lesers die verteltegniek in die tekste?
- Watter verskille is daar vir die lesers tussen die twee verhale?

Hierdie tematiese kodering is beskikbaar in addendum B op die ingeslote DVD.

#### 4.3.2 Fase 2 – Selektiewe/aksiale kodering

Nadat fase 1 voltooi is, word die inligting weer deurgegaan en verder verfyn om die essensiële data te behou en die onbelangrike inligting uit te sny. Die temas wat in fase 1 geïdentifiseer is, is in fase 2 skerper omlyn en word in groter kategorieë ingedeel. In hierdie fase word die onderskeie oorspronklike temas van fase 1 saamgevoeg. Volgens Bailey (2007:129) word daar in die selektiewe fase wegbeweeg van die letterlike kodering na meer konseptuele kodering waarin daar na spesifieke aspekte gesoek word. Individuele onderhoude/gevalle moet eers gekodeer word, waarna daar oorgegaan kan word na kruiskodering tussen die verskillende lesers sodat ooreenkomste en verskille uitgewys kan word. Dit vereis gefokuste aandag en moet stelselmatig gedoen word. Alle gevalle kan nie op een slag met mekaar vergelyk word nie, maar een vir een moet bygevoeg word tot die vergelyking, tot al die onderhoude met mekaar vergelyk is (Bailey, 2007:155).

Vanuit die aksiale kodering is die volgende saamgestelde tema-kategorieë geïdentifiseer:

- Lesers se interpretasie van *Swartskaap*.
- Lesers se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam.*
- Ander aspekte van interpretasie wat die lesers belangrik geag het.
- Resensies en hoe dit ondervind word deur die onderskeie lesers.
- Vergelykende interpretasies tussen die twee verhale.

#### 4.3.3 Fase 3 – Selektiewe kodering

Tydens fase drie is daar gefokus op die data wat oorgebly het in fase 2. In hierdie fase is die resultate van fase twee opgeweeg om veranderinge waar nodig aan te bring en die data soos uitgehaal in fase 1 en 2 rond te skuif, sodat die beste gevolgtrekking daaruit gemaak kon word. In hierdie fase is die data ondersoek met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord en die argument te ondersteun deur die lesers se respons verbatim by te voeg.

## 4.4 Resultate van analise

Die resultate van elke onderhoud word vervolgens afsonderlik bespreek, waarna kruisverwysings tematies uitgewys word. Dit is belangrik om elke leser afsonderlik te bespreek omdat dit (soos in Hoofstuk 1 beskryf) gaan om die individu se interpretasie. Al is daar baie ooreenkomste tussen die interpretasies, word daar gepoog om vas te stel hoe die spesifieke leser die boeke interpreteer en daarom is dit belangrik dat ŉ volledige en deurdagte opsomming van elke leser se interpretasie gegee word. Volgens Flick (2007:4) is dit belangrik om ŉ ryk beskrywing van elke lesersrespons te gee (vgl. Palmer, 2010:177). ŉ Volledige beskry-

wing gee 'n volledige uiteensetting van die leser se interpretasie van die tekste. Vanuit hierdie volledige beskrywing kan daar gepoog word om die navorsingsvrae te beantwoord (vgl. Hoofstuk 5).

Gibbs (2007:57) is van mening dat wanneer onderhoude, soos gevoer met die deelnemers, in ŉ narratiewe beskrywing weergegee word dit die volgende belangrike aspekte tot die data byvoeg:

- Dit verskaf die bewysmateriaal waaruit die lesers se algemene standpunt en oriëntasie afgelei kan word.
- Dit verskaf 'n persoonlike kleur aan die algemene indrukke van die leser. Die wyse waarop elke leser se antwoorde narratief weergegee is, gee 'n aanduiding van die persoonlikheid en uitgangspunte van die onderskeie lesers. Daar kan op die wyse toegang verkry word tot die lesers se agtergrond en persoonlike kennisraamwerke. Daarom is daar gepoog om die lesers se interpretasie so ver moontlik in die leser se woorde te stel, al word dit nie noodwendig verbatim weergegee nie (vgl. Zunshine, 2010a:195).
- Dit verskaf bewyse van die manier waarop die leser homself/haarself sien. Dit gee aan die deelnemers ŉ stem en daarom word die beskrywings behou in die taalgebruik en -styl van die onderskeie lesers.
- Hierdie narratiewe weergawes sorg dat lesers se reaksies nie as veralgemenings hanteer word nie, maar dat elke leser se interpretasie as belangrik beskou word en dat die individualiteit van elke bydraer bewaar bly.

Elke leser is gevra om die stories van die romans aan die navorser oor te vertel. Volgens Gerrig en Egidi (2003:44) is dit wat die lesers terugvertel ŉ aanduiding van die raamwerk waarbinne die leser gelees en geïnterpreteer en in sommige gevalle vasgeval het. As lesers in ŉ bepaalde raamwerk vasval, moet hulle interpretasie van die teks met inagneming daarvan beskou word. Die leser moet as individu bewustelik daardie raamwerk verwerk, hetsy insluit of toevoeg tot sy/haar raamwerk of dit totaal verwerp om sodoende verder te kan beweeg in hulle interpretasie. Dit is belangrik om hiervan kennis te dra, sodat die navorser weet of die leser se interpretasie betroubaar en bedag is, en of dit berus op onverwerkte intuïtiewe reaksies of verstokte denkraamwerke. Daarom is elke leser se weergawe van die verhaal ingesluit asook enige ander aspekte wat die leser belangrik genoeg gevind het om te noem.

Daar word van elke leser 'n kort biografiese beskrywing verskaf. Hierna volg 'n meer breedvoerige beskrywing van die leser se interpretasie. Daar is gepoog om die leser se interpretasie weer te gee op die wyse waarop die leser dit gestel het.

### 4.4.1 Leser een

#### 4.4.1.1 Agtergrond

Leser een is 'n vyf-en-twintigjarige vrou wat in Noordwes woon en haar huistaal is Afrikaans. Sy het in die omgewing van Johannesburg grootgeword in relatief stabiele huislike omstandighede. Die leser het haar skoolloopbaan voltooi in Afrikaansmediumskole, waarna sy 'n B.Sc.-graad in Verbruikerswetenskap behaal het. Sy het haar Meestersgraad in 2011 voltooi. Sy gee tans klas by 'n privaat akademiese instansie. Die leser is ongetroud. Alhoewel die leser nie 'n baie aktiewe leser is nie, lees sy gemiddeld 3 boeke per jaar, meestal fiksie en fantasie. Die leser lees nie slegs Afrikaanse boeke nie, maar geniet dit ook om Engels te lees, veral as dit by fantasie kom. Die leser het nog nie voorheen van Odette Schoeman gehoor of van haar boeke gelees nie. Sy het egter al van Etienne van Heerden gehoor, maar nog geen van sy boeke gelees nie. Dit lyk egter nie of dit enige invloed op die leser se interpretasie gehad het nie. Die leser het eers *Swartskaap* en daarna *30 Nagte in Amsterdam* gelees, maar voel nie dat die een boek 'n invloed gehad het op die leeservaring van die ander een nie.

Die agtergrondinligting van Leser een kan soos volg saamgevat word:

Tabel 1: Agtergrondinligting van leser een

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 25 | Vroulik | MSc | Afrikaans | Afrikaans, minder Engels | 3 | Fiksie en Fantasie | *Swartskaap* |

#### 4.4.4.2 Leser se interpretasie

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

**a) Leser een se interpretasie van *Swartskaap***

Die buiteblad het die idee geskep dat die boek oor 'n uitgeworpene, 'n buitestander gaan. Dit het die leser nuuskierig gemaak sodat sy gemotiveer was om verder te lees. Sy het dadelik die karakter jammer gekry nog voordat sy die boek begin lees het. Vir hierdie leser is die belangrikste aspekte van die storie van *Swartskaap* die volgende: Dit is die verhaal van 'n

meisie wat uit 'n spesifieke tipe huis kom en wie se lewe omvergegooi word. Sy word verwerp, maar is as gevolg van die verwerping gemotiveer om iets van haar lewe te maak.

Leser een het baie van *Swartskaap* gehou om die blote rede dat dit haar laat dink het aan aspekte uit haar eie kinderdae.

> "*Hierdie was so 'matter of fact' vertel, soos wat ek goed uit my kinderdae onthou en ek het so gevoel.*"

Die leser het egter opgemerk dat sy dikwels voel dit is die storie van die skrywer en nie bloot fiksie nie. Dit gee aan die verhaal 'n gevoel van outentisiteit, wat deur die leser positief ervaar is. Die kru taal wat soms voorkom in die verhaal, is nie as afstootlik deur die leser ervaar nie, maar word deur die leser as gepas beskou omdat dit werklikheidsgetrou is. Die eenvoudige taal het dit vir haar maklik gemaak om die teks te lees en die leser voel dat die skrywer nie probeer voorgee nie. Die werklikheid word vertel net soos wat dit is.

Die leser het haarself met die hoofkarakter geassosieer juis omdat sy kan identifiseer met hoe die karakter voel. Die leser voel en redeneer oor dinge soos wat die hoofkarakter daaroor voel en redeneer. Sy sien haarself in die karakter se stryd om bo uit te kom en in die wyse waarop sy daarin slaag, ongeag alles wat op haar pad kom.

Net soveel deernis as wat die leser het met die hoofkarakter, so min hou sy van die ma as karakter in die verhaal. Volgens die leser is die omstandighede waarin die hoofkarakter haar bevind, haar ma se skuld. Die ma manipuleer haar kinders, sy is die een dag lief vir hulle en die volgende dag haat sy hulle en maak die deur in hulle gesigte toe.

Die leser het een tema regdeur die verhaal as belangrik en herhalend gesien, naamlik: hoe sleg dit met mense kan gaan. Die leser was naderhand moeg daarvoor dat daar net herhaaldelik slegte dinge met die hoofkarakter gebeur en dat dit lyk asof sy nooit in die verhaal bo sal uitkom nie.

Die leser beskou dit wel as goeie skryfwerk, alhoewel sy dit nie as letterkundig beskou nie. Sy dink dit is goeie skryfwerk wat beskryf hoe dinge regtig is en dat die roman daardeur juis lesers lok en behou. Tog voel die leser dat die boek horisonne kan verbreed ten opsigte van mense 'aan die ander kant van die treinspoor', om mense in daardie situasie te verstaan en deernis met hulle te kan hê.

Leser een se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 2: Leser een se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser een se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die titel** | Dit gaan oor 'n buitestander. |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Dit gaan ʼn donker verhaal wees. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekon-struksie** | Iemand wat uit ʼn spesifieke tipe huis kom, verwerp word en tog iets van haar lewe maak. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser het van die verhaal gehou, dit herinner haar aan haar kinderdae. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalge-bruik in die roman** | Taal is eenvoudig, dit lees maklik. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Assosieer met Claudie, sy redeneer en voel soos die hoofkarakter. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die ma wat almal manipuleer. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakge-lees het** | Hoe sleg dit met mense kan gaan. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Goed, die boek weerspieël die werklikheid. |
| **Ander opmerkings** | Die leser kry die gevoel dat dit die skrywer se verhaal is. |

**b) Leser een se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Die titel het ʼn voor-die-hand-liggende reaksie by die leser opgeroep naamlik dat iemand 30 Nagte in Amsterdam was, maar sy het iets oor prostitusie verwag op grond van die liggies op die buiteblad. Dit indruk is versterk deur die verwysing na Amsterdam omdat die Walle as prostitusiebuurt bekend is.

Vir die leser is die verhaal baie dieselfde as dié van *Swartskaap*, omdat dit gaan oor die slegte kant van grootword en die letsels wat ʼn persoon saamdra as gevolg van die verlede. Vir die leser is *30 Nagte in Amsterdam* slegs ʼn deel van Henk se lewe. Dit gaan oor gebeure uit sy kinderdae en hoe Henk beïnvloed word deur sy tante. Henk oorheers vir die leser die hele boek en sy sien hom as ʼn totale lafaard en pateet.

Die leser het egter glad nie van die verhaal gehou nie, bloot omdat sy voel dat die gebeure in die verhaal onnodig eksplisiet beskryf word.

> *"...hierdie is net hierdie aaneen gekletter van stringe woorde wat betekenisvolle woorde is, maar in die konteks waarin dit gebruik word, is dit betekenisloos"*

Die leser voel dat die outeur daarop uit was om die leser te skok met sy beskrywings en uit-gangspunte. Ten spyte van die leser se sterk negatiewe gevoel teenoor die verhaal, sien sy Tante Zan as ʼn interessante karakter.

Die leser se siening aangaande die taalgebruik word oorheers deur die leser se uitgangpunt dat die oordadigheid bloot net onnodig is. Die leser het genoem dat sy op bladsy 30 opgehou lees het omdat die beskrywings haar onstel het. Sy het wel later die boek klaar gelees, maar nie met dieselfde oorgawe as in die geval van *Swartskaap* nie. Die gebeure en die wyse waarop die gebeure beskryf is, het die leser ontstel en die verhaal, dieper betekenis en ryk taal heeltemal oorheers. Sy het geen waardering vir die ryk taal, idiome en beskrywende woordkeuses nie.

Die leser assosieer haarself met Henk se Engelse ma, omdat sy van buite in die familie beland het en nie geweet het waarvoor sy haarself inlaat nie. Volgens die leser bly sy goed en gaaf en probeer altyd die minste wees in die familie. Sy word egter ingesluk deur die familie. Die leser assosieer veral hiermee omdat sy so oor haar eie omstandighede voel: sy voel dat sy alles vir haar familie gee, maar nooit van waarde geag word nie.

Die leser hou glad nie van Henk nie, omdat sy hom as ʼn lafaard sien wat nie vir homself kan opstaan nie.

Die politiek en Zan se sielkundige toestand is die ooglopendste temas wat vir die leser na vore kom. Sy verwys verder na Henk wat in ʼn "borrel leef". Sy beskou dit as goeie letterkundige skryfwerk omdat die verhaal uit verskillende oogpunte en op verskillende maniere vertel word. Sy sal dit egter nie vir die meeste lesers aanbeveel nie, omdat dit moeilik lees en sy dit amper nie as goeie letterkunde uit haar raamwerk beskou nie.

> *"Dit is letterkunde geskryf vir letterkunde, nie letterkunde geskryf vir mense nie"*

Die uitbeelding van die apartheidstryd het die leser se verwysingsraamwerk verbreed omdat sy beskermd grootgeword het en nie gemeng het met swartmense nie. Sy was baie jonk in 1994. Volgens die leser het sy geen kennis oor die tydperk nie en om nou bietjie meer daaroor te lees en veral van ʼn wit vrou wat daarby betrokke was, is vir haar ʼn skok wat haar anders laat dink oor daardie tyd.

Leser een se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 3: Leser een se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser een se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Liggies en prostitusie. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit gaan oor Henk wat ʼn huis erf in Amsterdam en verskeie geheime ontdek. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser hou glad nie van die boek nie, sy beskou dit as onnodig eksplisiet. |

| | |
|---|---|
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Die beskrywings is te oordadig en moeilik vir die leser. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Die Engelse ma wat ingesluk word deur haar familie, en altyd aan die kortste end trek. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Henk, omdat hy ŉ pateet en lafaard is. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Politiek en sielkundige toestand van Tante Zan. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Letterkundige styl, maar nie geskik vir alle lesers nie. |
| **Ander opmerkings** | Die ongewone verhouding tussen Tante Zan en Henk. |

### c) Ander aspekte van interpretasie

Vir die leser is daar bepaalde aspekte wat uitgestaan het in die onderskeie boeke. Vir die leser was die band tussen Tante Zan en Henk in *30 Nagte in Amsterdam* onvanpas en ongewoon. Die band word volgens haar ook nie regtig deur die skrywer verduidelik nie. Die leser wil graag weet of Tante Zan skuldig gevoel het oor haar betrokkenheid by Henk se pa se dood en waarom die twee karakters so 'n ongewone band het.

Die leser het uiteenlopende opinies oor die vraag of die onderskeie hoofkarakters in die boeke groei of nie. In *Swartskaap* voel die leser die hoofkarakter groei tot ŉ mate en maak iets van haar lewe. Sy oorkom die slegte dinge deur haarself op te hef en iets beters van haarself te maak. In die geval van *30 Nagte in Amsterdam* voel die leser egter dat die karakter van Henk glad nie groei nie, maar dat hy eerder nog slegter raak na die einde van die verhaal toe. Hy bly ŉ oppervlakkige karakter.

### d) Leser se siening aangaande resensies

Die leser lees glad nie resensies nie, dit irriteer en verveel haar omdat mense, soos die leser dit stel, voorgee dat hulle die boeke verstaan maar dit tog nie werklik verstaan nie. Die leser is verder van mening dat resensies vir haar misleidende inligting gee, veral ten opsigte van *30 Nagte in Amsterdam*, waar die boek soveel pryse ontvang het, maar glad nie vir die leser ŉ boek was wat sy sou kies vir pryse nie.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser een kan soos volg saamgevat word:

Tabel 4: Ander aspekte van Interpretasie van Leser een

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Nee, sy vind dit irriterend en vervelig. | Dit gee misleidende inligting. | Claudie verander tot ŉ mate, sy maak iets van haar lewe. | Henk verander glad nie vir die leser nie, hy raak eerder nog slegter. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Vir die leser was die belangrikste verskil tussen die boeke dat die een boek, *Swartskaap,* realisties is en die ander, *30 Nagte in Amsterdam*, "beskrywend". Tydens die leesproses het die leser die ruimtes vir haarself voorgestel: Boksburg is herkenbaar in *Swartskaap* en in *30 Nagte in Amsterdam* is dit veral die museum wat die leser vir haarself kan voorstel. Dit is ook die ruimtes wat die leser beter ken. Die leser verwys na die gevoel wat sy kan onthou sy in ʼn museum gehad het. Sy kan uit die gevoel wat sy onthou die museumruimte vir haarself voorstel. Dit is ʼn duidelike aanduiding van hoe sy kognitief die ruimtes uit haar verwysingsveld gebruik om die romanruimtes te konstrueer. Die leser skep beelde veral vanuit haar sintuie op grond van gevoelens en plekke wat sy al ervaar het.

*"So asof jy dit kan ruik, en dit ruik soos houtsaagsels en voel warm."*

Die leser voel nie dat haar agtergrond ʼn rol speel in haar interpretasie van die boeke nie, maar die navorser sal van die leser in hierdie opsig verskil. Sy het deernis met Claudie in *Swartskaap* omdat sy identifiseer met haar. Sy is uitgesproke oor die ma omdat sy in sekere opsigte haar eie ma kwalik neem vir sekere aspekte van haar eie lewe. Sy lees totaal oor die ander temas in *30 Nagte in Amsterdam* heen juis omdat sy konserwatief grootgeword het. Die feit dat sy net fokus op Henk in die verhaal en op geen ander karakter nie, is ʼn aanduiding dat Henk ʼn duidelike beeld by haar oproep, veral omdat sy sintuiglik en op gevoel die verhaal vir haarself herskep.

" Ja of soos iemand wat ek goed ken. So ek soek assosiasies."

Die karakters en karakterbeskrywing moet vir die leser nie weggesteek word onder mooi woorde nie, die leser hou daarvan om duidelik te weet hoe die karakter lyk en hoe die karakter gaan optree. Die karakter moet nie versluier word deur die loop van die verhaal nie en ook nie uit verskillende bronne saamgestel word nie. Die leser hou van ʼn ek-verteller of selfs ʼn derdepersoonsverteller, maar nie van die alomteenwoordige verteller nie. Sy voel ʼn alomteenwoordige verteller kan nie alles weet wat werklik aangaan in die verhaal nie en kan nie iemand se gevoelens opsom soos wat daardie persoon self kan nie.

Vir die leser is chronologiese en nie-chronologiese tyd glad nie ʼn faktor nie, sy kan die verhaal kognitief self agter mekaar plaas soos duidelik blyk uit haar vertelling van *30 Nagte in Amsterdam*. Sy vertel die verhaal van Henk en plaas Tante Zan se lewe slegs in die konteks van sy lewe. Dit is nie vir die leser twee verskillende verhale wat afspeel nie, maar een wat volgens tyd agter mekaar gesit kan word. Dit leser dink dus deurgaans realisties oor dinge.

Leser een se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 5: Leser een se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| **Vergelykende aspekte tussen die twee verhale** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Een feitlik, ander beskrywend. | Word opgebou volgens bekende dinge uit eie kennis. | Moet direk wees en niks moet vir die leser weggesteek word nie. | Sy hou van 'n ek-verteller. | Speel nie by leser 'n rol nie. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie**

Vanuit die bostaande uiteensetting van leser een se interpretasie kan die stelling gemaak word dat die leser waarskynlik slegs vir genot lees en nie waardering het vir literêre werk nie. Die feit dat die leser drie boeke per jaar lees, meestal fiksie en fantasie, dui verder daarop dat die leser bloot net vir ontspanning lees en nie baie wil dink oor wat sy lees nie. Die leser interpreteer die tekste vanuit haar eie emosionele verwysingsveld wat die rame en skripte verskaf waarvolgens sy die verhaal rekonstrueer. Sy skep beelde en karakters na aanleiding van hul emosies en hoe dit haar emosioneel raak. Alhoewel daar verskeie temas in die verhale is, is die idee van hoe sleg dit met mense kan gaan, vir haar sentraal in beide die verhale. Die feit dat hierdie leser in beide die verhale dieselfde tematiek raaksien en dus in 'n vaste denkpatroon verval waarby sy nie verbybeweeg nie, hou waarskynlik verband met slegte ervarings uit haar eie gesinslewe in haar jeug. Volle besonderhede van hierdie agtergrond word nie hier gegee nie, uit respek vir die leser, maar kan in die transkripsie, addendum A, nagegaan word. Die leser is baie gemakliker met die populêre (makliker) teks, omdat sy dit maklik vind om die betekenis te ontsluit. Haar afkeer van *30 Nagte in Amsterdam* hou daarmee verband dat die leser die teks moeilik gevind het. Die leser se interpretasie word duidelik beïnvloed deur haar agtergrond, die karakters waarmee sy identifiseer en die temas wat vir haar belangrik is. Daar kan aanvaar word dat dit nie die mees ervare leser is nie, maar tog 'n leser wat daarna streef om die dieper betekenis uit 'n teks te ontsluit. Die leser se bestaande kognitiewe denkraamwerke bepaal duidelik haar nadenke oor die tekste. Sy het die karakters en gebeure deurdink en in konteks van haar eie agtergrond en uitgangspunte geplaas.

### 4.4.2 Leser twee

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

#### 4.4.2.1 Agtergrond

Leser twee is ŉ vyf-en-twintigjarige vrou wat in Noordwes woon. Haar huistaal is Afrikaans en sy kom oorspronklik van die Kaapprovinsie, waar sy haar skoolloopbaan voltooi het. Sy lees egter oorwegend Engelse boeke en tot ŉ baie mindere mate Afrikaans. Volgens die leser is 70% van die boeke wat sy lees Engels, omdat daar volgens die leser nie goeie Afrikaanse boeke is nie. Sy ken die Engelse outeurs en hou eerder by skrywers waarvan sy hou. Sy lees gemiddeld 12 boeke per jaar, oorwegend fiksie. Volgens die leser sal sy fantasie tot ŉ mindere mate lees. Nadat die leser skool voltooi het, het sy Fisioterapie studeer in Stellenbosch en werk tans by ŉ staatshospitaal. Die leser is ongetroud. Die leser het al voorheen van Etienne van Heerden gehoor, maar nog nie van sy ander boeke gelees nie en het nog nooit voorheen van Odette Schoeman gehoor nie. Dit wil voorkom of kennis van die skrywers geen invloed gehad het op die leser se interpretasie nie. Die leser het eers *Swartskaap* gelees, en is van mening dat *Swartskaap* geen invloed gehad het op haar interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* nie.

Die agtergrondinligting van Leser twee kan soos volg saamgevat word:

Tabel 6: Agtergrondinligting van leser twee

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 25 | Vroulik | Honneurs | Afrikaans | 70% Engels, Afrikaans tot ŉ mindere mate | 12 | Op werklikheid gebaseer | *Swartskaap* |

#### 4.4.2.2 Leser se interpretasie

**a) Leser twee se interpretasie van *Swartskaap***

Die titel het vir hierdie leser die idee gegee dat die hoofkarakter die *Swartskaap* sal wees, iemand wat nie inpas nie. Hierdie idee is verder ondersteun deur die buiteblad wat vir haar donker, hartseer en alleen gelyk het. Nadat die leser die boek voltooi het, het sy gevoel dat die karakter nie die tradisionele *Swartskaap* is nie, maar iemand is wat ten spyte van moeilike gesinsomstandighede iets van haarself maak.

Die verhaal fokus vir die leser rondom ŉ meisie wat gebore word in ŉ familie waar daar heeltemal te veel kinders is, en ouers wat nie na die kinders omsien nie. Die hoofkarakter probeer wegbreek uit haar situasie waar sy deur haar ma verwerp word en trek regdeur die ver-

haal baie rond. Volgens die leser gaan dit in die verhaal oor die manier waarop die karakter uit haar situasie kom en iets van haar eie lewe maak. Die leser het van die verhaal gehou omdat dit ŉ eerlike verhaal is, wat weergee wat werklik in die lewe aangaan.

Die leser voel dat die taalgebruik in die konteks van die verhaal gepas is. Die taal waarin die verhaal geskryf is, was maklik vir die leser om te lees en sy kon die verhaal baie maklik volg.

Die leser het eers geantwoord dat sy haarself met geen karakter assosieer nie, maar later tog erken dat sy haarself bietjie met Claudie die hoofkarakter assosieer omdat die karakter uit haar negatiewe omstandighede iets positiefs skep, al is dit volgens die leser effens skeef. Die leser hou glad nie van beide die ma en pa as karakters nie, omdat sy voel dat die ouers nie insig toon ten opsigte van wat hulle aan hulle kinders doen nie.

Dit is juis uit hierdie twee karakters se optrede waaruit die leser haar temas vir die verhaal konstrueer. Vir die leser is dit die tema gebroke gesinne. Sy beskou dit as belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks omdat dit juis vandag meer algemeen voorkom as wat daar regtig besef word. Verder sien die leser die tema van familiegeskiedenis as belangrik omdat sy voel mens kan nooit jou familie weggooi nie. Selfs vir Claudie is haar gesin en herkoms in haar ingebou en daarom verstaan die leser dat sy selfs na alles wat sy deurgemaak het, steeds saam met haar broer dagga sal rook en sodoende steeds dieselfde foute maak as wat haar ouers gemaak het.

Die leser is van mening dat dit goeie skryfwerk is, juis omdat dit maklik lees en ŉ interessante relevante verhaal vertel.

Leser twee se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 7: Leser twee se interpretasie van Swartskaap

| **Leser twee se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Donker, hartseer en eensaamheid. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Gesin met te veel kinders, en die ouers kan nie na hul omsien nie. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het van die verhaal gehou, die werklikheid word realisties beskryf. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Dit is gepas in die konteks van verhaal, die verhaal lees maklik. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Claudie en die manier hoe sy uit haar moeilike situasie kom. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Beide die ma en pa. Hulle toon nie insig in dit wat hul aan hulle kinders doen nie. |

| | |
|---|---|
| **Temas wat die leser in die verhaal raakge-lees het** | Gebroke gesinne en die invloed van families se verle-de op die hede. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Die roman lees maklik en beskryf die werklikheid. |

**b) Leser twee se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Vir die leser het die buiteblad dadelik beelde van Amsterdam opgeroep siende dat sy al daar was. Dit het die leser laat dink dat dit ʼn mooi storie gaan wees waarin daar partytjie gehou sal word, en nie die 'donker' verhaal soos sy dit noem, wat dit in werklikheid vir haar was nie.

Vir hierdie leser gaan die verhaal om Henkie wat in die vervelige museum werk en die tyding kry van sy Tante se dood en dat hy haar huis in Amsterdam geërf het. Sy lewe word omver-gegooi omdat hy na Amsterdam moet gaan waar hy worstel met homself en sy verlede. Terwyl Henkie in Amsterdam is, ontmoet hy verskeie karakters en vind uit dat sy Tante nie dood of mal is soos wat hy gedink het nie. Hy ontdek meer oor haar lewe en begin weer ʼn verhouding met een van sy familie bou, waarna hy nie meer ʼn kluisenaarsbestaan voer nie, maar meer oop is vir nuwe dinge. Vir die leser sentreer die verhaal rondom Henkie en alles word rondom hom gebou. Die feit dat die leser slegs die verhaal van Henkie lees kan ʼn aan-duiding wees van die raamwerk waaruit die leser die verhaal rekonstrueer en interpreteer. Die leser beskou alles vanuit Henkie se oogpunt.

Die leser het tot ʼn mindere mate van die verhaal gehou. Sy voel sy het tog gehou van die storie wat vertel word, maar sy het die taal baie moeilik gevind en die boek was vir haar langdradig. Die leser het gevoel dat sy omtrent 200 bladsye moes lees voordat sy regtig kon agterkom wat aangaan, en dit het haar nie van die verhaal laat hou nie. Sy het nie al die woorde op hulle eie verstaan nie en eers die betekenis daarvan in die konteks ontdek. Die leser het Tante Zan se taal interessant gevind, omdat sy voel dat Tante Zan se taal haar psige uitbeeld en sy Tante Zan se 'malheid' in die taal kon raaklees.

Die leser het haar egter met geen karakter geassosieer nie, maar het niks van Zan se ma, Ma Olivier gehou nie, omdat sy voel die karakter skynheilig is. Volgens die leser weet Ma Olivier nie regtig wat met haar kinders aangaan nie, en is meer bekommerd oor die skande wat oor haar familie kan kom as enige iets anders.

Die leser het die tema van skuld en geheimhouding in die teks raakgelees. Dit gaan vir die leser om Henkie se ontdekking van wat werklik in sy familie aangaan. Dit is interessant dat die leser verwys na Henkie, nie Henk nie, wat ʼn aanduiding kan wees dat die leser die ka-rakter altyd as klein en pateties beskou.

Die leser het getwyfel of dit goeie skryfwerk is, maar het tog geantwoord dat sy dink dit is goeie skryfwerk. Sy is ook van mening dat die skrywer nie baie lesers het nie, omdat alledaagse lesers volgens haar, nie die skrywer se boeke sal lees nie. Dit is vir die leser te verwarrend, daar is te veel karakters en idees wat dit vir haar moeilik maak om die verhaal te volg.

Leser twee se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

**Tabel 8: Leser twee se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

| **Leser twee se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Partytjie en lekker tye in Amsterdam. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit is die verhaal van Henk in 'n museum wat na Amsterdam moet gaan en alles wat hy daar ontdek. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser het tot 'n mindere mate van die boek gehou, die storie is goed, maar die roman lees moeilik en is langdradig. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Leser vind die taal baie moeilik en kon slegs die betekenis in konteks begryp. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Geen. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Ma Olivier omdat sy haarself anders voorhou as wat sy is. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Skuld en familiegeheime. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Huiwerende goedkeuring. Leser dink nie alle lesers sal dit wil lees nie. |
| **Ander opmerkings** | Geïnteresseerd in Tante Zan se medikasie en hoekom dit nie regtig gewerk het nie. |

### c) Ander aspekte van interpretasie

Die leser was nogal geïnteresseerd daarin om te weet of Tante Zan op medikasie was toe sy by Ma Olivier gewoon het, want vir die leser, wat in 'n staatshospitaal werk, was dit opvallend dat die epilepsie tog later beheer kon word. Dat dit in die tydperk toe Henkie klein was so groot probleem was, is vreemd, maar die vraag is of die karakter van Tante Zan dit slegs gebruik het om die mense om haar te manipuleer?

Vir die leser groei beide die hoofkarakters in die loop van die verhale. Claudie maak iets van haar lewe ten spyte van haar omstandighede en Henkie verander baie volgens die leser omdat hy uit die museumopset uitbeweeg en meer van die wêreld sien.

### d) Leser se siening aangaande resensies

Hierdie leser lees nie regtig enige resensies nie, bloot omdat sy nie die tydskrifte en koerante aankoop waarin resensies gewoonlik verskyn nie, maar sy voel tog dat resensies nie ge-

noegsame inligting verskaf nie, veral nie op internet- en posboekwinkels nie. Sy voel dat hulle ŉ baie beperkte beskrywing gee van die boek en dat sy eerder op vriende se aanbevelings nuwe boeke en veral nuwe skrywers sal probeer lees. ŉ Resensie is vir die leser slegs die resensent se opinie oor die boek en daarom sal sy nooit ŉ boek aankoop op die aanbeveling van ŉ resensent nie.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser twee kan soos volg saamgevat word:

Tabel 9: Ander aspekte van Interpretasie van Leser twee

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | **Swartskaap** | **30 Nagte in Amsterdam** |
| Nee, nie toegang daartoe nie. | Bevat nie genoegsame inligting nie en is slegs resensent se opinie. | Claudie verander, sy maak iets van haar lewe ten spyte van agtergrond. | Henk verander, beweeg uit museumopset en begin lewe. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Vir hierdie leser is die grootste verskil tussen die twee verhale die manier waarop die verhaal vertel word. Vir haar was *Swartskaap* maklik en *30 Nagte in Amsterdam* moeilik. *30 Nagte in Amsterdam* het haar aansienlik langer geneem om klaar te lees. ŉ Verdere verskil tussen die boeke vir die leser is die karakters. In *Swartskaap* is die karakters nie statusgedrewe soos in die geval van Ma Olivier en selfs Henkie nie. Volgens die leser probeer die karakters in *30 Nagte in Amsterdam* hulself verdoesel voor ander, en dit doen afbreuk aan die beeld van die statusgedrewe Afrikaners, waar in *Swartskaap* dinge net is soos wat dit is.

Hierdie leser is van mening dat sy nie in prentjies dink nie. Sy kan gewoonlik vir haarself enige ruimte voorstel, maar is van mening dat die feit dat sy al in Amsterdam was, beslis gehelp het om Amsterdam in die roman te "sien", die straatmusikante, parke en die strate. In *Swartskaap* het geen ruimte vir die leser uitgestaan nie. Sy is van mening dat daar geen ruimte uitstaan nie omdat die familie so 'n nomadiese bestaan gevoer het. As navorser vermoed ek dat alhoewel die leser van mening is dat sy nie die ruimtes vir haarself voorstel nie, sy dit tog doen. Amsterdam staan vir haar uit want sy was al daar, maar in *Swartskaap* kon sy geen van die ruimtes in verband bring met haar eie agtergrond nie omdat sy van die Kaap af kom. Daarom het die ruimtes geen indruk gelaat nie. Die leser mag dink dat sy nie ŉ kognitiewe beeld van die ruimtes in haar gedagtes skep nie, maar tog word dit onbewustelik gedoen.

Die agtergrond en wêreldbeskouing van die leser het duidelik ’n rol gespeel in haar interpretasie van die romans. Volgens die leser kom sy, uit die aard van haar werk, baie in aanraking met mense soos wat daar in *Swartskaap* uitgebeeld word, veral ten opsigte van armoede, en weet sy goed watter invloed dit werklik op ’n gesin het. *30 Nagte in Amsterdam* het weer vanuit haar eie milieu die leser laat besef dat Potchefstroom en Swellendam wat sy ken, plekke is soos dié waarin Henkie vasgeval het, plekke waar jy gebore word en doodgaan en nooit uitkom nie. Die leser sê dat die boek haar sommer laat besef het sy moet uit haar eie gemaksone kom en iets nuuts aanpak.

Wat karakters en karakterisering betref, het die leser gehou van die interessante karakter van Tante Zan wie se psige soveel fasette vertoon. Die karakters in *Swartskaap* was net soos wat hulle is vir die leser: daar is geen verskuilde fasette of duistere karakters wat ontleed moet word om die werklike betekenis te kry nie. Die leser is verder van mening dat hoe die verhaal in terme van tyd aangebied word, nie vir haar belangrik is nie, maar dat sy tog meer van chronologiese verhale hou. Die navorser meen dat dit verder kon bydra tot die leser se negatiewe lesing van *30 Nagte in Amsterdam*, dat dit nie slegs die taal was wat die roman vir haar moeilik gemaak het nie, maar ook die tydspronge.

Die leser hou verder baie meer van die ek-verteller soos wat dit in *Swartskaap* gebruik word, omdat dit vir die leser ’n meer realistiese beeld skep.

Volgens die leser kan daar verskeie ooreenkomste tussen die twee verhale opgemerk word, soos dat beide Tante Zan in *30 Nagte in Amsterdam* en Claudie van *Swartskaap* die swartskape is en nie by hulle families inpas nie. Dit is juis vir haar Tante Zan wat die meer tradisionele *Swartskaap* van die familie is, en nie Claudie nie. So ook stem die familieprobleme vir haar ooreen in die verhale. Al kom dieselfde probleme nie in albei verhale voor nie, is die invloed van die probleme wat wel voorkom, die ondergang van die onderskeie families en iets wat deur die karakters oorkom moet word om werklik te kan bestaan.

Leser twee se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 10: Leser twee se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| Vergelykende aspekte tussen die twee verhale | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Moeilikheidsgraad en karakters se statusbewustheid. | Herskep ruimtes uit dit wat vir haar bekend is en waar sy al was. | Aard van karakters moet nie weg gesteek word nie, maar beskryf word. | Hou van ek-verteller. | Hou meer van chronologiese verhale. |

### f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie

Die leser het die indruk dat daar nie goeie Afrikaanse skrywers is nie en daarom lees sy meer Engels. Dit is ŉ duidelike aanduiding dat die leser nie genoegsame kennis het oor wat in die Afrikaanse literatuur beskikbaar is nie. Die leser se agtergrond speel duidelik ŉ rol. Sy is geïnteresseerd in medikasie en ander mediese probleme wat die karakters ondervind. So ook het die leser al te doen gehad met gebroke families en die impak wat 'n familie op iemand se toekoms kan hê omdat die leser dit daagliks in haar werk sien. Die leser het die literêre werk moeilik gevind. Sy het nie die betekenis van al die woorde geken nie, en het dit moeilik gevind om die teks te lees. Dit kan daarop dui dat die leser ŉ onervare leser is, veral ten opsigte van Afrikaans.

Die leser is baie meer gemaklik met ŉ makliker teks, waar sy maklik die gegewens agter mekaar kan plaas en die verhaal sonder veel nadenke kan interpreteer. Die leser het nie gehou van die kognitiewe vereiste wat *30 Nagte in Amsterdam* stel nie. Sy het die teks heeltemal te moeilik en deurmekaar gevind.

Die leser skep ruimtes en karakters vanuit haar agtergrond en dit wat aan haar bekend is. Die leser wou nie uitbrei waarom nie, maar sy het in beide verhale haar afkeur uitgespreek ten opsigte van geheime en skynheiligheid wat in die verhale na vore gekom het. Daar moet duidelik ŉ rede wees hoekom die leser dit so sterk afkeur.

Hierdie leser is nie welbelese nie, en verkies verhale wat mooi is, verhale wat mooi eindig. Sy het gedurende haar onderhoud genoem dat *30 Nagte in Amsterdam* vir haar nie as ŉ roman geklassifiseer kan word nie, omdat ŉ roman vir haar ŉ mooi storie moet wees.

### 4.4.3 Leser drie

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

#### 4.4.3.1 Agtergrond

Leser drie is ’n ses-en-twintigjarige vrou wat in Noordwes woon. Haar huistaal is Engels en sy het ook in die Engelse kultuur grootgeword. Sy lees oorwegend Engels, maar het in die laaste paar jaar begin om meer Afrikaanse boeke te lees. Sy lees gemiddeld 6 boeke per jaar wat gewoonlik fiksie is, maar sy hou ook baie van biografieë. Die leser se ma is oorlede toe sy nog baie jonk was, waarna haar pa weer getroud is, maar hy is ook oorlede toe sy nog op skool was, wat lei tot ’n komplekse familiesamestelling. Sy kom van die Kaapprovinsie waar sy haar skoolloopbaan voltooi het. Sy het daarna Fisioterapie studeer in Stellenbosch en is tans besig met haar M-graad terwyl sy werk by ’n staatshospitaal. Die leser is ongetroud. Soos verwag kan word uit die leser se agtergrond, was albei die skrywers onbekend aan die leser en het sy sonder enige vooropgestelde verwagtinge die boeke gelees. Die leser het eerste *Swartskaap* gelees waarna sy ’n Afrikaanse weergawe van *30 Nagte in Amsterdam* begin lees het, maar sy het dit uiters moeilik gevind en toe die Engelse weergawe van die teks verder gelees.

Die agtergrondinligting van Leser drie kan soos volg saamgevat word:

Tabel 11: Agtergrondinligting van leser drie

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 26 | Vroulik | Honneurs | Engels | Engels en Afrikaans baie min | 6 | Fikse en biografieë | *Swartskaap* |

##### 4.4.3.2 Leser se interpretasie

**a) Leser drie se interpretasie van *Swartskaap***

Vir die leser is die buiteblad baie belangrik wanneer sy boeke kies wat sy wil lees. Die buiteblad van *Swartskaap* het vir die leser interessant, maar tog verskriklik, gelyk. Die titel het die universele beeld van die swartskaap opgeroep. Die leser beskou haarself as die swartskaap in haar eie familie en sy het dadelik, nog voordat sy die boek oopgemaak het, van die boek gehou. Sy beskou Claudie egter nie as die swartskaap in die familie nie, maar eerder die ma-karakter. Die leser sien Claudie nie as die een wat uit die familie geskuif word nie, maar die ma. Die ma word later deur haar kinders verwerp soos wat sy hulle verwerp het. Sy is

volgens die leser die karakter wat werklik haar eie pad loop regdeur die boek omdat sy nie in voeling is met haar kinders, haar eie lewe en wat om haar aangaan nie.

Die leser vat die storie van *Swartskaap* saam as die verhaal van ʼn familie wat soos sigeuners leef. Die ma het altyd iemand in haar lewe nodig om haar te onderhou omdat sy nie haarself kan onderhou nie.

Die karakter van die ma het die leser baie getref omdat sy steun op ander mense en omdat sy nie na haarself of haar kinders kan omsien nie. Die kinders is eintlik op hulself aangewese. Die ma speel met ander se gevoelens en ag haarself nooit belangrik genoeg om meer van haar verhoudings te eis nie. Sodra iemand, volgens die leser, te naby aan haar kom, stoot sy hul weer weg en sal haarself eerder weer onder laat begin as om daardie persoon weer in haar lewe toe te laat. Die leser het egter geen deernis met die karakter nie, omdat die karakter volgens die leser geen deernis met ander het nie.

Die leser het baie van die verhaal gehou, in die eerste plek omdat dit vir haar ʼn maklike Afrikaanse boek is. Die leser het verder van die komplekse familie gehou. Die feit dat daar oorwegend op Claudie gefokus word, het dit vir die leser lekker gemaak om die komplekse karaktersamestelling as agtergrond tot haar verhaal te hê. Dit is juis vir die leser lekker omdat dit haar aan haar eie familieboom laat dink. Sy is van mening dat dit veral spreek tot die moderne saamgestelde families wat nie noodwendig as tipies in die Afrikaanse kultuur beskou word nie. Die leser het die verhaal biografies gevind en voel nie dat enige aspekte uitgelaat moes word nie

Die leser beskou dit as goeie skryfwerk, omdat die skryfwerk waarheidsgetrou bly in die storie wat dit wil vertel.

> *"It was truthful to itself, I feel the book."*

Die taal was gepas vir die leser en sy is glad nie afgesit deur die kru taal nie. Sy is eerder van mening dat daar op die televisie ʼn groter blootstelling aan growwe taalgebruik is.

Die leser het haarself glad nie met enige karakter geassosieer nie, en alhoewel sy soos reeds genoem die ma-karakter baie interessant gevind het, het sy niks van hierdie karakter gehou nie. Die leser noem dat sy haar eie ma idealiseer. Haar ma is oorlede toe sy agt jaar oud was en die beeld wat sy in haar gedagtes van ʼn ma het, is ʼn geïdealiseerde moederfiguur wat alles sal doen om dinge vir haar kinders beter te maak. Die ma in die verhaal is in elke grein die teenoorgestelde van hierdie geïdealiseerde beeld.

Die tema wat sentraal staan vir die leser is die van "aanhouer wen". Ten spyte van alles wat die hoofkarakter deurmaak, maak sy tog aan die einde iets van haarself. So ook kom die temas van vergifnis, aanvaarding en lojaliteit vir die leser na vore. Alhoewel die leser voel dat die hoofkarakter nie haar ouers vergewe nie, bly dit haar ouers en aanvaar sy hulle eerder net soos wat hulle is.

Wat nogal interessant is, is dat die leser nie net die temas in konteks van mense se persoonlike lewe sien nie. Sy sien die temas ook in konteks van Suid-Afrika se politiek. Vir die leser is die uithouvermoë en lojaliteit van Suid-Afrikaners ten spyte van hul politieke uitgangspunte en stryd belangrik.

Die leser het die boek as goeie skryfwerk beskou, omdat dit gebaseer is op die werklikheid en omdat die leser met die ingewikkelde familiesamestelling kon identifiseer.

Leser drie se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 12: Leser se interpretasie van Swartskaap

| **Leser drie se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Dit gaan 'n interessante en verskrikliklike verhaal wees. Het die leser nuuskierig gemaak. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit gaan oor 'n swerwende familie, 'n ma wat konstant nuwe verhoudings aangaan en haar kinders manipuleer. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser het van die verhaal gehou omdat dit haar herinner aan haar eie komplekse familiesamestelling. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Dit is maklik leesbaar en gepas in die konteks van die verhaal. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Geen. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die ma as karakter, sy dink die vrou is nie soos 'n ma moet wees nie en veral nie soos haar eie ma was nie. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Aanhouer wen. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Leser beskou dit as goeie gehalte, juis omdat dit die werklikheid beskryf. |
| **Ander opmerkings** | Leser vind die verhaal biografies omdat dit iemand se lewensverhaal vertel. |

**b) Leser drie se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Die leser het aan vriende genoem het dat sy die boek gaan lees en sy is deur verskeie mense afgeraai om die boek te lees. Ten spyte hiervan, het die leser van die boek gehou tot sy omtrent driekwart klaar was met die boek.

Siende dat die leser beide die Afrikaanse en Engelse weergawe van die boek gehad het, het sy baie meer van die Afrikaanse buiteblad gehou. Die leser is van mening dat die Engelse buiteblad so vervelig is dat sy waarskynlik glad nie die boek sou optel nie. As die Engelse boek die Afrikaanse boek se buiteblad gehad het, sou sy beslis, omdat dit haar aandag getrek het. Die titel het ook by die leser die Walle in Amsterdam opgeroep, asook die beeld van ŉ legendariese stad waar baie dinge begin en grense oorgesteek word. Die leser sien Amsterdam as ŉ stad van eksperimente waarheen mense gaan as hulle nuwe dinge wil probeer.

Vir die leser is die belangrikste aspek van die verhaal dat daar twee verhale afspeel en later bymekaar uitkom. Aan die een kant is daar Henk wat saam met sy 'mal' Tante en Ouma in Graaff-Reinet woon. Volgens die leser is Henk die swartskaap in die verhaal, die buitestander wat as kind selfs die uitgeworpene was. Die ander verhaal waarna die leser verwys, is die van Tante Zan wat betrokke is by die Apartheidstryd en Ma Olivier wat alles probeer om haar familie se eenheid te behou.

Die leser is van mening dat daar moontlik iets groters fout is met Tante Zan, dat sy buiten haar epilepsie moontlik ŉ persoonlikheidsversteuring het, nie net bloot omdat sy ŉ eksentrieke karakter het nie, maar ook omdat sy seksueel losbandig is en vry is met haar liggaam. Die leser fokus veral op hierdie punt omdat sy vanuit die mediese veld kom, maar dis duidelik sy beoordeel die karakter aan werklikheidsgegewens.

Die leser het die kontras tussen die twee karakters raakgelees en sy voel dat elke karakter iets van die ander karakters moes leer om hulself te leer ken. Die leser voel dat Tante Zan nog altyd skuldig gevoel het oor die insident met Henk se prysuitdeling en dat die huis in Amsterdam en die plan om hom uit sy gemaksone uit te kry haar manier was om daarvoor te vergoed.

Die leser het tot op ŉ punt van die verhaal gehou. Sy voel dat die einde die verhaal laat platval het. Die feit dat Henk saam met sy Tante kaal dans om die bene van haar geliefde en dan sê dat sy lewe gaan verander, is vir die leser ŉ klug. Die argumentering met homself of hy gaan terugkom Suid-Afrika toe of nie en dan besluit dat hy wel gaan terugkom, het die leser laat voel dat die worsteling verniet was, want niks verander werklik nie. Die karakter groei nie volgens die leser nie.

Die leser kan haarself nie heeltemal met enige karakter assosieer nie, tog voel sy dat sy net soos Henk nie daarvan hou om "kanse te vat" nie. Sy sal eerder bly by dit wat aan haar bekend is. Sy hou egter glad nie van Henk se karakter nie. Sy beskou hom as ŉ pateet wat skuldig voel oor alles wat hy doen, veral ten opsigte van sy besoek aan die Walle. Die feit

dat hy die gebied besoek, ontstel haar glad nie, waarskynlik vanweë haar meer liberale Engelse agtergrond, maar die feit dat hy "ekskuus Kosie" daaroor is, ontstel die leser wel.

Die taal was vir die leser amper te beskrywend omdat dit vir haar die storie "doodgeskryf" het. Sy het wel nie die taal as moeilik of problematies beskou soos ander lesers nie. Anders as vir die ander lesers, het die eksplisiete beskrywings hierdie leser nie ontstel nie. Sy voel dat dit tot die storie bydra en dit het haar nie in so mate geskok soos wat dit die ander lesers geskok het nie. Dit kan moontlik wees omdat sy vanuit ŉ Engelse en meer liberale oogpunt en haar leeservaring van Engelse boeke kyk as die ander lesers se meer konserwatiewe Afrikaanse oogpunt. Oor die kwessie van Apartheid, het die leser die stelling gemaak dat Apartheid ŉ baie Afrikaanse ding is en dat dit Afrikaanse lesers meer sal ontstel as vir haar. Vir haar is dit bloot net ŉ storie wat oorvertel word.

Die leser het weereens lojaliteit as ŉ tema in die boek gesien, Tante Zan bly lojaal teenoor Henk. Volgens die leser word Tante Zan byna ŉ moederlike figuur in Henk se lewe omdat sy eie ma volgens die leser nie betrokke genoeg is by Henk nie.

Leser drie se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 13: Leser drie se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser drie se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Afrikaanse buiteblad: Dit gaan oor ŉ partytjie.<br>Engelse buiteblad: Dit gaan oor dood, ŉ dooie bestaan. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Daar is vir die leser twee verhale, die verhaal van Henk en dié van Tante Zan wat albei hulle verlede ondersoek met Henk se aankoms in Amsterdam. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser het van die verhaal gehou tot op ŉ punt, die einde was vir die leser teleurstellend. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Afrikaanse teks was baie moeilik. Ook die Engelse boek is baie beskrywend. Die boek is nie ontstellend nie, maar moeilik. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Sy identifiseer slegs met sekere aspekte van Henk, soos dat hy nie risiko's wil loop nie en eerder in sy gemaksone bly. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Henk: sy beskou hom as 'n pateet wat skuldig voel oor alles. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Lojaliteit. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Beskou dit tot ŉ mate as goeie skryfwerk, maar die verhaal moes anders geëindig het. Dit voel vir die leser of die worsteling verniet was. |

| | |
|---|---|
| **Ander opmerkings** | Kultuur speel by die leser 'n rol. Sy het geen assosiasie met die van De Melker nie. |

**c) Ander aspekte van interpretasie**

Dit is nogal interessant hoe kulturele aspekte na vore gekom het in die leser se interpretasie. Haar siening oor Apartheid is reeds genoem en in die geval van die van De Melker het dit ook na vore gekom. Die Afrikaanssprekende lesers het 'n verband gesien tussen die van en Daisy de Melker, maar hierdie leser weet niks van die geskiedkundige moordenares nie.

Volgens die leser het Henk glad nie gegroei nie, en gaan hy weer terugsink in sy ou gewoontes. Sy is van mening dat hy sou verander het as hy in Amsterdam agtergebly het, maar volgens haar gaan hy steeds die museumwerker bly. Sy voel ook nie dat Claudie werklik groei nie, vir haar beskryf die roman 'n blote grootwordproses, die veranderinge wat enige persoon ondergaan soos hy/sy ouer word.

**d) Leser se siening aangaande resensies**

Die leser hou daarvan om resensies te lees, maar vind resensies subjektief. Volgens haar word die spesifieke persoon se perspektief en interpretasie van die boek gegee en dit gee nie altyd die werklike aard en inhoud van die boek weer nie. Vir hierdie leser is resensies die opinie van die resensent en nie 'n werklike refleksie van die verhaal nie.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser drie kan soos volg saamgevat word:

Tabel 14: Ander aspekte van Interpretasie van Leser drie

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Lees dit graag. | Vind dit subjektief en dink resensies gee nie werklik inligting nie, slegs 'n opinie. | Claudie verander nie vir die leser nie. Die karakter word slegs groot. | Henk verander glad nie vir die leser nie. Leser voel Henk moes in Amsterdam gebly het. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Vir die leser is die grootste verskil tussen die twee verhale die manier waarop die verhale aangebied word. *Swartskaap* is chronologies geskryf en uit Claudie se perspektief waarvan die leser gehou het. Die wisseling van perspektief in *30 Nagte in Amsterdam*tussen Tante

Zan en Henk het sy soms verwarrend gevind. Die leser kon baie vinnig agterkom wanneer Tante Zan fokaliseer, omdat Tante Zan se hoofstukke volgens die leser vanuit 'n eerstepersoonsperspektief vertel word, waar Henk se hoofstukke en verwysings na homself in die derde persoon weergegee is. Dit het vir die leser gevoel of twee verskillende mense die boek geskryf het.

Die leser hou ook duidelik meer van ruimtes wat aan haar bekend is. Sy was nog nooit in Amsterdam nie en identifiseer daarom meer met Graaff-Reinet wat baie goed bekend is aan haar. Die leser kan die dorpie in haar gedagtes sien, aangesien haar oom ’n plaas buite Graaff-Reinet het en sy die hele ruimte vir haarself uit haar agtergrond kan skep. Die leser het die ruimtes in *Swartskaap* as ’n nomadiese ruimte beskryf. Omdat sy van die Kaap af kom en geen van die ruimtes werklik goed ken nie, en omdat die familie so rondtrek, kon die leser nie werklik die ruimtes vir haarself herskep nie.

Omdat die leser by ’n staatsinstansie werk, kom sy baie in aanraking met mense soos dié wat in *Swartskaap* beskryf word, en daarom voel die leser nie asof haar verwysingsraamwerk deur die boek verbreed is nie, maar dink dat die idees van die verhale slegs daartoe bydra om 'n verwysingsveld te vergroot. Die karakters in *30 Nagte in Amsterdam* is volgens die leser baie beter beskryf as die karakters in *Swartskaap*. Die leser kon die karakters in *30 Nagte in Amsterdam*vir haarself voorstel, sy kan beelde van hoe hulle lyk in haar gedagtes skep. In die geval van *Swartskaap* is dit nie die geval nie, en is die karakters volgens die leser nie so ryk beskryf nie en sou hulle soos enige ander persoon op straat kon wees.

Vir die leser eindig beide boeke met onopgeloste vrae en die spesifieke leser hou nie daarvan dat daar oop plekke gelaat word nie. Sy wil nie wonder wat gaan nou met die karakters gebeur nie; sy wil weet.

Leser drie se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 15: Leser drie se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| **Vergelykende aspekte tussen die twee verhale** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Aanbieding ten opsigte van tyd. | Leser skep ruimte vanuit wat bekend is, soos Graaff-Reinet waar sy al was. | Leser skep 'n beeld van die karakters uit die beskrywings. *30 Nagte in Amsterdam* was vir die leser beter. | Leser hou van ’n karaktergebonde verteller. | Speel nie by die leser ’n rol nie. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie**

Alhoewel die leser die Afrikaanse tekste moeilik gevind het, soek die leser die dieper betekenis in die teks. Haar meer liberale Engelse kulturele agtergrond kom duidelik na vore. Waar ander lesers opmerkings oor die ontstellende aard van die verhale gemaak het, het dieselfde gebeure hierdie leser glad nie ontstel nie. Die leser se kognitiewe interpretasie van die tekste word duidelik beïnvloed deur haar agtergrond. Die leser identifiseer met die komplekse familiesamestelling van *Swartskaap*, omdat dit baie soos haar eie familie is. Sy idealiseer verder haar ma, en daarom is die ma-karakter vir haar onaanvaarbaar. Haar werk as fisioterapeut laat die leser wonder oor die mediese kwessies wat in die verhale aangeraak word. So ook word sy in haar werk met arm families gekonfronteer wat haar meer deernis vir die karakters in *Swartskaap* gegee het.

Die leser wil glad nie oop plekke in ŉ teks hê nie. Dit is die belangrikste rede waarom die leser net tot op ŉ punt van *30 Nagte in Amsterdam* gehou het. Maar omdat die verhaal nie werklik opgelos word nie, het die storie vir die leser totaal platgeval.

Die leser sien lojaliteit as die universele tema in beide verhale. Duidelik ag die leser lojaliteit belangrik, veral ten opsigte van families.

Hierdie leser is duidelik welbelese, hoofsaaklik in Engels, maar selfs in die Afrikaanse tekste soek die leser na die dieper betekenis wat die verhale wil oordra.

## 4.4.4 Leser vier

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

### 4.4.4.1 Agtergrond

Leser vier is ’n dertigjarige vrou wat tans in Noordwes woon. Alhoewel sy ’n enkelkind is, het sy ’n groot familie met baie niggies en nefies. Sy het op ’n plaas grootgeword en na ŉ plaasskool gegaan waarna sy na ’n groot hoërskool gegaan het. Sy het 'n nagraadse onderwysdiploma voltooi na ’n BA-graad en is tans ’n onderwyseres wat Engels en Geskiedenis gee by ŉ hoërskool. Alhoewel die leser oorspronklik meer in Geskiedenis as professie belanggestel het, in argiefwerk en navorsing, het sy besluit dat dit ’n eensame werk sou wees en het haar eerder op onderwys toegespits. Sy is tweetalig grootgemaak en kan vlot Engels en Afrikaans praat en lees meer Engelse boeke as Afrikaans. Sy lees steeds meer Afrikaans as die gemiddelde persoon. Die leser is getroud met geen kinders nie. Die leser het nog nooit voorheen van Odette Schoeman gehoor nie, maar is ’n aktiewe aanhanger van Etienne van Heerden en het al verskeie van sy boeke gelees. Sy is ’n welbelese leser wat gemiddeld 14 boeke per jaar lees. Sy verkies fiksie wat gebaseer is op feite. Die leser het eers *30 Nagte in*

*Amsterdam* gelees en erken dat dit ʼn beduidende rol gespeel het in haar lesing van *Swartskaap*. Volgens die leser is Van Heerden se standaard hoog en *Swartskaap* eintlik ʼn antiklimaks omdat die ryk beskrywings en diepte totaal afwesig is in *Swartskaap*.

Die agtergrondinligting van Leser vier kan soos volg saamgevat word:

Tabel 16: Agtergrondinligting van leser vier

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 30 | Vroulik | BA-Graad | Afrikaans en Engels | Engels, Afrikaans heelwat minder | 14 | Fiksie gebaseer op feite | *30 Nagte in Amsterdam* |

#### 4.4.4.2 Leser se interpretasie

**a) Leser vier se interpretasie van *Swartskaap***

Die titel van die boek het by die leser die idee geskep van die uitgeworpene en die buiteblad het die leser laat dink aan ʼn kind wat soek na ʼn ma wat hom/haar weggooi. Die leser som die roman op as die verhaal van Claudie en haar lewensreis vanaf haar kleintyd in ʼn deurmekaar gesin totdat sy haar skoolloopbaan voltooi.

Die leser het nie van die verhaal gehou nie omdat sy voel dit is afgewater in vergelyking met ander boeke soos *Thula-Thula*, *Dis ek, Anna* en *Vaselinetjie* wat soortgelyke verhale vertel. Selfs al het die leser nie van die verhaal gehou nie, voel die leser dat die verhaal haar bewus gemaak van ander mense se manier van dink en gesinsomstandighede. Dit het haar haar ouerhuis opnuut laat waardeer en haar laat insien hoe mense 'n invloed op ander mense se lewens kan hê. Iets wat slegs hierdie leser raakgelees het, is die genesende rol wat diere in veral ʼn kind se lewe kan speel en hierdie waarneming was sekerlik moontlik omdat sy die verskynsel uit haar eie agtergrond ken.

Die leser het baie gehou van die aanhalings aan die begin van elke hoofstuk en ook die gebruik van ironie in die roman.

Die taal is vir die leser gepas in die konteks van die verhaal. Volgens die leser is dit Afrikaans wat deur die minder afgeronde Afrikaner gepraat word, maar voel tog dat daar nie so met die taal gespeel is soos in *Thula-Thula* nie, terwyl die verhaal hom wel daartoe leen.

Die leser het haar met geen van die karakters geassosieer nie, en het glad nie van die pa in die verhaal gehou nie. Volgens die leser gaan die pa die hele tyd terug na sy slegte gewoontes, waar die ander karakters wel probeer om te verander.

Die leser lees duidelik boeke op ŉ dieper vlak, want die leser het verskeie temas uitgewys wat vir haar na vore gekom het. Die belangrikste vir die leser is die tema van gesinsgeweld. Dit is volgens die leser ŉ realiteit wat in alle gemeenskappe, afgesien van sosiale status en in verskillende kulture, toegesmeer word uit vrees. Drankmisbruik en die lewenslange invloed wat ŉ onstabiele gesin kan hê op ŉ persoon, is vir die leser verder belangrik. Volgens die leser lei dit tot ŉ kettingreaksie wat vir geslagte nagevolge kan hê. Die leser verwys verder na die tema van ouerverwyt, met ander woorde die feit dat ouers hulle kinders kwalik neem oor dinge waarvoor hulle nie verantwoordelik gehou kan word nie.

Die sterkste tema vir die leser is egter die tema van ongeborgenheid, verwerping en die impak wat dit op kinders kan hê.

> *"Schoeman dra tog by tot insig oor laerklas Afrikaner waaroor die meerderheid mense wat lees, nie noodwendig ingelig is nie en daarom nie empatie met hulle het nie"*

Die leser beskou die boek nie as ŉ kunswerk nie, maar dink die boek lees tog maklik. Die leser is egter van mening dat die boek ŉ persoon nie lank aan die dink gaan hou nie. Vir die leser vestig die verhaal empatie met 'n sekere tipe mens, versterk dit ook sekere persepsies.

Leser vier se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 17: Leser vier se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser vier se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Dit gaan oor ŉ kind wat soek na iets. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit gaan vir die leser oor ŉ meisie wat bo moeilike omstandighede uitstyg en iets van haar lewe maak. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser beskou dit nie as goeie skryfwerk nie, dit is vir haar afgewater. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Beskou die taal as gepas in die konteks van die verhaal. Leser beskou dit as swakker Afrikaans. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Geen. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die pa omdat hy die heeltyd teruggegaan het na sy slegte gewoontes. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Gesinsgeweld en die rol wat agtergrond op iemand se toekoms kan hê. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Leser beskou dit nie as 'n roman van hoë gehalte nie, maar erken dit lees tog maklik. |
| **Ander opmerkings** | Die genesende rol wat diere vir kinders kan speel kom |

| | |
|---|---|
| | vir die leser na vore. Leser kon nie die skrywer van die verhaal onderskei nie. |

**b) Leser vier se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Die leser lees graag Van Heerden se boeke. Haar kennis oor sy oeuvre het klaar sekere verwagtinge by die leser geskep, meer as die buiteblad en titel. Die leser het vanuit haar kennis oor sy skryfwerk aanvaar dat daar ’n karakter sal wees wat verander of groei. Die buiteblad het by die leser ’n assosiasie met nagklubs opgeroep en sy het veral ag geslaan op die foto wat agter op die buiteblad is.

Die verhaal som die leser op as die verhaal van ‘*vervelige*’ Henk wat ’n gedaanteverwisseling ondergaan toe hy op sy ‘*eksentrieke*’ Tante Zan se spoor deur Amsterdam dwaal nadat hy haar huis in Amsterdam erf, maar nadat Henk uitvind dat sy eintlik nog leef, word sekere geheime van sy verlede opgeklaar deurdat hy die werklike feite oor sy familie hoor.

Die vraag of die leser van die verhaal gehou het, het die leser entoesiasties aan die praat gesit. Die leser se eerste reaksie was:

> *“Ja! Waar begin ek? Dit is Van Heerden. In die eerste paar hoofstukke word soveel gedagtes en leidrade kripties gegee, dat ’n mens verder moet lees.”*

Vir die leser het Van Heerden die vermoë om ’n familie se verlede oop te vlek en skandes te ontdek/openbaar. Die karakters transformeer uit dit wat hul gevorm het. Die leser hou juis van *30 Nagte in Amsterdam* as gevolg van Tante Zan. Sy het vir die leser ’n taal- en ideëvryheid wat opwindend is en haar laat voel sy enige iets kan aanvat.

> *“...sy kan enige heilige koei (letterlik en figuurlik) onder die dekmantel van mal wees aanvat. (sic)”*

Vir die leser bring die boek ’n realistiese perspektief op die idee van die model-Afrikaner. Die leser verwys spesifiek na Tante Zan se beskrywing van die kerk (vgl. Van Heerden, 2008:49). Vir haar is dit disrespek, nie vir God nie, maar vir wat die Afrikaner van God gemaak het.

Die leser het veral van die Van Gogh-verwysing gehou, juis omdat haar Engelse oupagrootjie ’n potloodskets besit het wat Van Gogh se broer gemaak het van sy huis. Die leser het dit teleurstellend gevind dat die storielyn vervaag in die verhaal.

Hierdie leser het veral die subtieler aspekte in die verhaal raakgelees, sy verwys na die subtiele kontras (vgl. Van Heerden, 2008:291) waar daar Engelse tee bedien word, maar

met Hertzoggies en nie Smuts-koekies nie. Tante Zan is vir die leser 'n egte swartskaap, juis omdat sy vir haarself kan dink.

Al het die leser regtig baie van die verhaal gehou, is die gebruik van die Here se naam as kragwoord vir die leser onnodig. Henk het haar verder verveel, so ook die beskrywings van die karakter. Dit was vir die leser nie so opwindend soos die gedeeltes oor Tante Zan nie. Die leser hou veral van die intellektuele manier van skryf en die intellektuele interpretasie wat die roman van die leser vereis.

Die leser beskryf die taal as uitstekend, juis omdat die boek die leser intrek deur die beskrywings. Die leser het haar verder ʼn bietjie met Enid, die Engels-sprekende moeder van Henk, geïdentifiseer, juis omdat sy self in so 'n situasie is. Haar pa is Engels en haar ma Afrikaans, en net soos Enid sukkel sy om die twee kulture by mekaar uit te bring. Sy het haar verder ook geïdentifiseer met dit wat die karakters sê en dink. Veral ten opsigte van die drie susterskerke, die idilliese Afrikanerbeeld en Henk se probleem dat daar moontlikhede in hom is waarvoor hy nie die moed het nie. Sy het nogal met die De Melker-familie geassosieer omdat dit vir haar ʼn iets van haar eie Afrikaner-familie, vriende en bure uitbeeld.

Die leser het verskeie temas uitgewys: andersheid wat verwerp word, skynheiligheid ("bo blink, onder stink"), die verlede wat die hede bepaal en die anti-Apartheidsbewegings. Sy noem ook die impak van reis op ʼn mens se lewensuitkyk, familie wat jy nie kan kies nie en laastens is daar vir haar in die roman ʼn aanval op konserwatisme en rassisme.

Die leser beskou die boek as uitstekende skryfwerk.

> *"Dis uitstekend! Tante Zan is uniek, sy is uitstekend geskryf. Die woordspelings waar sy betrokke is, gryp my verbeelding aan. Jy sien so baie van sy vergelykings rondom jou en kan dan nie glo dat jy nie voorheen daaraan gedink het of die konnotasie gemaak het nie."*

Leser vier se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 18: Leser vier se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser vier se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Dit gaan oor nagklubs en die foto agter op die boek het veral die leser se aandag getrek. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Die verhaal gaan oor Henk wat verander wanneer hy sy Tante ontmoet en familiegeheime ontdek. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het van die boek gehou om verskeie redes, Die goeie beskrywings, die intrige, alles van die ro- |

| | |
|---|---|
| | man. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Uitstekend, veral omdat leser deur beskrywings ingetrek word. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Engelse ma Enid, vanweë haar eie agtergrond. Sy probeer om twee kulture te balanseer en die leser het ook al daarmee gesukkel. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Henk, omdat hy pateties is en sy self amper die beroep van argivaris gevolg het. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Skynheiligheid, verlede wat hede bepaal, Apartheid en die impak wat reis op 'n persoon kan hê. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Ja, dit is interessant en daar is goeie beskrywings. Min skrywers in hierdie klas volgens die leser. |
| **Ander opmerkings** | Die Van Gogh-verwysing. Het tekening wat deur hom geteken is in haar familie. |

### c) Ander aspekte van interpretasie

Vir die leser groei Henk de Melker merkbaar. Hy ontwikkel vir haar vanaf 'n frustrerende vervelige karakter na 'n karakter wat dit uit sy gemaksone waag. Al mag hy nie aardskuddend verander nie, raak dinge om hom interessanter en die klein veranderinge in hom laat die leser anders oor die karakter dink. Moontlik omdat sy amper dieselfde pad gestap het en die subtiele verandering wil raaksien.

### d) Leser se siening aangaande resensies

Die leser lees nie regtig resensies nie en lees eerder boeke wat deur ander aanbeveel word of boeke wat goed lyk in boekwinkels. Sy is egter van mening dat resensies nie genoegsame inligting gee nie en slegs die persoon se opinie is. Sy vind resensies verwarrend, net soos fliekresensies wat 'n subjektiewe beskrywing onderhewig aan die resensent se smaak gee.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser vier kan soos volg saamgevat word:

Tabel 19: Ander aspekte van Interpretasie van Leser vier

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Lees nie graag resensies nie. | Gee nie genoegsame inligting nie en slegs resensent se opinie. Is subjektief. | Claudie verander nie vir die leser nie. | Henk verander vir die leser merkbaar. Verander na iemand wat waag. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Die leser het opgemerk dat *Swartskaap* ʼn ek-verteller het en *30 Nagte in Amsterdam* ʼn alomteenwoordige verteller. Die ek-verteller het dit vir die leser moeilik gemaak om Schoeman as skrywer van die verhaal te onderskei en die leser het gewonder wat is fiksie en wat het werklik gebeur.

Die leser herskep ruimtes in die tekste vanuit dit wat vir haar bekend is. Die ruimtes waarmee sy haarself die meeste geassosieer het, is Lagerspoort en Vaaloewer. Lagerspoort omdat dit haar aan haar eie plaasskooldae laat terugdink het en Vaaloewer omdat dit haar aan Orkney laat dink. So ook in die geval van *30 Nagte in Amsterdam* het die leser veral Graaff-Reinet en die huis van die De Melkers vir haarself in haar verbeelding geskep.

> *"Tog die reuk van kookkos en natgeleide rose van die De Melker-huis is baie bekend. Die stywe sitkamer, bediendekamer en Ma Olivier se lessenaar het baie maklik gaan lê in my verbeelding as gevolg van hul bekendheid, maar ek kan nie iemand spesifiek se huis visualiseer nie."*

*30 Nagte in Amsterdam* het nie die leser se verwysingsraamwerk verbreed nie, maar *Swartskaap* het die leser wel anders laat dink oor die spesifieke soort mense wat strewe na afronding, maar telkens slaan die rowwe diamant deur. Vanuit die leser se agtergrond kom dit na vore dat die leser glad nie van die ma-karakter in *Swartskaap* hou nie, omdat daar in haar eie familie ʼn ongelukkige insident was van 'n vrou wat leuens vertel het oor haar man en die gevolge vir die familie. Al is die omstandighede nie dieselfde nie, het dit sekere herinneringe by die leser opgeroep.

Die leser hou van die niechronologiese vertelling in *30 Nagte in Amsterdam* omdat sy nie die laaste bladsy van die boek wil lees en dan weet wat gaan gebeur nie. Die leser hou van die intellektuele uitdaging wat die verhaal stel en dat sy self die verhaal moet konstrueer in haar gedagtes.

Die leser het die swartskaap in beide verhale as 'n ooreenkoms gesien. Tante Zan is die swartskaap van haar familie en die gemeenskap. Alhoewel Claudie haarself beskou as ʼn swartskaap, word sy op dieselfde manier as die ander kinders behandel sodat sy nie die spreekwoordelike swartskaap is nie, maar behoort tot die groep mense wat as swartskape van die gemeenskap beskou word. Claudie se hele familie is die swartskaap van die gemeenskap volgens die leser.

Die leser het ʼn baie duidelike analise gemaak van die verskille tussen die boeke en dit soos volg weergegee:

Tabel 20: Verskille tussen die verhale soos deur Leser vier uiteengesit

| ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
|---|---|
| Gemiddeld | Stimulerend |
| Redelik voorspelbaar | Onvoorspelbaar |
| Onbekende skrywer, 1ste boek | Bekende skrywer, Afrikaanse literêre ikoon |
| 30 jarige | Ouer skrywer |
| Niks besonders nie | Ryk aan beskrywings |
| Geforseerde verweefde geskiedenis soos Gert van Rooyen | Verweefde geskiedenis |
| Gewone, gemiddelde taal | Taalrykheid |
| Claudie is ’n gemiddelde *Swartskaap* | Tante Zan is die beste soort *Swartskaap*. Sy kan dink en die samelewing se belaglikheid aanvat |
| Claudie is nou nie so ’n tragiese karakter dat sy noukeurig gelees hoef te word nie | Jy kan niks van *30 Nagte in Amsterdam* nie lees nie, die interessanthede is soos marmervet versprei deur die boek. |
| Lees maklik | Besit die taal wat hy skryf. |
| Reflekteer bloot ’n werklikheid | Slag heilige koeie |
| Lees maklik | Oortref met woordspeling, alliterasie en ironie. Ongelooflike identifiseerbare detail. |
| Kruheid is wie hul is. | Kru beskrywings is so eerlik akkuraat. |

Leser vier se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 21: Leser vier se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| **Vergelykende aspekte tussen die twee verhale** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Verskeie verskille is hierbo uiteengesit. | Herskep ruimte uit wat bekend is aan leser, plaasskool en die huis van die De Melkers. | Skep karakters uit beskrywing, *30 Nagte in Amsterdam* was beter | Hou meer van alomteenwoordige verteller. | Hou van nie-chronologiese vertelling, dit laat die leser dink. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie**

Die leser is baie gemaklik met die intellektuele vereistes van *30 Nagte in Amsterdam* en het *Swartskaap* as afgewater beskou. Die boeke wat die leser voorheen gelees het, speel duidelik ’n rol in haar vermoë om te interpreteer. Sy sien intertekstuele verwysings raak wat ander lesers nie gesien het nie. Sy skep ruimtes en karakters vanuit haar agtergrond en kon veral met die mense en omgewing van *30 Nagte in Amsterdam* identifiseer. Die leser kyk op ’n dieper vlak na die verhale. Sy lees verskeie temas raak en kon die fyner humor in die tekste raaklees.

Hierdie is werklik ’n welbelese leser met ’n oog vir die subtiele aspekte waarin die kernbetekenisse van die verhaal werklik lê. Sy het uiters deeglik voorbereid opgedaag vir die onderhoud, soos blyk uit die gedetailleerdheid van haar analise.

## 4.4.5 Leser vyf

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

### 4.4.5.1 Agtergrond

Leser vyf is ’n vyf-en-dertigjarige vrou wat in Gauteng woon. Sy het haar skoolloopbaan begin by ’n plaasskool en daarna na ’n groot hoërskool in die stad gegaan. Nadat die leser haar skoolloopbaan voltooi het, het sy 'n BSc-graad in Verbruikerswetenskap en ’n nagraadse onderwysdiploma voltooi. Sy het na haar studies skoolgehou by verskeie skole en is tans by ’n skool vir kinders met gestremdhede. Die leser is getroud met geen kinders nie. Sy kom uit ’n stabiele huis waar sy baie beskermd grootgeword het. Die leser was nie altyd ’n aktiewe leser nie, maar het in die laaste paar jaar meer begin lees. Sy lees omtrent vyf boeke per jaar, meestal Christelike boeke en tot ’n mindere mate fiksie. Die leser het nog nie voorheen van Odette Schoeman gehoor nie, maar het al *Die swye van Mario Salviati* en *Toorberg* van Etienne van Heerden gelees. Die leser het eers *Swartskaap* gelees, en voel nie dat dit enige invloed gehad het op haar interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* nie.

Die agtergrondinligting van Leser vyf kan soos volg saamgevat word:

Tabel 22: Agtergrondinligting van leser vyf

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 35 | Vroulik | BSc-graad | Afrikaans | Afrikaans | 5 | Christelike boeke en fiksie | *Swartskaap* |

### 4.4.5.2 Leser se interpretasie

#### a) Leser vyf se interpretasie van *Swartskaap*

Die titel het dadelik by die leser ’n beeld geskep van die moeilikheidmaker van die familie en die boek was heeltemal anders as wat sy verwag het.

> *“...die broer in die tronk waarvan jy nie praat nie.”*

Die leser kon die buiteblad glad nie onthou nie, dit het geen indruk op haar gemaak nie. Die leser som die roman op as die verhaal van 'n meisie wat in ’n ontwrigte gesin gebore is en

waarmee daar die een dramatiese ding na die ander gebeur. Die leser vertel dat net wanneer sy gedink het iets was erg, dan was dit asof die verhaal vir haar wou sê "Nee, dit was nie, daar het nog iets ergers gebeur".

Dit het wel die leser se verwysingsveld verbreed omdat sy nie gedink het dit kan regtig so sleg gaan met mense nie. Sy het wel later besef dat dit werklik so met party mense gaan. Die leser het ook genoem dat sy hierdie jaar werklik met daardie kant van die lewe gekonfronteer is, omdat waar sy nou skoolhou baie gesinne onder armoede gebuk gaan. Die leser se beskermde kinderlewe het haar weggehou van die omstandighede waarin sommige huisgesinne lewe.

Die leser het van die verhaal gehou, veral omdat Claudie ten spyte van haar omstandighede haar matriek op ʼn baie indrukwekkende wyse verwerf, ʼn beurs ontvang en gaan studeer. Claudie bly volgens die leser positief ten spyte van haar agtergrond. Alhoewel die leser van die verhaal gehou het, het die beskrywings waar daar seksueel met die hoofkarakter gepeuter is, haar erg afgestoot. Sy voel dat die beskrywings daarop uit is om die leser te skok. Dit is baie duidelik dat die leser beskermd grootgeword het en haarself nie wil blootstel aan sulke aaklige dinge nie. Die kru taal was ook vir die leser walglik en sy sê dat dit op ʼn stadium vir haar gevoel het dit is nie Afrikaans nie. Die leser erken dat daar mense is wat so praat, en veral mense uit hierdie sosio-ekonomiese agtergrond, maar voel dat die kru taal nie deel van haar raamwerk is nie.

Die leser het haarself met die onderwyseres wat Claudie probeer help geassosieer. Hierdie assosiasie spruit baie duidelik uit haar eie agtergrond, omdat die leser haarself as ʼn onderwyser sien wat omgee en alles vir haar leerders sal doen. Die leser het glad nie van die pa-karakter gehou nie omdat sy voel dat hy elke keer teruggegaan na sy slegte gewoontes, waar die ander karakters wel probeer om te verander.

Die leser sien mishandeling, emosioneel en fisiek, as die belangrikste tema wat in die verhaal na vore kom en beskou dit as baie belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks. Sy voel dat sulke dinge baie gebeur, meer as wat die meeste mense besef. Die leser het ʼn baie moeilike jaar in 2010 beleef en die boek het vir haar aangesluit by haar eie ondervindings. Die verhaal het haar laat besef dat baie mense regtig swaarkry en dat mense daaruit kan kom deur harde werk en ʼn positiewe uitkyk op omstandighede.

Leser vyf se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 23: Leser vyf se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser vyf se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Dit het geen indruk by die leser gelaat nie, sy kan dit nie onthou nie. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Die een noodlottige ding na die ander gebeur met 'n meisie uit 'n minderbevoorregte gesin. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser het van die boek gehou, dit is vir haar positief en 'n aanduiding van wat gedoen kan word ten spyte van moeilike omstandighede. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Die kru taal was walglik vir die leser, hoewel sy toegee dat party mense wel so praat. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Die onderwyseres-karakter wat Claudie help. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die pa-karakter, omdat hy sy slegte gewoontes voortsit. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Mishandeling, beide fisiek en emosioneel. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Sy beskou die skryfwerk van goeie gehalte. Die leser hou van die positiewe boodskap van die verhaal en dink die boek lees maklik. |
| **Ander opmerkings** | Leser se verwysingsraamwerk is verbreed. Sy het in 'n kokon grootgeword en deur die boek ander kante van die lewe leer ken. |

**b) Leser vyf se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Die foto van die Oosterlinge op die buiteblad het die leser veral opgeval, asook die feit dat die foto in die boek toegeverf word, asof dinge in die boek versteek word, en weer oopgekrap moet word sodat die waarheid daaragter ontdek kan word.

> "Dit was so half vir my, hierdie is 'n Afrikanerboek, in Amsterdam en dan slaan Saddam Hussein uit."

Die leser het verder gemerk dat die titel van '*30 Nagte*' haar die dae laat aftel soos sy die boek gelees het. Sy het telkens gedink hy het nou nog net soveel dae oor om te besluit of hy gaan bly of nie.

Die leser het die verhaal opgesom as twee verhale wat saam vertel word. Die 'outjie' wat saam met sy mal tannie grootword en dan as erfgenaam van haar huis in Amsterdam benoem word. Uit sy kennis van sy tannie, verwag hy nie veel nie, maar ondek baie meer, selfs dat sy nie werklik dood is nie. Die ander verhaal is die verhaal van Tante Zan, haar hele verhaal in die hede sowel as in die verlede. Volgens die leser word die verhale afsonderlik vertel, tot dit vervleg word tot die perfekte einde. Die leser het veral daarvan gehou dat daar bietjie intellek agter die boek se skryf is en dit die leser bietjie laat dink.

Die leser het nie ŉ definitiewe antwoord op die vraag of sy van die verhaal hou of nie. Sekere aspekte soos die intrige, opwinding, spanning en politieke ondertoon waarvan sy niks geweet het nie, het haar geboei, maar van die eksplisiete beskrywings het die leser nie gehou nie. Die verhaal was vir die leser verder vervelig en het te stadig ontwikkel. Dit is ook juis in verband met die stadige trant wat die leser die taal beskryf, wat vir haar onnodig eksplisiet, beskrywend en moeilik is. Die leser het erken dat sy sekere van die woorde se betekenisse nie geken het nie en net oor hierdie woorde heen gelees het om die verhaal in geheel te volg.

Die leser het haarself nogal met Ma Olivier geassosieer wat by haar tafeltjies sit en die plaas bestuur. In die onderhoud het dit geblyk dat die leser ŉ baie dominerende persoonlikheid het en die navorser dink dat dit juis hierdie aspek is wat haar aangetrokke laat voel tot Ma Olivier wat in beheer van alles probeer wees. ŉ Karakter wat eintlik ŉ baie klein rol in die boek speel, is ook die karakter waarvan die leser glad nie hou nie. Die 'Polisiemannetjie', soos sy hom noem, wat Tante Zan op die stasie ontmoet het met haar besoek aan Suid-Afrika. Vir die leser was dit ŉ aanduiding dat Tante Zan juis die patetiese mans uitsoek en dat dit selfs moontlik aansluit by haar onnatuurlike obsessie met Henk.

Wat interessant en verstommend is, is dat die leser eers op universiteit uitgevind het van die bestaan van die politieke konsep van Apartheid en wat dit werklik behels. Dit is juis daarom dat die leser dit as die belangrikste tema in die boek beskou. Sy het dit insiggewend gevind en dit geniet om meer daaroor te lees.

Sy beskou die skryfwerk in *30 Nagte* as baie beter as dié in *Swartskaap*.

Leser vyf se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 24: Leser vyf se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser vyf se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Die foto het haar opgeval, iets wat toegeverf word, soos die geheime in die boek. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Die roman bevat twee verhale, van Henk en Tante Zan in die verlede en die hede. Verder gaan dit vir die leser oor die oopvlek van familiegeheime. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser hou nie van die boek nie, maar hou tog wel van sekere aspekte. Alhoewel dit moeilik gelees het, het die leser van die storie gehou. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Taal is onnodig eksplisiet en die leser het nie die betekenis van al die woorde geken nie. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Ma Olivier wat alles organiseer. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Polisieman wat Tante Zan optel met haar besoek aan |

| | |
|---|---|
| | Suid-Afrika, hy is ŉ patetiese karakter. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Politiek. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Goeie skryfwerk, maar nie vir elke leser nie. Taalgewys is dit vir die leser beter as *Swartskaap*. |
| **Ander opmerkings** | Tante Zan soek patetiese karakters uit. Leser wil verder hê Tante Zan se kankergesig moet beskryf word. |

#### c) Ander aspekte van interpretasie

Dit is interessant dat die leser 'n beskrywing wil hê van Tante Zan se kankergesig sodat sy dit kan "sien". Sy merk op dat sy nie die gesig vir haarself kon voorstel nie, maar dit graag sou wou sien. Hierdie obsessie met die gesig kan moontlik teruggevoer word na haar eie ma wat oorlede is aan kanker.

Vir die leser het al drie die hoofkarakters merkbaar gegroei. In *Swartskaap* slaag Claudie daarin om ten spyte van haar omstandighede iets van haar lewe te maak, maar die leser het dit tog teleurstellend gevind dat Claudie saam met haar broers en susters (*sic*) sit en dagga rook. Die leser het soos volg daarna verwys: "Al dra ŉ aap ŉ goue ring, bly hy ŉ aap".

Henk groei vanuit sy vervelige bestaan en ondersoek sy eie lewe wat vir die leser ŉ aanduiding is dat hy ontwikkel. Tante Zan groei vir die leser wanneer sy na Amsterdam gaan. Weg van haar familie word sy werklik haarself. Vir die leser kom hierdie groei in die onderskeie karakters die duidelikste na vore in die slothoofstuk waar hul naak om die bene dans. Vir die leser was dit ŉ aanduiding dat Tante Zan en Henk hulself bevry het van hulle verlede en alles kan vergewe.

#### d) Leser se siening aangaande resensies

Die leser lees glad nie resensies nie, omdat resensies nie vir haar betekenis het nie. Sy sal eerder boeke aankoop op aanbevelings van vriende en familie. Die leser voel dat sy nie resensente ken nie en daarom nie hul opinie kan vertrou nie. Die leser is van mening dat jy iemand moet ken om te weet watter tipe boeke so een moontlik sal lees en dan kan jy weet of jy ook daarvan sal hou.

Die ander aspekte van Leser vyf se interpretasie kan soos volg saamgevat word:

Tabel 25: Ander aspekte van Interpretasie van Leser vyf

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Lees nie resensies nie. | Gaan net om resensent se opinie, leser aanvaar nie sommer hul diskresie nie. | Claudie verander baie, maak iets van haar lewe en gooi die slegte weg. | Henk verander vir die leser, so ook Tante Zan, albei word mens. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Die leser beskou die grootste verskil tussen die onderskeie boeke die wyse waarop die verhaal vertel word, in die sin daarvan dat *Swartskaap* slegs een storielyn het, waar *30 Nagte in Amsterdam* drie tot vier storielyne het. Sy voel dat die leser moet kophou om te weet wat waar en wanneer gebeur in die roman.

Die leser konstrueer die ruimtes uit inligting wat aan haar bekend is. In *30 Nagte in Amsterdam* kan sy die huis in Graaff-Reinet vir haarself voorstel omdat sy sulke huise ken uit die plaasomgewing en klein dorpies waar sy vandaan kom. In *Swartskaap* identifiseer sy veral met die koshuiskamer, juis omdat sy self in ŉ koshuis gewoon het toe sy op hoërskool was. Die karakterbeskrywing in *30 Nagte in Amsterdam* het die leser veral opgeval, omdat die beskrywings van so 'n aard is dat jy kan ruik, proe en voel soos die karakters ruik, proe en voel.

Die leser het dit maklik gevind om die niechronologiese tydafwykings in *30 Nagte in Amsterdam* agter mekaar te sit. Die feit dat daar gebruik gemaak is van ŉ ek-verteller in *Swartskaap* het die verhaal vir die leser meer persoonlik gemaak en dit het gehelp dat sy betrokke kon raak by die karakter. Die leser voel dat sy in *30 Nagte in Amsterdam* buite die verhaal staan as 'n toeskouer en nie deel van die verhaal word soos in *Swartskaap* nie.

Die leser se verwysingsraamwerk is verbreed in beide boeke. In *Swartskaap* voel die leser dat die verhaal haar deernis gegee het ten opsigte van wat mense moet deurmaak. In *30 Nagte in Amsterdam* het veral die politieke agtergrond vir die leser nuwe aspekte aangetoon waarmee sy nie voorheen bekend was nie.

Die leser se agtergrond het nie met *30 Nagte in Amsterdam* ŉ baie groot rol gespeel nie, maar veral in *Swartskaap*.

*"Ek dink omdat ek in 'n kokon-huis grootgeword het, umm was ek nog meer geskok in Swartskaap as wat party mense sou gewees het. Daarmee bedoel ek taal, seks, omstandighede, hoe 'n ma na haar kind kyk, hoe 'n pa na sy kind kyk. Uit my verwysingsraamwerk het ek amper geoordeel teenoor hulle, want jy weet, nee regtig, mens kan 'n beter lewe hê. Maar ek dink nie daardie mense het geweet daar is 'n beter lewe nie, en veral nog vir 'n kind om daaruit te breek. So ek dink daar het ek uit 'n veroordelende oog na die boek gekyk."*

Leser vyf se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 26: Leser vyf se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| **Vergelykende aspekte tussen die twee verhale** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Hoe verhaal vertel word. Een storielyn teenoor twee. | Skep die ruimtes vanuit dit wat aan haar bekend is. Die huis in *30 Nagte* en koshuis in *Swartskaap*. | Skep karakters uit mense wat sy ken en beskrywings. | Hou van ek-verteller, maak die verhaal meer werklik. | Speel nie by die leser 'n rol nie. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande die leser se interpretasie**

Hierdie leser benader die tekste heeltemal vanuit haar eie agtergrond en omstandighede. Sy identifiseer met die onderwyser, omdat sy self 'n onderwyser is en met Ma Olivier omdat sy (volgens die navorser se observasie) dominerend is en dink sy is in beheer van alles en almal. Sy sien die swaarkry van die mense vanuit die konteks van haar eie lewe. Die leser interpreteer die tekste totaal vanuit haar eie uitgangspunte. Dit blyk ook uit die aspek wat die leser die meeste laat wonder het, naamlik Tante Zan se kankergesig. Haar belangstelling in Tante Zan se geskende gesig kom uit haar geskiedenis, omdat haar ma ook aan kanker oorlede is. Geeneen van die ander lesers het ag geslaan op hier saak nie, maar vir hierdie leser was dit baie belangrik.

Die leser sê dat sy nie 'n probleem met die moeiliker teks het nie, maar sê ook dat sy die verhaal moeilik gevind het, nie die betekenis van al die woorde geken het nie en daarom die teks stadig gelees het. Dit is duidelik hieruit dat die leser dit moeilik vind om die dieper betekenis in die teks te ontgin. Die leser het duidelik baie beskermd grootgeword. Sy het eers uitgevind van Apartheid toe sy op universiteit gekom het. Sy het aanvanklik geen deernis

met die karakters van *Swartskaap* gehad nie, omdat sy gevoel het armoede is 'n besluit. Sy kon nie die omstandighede van die karakters insien nie. Haar verwysingsraamwerk is in die opsigte duidelik verbreed. Die leser het vanuit haar klein lewensbeskouing beweeg en plek gemaak vir die nuwe idees en raamwerke wat in die tekste na vore gebring is.

Dit is nie die mees welbelese leser nie. Die boeke wat sy lees is meestal nie literêr van aard nie, maar die leser is wel oop daarvoor dat die tekste haar raamwerke kan verbreed.

## 4.4.6 Leser ses

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

### 4.4.6.1 Agtergrond

Leser ses is 'n sewe-en-veertigjarige vrou wat in Noordwes woon. Sy kom oorspronklik van Natal, maar die gesin het nog tydens haar skooljare na die destydse Transvaal verhuis. Hierna het die leser BA-Tale studeer en haar honneurs- en meestersgraad voltooi. Sy is tans besig met haar PhD en gee klas in Afrikaans. Die leser is getroud met twee kinders. Die leser is 'n baie aktiewe leser en buiten akademiese werk, lees sy graag fiksie. Sy het die afgelope tyd meer Christelike boeke gelees en sy hou verder nogal van humor. Sy lees gemiddeld 104 boeke per jaar. Siende dat die leser welbelese is, het sy voorheen van Etienne van Heerden gehoor en ook verskeie van sy ander tekste gelees, maar omdat *Swartskaap* Odette Schoeman se eerste roman is, het sy soos die ander lesers, nooit voorheen van haar gehoor nie. Die leser het eers *Swartskaap* gelees waarna sy *30 Nagte in Amsterdam* gelees het.

Die agtergrondinligting van Leser ses kan soos volg saamgevat word:

Tabel 27: Agtergrondinligting van leser ses

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 47 | Vroulik | MEd | Afrikaans | Afrikaans en Engels. | 104 | Fiksie en Christelike boeke. | *Swartskaap* |

### 4.4.6.2 Leser se interpretasie

#### a) Leser ses se interpretasie van *Swartskaap*

Die titel het reeds verskeie betekenisse by die leser opgeroep in die eerste plek die van 'n persoon wat elke keer aan die kortste ent trek, maar ook iemand wat nie inpas nie. Die leser het nie 'n duidelike opinie oor die buiteblad gehad nie, maar het tog genoem dat die buite-

blad vir haar ŉ belangrike rol speel. Sy sien altyd 'n buiteblad raak en dit sal in baie gevalle bepaal of sy ŉ boek lees of nie.

Die leser som die roman op as 'n verhaal waarin die hoofkarakter 'n reünie met haar familie het en dan terugdink oor haar hele lewensverloop saam met haar ma en pa. Haar pa was in die tronk, maar sy het aanvanklik nie regtig geweet hoekom nie en haar ma was onstabiel en het verskeie liefdesverhoudings gehad.

Dit verhaal sentreer vir die leser om hierdie kind se stryd om groot te word en vir haarself uit te sorteer waarom sekere goed met haar gebeur. Sy is aanpasbaar by haar omstandighede en ŉ sterk mens wat van plek tot plek kan skuif. Ten spyte van haar omstandighede verwerf sy tog ses onderskeidings in die matriekeksamen. Dit is ook vir die leser ŉ ongelooflike verhaal ten opsigte van die manier waarop kinders kan saamstaan en hoe hulle na mekaar kyk wanneer die volwassenes hulle in die steek laat.

Die leser het van die boek gehou juis omdat dit baie realisties is en omdat dit vir die leser ŉ toonbeeld is van hoe kinders dink. Die kinders in die verhaal sien goed soos wat dit is, waar volwassenes jare se gebeure saam met hul dra. Die karakters en gebeure was vir die leser geloofwaardig en die karakters se optrede was werklik soos wat dit sou gebeur het. Dit was ook vir die leser opvallend dat Claudie ten spyte van wat haar ma en pa aan haar gedoen het, hulle steeds as haar ouers beskou en altyd terugkom en steeds die beste vir hulle wil gee.

Die taalgebruik is vir die leser gepas omdat dit die mense en situasies geloofwaardig maak. Die taal is funksioneel in die verhaal omdat dit wys hoe jong mense praat. Dit is nie net mense wat uit hierdie omstandighede kom wat so praat nie.

> *"Daai tipe kinders praat so. Kinders uit baie goeie gesinne praat so. Die feit om dit weg te neem by so ŉ tipe kind, dan is die karakter ongeloofwaardig. As die taal funksioneel is, daar is nie Godslasterlike taal gebruik nie so as die taal geloofwaardig is dan is dit funksioneel."*

Die leser het haar nie met een spesifieke karakter geassosieer nie, maar soms met sekere aspekte van Claudie, soos die feit dat sy kontak met Andries probeer hou en die feit dat haar broer haar wil beskerm. Dit is albei aspekte wat die leser self sou doen as sy in dieselfde situasie was. Die leser het nie soos Claudie grootgeword nie, maar kan met haar handelinge identifiseer.

Die ma is die karakter waarvan die leser glad nie hou nie, omdat die ma vir die leser ŉ psigopatiese geval is. Die kinders het nie gevra om daar te wees nie, maar sy neem hul kwalik

dat hul daar is, sy verwerp hulle en ontken haar eie verantwoordelikheid, veral waar die kinders na haar toe kom vir beskerming en sy hulle wegjaag. Sy het ook nie van die pa-karakter gehou nie, omdat hy nare goed aan sy eie dogter doen en ook nie van die ouma nie omdat sy nie die kinders help nie. Die volwasse figure in die verhaal wat nie volwasse optree nie en hul verantwoordelikheid ontken was vir die leser onaanvaarbaar.

Vanuit die leser se karakteropsommings is die belangrikste tema wat vir die leser na vore kom verwerping en die groei van die karakter, as gevolg van wat met haar gebeur op fisiese, geestelike en emosionele vlak.

Die leser beskou die verhaal as goeie skryfwerk omdat jy nie kan raai hoe die verhaal gaan eindig nie. Die skrywer hou die leser aan die dink om te bepaal of die karakter ten goede of slegte gaan verander. Dit was vir die leser interessant en sy dink die skrywer het die spanningslyn behou in elke volgende krisis wat die karakter moes oplos. Die vraagstukke word groter in elke volgende spanningsituasie en dit hou die leser betrokke by die leesproses.

Leser ses se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 28: Leser ses se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser ses se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Die leser het nie 'n duidelike opinie nie. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Familie wat saamkom en Claudie dink terug aan haar kinderdae. Sy is aanpasbaar |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Leser het van die boek gehou omdat dit baie realisties is. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Is gepas in die konteks en maak situasie geloofwaardig. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Slegs met sekere aspekte van Claudie, soos dat sy beskermend is teenoor ander. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die ma-karakter, omdat sy haar kinders kwalik neem vir haar lewe. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Verwerping en groei op fisiese, geestelike en emosionele vlak. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Leser beskou die boek as goed omdat die einde tog verrassend is en leser betrokke gehou word. |

### b) Leser ses se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

Die wit en swart op die buiteblad was vir die leser simbolies van donkerte in die verhaal. Die donker simboliseer vir haar die geheime wat die familie vir mekaar wegsteek en dinge wat in

die donker plaasvind, soos Tante Zan wat haarself verberg deur haar vermomming en Henk wat ook wegkruip.

Die belangrikste aspekte van die verhaal word deur die leser opgesom as die verhaal van die *'armsalige asvaal seun'* op 'n klein dorpie wat 'n brief in formele Nederlands kry wat hom na Amsterdam laat gaan.

> *"Hierdie vaal Karoo-seun, wat eintlik in 'n vaal plek werk, tussen vaal mense. Nou beland hy in Amsterdam in die Walle"*

Net soos die *'vaal'* karakter in Amsterdam, pas Tante Zan nie in by die Karoo-agtergrond nie. Sy raak betrokke by die politiek, by die verbranding van mense en is daarby ook nog 'n psigopatiese geval. Die leser merk op dat daar uiterstes gebruik word in die boek.

Die leser het Henk as pateties gesien, sy het gevoel dat hy tog 'n geleerde persoon is en vra hoe hy dan so pateties kan wees. Die karakter was vir die leser 'n fossiel wat tussen ou boeke iewers begrawe lê in 'n biblioteek. Die leser het verskeie kere haar afkeur uitgespreek oor Henk wat die prostitute besoek, nie omdat sy naïef is nie, maar omdat sy voel die skrywer skryf onrealisties oor hierdie saak:

> *"...hy dra oogklappe en hy gaan eintlik met oogklappe dwarsdeur die verhaal. Hy dink nou hy gaan sy ervaring kry by die prostituut. Miskien daarom is hy so teleurgesteld. Dalk het hy agtergekom dit is nie liefde nie. Ek weet nie man, dis vir my pateties, hy bly vir my pateties tot aan die einde."*

Die leser voel ook dat die beskrywing van die epileptiese aanvalle en die gedagte dat daar nie hulp vir Tante Zan was nie, die verhaal onrealisties maak.

Alhoewel die leser gehou het van ander boeke van Van Heerden, soos *Die swye van Mario Salviati* en *Toorberg* en sy geweet het wat om te verwag, was die boek vir haar 'n groot teleurstelling. Die boek het die leser gewalg, hoofsaaklik as gevolg van die taalgebruik. Volgens die leser gaan dit vir haar nie net oor growwe of lelike woorde of die *"absolute blatante vulgariteit"* van die woorde nie, maar ook die sinskonstruksie het die leser aaklig gevind omdat daar sleutelwoorde ontbreek in die sinne. Soos reeds genoem lees die leser baie en daarom lees sy baie vinnig, maar sy voel dat die taal haar verhinder het om die boek gemaklik en vinnig te kan lees. Die taal is volgens die skrywer te erg beskrywend: *"hier was dit eintlik walglik. Hy het walglik geraak"*.

Die leser het wel opgemerk dat die taal moontlik simbolies is van Tante Zan as 'n gebroke mens, maar voel dat die skrywer dit oordoen het en dit het die boek vir haar ondraaglik ge-

maak. Sy wou die boek neersit en eerder nie verder lees nie. Sy het ook gedink die verhaal sloer te veel en omdat 'n leser die heeltyd moet kophou met verskillende situasies die genot van lees uit die boek gehaal is.

Sy het die boek as koud en kaal beleef. Volgens die leser het die skrywer probeer om dieselfde soort intrige van sy ander werk na te boots, maar dat hy te veel dinge laat gebeur sodat die boek deur die mat val. Daar is nie ŉ konkrete einde nie en die verhaal bly hang in die lug. Die boek was dus onnodig deurmekaar vir die leser.

> *"Hierdie boek is soos waar mens iemand jou met ŉ veertjie moet tikkel, het hy die hele hoender gevat en dit in my gesig kom skrop. (sic)"*

Die leser het wel deernis gehad met Ma Olivier wat ŉ seun het wat niks werd is nie, ŉ dogter wat heeldag in die lokasie rondlê en haar Pretoria-kinders wat niks met haar of die plaas te doen wil hê nie. Sy moet die leiding neem en die plaas bestuur sonder enige ondersteuning.

Ma Olivier se karakter het ook sekere aspekte waarvan die leser glad nie hou nie. In die geval van die Napoleon-borde, neem sy nie standpunt in nie en die leser voel dat sy ŉ onrealistiese reaksie het op die verlies van materiële goed en nie omgee watter waardesisteem haar kinders volg nie. Sy ontneem haar kinders van die geleentheid om hulle eie identiteit te vorm en daarom voel die leser dat die karakters identiteitloos in die verhaal na vore kom.

Selfs Tante Zan kom vir die leser identiteitloos voor. Volgens die leser is haar manewales haar soeke na identiteit en sy soek dit op die verkeerde plekke. Volgens die leser is dit waarom sy betrokke raak by die politiek; sy dink as sy aan ŉ politieke party behoort, sy ŉ plek het.

Vir die leser is die soeke na identiteit die belangrikste tema; die soeke na wie en wat jy in jou familie is. Wie en wat jou familie is. Die karakters kry egter volgens die leser nie antwoorde op hulle vrae in die loop van die verhaal nie.

Die leser beskou dit glad nie as goeie skryfwerk nie. Daar is niks in die roman wat die leser boei nie. Sy het geen angstigheid ervaar oor wat volgende gaan gebeur nie, maar eerder gevoel: *"ag waardeur moet ek nou weer lees?"* Die boek was vir haar ŉ gewroeg.

Leser ses se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 29: Leser ses se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser ses se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Simboliek van wit en swart. Die donkerte wat in die verhaal na vore kom. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit gaan oor Henk wat reis om sy erfporsie op te eis. Daar leer hy sy Tante Zan werklik ken. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het nie van die verhaal gehou nie omdat dit teleurstellend en walglik is. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Die sinskonstruksie was steurend vir die leser. Taal was te beskrywend, dit laat die verhaal sloer. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Nie geassosieer met enige karakter nie, maar het deernis met Ma Olivier omdat haar kinders almal raar is. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Sy hou niks van Ma Olivier nie, omdat sy haar kinders van hul identiteit ontneem. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Die soeke na identiteit en wie en wat 'n familie werklik is. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Leser dink nie dit is skryfwerk van goeie gehalte nie, omdat daar niks is wat die leser bind nie. Die boek was ŉ wroeging vir die leser. |
| **Ander opmerkings** | Die uitbeelding van Apartheid en die Afrikaner was vir haar nie altyd "waar" nie. Mense het wanindrukke daarvan. |

#### c) Ander aspekte van interpretasie

Vir die leser groei Henk nie, want hy ontdek nooit sy eie identiteit nie. Die karakter kom vir die leser nooit tot rus nie. Claudie groei ook nie regtig vir die leser nie, sy word bloot net groot. Tog beskou sy Claudie as 'n sterk karakter. Hierdie karakter sou moontlik nie so ontwikkel het as al die slegte dinge nie met haar gebeur het nie. Die karakter het dus op 'n natuurlike manier gegroei en verander.

Die leser het uitgewys dat die siening van Afrikaners en veral die rol van die Afrikaner tydens Apartheid nie noodwendig waar is soos dit in *30 Nagte in Amsterdam* weergegee word nie. Sy het in ŉ huis grootgeword waar daar met Kersfees pakkies opgemaak is vir die werkers van die plaas en waar haar ouers regtig probeer het om die beste te doen vir die plaaswerkers. Vir haar is die konsep van die idilliese Afrikaner in *30 Nagte in Amsterdam* nie iets wat werklik ooit bestaan het nie. Sy voel ook nie dat alle Afrikaners oor die kam van Apartheid geskeer kan word nie.

#### d) Leser se siening aangaande resensies

Vir die leser sê resensies nie veel nie en hang dit af waarna daar gekyk word in 'n resensie. Sy merk op dat 'n resensie ŉ kort opsomming van die boek is wat nie regtig iets sê nie. Re-

sensies is volgens haar oppervlakkig en slegs die resensent se opinie. Die leser verwys veral daarna dat boeke duur is en dat mens nie sommer geld wil spandeer op enige boek nie en ook nie die tyd wil spandeer aan iets waarvan jy nie gaan hou nie. Resensies moet dus meer inligting gee, sodat mense meer ingeligte besluite kan neem.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser ses kan soos volg saamgevat word:

Tabel 30: Ander aspekte van Interpretasie van Leser ses

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Lees dit as sy kans kry. | Sê tog nie baie vir die leser nie. Is oppervlakkig en die resensent se opinie. Boeke is duur en sal nie 'n boek na aanleiding van ʼn resensie koop nie. | Claudie verander nie vir die leser nie, sy word slegs groot. | Henk groei nie vir leser nie, hy vind nooit sy eie identiteit nie. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

In terme van verteltegniek, verskil die verhale vir die leser omdat die verhale tot twee verskillende genres behoort. *Swartskaap* is ʼn verhaal wat enige persoon kan lees waar *30 Nagte in Amsterdam* nie vir die gewone leser bedoel is nie. Dit is bedoel vir die literêre leser wat die boek filosofies lees.

Die leser herskep die ruimtes in die romans op grond van wat vir haar bekend is. Die leser was al in die Karoo en in *30 Nagte in Amsterdam* is dit die ruimte wat vir die leser uitstaan. Tog voel die leser dat die beskrywing wat daarvan gegee word in die boek nie realisties is nie. Die leser sien nie die hele Karoo as vaal en stowwerig nie. In *Swartskaap* is die ruimtes wat uitstaan die Oos-Rand en dit is vir die leser baie realisties in die boek weergegee. Die leser het hierdie ruimtes herskep volgens haar kennis van plekke wat sy ken soos Carletonville en Danville.

Die leser voel nie dat enige van die boeke haar verwysingsraamwerk verbreed nie. Die leser is welbelese en het al baie kante van die lewe gesien. Haar agtergrond het wel tot ʼn sekere mate ʼn rol gespeel. In *Swartskaap* het die plek waar die ouma bly, die leser laat dink aan waar sy self groot geword het, naamlik Dundee, ʼn spoorweg- en myndorp. In *30 Nagte in Amsterdam* het die leser se belangstelling in die Xhosa-kultuur haar beïnvloed sodat sy die gedeelte daaroor meer interessant gevind het as ander gedeeltes. Dit is dus duidelik dat

haar bestaande kognitiewe raamwerke haar interpretasie en herskepping van die verhaal bepaal en ook haar nadenke oor die roman.

Leser ses se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 31: Leser ses se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| Vergelykende aspekte tussen die twee verhale | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Boeke behoort vir die leser tot twee totaal verskillende genres. | Skep ruimte uit dit wat vir haar bekend is, die Karoo en Oos-Rand waar sy al was. | Herskep karakters soos mense wat aan haar bekend is en ook die beskrywings in die boek. | Speel nie vir die leser ŉ rol nie, kan enige verteller wees. | Speel nie by die leser ŉ rol nie. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande die leser se interpretasie**

Hierdie is ŉ welbelese intellektuele leser wat tot 104 boeke per jaar lees. Dit laat die leser veral fokus op die dieper betekenis wat daar in verhale na vore kom. Die leser soek in alles wat in die verhale gebruik word, van die buiteblad tot die manier hoe iets vertel word, die simboliek daarin. Sy kyk wetenskaplik na die teks vanuit haar akademiese agtergrond. Tog is taalkunde haar akademiese fokus en nie letterkunde nie. Daarom is die afwyking van korrekte taalstrukture in *30 Nagte in Amsterdam* vir die leser ŉ probleem. Dit dra verder daartoe by dat die leser nie van die boek hou nie. Die leser lees in sekere opsigte nie die literatuur as die kuns wat dit is nie. Selfs hierdie leser verval in sommige plekke in die werklikheidstrik. Sy plaas *30 Nagte in Amsterdam* in die werklikheid en sien nie al die simboliek en betekenis raak nie.

Tog speel haar eie agtergrond by nader ondersoek ŉ groot rol. Haar reaksie op Ma Olivier, met wie sy aan die een kant deernis het, maar aan die anderkant ook afstootlik vind, kan moontlik uit haar eie agtergrond verklaar word (verwys na onderhoud vir verdere inligting). Die konnotasies wat die leser maak, toon dat sy op emosionele vlak op die verhaal en die karakters reageer. Haar assosiasies gaan nie om dit wat die karakter deurgaan nie, maar gaan oor die karakters se gevoelens en hulle optrede. Haar eie ideologiese opvattings speel ŉ beduidende rol. Die leser verwag van die karakter Henk wat soveel geleenthede in sy lewe ontvang het ŉ hoër standaard, en dit ontstel haar as hy goed doen wat nie van iemand wat uit so 'n agtergrond kom verwag kan word nie.

Buiten vir Henk wat onaanvaarbare dinge doen, speel haar akademiese agtergrond ŉ duidelike rol ten opsigte van haar reaksie van *30 Nagte in Amsterdam*. Die leser het, volgens haar, op akademiese gronde probleme met die gedeeltes waar Tante Zan die fokalisator is, met die gebroke sinne waarin sleutelwoorde ontbreek wat so moeilik lees. Volgens die leser verstaan sy hoekom Tante Zan se hoofstukke so, in bewussynstroomtegniek, geskryf is, omdat dit naamlik Tante Zan se psige uitbeeld, maar sy voel dat die skrywer dit oordoen het en dat die effek daarvan dan verlore gaan. Die leser het al heelwat van Etienne van Heerden se boeke gelees en het die opmerking gemaak dat hy probeer het om die sukses van boeke soos *Toorberg* en *Die swye van Mario Salviati* te herhaal, maar dat hy te hard probeer het en daarom val die boek vir die leser plat.

### 4.4.7 Leser sewe

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

#### 4.4.7.1 Agtergrond

Leser sewe is ŉ vyftigjarige vrou wat in Noordwes woon. Sy het in ŉ baie streng huis grootgeword en nadat sy haar skoolloopbaan voltooi het, het sy ŉ diploma in skoonheidskunde voltooi. Sy het verder verskeie internasionale eksamens voltooi in dié rigting. Die leser gee tans klas by ŉ privaat akademiese instansie. Die leser is geskei en het twee kinders. Sy het nog nie van een van die skrywers gehoor nie, maar geniet dit baie om te lees. Sy hou egter nie baie van literêre werke nie. Die tekste moet vir haar maklik lees. Sy hou van liefdesverhale en Christelike boeke. Sy lees gemiddeld 24 boeke per jaar. Die leser het eers *Swartskaap* gelees, waarna sy *30 Nagte in Amsterdam* gelees het.

Die agtergrondinligting van Leser sewe kan soos volg saamgevat word:

Tabel 32: Agtergrondinligting van leser sewe

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 50 | Vroulik | Diploma | Afrikaans | Afrikaans | 24 | Liefdesverhale en Christelike literatuur | *Swartskaap* |

#### 4.4.7.2 Leser se interpretasie

**a) Leser sewe se interpretasie van *Swartskaap***

Die titel het vir hierdie leser verwys na 'die enetjie', soos sy haar noem, wat "gekelder word". Die noodlot tref die persoon altyd ten slegte. Dit het die leser laat identifiseer met die storie,

omdat sy self soos ŉ *Swartskaap* voel met alles wat met haar gebeur het. Vir dié leser was die verhaal ŉ persoonlike reis.

Die leser som die roman op as die verhaal van 'n karakter wat opstaan nadat sy mishandel is, fisiek en seksueel, en iets van haar eie lewe maak. Sy oorkom haar slegte omstandighede. Vir die leser was dit opvallend dat Claudie ten spyte van wat haar pa aan haar gedoen het, steeds haar pa liefhet. Vir die leser bly die mense haar ouers en as Christen is dit haar plig om steeds haar ma en pa te respekteer. Alhoewel daar nie in die verhaal melding gemaak word dat Claudie ŉ groot Christen is nie, lees die leser dit so, omdat dit aanvaarbaar is vanuit haar eie lewensideologie.

Die leser het baie van die verhaal gehou, omdat sy dit soos reeds genoem as ŉ persoonlike reis gesien het. Die leser het moeilik grootgeword as gevolg van ŉ stiefma en daarom kon die leser veral assosieer met Claudie en die moeilike verhouding met haar ma. Die leser noem dat sy met Claudie se gevoelens kan assosieer. Dit is hoe sy gevoel het en hoe sy gedink het as kind. Sy ken die gevoel van alleenheid en die geveg om te mag bestaan in jou eie ouerhuis.

Die leser verwys spesifiek na die insident waar die kinders met die draadhanger geslaan word. Vir die leser was die fisiese straf van die kinders die ergste aspek van die verhaal.

Die taalgebruik was vir die leser gepas in die konteks van die verhaal en moet volgens die leser nie van buite die verhaal beoordeel word nie. Dit is volgens die leser hoe daar in sulke huise gepraat word. Die leser leef haar totaal in die karakter se omstandighede in. Sy huil as die karakter huil en lag as die karakter lag.

Soos reeds genoem assosieer die leser haarself met Claudie en alles wat sy deurmaak. Alhoewel die karakter glad nie van die ma hou nie omdat dit haar aan haar eie huislike omstandighede herinner, hou die leser nog minder van die pa-karakter. Sy gril vir die karakter, veral vanweë sy hantering van sy kinders. Volgens die leser is hy vals.

Vir die leser het die uitbeelding van die emosionele toestand van die karakters, die sterkste uitwerking op haar gehad:

> *"Daai emosies waarmee jy heeltyd so gekonfronteer word met liefde en haat, liefde en haat, liefde en haat dat jy naderhand nie meer weet wat is liefde en wat is haat nie. Hoe kan een persoon liefde en haat wees?"*

Die belangrikste tema in die boek is vir die leser mishandeling en die ontkenning daarvan. Sy sien dit as baie belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks en soveel te meer in die Afrika-

nergemeenskap waar daar voorgegee word dat hierdie dinge nie gebeur nie en dit maklik toegesmeer word.

Die leser beskou dit as goeie skryfwerk, omdat alles netjies aanmekaargesit is. Die leser het nie gedink die skrywer wil lesers skok nie, maar dat die skrywer slegs die verhaal vertel soos wat dit is, met die goeie en die slegte dinge in die lewe van die karakters.

Leser sewe se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 33: Leser sewe se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser sewe se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Die figuur wat alleen staan is opvallend en dit gaan oor iemand wat alleen agtergelaat word. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit gaan oor ŉ karakter wat opstaan nadat sy mishandel is en ten spyte van alles wat haar ouers gedoen het, steeds lief bly vir hulle. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het baie van die boek gehou. Dit was vir haar ŉ persoonlike reis. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Die taalgebruik is gepas in die konteks van die verhaal. Die boek het maklik gelees. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Claudie, op grond van gebeure in haar eie lewe en haar ouers se invloed op haar lewe. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die ma-karakter wat die leser herinner aan haar eie omstandighede en sy gril vir die pa. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Mishandeling en die ontkenning daarvan in ons samelewing. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Leser beskou dit as skryfwerk van 'n goeie gehalte, die verhaal is volgens die leser netjies aanmekaargesit. Dit vertel net wat vertel moes word. |

**b) Leser sewe se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Die leser se eerste reaksie toe daar vrae gestel word oor *30 Nagte in Amsterdam* was: *"Wat ŉ deurmekaarspul..."*. Die leser het dit verder duidelik gemaak dat sy waarskynlik nooit weer ŉ boek van Etienne van Heerden sal lees nie.

Die leser kon ook nie die buiteblad herroep nie en die titel het vir haar slegs *30 Nagte in Amsterdam*, 30 nagte in ŉ ander plek beteken. Die leser het haar glad nie ingeleef of moeite gedoen om die verhaal te verstaan nie, sy het haarself eerder totaal van die verhaal gedistansieer.

Die leser som die roman op as die verhaal van die "*ou*" wat 'n historikus is en iets geërf het by sy tante. Om die erfporsie op te eis moet hy na Amsterdam gaan waar hy agtergekom het dat sy tante nooit dood is nie. Die boek neem vir die leser later 'n wending en gaan meer oor Tante Zan en haar geskiedenis as oor enige iets anders sodat dit haar verhaal is wat vertel word. Die boek was vir die leser baie uitgerek en sy voel dat die storie wat vertel is, in die helfte van die bladsye vertel kon word.

> *"Dit was vir my te oor en oor geskryf en oor en oor beskryf. Dit was nie nodig om dit so tot in vervelendheid te vertel nie."*

Volgens die leser kan dit miskien wel 'n interessante verhaal wees, maar sy het nie daarvan gehou om die boek te lees nie. Dit was vir die leser 'n gesukkel om geboei te word deur die verhaal en sy het die boek herhaaldelik neergesit omdat dit te deurmekaar is.

Die leser se agtergrond kom veral na vore na aanleiding van Tante Zan wat 'n kind by 'n swartman het. Die leser beskou dit as onoortuigend dat iemand uit daardie soort familie so iets kan doen. Dit kan wel gebeur, maar dit is nie deel van die leser se raamwerk nie.

Die leser het haar glad nie met enige karakter geassosieer nie en voel dat al die karakters wat in die boek geskep word, haar eintlik walg. Hulle is vir haar kleinlik. Die leser het nie net van een karakter nie gehou nie, maar eerder van almal niks gehou nie.

Die "baie" woorde het die leser deurmekaar gemaak en dit was vir haar moeilik om haar kop bymekaar te hou oor wat die skrywer regtig wil vertel. Dit taalgebruik was vir haar moeilik en sy kon nie gewoond raak daaraan nie. Die taalstyl het bygedra tot die gevoel van verwarring wat die leser ervaar het.

Die leser beskou dit nie as goeie skryfwerk nie, dit was vir die leser "nonsens", *"...al daai gebabbel, ek weet nie, hy kon net nie vir my by die punt uitkom nie. Dit was nie vir my lekker nie, ek dink nie in my sin was dit goeie skryfwerk nie. (sic)"*

Leser sewe se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 34: Leser sewe se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser sewe se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Leser kon nie die buiteblad herroep nie. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekon-struksie** | Die ou wat iets erf en daarvoor na Amsterdam gaan en sy Tante werklik leer ken. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Het glad nie van die boek gehou nie. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalge-** | Taal was uiters moeilik, ongestruktureer en langdra- |

| | |
|---|---|
| **bruik in die roman** | dig vir die leser. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Geen assosiasie met enige karakter nie, al die karakters het die leser meer gewalg as iets anders. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die leser het van nie een enkele karakter in die boek gehou nie. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Geen definitiewe antwoord word gegee nie, maar uit onderhoud kan die afleiding gemaak word dat die leser skuld wel as 'n tema beskou. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Die roman is nie vir die leser van goeie gehalte nie. |

**c) Ander aspekte van interpretasie**

Claudie van *Swartskaap* het volgens die leser nie gegroei nie, sy het bloot aanbeweeg met haar eie lewe en grootgeword. Volgens die leser het sy moontlik rus gevind, maar haar verhaal bied nie regtig vir die leser enige antwoorde op iets nie. In die geval van *30 Nagte in Amsterdam* ontwikkel en verander Henk en die leser is van mening dat indien die verhaal verder geskryf sou word, dit moontlik sou gaan oor Henk se nuwe lewe na sy ervarings. Die leser het duidelik in die geval van *30 Nagte in Amsterdam* verder gaan dink oor die oop plekke in die verhaal, veral oor die slot van die verhaal. Volgens die leser sal Tante Zan doodgaan en Henk sou sy lewe verder geleef het. Dit was vir die leser glad nie ŉ goeie einde nie.

**d) Leser se siening aangaande resensies**

Die leser lees nie resensies nie, omdat sy voel dat daar nie genoegsame inligting gegee word nie, veral ten opsigte van waarskuwings wat sy voel nodig sou wees in die geval van beide die boeke wat in die studie gebruik is. Daar moet in resensies gesê word dat daar in bepaalde boeke kru taal en eksplisiete beskrywings voorkom wat die leser afstootlik kan vind. Die leser kies nie boeke volgens resensies nie, maar omdat sy van sekere skrywers hou. As ŉ skrywer haar een keer beïndruk het, sal sy altyd weer daardie skrywer se boeke lees.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser sewe kan soos volg saamgevat word:

Tabel 35: Ander aspekte van interpretasie van Leser sewe

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Lees nie resensies nie. | Voel daar moet waarskuwings gegee word, veral soos in geval van beide hierdie boeke. | Claudie groei nie vir die leser nie. Sy beweeg slegs aan in haar natuurlike grootwordproses. | Henk groei wel vir die leser, maar die leser voel dit moes vertel word. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Ten opsigte van hoe die verhaal vertel is, is die leser van mening dat *Swartskaap* vertel word uit die hart uit, op die man af en met emosie. In *30 Nagte in Amsterdam* is emosie vir die leser afwesig, die vertelling is volgens die leser oppervlakkig. Die leser reageer duidelik emosioneel op die verhale. Die leser hou baie meer van die ek-verteller wat in *Swartskaap* gebruik word omdat dit haar deel maak van die verhaal, terwyl sy voel dat *30 Nagte in Amsterdam* die leser ʼn buitestander maak en van 'n klomp "deurmekaar karakters" vertel.

Die ruimtes in die verhale het ook intense gevoelens by die leser opgeroep en nie visuele beelde nie. Amsterdam het die leser dadelik benoud laat voel; dis ʼn plek waarheen sy glad nie wil gaan nie. Die leser het gehou van die oop ruimtes in *Swartskaap* wat beskryf word wanneer Claudie by haar maats gaan speel, omdat sy grootgeword het op ʼn groot erf en dit haar veilig en oop laat voel.

Die feit dat die leser so min van *30 Nagte in Amsterdam* gehou het, het dit moeilik gemaak om vergelykings te tref tussen die verhale. Die leser was totaal ongeïnteresseerd in *30 Nagte in Amsterdam* en het daarom nie regtig uitvoerige antwoorde gegee aangaande die boek nie.

Leser sewe se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 36: Leser sewe se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| Vergelykende aspekte tussen die twee verhale | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Swartskaap betrek emosie, maar 30 Nagte laat die leser koud en afsydig staan. | Leser herskep die ruimtes vanuit haar emosionele agtergrond en hoe die plek haar laat voel. | Leser herskep karakters vanuit haar gevoel oor hulle en nie op grond van hoe hulle lyk en optree nie. | Leser hou van die ek-verteller in *Swartskaap*. | Speel nie by die leser 'n rol nie. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie**

In die geval van hierdie leser speel haar agtergrond 'n beduidende rol. Verskeie kere gedurende die onderhoud het die leser verwys na die moeilike omstandighede waarin sy grootgeword het, veral ten opsigte van 'n streng stiefma. Sy wou nie verder daarop uitbrei nie, maar sy het verskeie kere verwys na die kinders wat geslaan word in *Swartskaap* en die ma se optrede teenoor die kinders. Dis is duidelik dat hierdie aspekte van die roman 'n sekere raamwerk by die leser opgeroep het en dat die leser vasgeval het in hierdie raamwerk. Dit wil ook voorkom asof die leser sterk assosieer met die feit dat Claudie 'afgeskiet' word in haar familie, dat sy altyd op die agtergrond moet bly, soos dit moontlik met die leser die geval was.

Alhoewel die leser tot 24 boeke per jaar lees, is dit boeke wat nie baie dinkwerk vereis nie en is dit meestal liefdesverhale. Dit kan die rede wees waarom die leser *30 Nagte in Amsterdam* so moeilik gevind het. Sy het die taalgebruik deurmekaar en moeilik gevind. Die leser hou nie daarvan om so intens te moet dink wanneer sy boeke lees nie, sy wil boeke vir die genot lees. Die leser het ook verskeie kere daarna verwys dat *30 Nagte in Amsterdam* vir haar walglik was. Haar ideologiese uitkyk laat nie plek vir die kwessies wat in die boek uitgebeeld word nie en sy weier om dit deel te maak van haar raamwerk. Sy het haarself totaal van die teks afgesluit en daarom is haar interpretasie so oppervlakkig. Dit is asof die leser slegs die boek gelees het om klaar te kry, maar daarom het sy nie werklik geléés nie. Sy wou dit so gou moontlik weer uit haar kop kry. Die leser sal waarskynlik nooit weer 'n boek van Etienne van Heerden lees nie.

### 4.4.8 Leser agt

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

#### 4.4.8.1 Agtergrond

Leser agt is ŉ ses-en-vyftigjarige vrou wat in Gauteng woon. Die leser se huistaal is Afrikaans en sy is baie gesteld op suiwer taalgebruik. Nadat sy haar skoolopleiding voltooi het, het die leser gaan studeer in Maatskaplike Werk, maar sy het nie haar studies voltooi nie. Sy is betrokke by verskeie verenigings en was hoofsaaklik ŉ tuisteskepper vir haar twee dogters wat albei nou uit die huis is. Sy hou baie van lees en lees gemiddeld 12 boeke per jaar. Hierdie boeke is hoofsaaklik fiksie, maar sy lees ook dikwels Christelike boeke. Sy lees oorwegend Afrikaans, maar sal ook Engelse boeke lees veral oor die natuur. Die leser het eers *30 Nagte in Amsterdam* gelees en daarna *Swartskaap* wat sy in vergelyking met *30 Nagte in Amsterdam* as ŉ vulletjie bestempel, veral ten opsigte van die taalgebruik.

Die agtergrondinligting van Leser agt kan soos volg saamgevat word:

Tabel 37: Agtergrondinligting van leser agt

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 56 | Vroulik | Hoërskool | Afrikaans | Afrikaans | 12 | Fiksie, Christelike boeke en boeke wat oor die natuur handel | *30 Nagte in Amsterdam* |

#### 4.4.8.2 Leser se interpretasie

**a) Leser agt se interpretasie van *Swartskaap***

Die buiteblad het die leser laat dink aan ŉ verlore siel wat alleen staan en deur ŉ venster na ŉ ander verlore siel staar. Die titel self het die leser laat dink aan 'n uitgeworpene, iemand op wie daar gepik word en iemand wat swaarkry. Die buiteblad en die titel versterk mekaar wat betekenis betref en albei dui vir die leser 'n uitgeworpene aan, iemand wat altyd soekend is na ŉ plek en 'n bestaan.

Vir die leser handel die verhaal oor ŉ ontwrigte familie van mans en vroue met kinders wat uit verskillende liefdesverhoudings gebore is. Hierdie gesin is saamgeflans en vorm die onstabiele ouerhuis waaruit Claudie probeer ontsnap. Claudie word verwerp, en wil iets van

haar lewe maak; sy wil nie soos haar ouers wees nie. Dit gaan vir die leser oor ʼn meisie wat uitstyg bo haar omstandighede en terugkyk op alles wat gebeur het. Vir die leser het dit ook opgeval dat die verhaal baie na aan die werklikheid is, tot so 'n mate dat sy gewonder het hoeveel van die verhaal fiksie is en hoeveel gaan oor dinge wat werklik met die skrywer gebeur het.

> *"Partykeer voel ek, het ek gevoel ... omdat sy skryf wat in die verlede gebeur het ... daai gevoelens en emosies terwyl sy ʼn gebeurtenis beskryf, is te eg"*

Die leser het van die verhaal gehou, omdat dit vir haar "eg" is en ʼn verhaal vertel van wat werklik gebeur. Sy voel nie dat daar enige aspekte is wat kon gebly het nie, omdat elke aspek bydra tot die verhaal wat vertel moet word. Die verhaal is nie langdradig nie en dinge word gesê net soos wat dit is en hoe dit gebeur het.

Die leser het glad nie van die ma-karakter gehou nie, juis omdat die karakter die deur toemaak wanneer haar kinders kom vra vir hulp: *"Ek is nou klaar met julle, julle bestaan nie meer nie".* Later het die leser ook bygevoeg dat sy nog minder van Alfie hou, omdat hy Claudie se broer is, maar wanneer hy jok haar sy straf laat kry. Dat hy sy suster in die rug steek was vir die leser die mees teleurstellende aspek van die verhaal. Aan die ander kant het die leser die meeste van Theuns gehou omdat hy omsien na sy sussie. Dit is vir die leser belangrik dat broers en susters na mekaar omsien.

Die leser het ʼn interessante opmerking gemaak aangaande die taalgebruik. Die taal groei saam met Claudie soos sy ouer word. Dinge word beskryf soos wat ʼn kind dit sou beskryf, met die woordeskat van ʼn kind en soos sy ouer word en meer woorde leer, word daardie beskrywing ryker. Sy beskou die taalgebruik nie as letterkundig nie, maar toepaslik in die konteks; in die wêreld waar die verhaal afspeel, is die taal gepas.

Die belangrikste tema in die verhaal is vir die leser die rol wat die disfunksionele familie speel. Sy beskou dit as ʼn baie belangrike tema in die Suid-Afrikaanse konteks omdat daar soveel sulke tipe huise is en die leser al eerstehands daarmee te doen gekry het, veral met egskeidings en die invloed wat dit werklik op kinders het. Die leser het ook gesê dat sulke verhale en temas baie belangrik is, omdat sy in ʼn era grootgeword het waar die kinders net gesien moes word en nie gehoor nie. Dit het daartoe bygedra dat sulke vergrype teen kinders maklik agter toe deure gebly het.

Die leser beskou dit as goeie skryfwerk, omdat dit probleme in die werklikheid aanspreek, veral aangesien dit die eerste boek van die skrywer is.

Leser agt se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 38: Leser agt se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser agt se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Dit gaan oor ŉ verlore siel wat alleen staan. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | ŉ Deurmekaar familie en meisie wat uit haar omstandighede steeds iets van haar eie lewe maak. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het van die verhaal gehou omdat die verhaal vir haar eg is. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Die taal is gepas in die konteks van die verhaal en groei saam met die karakter. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Geen. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die ma-karakter en nog meer Alfie, die broer wat nie omsien na sy broers en susters as hul dit nodig het nie. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Die probleme van ŉ disfunksionele familie omdat dit baie meer voorkom as wat meeste mense dink. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Ja, omdat dit tot die werklikheid spreek. |
| **Ander opmerkings** | Soos die hoofkarakter ouer word, word haar taalgebruik ook as meer volwasse weergegee. |

**b) Leser agt se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Die titel en die buiteblad het die gedagte van die Walle en prostitusie by die leser opgeroep. Vir die leser was die roman die verhaal van Zan en nie van Henk nie. Sy som die roman op as die verhaal van die uitbundige Zan en ekskuus-dat-ek-lewe-Henk, tante Zan met haar epilepsie en opstandige gees wat betrokke raak by die anti-Apartheidsbeweging en later moet vlug, waarna sy in Amsterdam land. Nadat sy vir haarself hier ŉ lewe gemaak het, spits sy haar daarop toe om Henkie uit sy omstandighede te kry. Sy gee voor dat sy dood is en lok Henk na Amsterdam, waar hy verskeie geheime van hulle familie ontdek. Vir die leser was dit ŉ boek van kontraste: tante Zan teenoor Henkie en die Karoo teenoor en Amsterdam.

Die leser het baie van die verhaal gehou, omdat dit verrassend en interessant was. Die leser se reaksie was: *"Dit is plainsailing my kind, daai was ŉ fantastiese boek."* Een van die grootste redes vir die leser se waardering van die boek is die taalgebruik, waaroor sy in vervoering is.

Hierdie leser assosieer haarself met sekere aspekte van Tante Zan omdat sy self soms roekeloos optree en haarself ook as impulsief beskou.

> *"... ek is soos ek is en ek doen goed en ek storm in ŉ ding in ek sê goed en ...ek weet nie".*

ʼn Verdere aspek waarmee die leser ten opsigte van Tante Zan identifiseer is die feit dat sy nie daarvan hou dat probleme nie bepraat word nie en voorgegee word dat alles in orde is. Tante Zan wil hierdie styl afbreek sodat dinge nie toegesmeer word nie. Die leser beskou Tante Zan eintlik as ʼn baie intelligente karakter, iemand met 'n missie om Henk te red vanuit sy bestaan, sodat hy werklik kan begin lewe.

Die taal het die deurslag gegee dat die leser van die boek hou. "*ABSOLUUT die taal!"* was haar eerste reaksie oor hoekom sy van die verhaal gehou het. Die karakters word vir haar deur die taal uitgebeeld, veral ten opsigte van Tante Zan. Die manier waarop die woorde en sinne op mekaar volg is vir die leser die beeld van Tante Zan wat sy voor haar sien; dit is hoe haar kop werk, hoe een gedagte aanleiding gee tot 'n volgende.

*"Dit is asof ʼn mens in ʼn hele ander wêreld instap as jy haar hoofstukke lees."*

Vir die leser is die belangrikste temas geheime en skuld; die geheime wat die familie van mekaar weghou en die skuld wat daarmee saam onderdruk word en waarteen Tante Zan in opstand kom. 'n Ander tema is ook die uitbeelding van aansienlike Afrikaners, wat alles wat ongemaklik is, wegsteek.

Die leser beskou die roman as uiters goeie skryfwerk. Die beskrywings was vir die leser intens en selfs blatant, maar oortuigend. Die verbranding van 'n mens kan tog nie ʼn mooi gesig wees nie en waar dit beskryf word, kom die toneel regtig vir die leser tot bestaan.

Leser agt se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 39: Leser agt se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser agt se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Dat die verhaal sal handel oor die Walle en prostitusie. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Dit is die verhaal van Zan wat teen Apartheid veg en later probeer om Henk se lewe te verander. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Ja, dit was verrassend en interessant, veral die taal. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Uitstekend, karakters word deur taal uitgebeeld. Die leser het veral van die gedagtestroomtegniek en naamgewing gehou. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Met Tante Zan, sy is ook impulsief en waagmoedig. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Geen. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Die geheime van die familie en die uitbeelding van aansienlike Afrikaners. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Uiters goeie skryfwerk. Beskrywing blatant tog oortuigend. |

**c) Ander aspekte van interpretasie**

Claudie se karakter het definitief gegroei vir die leser. Die karakter het vir die leser durf aan die dag gelê en weggeloop toe dinge vir haar te erg raak. Op ʼn onbekende dorp skryf sy dan op haar eie matriek terwyl sy by die *Salvation Army* woon. Die omstandighede wat die karakter moes hanteer maak van haar volgens die leser ʼn voller persoonlikheid.

Volgens die leser groei Henk in *30 Nagte in Amsterdam* beduidend, die leser beskryf dit as:

> *"Is siestoggie, versigtige, versigtige lewe, saggies leef, Henkie en hier aan die einde word hy Henk. Hy tree uit in die lig en begin lewe en al die geheime het uitgekom en al die skuldgevoelens, ek dink hy was verlig gewees."*

**d) Leser se siening aangaande resensies**

Die leser lees graag resensies, maar beskou dit tog as ʼn individuele mening, want een resensie kan hemelsbreed van die volgende verskil en dan het sy nog van haar eie mening ook. Resensente is nie objektief nie en die leser dink sy sal nie ʼn boek aankoop op aanbeveling van ʼn resensent nie.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser agt kan soos volg saamgevat word:

Tabel 40: Ander aspekte van Interpretasie van Leser agt

| **Ander aspekte van Interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Sy lees graag resensies | Beskou resensies as slegs ʼn mening en dink resensente is nie objektief nie. | Claudie verander vir die leser. Sy voltooi matriek op ʼn merkwaardige wyse en groei daartoe. | Henkie groei vir die leser tot Henk, hy word mens. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Die leser beskou die taalgebruik as die grootste verskil tussen die twee boeke.*30 Nagte in Amsterdam* is vir die leser ʼn digterlike ontdekkingsreis, waar *Swartskaap* in gewone gebruikerstaal geskryf is.

Die ruimte in *30 Nagte in Amsterdam* het vir die leser uitgestaan. Die plaas waarna daar verwys word kon sy voorstel omdat sy al in die Karoo was en sy kon ook Amsterdam vir haar voorstel, omdat sy daarin belangstel en daarna hunker om self daarheen te gaan. Die Oos-Rand, wat in *Swartskaap* uitgebeeld word, kon sy herken omdat die leser grootgeword het

met 'n beeld van daardie dele van die Rand, dat die plekke *'zef'* is. Die leser assosieer hierdie plekke met dwelms, bendes en sekere tipes mense.

Ten opsigte van vertelling en verteltegniek is *Swartskaap* eenvoudig en chronologies, waar *30 Nagte in Amsterdam* soos reeds genoem vir die leser ŉ digterlike spel is wat haar intellektueel gestimuleer het omdat sy die verhaal agtermekaar moes sit.

Die leser se verwysingsraamwerk is verbreed deur die uitbeelding van Apartheid in *30 Nagte in Amsterdam*. Sy het in ŉ era grootgeword waar die werklikheid van Apartheid verdoesel is en die idee dat blanke vroue van Graaff-Reinet by die anti-Apartheidsbeweging betrokke kon wees, het nie in haar verwysingsraamwerk bestaan nie.

Die leser beskou die grootste ooreenkoms tussen die boeke as die kwessie van geheime en die onderdrukking daarvan, die skandes in familieswaaroor daar nie uitgepraat mag word nie. Vir die leser vertel die romans dan die byna patologiese obsessie van mense om probleme in die donker te hou.

Leser agt se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 41: Leser agt se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| **Vergelykende aspekte tussen die twee verhale** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Die taalgebruik, die een is digterlik en die ander algemeen. | Leser herskep ruimte vanuit haar agtergrond, plekke waar sy al was. | Leser skep karakters na aanleiding van mense wat sy ken. | Leser het beide boeke se verteller gepas gevind. | Leser hou van die intellektuele denke wat 30 Nagte vereis |

**f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie**

Die leser se interpretasie word oorheers deur haar waardering vir die taalgebruik. Sy is in vervoering oor die taal in *30 Nagte in Amsterdam*. Die leser het genoem dat sy in ŉ huis grootgeword het waar taalsuiwerheid deel van hul alledaagse lewe was, waar daar ŉ waardering vir Afrikaans en sy erfenis gekweek is, en hierdie liefde kom duidelik na vore in haar interpretasie.

Die leser kom uit ŉ gesin van 4 dogters en hierdie susterlike band is vir haar baie belangrik sodat dit haar interpretasie van *Swartskaap* oorheers. Die manier waarop die broers en

susters na mekaar omsien of nie is vir haar 'n baie belangrike aspek van die verhaal. Die verhouding met ander gesinslede bepaal of die leser van 'n karakter hou al dan nie.

Die leser kan in die geval van *30 Nagte in Amsterdam* nie afstand kry van die karakter van Tante Zan nie. Dit is asof die leser haarself in die bladsye raakgelees het. Sy kon haarself met die karakter assosieer en dit het haar veral positief beïnvloed teenoor die verhaal. Die leser hou verder daarvan dat die verhaal van lesers kognitiewe inspanning vereis, sy hou daarvan om te dink en te redeneer. Sy wil nie net ŉ boek lees vir die genot nie, maar wil dink oor die boek. Die leser is ook bereid om haar eie raamwerk aan te pas, soos in die geval van die sieninge rakende Apartheid. Sy het in ŉ tydperk grootgeword waar die waarheid van Apartheid versag is en was verras om die ander kant van Apartheid te leer ken. Sy het dit tot haar eie raamwerk toegevoeg en nie net bloot verontagsaam nie.

## 4.4.9 Leser nege

Die leser se interpretasie kan soos volg beskryf word:

### 4.4.9.1 Agtergrond

Leser nege is ŉ nege-en-vyftigjarige vrou wat in Gauteng woon. Sy het verpleegkunde studeer en het in verskeie rigtings van verpleging gewerk. Sy was onder meer 'n teatersuster. Sy lees graag fiksie, biografieë, reisverhale en resepteboeke. Sy lees gemiddel 5 boeke per jaar. Die leser het nog nie voorheen van Odette Schoeman gehoor nie, maar het al van Etienne van Heerden gehoor en het selfs twee van sy ander boeke in haar boekrak. Die leser het egter nog nie hierdie boeke van Van Heerden gelees nie. Sy het die boeke al begin, maar het dit nooit voltooi nie, omdat dit volgens haar nie boeiend was na die eerste hoofstuk of twee nie. Die leser het eers *30 Nagte in Amsterdam* gelees en daarna *Swartskaap*. Sy is van mening dat *30 Nagte in Amsterdam* geen invloed gehad het op haar lesing van *Swartskaap* nie, behalwe dat *Swartskaap* heelwat makliker gelees het as *30 Nagte in Amsterdam*.

Die agtergrondinligting van Leser nege kan soos volg saamgevat word:

Tabel 42: Agtergrondinligting van leser nege

| **Agtergrondinligting van die leser** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Geslag** | **Hoogste Kwalifikasie** | **Huistaal** | **Taal van boeke gelees** | **Boeke per jaar** | **Tipe boeke** | **Boek eerste gelees** |
| 59 | Vroulik | BSc-graad | Afrikaans | Afrikaans | 5 | Fiksie, biografieë en reisverhale. | **30 Nagte in Amsterdam** |

#### 4.4.9.2 Leser se interpretasie

**a) Leser nege se interpretasie van *Swartskaap***

Hierdie leser het na aanleiding van die titel gedink dat die verhaal gaan handel oor iemand wat ŉ skande is vir haar familie is omdat die persoon nie voldoen aan die vereistes wat daardie familie aan die persoon stel nie, of iemand op wie daar gepik word. Die buiteblad het veral by die leser ŉ interessante interpretasie ontlok. Die leser het die buiteblad gesien as die uitbeelding van iemand wat op ŉ vullishoop staan met 'n voël wat aas, wat dan vir die leser 'n suggestie was van iemand wat soos vuilgoed weggegooi is.

Die komplekse gesinsamestelling was vir die leser verwarrend en sy moes gedurig terugblaai na die stamboom wat aan die begin van die boek gegee word om te onthou wie is wie se kind. Dit dra vir die leser by tot die kompleksiteit van die disfunksionele familie. Vir die leser was die stelling *"some family trees bear an enormous crop of nuts"* baie toepaslik.

Die leser het haarself tot ŉ mindere mate met Claudie se '*gestoei*' geïdentifiseer, met die konstante gesukkel met haar familie om iets van haar lewe te maak. Die leser het glad nie van die pa-karakter gehou nie, nie net oor die dade wat die pa gepleeg het nie, maar omdat hy genot daaruit gekry het en Claudie selfs daaroor terg.

Die leser het gehou van die verhaal omdat dit maklik lees en die probleme van ons tyd aanraak. Dit is volgens die leser nie ŉ sprokie nie, maar 'n uitbeelding van die werklikheid. Sy het wel opgemerk dat sy nie dink alles is fiksie nie en dat sy vermoed dat die boek tog in ŉ mate op die skrywer se lewe gebaseer is. Vanuit haar agtergrond het die leser ook daarvan gehou dat inligting oor medikasie en die ma se verslawing aan pille op ŉ insiggewende wyse oorgedra is.

Die taalgebruik was vir die leser gepas. Daar word volgens die leser gebruik gemaak van idiome en taalvorme wat nie blote plat taal is nie, maar toon dat die skrywer goeie en ryk taalgebruik reg kan gebruik vir die karakters.

Die leser het opgemerk dat die jaar waarin Claudie haar Matriek voltooi en haar geheime verblyf by die *Salvation Army* baie kortliks beskryf word, al is dit juis die hoogtepunt van die karakter se stryd en toon wat sy alles bereik. Vir die leser is dit so gedoen omdat die karakter dit in die geheim doen en daarom word dit ook nie als aan die leser vertel nie. Alhoewel die leser poog om hier betekenis aan ŉ literêre aspek te gee, is dit nie die geval nie. Dit is eerder ŉ aanduiding van die afloop van haar stryd. Die hoogtepunt is haar besluit om weg te loop en dit dan inderdaad uit te voer. Dit het dus te make met die roman se struktuur en nie met die uitbeelding van die werklikheid nie.

Vir die leser is die belangrikste temas wat in die verhaal na vore kom die van skuld en disfunksionele families. Dit is vir die leser baie belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks omdat dit baie meer plaasvind as wat daar erken wil word.

Leser nege se interpretasie van *Swartskaap* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 43: Leser nege se interpretasie van *Swartskaap*

| **Leser nege se interpretasie van *Swartskaap*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk van die buiteblad** | Dit gaan oor iemand op ŉ vullishoop en die voëls wat wag om te aas. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Gaan oor die disfunksionele familie waarin kinders geen leiding van die ouers ontvang nie. Die hoofkarakter styg egter bo die situasie uit. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het van die verhaal gehou omdat dit maklik lees en probleme van ons tyd aanraak. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Taal was vir die leser gepas in die konteks van die verhaal en sy hou veral daarvan dat daar ook van idiome gebruik gemaak word. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Identifiseer haarself met Claudie se stryd om vry te raak en 'n plek in die lewe te kry. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Die leser hou niks van die pa-karakter nie omdat hy genot uit sy foute put. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Families waar daar mishandeling plaasvind en die invloed wat dit het op kinders. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Goed, omdat dit op die werklikheid gebaseer is. |
| **Ander opmerkings** | Die leser voel dit is baie na aan die waarheid, die skrywer en fiktiewe karakter kan nie geskei word van mekaar nie. |

**b) Leser nege se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam***

Vir die leser het die verwysing na Amsterdam in die titel die assosiasie opgeroep van die Walle en prostitusie en die noem van nagte het die idee ondersteun, want vir die leser is dit opvallend en baie interessant dat daar spesifiek verwys word na nagte en nie na dae nie. Die leser het veral ŉ oog vir die kleiner detail op die buiteblad. Net soos in *Swartskaap* het sy opgemerk dat daar ŉ vrou oor die brug loop en het dit beskou as 'n prostituut wat vinnig by haar volgende kliënt moet kom. Die leser het genoem dat sy aangenaam verras was met die verhaal wat eintlik handel oor Zan en Henk in die Karoo.

Vir die leser is die roman die verhaal van Tante Zan met haar toestand van vallende siekte of epilepsie. Sy het ŉ verwarde gedagtegang wat oorgedra word in sinne sonder leestekens en baie sinonieme wat op mekaar volg. Sy is betrokke by ŉ anti-Apartheidsbeweging, en nadat sy moet vlug oor haar bydrae tot haar broer se dood, beland sy in Amsterdam waar sy

vooruitgaan. Nadat sy op haar eie sukses bereik, gaan sy terug na Suid-Afrika met die oog daarop om Henkie, haar broerskind wat sy moes agterlaat, te help om uit die groef van sy eie lewe te ontsnap. Hy moet na Amsterdam reis om sy erfporsie op te eis en deur die reis word die familiegeheime ontbloot waarna hy terugkeer na sy geliefde Suid-Afrika en sy lewe sal verander. Die leser maak gebruik van die skrywer se beskrywings van die karakters wanneer sy die verhaal vertel, soos:

*"...Henkie voetjie vir voetjie versigtige wetenskaplike..."*

Die leser het baie van die verhaal gehou, veral omdat die taal so ryk was en veral die storielyn in die Karoo het die boek vir die leser genotvol gemaak. Daar is 'n atmosfeer in die verhaal wat die leser geniet. Die beskrywings was vir die leser baie ryk en sy kon die beelde van mense en plekke waar sy nog nooit was nie, heeltemal vir haarself voorstel slegs uit die skrywer se beskrywings.

Vir die leser is daar verskeie onopgeloste aspekte in die verhaal so sy dink dat daar amper 'n opvolgboek geskryf kan word. Henk se nuwe lewe, die musiekgroep in Amsterdam en die rede waarom die huis in Amsterdam tog nie na die prokureur self toe gaan nie, al was dit oorspronklik sy pa se eiendom, word nie uitgeklaar nie.

Die leser het tot 'n mate met Henk geïdentifiseer, met sy versigtigheid in situasies en sy bangheid om te lewe. Daar was nie een spesifieke karakter waarvan die leser glad nie gehou het nie, die karakters het vir haar gepas in hul rolle.

Die leser het veral van die idiome gehou wat deur die skrywer gebruik is om dinge te bespreek, so ook Tante Zan se benamings vir mense. Sy gebruik volgens die leser amper nooit die karakters se regte name nie, maar beskrywende name wat die karakter as mens tipeer. Sy sou graag as sy die tyd het die boek weer wil lees en net al die name neerskryf wat Tante Zan aan Henkie, haar broer en aan ander karakters gee. Die name wat Tante Zan aan ander karakters gee, was vir die leser so raak en beskrywend dat die leser presies geweet het wat met wie gebeur, en hoe die ander karakters daaroor voel.

Die belangrikste tema wat vir die leser na vore kom in die verhaal is epilepsie en hoe dit hanteer word, skuld, asook die uitbundigheid van Tante Zan aan die een kant en die teruggetrokkenheid van Henk aan die ander kant. Leser nege se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam* kan soos volg saamgevat word:

Tabel 44: Leser nege se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*

| **Leser nege se interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*** | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Leser se reaksie** |
| **Die leser se eerste indruk oor die buiteblad** | Die vrou wat oor die brug loop het die leser die idee gegee van ʼn prostituut wat vinnig moet hardloop. |
| **Kort beskrywing van leser se verhaalrekonstruksie** | Tante Zan wat Henk uit sy bestaan ruk en laat wakker skrik. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die boek as geheel** | Die leser het baie van die verhaal gehou, veral van die taalrykheid, die storielyn en die goeie beskrywings. |
| **Leser se reaksie ten opsigte van die taalgebruik in die roman** | Goeie gebruik van idiome en uitstekende taal. Die leser het veral van die naamgewing gehou. |
| **Karakter waarmee die leser assosieer** | Identifiseer tot ʼn mate met Henk, sy versigtigheid en vrees om te verander. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Geen. |
| **Temas wat die leser in die verhaal raakgelees het** | Epilepsie en skuld. |
| **Gehalte van skryfwerk volgens die leser** | Sy beskou dit as uitstekende skryfwerk. Intellektueel en interessant. |
| **Ander opmerkings** | Medikasie vir epilepsie en die worsteling wat die familie daarmee het. |

### c) Ander aspekte van interpretasie

Vir die leser is die belangrikste aspekte waarvan sy hou in ʼn boek die skryfstyl en die karakters.

Die leser voel dat die karakter van Claudie ontwikkel van die klein dogtertjie, wat wag dat iemand haar help, tot ʼn sterk dame wat in ʼn vulstasie verklee om haar matriek op haar eie te voltooi, sonder hulp van enige iemand. Sy neem verantwoordelikheid vir haar eie toekoms. Hierdie ontwikkeling is ook vir die leser belangrik omdat sy as kind nie geweet het wat molestering is nie en nie daaroor gepraat het nie en ook drank probeer drink het toe sy in die koshuis was, maar soos sy ouer geword en tot ʼn sterker karakter ontwikkel het, nie meer dinge net aanvaar het nie.

> *"So sy ontwikkel, toe het sy eerder kans gesien vir die onbekende en die onmoontlike as om haar weer te onderwerp daaraan"*

### d) Leser se siening aangaande resensies

Die leser lees nie regtig resensies nie, omdat hulle vir haar ontoeganklik is. Die leser koop nie die koerante of tydskrifte waarin resensies gewoonlik voorkom nie. Sy koop meestal haar boeke aan op die internet-gebaseerde boekwinkel kalahari.net. Sy voel egter dat die beskrywing wat daar gegee word van boeke nie doeltreffend is om daadwerklik ʼn ingeligte besluit te kan maak oor boeke nie. Die leser gaan steeds eers na winkels soos CNA om die

agterblad van die boek te lees, voordat sy besluit of sy die boek sal aankoop, juis omdat boeke baie duur is vir die leser.

Die ander aspekte van interpretasie volgens Leser nege kan soos volg saamgevat word:

Tabel 45: Ander aspekte van Interpretasie van Leser nege

| **Ander aspekte van interpretasie** | | | |
|---|---|---|---|
| **Resensies** | | **Karakterontwikkeling** | |
| **Lees die leser resensies** | **Tekortkominge** | ***Swartskaap*** | ***30 Nagte in Amsterdam*** |
| Lees nie resensies nie. Nie toegang daartoe nie. | Beskrywings is nie doeltreffend nie. Dit sê te min en is slegs die persoon se opinie, nie 'n werklike beskrywing nie. | Claudie ontwikkel vir die leser tot 'n sterk karakter wat probleme kan hanteer. | Henk en Tante Zan verander ook vir die leser, albei ontwikkel tot vollediger mense. |

**e) Leser se vergelykende interpretasie tussen die twee verhale**

Vir die leser is die grootste verskil tussen die twee boeke dat die een hartseer is en die ander vol energie. In *30 Nagte in Amsterdam* staan die ruimte van die Pienaars se plaas naby Graaff-Reinet, waar die leser se pa draad gaan aankoop het, baie uit, omdat sy as kind op die plaas gaan kuier het. Die leser kon die ruimtes herskep vanuit haar eie agtergrond en dit voor haar sien. Hieruit kan daar werklik gesien word dat die leser ruimtes vanuit haar agtergrond voorstel waar ander lesers nie eers die ruimte genoem het nie. Amsterdam het haar ook geboei omdat sy daarheen wil gaan. In *Swartskaap* is dit vir die leser ook die Oos-Rand wat duidelik herkenbaar is.

Alhoewel *Swartskaap* nie die leser se verwysingsraamwerk verbreed het nie, het *30 Nagte in Amsterdam* haar 'wese' verbreed. Dit het die leser lus gemaak om dinge te doen en plekke te besoek.

> *"Dat ek al begin dink het wat help dit ek het hierdie energie hier in my binneste, julle moet my vashou."*

Vir die leser is daar nie ooglopende ooreenkomste tussen die boeke nie en moet hul eerder as afsonderlike entiteite gesien word. Sy merk egter op dat die tema van skande en die feit dat daar nie uitgepraat word daaroor nie in albei verhale voorkom. So ook word die kwessie van patologie in albei verhale aangeraak.

Leser nege se opmerkings ten opsigte van die vergelykende aspekte tussen die twee verhale kan soos volg saamgevat word:

Tabel 46: Leser nege se vergelykende aspekte tussen die twee verhale

| Vergelykende aspekte tussen die twee verhale | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | **Skep van ruimte** | **Skep van karakters** | **Verteller** | **Tyd** |
| Die een boek is hartseer en die ander is vol energie. | Leser skep ruimtes uit dit wat vir haar bekend is, waar sy al was. | Leser skep karakters vanuit mense wat sy ken. | Leser het beide boeke se verteller gepas gevind. | Speel nie by die leser 'n rol nie. |

**f) Navorser se opmerkings aangaande leser se interpretasie**

Net soos in die geval van die ander twee lesers wat vanuit 'n mediese agtergrond kom, het die mediese agtergrond van die leser haar laat fokus op medikasie en patologie en hoe dit in beide verhale uitgebeeld word. Wat die leser in die verhale raaklees, is duidelik beïnvloed deur haar agtergrond.

Die leser is baie meer visueel ingestel en het veral die fyner detail van beide boeke se buiteblaaie raakgesien. Sy het betekenis daaraan probeer heg wat ander lesers nie gedoen het nie. Sy is 'n meer ervare leser, want sy soek betekenis in dit wat vertel word en let op na hoe daar vertel word. In die geval van *Swartskaap,* waar baie min verteltеks aan Claudie se matriekjaar afgestaan word, het die leser gewonder waarom dit is. Sy het ook aandag gegee aan die afwisselende vertelstyl in opeenvolgende hoofstukke en die spel met naamgewing in *30 Nagte in Amsterdam*.

Die leser skep beelde en karakters vanuit haar agtergrond en dink oor die verhale. Sy is 'n intellektuele leser wat die verhale kognitief probeer ontsluit.

## 4.5 Vergelykende analise

Die data soos verwerk in die tematiese analise is gebruik vir die vergelykende analise. Soos deur Bailey (2007:155) voorgestel, word die lesers se interpretasie een vir een bygevoeg by die vorige onderhoud en word daarna met mekaar vergelyk. Hierdie vergelykings word in tabelvorm aangebied om makliker te kan sien hoe verskillend die onderskeie lesers die boeke interpreteer en analiseer. Daar kan op die wyse baie maklik ooreenkomste en verskille in die lesers se interpretasies uitgewys word.

Hierdie vergelyking kan soos volg in tabelvorm voorgestel word:

**Tabel 47: Algemene agtergrond**

| Kriteria | Leser een | Leser twee | Leser drie | Leser vier | Leser vyf | Leser ses | Leser sewe | Leser agt | Leser nege |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | 25 | 25 | 26 | 30 | 35 | 47 | 50 | 56 | 59 |
| **Geslag** | Vroulik | Vroulik | Vroulik | Vroulik | Vroulik | Vroulik | Vroulik | Vroulik | Vroulik |
| **Hoogste Kwalifikasie** | MSc | Honneurs | Honneurs | BA-Graad | BSc-graad | MEd | Diploma | Hoërskool | BSc-graad |
| **Huistaal** | Afrikaans | Afrikaans | Engels | Afrikaans/Engels | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| **Taal boeke wat leser lees** | Afrikaans, minder Engels | 70% Engels, Afrikaans minder | Engels en Afrikaans baie min | Engels, Afrikaans heelwat minder | Afrikaans | Afrikaans en Engels | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| **Boeke per jaar** | 3 | 12 | 6 | 14 | 5 | 104 | 24 | 12 | 5 |
| **Tipe boeke** | Fiksie en Fantasie | Op Werklikheid gebaseer | Fikse en biografieë | Fiksie gebaseer op feite | Christelik en Fiksie | Fiksie en Christelike boeke | Liefdesverhale en Christelik | Fiksie, Christelik en Natuur | Fiksie, biografieë en reisverhale |
| **Boek wat eerste gelees is** | *Swartskaap* | *Swartskaap* | *Swartskaap* | *30 Nagte in Amsterdam* | *Swartskaap* | *Swartskaap* | *Swartskaap* | *30 Nagte in Amsterdam* | *30 Nagte in Amsterdam* |

**Tabel 48: Interpretasie: *Swartskaap***

| Kriteria | Leser een | Leser twee | Leser drie | Leser vier | Leser vyf | Leser ses | Leser sewe | Leser agt | Leser nege |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Lesers se reaksie oor die titel van die boek** | Buite-staander. | Buite-staander. | Persoon wat nie deel is nie. | Uitgeworpene. | Beeld van ’n moeilikheid-maker | Persoon wat altyd aan die kortste end trek. | Iemand wat kon-stant ge-kelder word. | Uitgeworpene en iemand waarop daar gepik word. | Iemand wat die skande is van die fami-lie. |
| **Lesers se reaksie oor die buiteblad van die boek** | Donker. | Donker, hart-seer en alleen. | Interessant en verskriklik. | Kind wat soek na iets. | Geen indruk gelaat nie, kan dit nie onthou nie. | Nie duidelike opinie nie, tog prostitute. | Figuur wat alleen staan, al-leen agter-gelaat. | Verlore siel wat alleen staan. | Iemand op ’n vullishoop en die voëls wat wag om te aas. |
| **Kort beskrywing van die verhaal deur die lesers** | Iemand uit spesifieke tipe huis, wat ver-werp word en iets van haar lewe maak. | Familie met te veel kinders, en die ouers kan nie na hul omsien nie. Manier wat kind uit situa-sie kom. | Swerwer fami-lie, ’n ma wat konstant in ’n nuwe verhou-ding is. Sy manipuleer ander. Die dogter kom uit die situasie en maak iets van haar lewe. | Gaan vir die leser oor ’n jong meisie wat uit moeili-ke huislike omstandighe-de iets van haar lewe maak. | Meisie wat in ’n gesin is waar die een nood-lottige ding na die ander ge-beur. | Familie wat saamkom en Claudie wat terugdink aan haar kinder-dae. Sy is aan-pasbaar by haar omstan-dighede en maak iets van haar lewe. | Opstaan van ’n ka-rakter na-dat sy mis-handel is. Ten spyte van als wat haar ouers gedoen het, het sy hul steeds lief. | ’n Deurmekaar en onstabiele familie waar Claudie uitstyg uit haar om-standighede en iets van haar eie lewe maak. | Gaan oor die deurmekaar familie met omtrent geen ouerleiding nie en die karak-ter wat uit die situasie uitstyg en iets maak van haar lewe. |
| **Lesers se reaksie op die boeke** | Leser het van die boek ge-hou, herinner haar aan haar kinderdae. | Het van die boek gehou. Dit beskryf die werklikheid. | Het van die boek gehou. ’n Komplekse familie na aan haar eie. | Het nie van die verhaal gehou nie, beskou dit as afgewater. | Het van die verhaal gehou, dit is positief. | Leser het van die verhaal gehou omdat dit baie realis-ties is. | Het van die verhaal gehou, was vir leser ’n persoonlike reis. | Leser het van die verhaal gehou omdat die verhaal vir haar eg is. | Leser het van die verhaal gehou, dit lees maklik en raak probleme van ons tyd aan. |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Leser se reaksie aangaande die taal in die boeke** | Taal is eenvoudig en lees maklik. | Taal is gepas in die konteks van verhaal en lees maklik. | Taal is maklik leesbaar en gepas in die konteks van die verhaal. | Taal is gepas in die konteks van verhaal. Is swakker Afrikaans volgens die leser. | Die kru taal was walglik vir die leser. Erken mense praat dalk so, maar wil dit nie lees nie. | Taal is gepas in die konteks van die verhaal en maak situasie geloofwaardig. | Taal is gepas in die konteks van die verhaal en maklik leesbaar. | Die taal is gepas in die konteks van die verhaal en groei saam met die karakter. | Taal was vir die leser gepas in die konteks en daar word idiome gebruik. |
| **Met watter karakter het die leser geassosieer** | Claudie, leser redeneer en voel soos die karakter. | Claudie, die manier hoe die karakter uit haar situasie kom. | Geen. | Geen. | Die onderwyseres wat Claudie help. | Slegs met sekere aspekte van Claudie. Die feit dat sy beskermend is teenoor ander. | Claudie, leser het ook sommige omstandighede in haar eie lewe ervaar. | Geen | Identifiseer haarself met Claudie se stoei om te lewe en plek te kry. |
| **Karakter waarvan leser niks gehou het nie** | Ma-karakter, omdat sy ander manipuleer. | Beide die ma- en pa-karakters. Hul toon nie insig in dit wat hul aan hul kinder doen nie. | Ma-karakter. Sy beskou dit nie soos ’n ma, veral soos haar eie ma was, moet wees nie. | Die pa-karakter, omdat hy volgens die leser heeltyd teruggaan na sy slegte gewoontes. | Die pa-karakter, omdat hy teruggegaan het na sy slegte gewoontes. | Die ma-karakter, omdat sy kinders kwalik neem vir haar lewe. | Ma-karakter, herinner haar aan eie huis en leser gril vir die pa. | Alfie, die broer wat nie uitkyk vir sy broers en susters nie. | Hou niks van die pa-karakter nie omdat hy genot uit sy foute geput het. |
| **Temas wat vir die leser na vore kom in die boeke** | Hoe sleg dit met mense kan gaan. | Gebroke gesinne en die invloed van familie op hede. | Die aanhouer sal wen. | Gesinsgeweld en die kettingreaksie wat huisomstandighede op mense het vir geslagte. | Mishandeling, beide fisies en emosioneel. | Verwerping, en groei op fisiese, geestelike en emosionele vlak. | Mishandeling en die ontkenning daarvan in ons samelewing. | Rol van ’n disfunksionele familie omdat dit baie voorkom. | Families waar daar mishandeling plaasvind en die invloed wat dit het op die kinders. |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Gehalte van die skryfwerk volgens die lesers** | Goeie gehalte. Beskryf die werklikheid. | Goeie gehalte, dit lees maklik en beskryf die werklikheid. | Goeie gehalte omdat dit die werklikheid beskryf. | Nie goeie gehalte nie, maar lees tog maklik. | Goeie gehalte omdat dit 'n verskil kan maak en maklik lees. | Goeie gehalte, omdat die einde tog verrassend is en die leser betrokke gehou word. | Goeie gehalte, dit is netjies aanmekaargesit, vertel net wat vertel moet word. | Goeie gehalte omdat dit tot die werklikheid spreek. | Goeie gehalte, omdat dit op die werklikheid gebaseer is. |
| **Ander opmerkings wat die lesers gemaak het** | Nie fiksie nie maar die skrywer se verhaal. | Geen. | Vind verhaal biografies. | Genesende rol wat diere vir kinders kan speel en kon nie die skrywer van verhaal skei nie. | Verwysingsraamwerk is verbreed. Het in 'n kokon grootgeword en leer ander kant ken in die boek. | Geen. | Geen. | Soos die hoofkarakter ouer word ontwikkel die manier hoe sy goed beskryf ook. | Voel die boek is baie na aan die waarheid, die skrywer en fiktiewe karakter kan nie geskei word nie. |

**Tabel 49: Interpretasie:** ***30 Nagte in Amsterdam***

| Kriteria | Leser een | Leser twee | Leser drie | Leser vier | Leser vyf | Leser ses | Leser sewe | Leser agt | Leser nege |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Lesers se reaksie oor die titel van die boek** | Iemand wat *30 Nagte in Amsterdam* is. | Amsterdam, die stad. | Die prostitusie wat openlik in Amsterdam bedryf word. | ’n Reis na Amsterdam. | ’n Reis na Amsterdam en die leser het die dae afgetel. | ’n Tydperk in Amsterdam. | ’n Bepaalde tydperk in Amsterdam. | Die stad Amsterdam. | Nagte in die titel het die idee van Walle en prostitute na vore gebring. |
| **Lesers se reaksie oor die buiteblad van die boek** | Liggies en prostitusie. | Het die leser laat dink aan partytjie en lekker tye in Amsterdam. | Afrikaanse buiteblad het die leser laat dink aan partytjie, waar Engelse een ’n dooie idee gegee het. | Nagklubs en foto agter het belangstelling gewek by die leser. | Die foto het haar opgeval, en veral dat dit toegeverf word in die boek. | Leser sien simboliek in die wit en swart. Die donkerte wat in die verhaal na vore kom. | Leser kon nie die buiteblad herroep nie. | Idee van waletjies en prostitute. | Vrou wat vinnig oor die brug hardloop, prostitusie. |
| **Kort beskrywing van die verhaal deur die lesers** | Gaan oor Henk wat huis erf in Amsterdam en daar verskeie geheime ontdek. | Verhaal van Henk in ’n museum wat na Amsterdam moet gaan en wat dan daar met die karakter gebeur. | Twee verhale vir die leser. Die van Henk en Tante Zan wat hul verlede ondersoek met Henk se aankoms in Amsterdam. | Vervelige Henk wat verander wanneer hy sy eksentrieke Tante ontmoet en familiegeheime ontdek. | Twee verhale. Die van Henk en Tante Zan in die verlede en hede en die oplos van familiegeheime. | Henk wat ’n brief uit Nederland kry en reis om sy erfporsie op te eis. Daar leer hy sy werklike Tante Zan ken. | Henk wat iets erf en daarvoor na Amsterdam gaan waar dit meer gaan oor Tante Zan se geskiedenis as enige iets anders. | Verhaal gaan oor Zan wat teen Apartheid veg en later probeer help dat Henk sy lewe kan begin leef deur hom na Amsterdam te lok. | Tante Zan met haar vallende siekte en deurmekaar gedagtes wat Henk uit sy bestaan ruk en wakker laat skrik. Sy leer hom van sy familie. |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Lesers se reaksie op die boeke** | Leser het nie van die boek gehou nie, beskou dit as eksplisiet onnodig. | Tot 'n mindere mate van die boek gehou, dit lees moeilik en is langdradig. | Tot op 'n punt van die boek gehou, die einde was teleurstellend. | Het van die boek gehou om verskeie redes. Beskrywings, intrige, omtrent als. | Nie 'n definitiewe ja of nee of leser van boek gehou het nie. Het moeilik gelees, maar is tog 'n goeie storie. | Het nie van die boek gehou nie. Is teleurstellend en walglik teenoor vorige uitstekende boeke. | Het glad nie van die boek gehou nie. Verskeie redes soos vervat in leser se analise. | Leser het baie van die boek gehou. Dit was verrassend en interessant, veral die taal. | Leser het baie van die boek gehou. Veral die taalrykheid en storielyn. Goeie beskrywings in die boek. |
| **Leser se reaksie aangaande die taal in die boeke** | Taal is te beskrywend en moeilik. | Taal is baie moeilik, betekenis in konteks ontgin, nie in die woorde nie. | Afrikaans is baie moeilik, selfs die Engels is baie beskrywend en moeilik om te lees. | Taal is uitstekend, veral omdat die leser deur die beskrywings ingetrek word. | Taal was onnodig eksplisiet en die leser het nie die betekenis van alle woorde geken nie. | Die sinskonstruksie was steurend vir die leser. Taal was te beskrywend, dit laat die verhaal sloer. | Taal was uiters moeilik ongestruktureerd en langdradig. | Uitstekend, die karakters word deur taal uitgebeeld. Baie Goeie benamings. | Gebruik van idiome en uitstekende taal, naamgewing en beskrywings is vir die leser veral uitstekend. |
| **Met watter karakter het die leser geassosieer** | Met die Engelse ma-karakter, sy word ingesluk deur familie, en trek altyd aan die kortste end. | Geen. | Slegs sekere aspekte van Henk, soos om nie kanse te vat nie. | Engelse ma Enid, uit agtergrond omdat leser ook sukkel om twee kulture te balanseer. Identifiseer ook met die De Melker-familie. | Ma Olivier wat alles organiseer en in beheer van als en almal wil wees. | Nie geassosieer met 'n karakter nie, maar het deernis met Ma Olivier omdat haar kinders opfoeter en haar alleen los. | Geen assosiasie nie, al die karakters het die leser meer gewalg as iets anders. | Met Tante Zan, leser voel sy is ook impulsief en reg vir enige ding soos Tante Zan. | Identifiseer tot 'n mate met Henk, sy versigtigheid en bang om te verander. |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Karakter waar-van leser niks gehou het nie** | Henk omdat hy 'n pateet en lafaard is. | Ma Olivier omdat sy voorgee. | Henk, sy be-skou hom as 'n pateet wat skuldig voel oor als. | Henk, omdat hy pateties is en sy self amper die beroep gevolg het. | Polisieman wat Tante Zan optel met haar besoek aan Suid-Afrika. Hy is 'n patetiese karakter. | Hou niks van Ma Olivier nie, omdat sy haar kinders van identiteit ont-neem. | Nie net van een karakter nie, maar eerder van almal. | Geen. | Geen. |
| **Temas wat vir die leser na vore kom in die boeke** | Politiek en sielkundige toestand van Tante Zan. | Skuld en geheime. | Lojaliteit. | Voorgee. Om andersheid te verwerp. Die verlede wat hede bepaal, Apartheid en die impak wat reis op 'n per-soon kan hê. | Politiek | Soeke na iden-titeit en wie en wat jou familie werklik is. | Geen definitiewe antwoord word gegee nie, maar uit onderhoud kan afleiding gemaak word vir skuld. | Die geheime van familie en die aansienli-ke Afrikaner. | Epilepsie, skuld en die teenstel-ling van uitbun-digheid en terug-getrokkenheid aan die ander kant. |
| **Gehalte van die skryfwerk volgens die lesers** | Letterkundig van goeie gehalte, maar nie vir alle lesers bedoel nie. | Huiwerende antwoord dat dit van goeie gehalte is, maar nie vir alle lesers bedoel nie. | Tot 'n mate van goeie gehalte, moes net anders ge-ëindig het. Leser voel die worsteling was vir niks. | Was van goeie gehalte. Inte-ressant, intel-lektueel, en goeie beskry-wings. Min skrywers in sy klas. | Goeie gehal-te, maar nie vir elke leser nie. Taalge-wys beter as *Swartskaap*. | Nie van goeie gehalte nie omdat daar nie iets is wat die leser bind nie. Was 'n wroe-ging vir die leser. | Nie van goeie gehalte nie, dit was vir die leser nonsens. | Uiters goeie skryfwerk. Beskrywing blatant en tog werklik. | Sy beskou dit as uitstekende skryfwerk. Intel-lektueel en inte-ressant. |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ander opmerkings wat die lesers gemaak het** | Snaakse band tussen Tante Zan en Henk. | Tante Zan en medikasie. Hoekom word haar aanvalle nie beheer in Suid-Afrika nie? | Kultuur, leser het geen skakel met De Melker-van nie. | Die Van Gogh-verwysing. Het tekening wat deur hom gemaak is in die familie. | Tante Zan soek patetiese karakters uit. Leser veral geïnteresseer in Tante Zan se kankergesig. | Die konsep van Apartheid en Afrikaner nie waar nie. Mense het 'n wanindruk volgens die leser. | Geen. | Geen. | Medikasie vir epilepsie en die worsteling wat die familie daarmee het. |

**Tabel 50: Leser se siening aangaande resensies**

| Kriteria | Leser een | Leser twee | Leser drie | Leser vier | Leser vyf | Leser ses | Leser sewe | Leser agt | Leser nege |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Lees die leser resensies?** | Nee, dit irriteer en verveel haar. | Nee, leser het nie toegang daartoe nie. | Leser lees graag resensies. | Leser lees nie graag resensies nie. | Leser lees nie resensies nie. | Lees graag resensies as sy die kans kry. | Leser lees nie resensies nie. | Leser lees-graag resensies | Leser lees nie resensies nie, het nie toegang daartoe nie. |
| **Tekortkominge** | Dit gee misleidende inligting volgens die leser. | Bevat nie genoegsame inligting vir die leser nie en is slegs resensent se opinie. | Leser vind dit subjektief en gee nie ’n werklike refleksie nie, slegs die resensent se opinie. | Gee nie genoegsame inligting vir die leser nie en is slegs resensent se opinie. Is subjektief volgens die leser. | Dit gee net die resensent se opinie. Leser aanvaar nie sommer hul diskresie nie. | Sê nie baie vir die leser nie. Is oppervlakkig en resensent se opinie. Boeke is duur en sal nie boek na aanleiding van ’n resensie koop nie. | Voel daar moet waarskuwings gegee word, veral soos in die geval van beide hierdie boeke. | Leser voel dit is slegs ’n persepsie, resensente is nie objektief vir die leser nie. | Sê te min en is slegs die resensent se opinie, nie ’n werklike beskrywing van die boek nie. |

**Tabel 51: Ander aspekte van interpretasie**

| Kriteria | Leser een | Leser twee | Leser drie | Leser vier | Leser vyf | Leser ses | Leser sewe | Leser agt | Leser nege |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Karakterontwikkeling** | | | | | | | | | |
| ***Swartskaap*** | Claudie verander tot 'n mate, sy maak iets van haar lewe. | Claudie verander, sy maak iets van haar lewe ten spyte van haar agtergrond. | Claudie verander nie vir die leser nie. Slegs natuurlike grootwordaspekte. | Claudie verander nie vir die leser nie. | Claudie verander baie vir die leser. Sy maak iets van haar lewe en gooi die slegte weg. | Claudie verander nie vir die leser nie, sy word slegs groot. | Claudie groei nie vir die leser nie. Sy word slegs groot vir die leser. | Claudie verander vir die leser. Sy doen matriek op 'n merkwaardige wyse, sy groei daartoe. | Claudie ontwikkel vir die leser tot 'n sterk karakter wat dinge kan aanvat. |
| ***30 Nagte in Amsterdam*** | Henk verander glad nie vir die leser nie. Hy word eerder nog slegter. | Henk verander, hy beweeg uit die museumopset. | Henk verander glad nie vir die leser nie. Hy moes in Amsterdam gebly het. | Henk verander opmerkbaar vir die leser. Hy verander na iemand wat waag. | Henk verander vir leser, so ook Tante Zan, albei word mens. | Henk groei nie vir leser nie, hy vind nooit sy eie identiteit nie. | Henk groei wel, maar voel dit moes vertel word. | Henkie groei vir die karakter tot Henk. Hy word mens. | Henk en Tante Zan verander vir die leser, elk word werklik mens. |

**Tabel 52: Vergelykende Aspekte: Estetiese aard van aanbieding**

| Kriteria | Leser een | Leser twee | Leser drie | Leser vier | Leser vyf | Leser ses | Leser sewe | Leser agt | Leser nege |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Verskil tussen verhale** | Een boek is realisties, die ander een is beskrywend. | Moeilikheids-graad van die boeke en ka-rakters se smag na sta-tus. | Die aanbie-ding ten opsigte van tyd. | Verskeie ver-skille, sien bl. 112. | Hoe die verha-le vertel word. Een storielyn teenoor twee in *30 Nagte in Amsterdam*. | Dit is vir die leser totaal twee ver-skillende genres. | Een word e-mosioneel vertel, waar die ander af-sydig is vir die leser. | Die taalge-bruik, die een was digterlik en die ander algemene gebruikstaal. | Die een boek is hartseer en die ander is vol energie vir die leser. |
| **Skep van ruimte** | Leser skep ruimtes vanuit bekende emo-sies. | Leser skep ruimtes uit dit wat bekend is en waar sy al was. | Leser skep ruimtes uit dit wat be-kend is, soos Graaff-Reinet waar sy al was. | Leser skep ruimtes uit dit wat bekend is aan die leser, plaasskool en die huis van die De Mel-kers. | Skep die ruim-tes vanuit dit wat aan haar bekend is. Die huis van Ma Olivier in *30 Nagte in Am-sterdam* en koshuis in *Swartskaap*. | Skep die ruimtes uit dit wat vir haar bekend is. Karoo en Oos-Rand waar sy al was. | Leser skep die ruimtes vanuit haar emosio-nele agter-grond. Hoe die plekke voel. | Leser skep ruimte van-uit haar ag-tergrond, plekke waar sy al was. | Leser skep ruimtes uit dit wat vir haar bekend is, waar sy al was. |
| **Skep van karak-ters** | Hou nie daar-van as karak-tereienskappe weggesteek word nie. | Hou daarvan dat die karakter voor die handliggend beskryf word. | Leser skep karakters uit die beskry-wings, *30 Nagte in Amsterdam* was beter. | Skep die ka-rakters uit beskrywings, *30 Nagte in Amsterdam* was beter vir die leser | Skep karakters uit mense wat sy ken en die beskrywings in die boek. | Skep karakters uit mense wat aan haar bekend is en beskrywings in die boek. | Leser skep karakters uit hoe sy oor hul voel en nie hoe hul lyk en optree nie. | Leser skep die karakters na aanleiding van mense wat sy ken. | Leser skep karakters vanuit men-se wat sy ken. |
| **Verteller** | Leser hou van 'n ek-verteller. | Leser hou van 'n ek-verteller. | Leser hou van 'n karak-tergebonde verteller. | Leser hou meer van al-omteenwoor-dige verteller. | Leser hou van 'n ek-verteller. Dit maak die verhaal meer | Speel nie vir die leser 'n rol nie, kan enige vertel-ler wees. | Leser hou van die ek-verteller in *Swartskaap*. | Leser het beide boeke se verteller gepas ge- | Leser het beide boeke se versteller gepas ge- |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | werklik. | | | vind. | vind. |
| **Tyd** | Speel nie by leser 'n rol nie. | Leser hou meer van chronologiese verhale. | Speel nie by leser 'n rol nie. | Hou van nie-chronologiese verhaal, laat die leser dink. | Speel nie by die leser 'n rol nie. | Speel nie by die leser 'n rol nie. | Speel nie by die leser 'n rol nie. | Leser hou van die intel-lek wat *30 Nagte in Amsterdam* vereis het, maar het nie 'n spesifieke vereiste nie. | Speel nie by die leser 'n rol nie. |

## 4.7 Samevatting

Daar kan duidelik uit die bogenoemde analise van die lesers se lesing gesien word dat die onderskeie lesers die verhale verskillend gelees en ontvang het as gevolg van verskeie redes soos vervat in die opmerkings van elke leser se interpretasie. Sommige lesers het die lesings van die boeke genotvol gevind, veral in die geval van *Swartskaap*, maar *30 Nagte in Amsterdam* het uiteenlopende reaksies by die onderskeie lesers gekry. Dit kan moontlik juis wees omdat die verhaal meer intellektuele inspanning van die lesers vereis en lesers dink baie meer oor die teks. Hulle analiseer die teks, verhaal, karakters en hul optrede baie meer, daarom lewer die lesers ŉ dieper interpretasie van die teks. Dit teks vereis ŉ kognitiewe benadering van dink en uitpluis. Tog wil dit blyk dat die meeste lesers nie hiervan hou nie, maar meer daarvan hou as ŉ verhaal sonder moeilike verwikkelings aan hul gegee word.

Dit is egter nie net die verhaal wat ŉ rol speel nie, maar selfs die leser se eerste beoordeling van die titel en buiteblad. Verskeie lesers het erken dat die buiteblad sal bepaal of hulle ŉ boek sal lees of nie, so ook die leser se persepsie oor die skrywer se oeuvre. In Odette Schoeman se geval het nie enige leser al van haar gehoor nie, maar in die geval van Etienne van Heerden is hy beoordeel ten opsigte van sy vorige werk, en dinge wat hulle al van die skrywer gehoor het.

Dit was opvallend hoe lesers ruimtes en karakters skep, hierdie kognitiewe skepping bepaal onder andere of die leser die boek genotvol sal vind of nie. So ook die karakter waarmee die leser identifiseer en niks van hou nie. In die meeste gevalle was dit mense in hul eie lewe waarvan hulle nie hou nie, of iets wat aan die persoon gedoen is toe hulle self grootgeword het. Die lees van ŉ teks sal nooit van die leser se persoonlike lewe geskei kan word nie. Hulle is twee entiteite maar hulle beïnvloed mekaar gedurig in die leesproses.

Dit het ook na vore gekom dat lesers voel dat resensies nie genoegsame inligting gee aangaande boeke nie en dat die benadering tot resensies moontlik moet verander om voorsiening te maak vir die individuele leser se interpretasie van die teks.

Hierdie analise sal breedvoerig in Hoofstuk 5 bespreek word.

# HOOFSTUK 5 – GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

## 5.1 Inleiding

In hierdie studie is nege lesers gevra om ’n resente populêre en ’n resente meer literêre werk te lees. Nadat die lesers die boeke klaar gelees het, is een-tot-een onderhoude (met die uitsonderding van twee lesers) met elke leser gevoer met die oog daarop om ondersoek in te stel na die manier waarop hulle gelees het en waarop hulle die tekste geïnterpreteer het. Die doel hiervan was om vas te stel of die teoretiese uitsprake oor interpretasie, begrip en evaluering van tekste soos uiteengesit in die resepsie-teorie en veral die kognitiewe narratologie geldig is, en of hierdie teoretiese uitsprake lig kan werp op die lesings van die tekste deur die respondente in die ondersoek. Die lesers is nié literêre kenners nie, maar gewone lesers wat in baie opsigte as naïewe lesers beskou kan word.

Tydens die proses waar lesers gevra is om die tekste te lees, is daar verskeie mans gevra om die tekste te lees, maar die meeste wou glad nie saamwerk nie. Die drie mans wat wel ingestem het om aan die ondersoek deel te neem, het nie die boeke voltooi nie. Hulle moes noodgedwonge uit die studie gelaat word omdat dit te veel tyd sou neem om te wag dat hierdie lesers die boeke klaar lees. Of hierdie onbereidwilligheid ’n kenmerk van die tipiese mansleser is, of bloot net toevallig, is ’n oop vraag. Die vrouens was baie meer toeganklik en het die boeke met groot ywer gelees binne die gegewe tyd.

Dit is uit die studie duidelik dat al die aspekte wat in die ondersoek betrek is, agtergrond, opleiding en verwysingsraamwerk, ’n beduidende rol speel in die interpretasie van die tekste. Alhoewel sommige lesers dieselfde menings oor sekere aspekte van die romans het, is daar duidelike verskille tussen die reaksies en interpretasies van die lesers. Hieruit kan 'n mens aflei dat die aspekte wat ondersoek is, naamlik agtergrond, opleiding en verwysingsraamwerk, nie as onbeduidend beskou kan word in die interpretasie van ’n boek nie.

Die navorsingsvrae soos in Hoofstuk 1 uiteengesit kan soos volg beantwoord word na afloop van die studie.

## 5.2 Kognitiewe aspekte van die resepsie-teorie as interpreteringsmetode

Dit het duidelik uit die studie na vore gekom dat die resepsie-estetika steeds, indien nie meer nie, relevant is om huidige prosesse van lees en interpreteer te verstaan. Die nege lesers het die tekste verskillend benader en verskillend verstaan. Die verskille het nie net te make met die verhaalverloop nie, maar gaan veral oor die dieper betekenis wat ontgin kon

word in die onderskeie verhale. Sekere lesers het bepaalde aspekte in die tekste raakgelees, waar ander lesers heeltemal óór dieselfde aspekte heen gelees het.

Die insigte van die resepsie-estetika en die insigte uit die kognitiewe paradigma kan gebruik word om die lesers se interpretasie te verstaan deur na elke leser se interpretasie afsonderlik te kyk. Dit is veral belangrik ten opsigte van wat die lesers uit die storie haal as die kernaspekte of kernbetekenisse van die romans. Sekere lesers sal slegs die storie self lees, vanaf punt A tot punt Z en in die geval van *30 Nagte in Amsterdam* het die skryfstyl hierdie lesers dadelik geïrriteer. Die feit dat hulle nie die storie kon lees van A tot Z nie, maar kognitief die storie moes herskep in hulle eie gedagtes het in baie gevalle daartoe bygedra dat van die lesers betrokke by die studie nie van die boek gehou het nie.

### 5.2.1 Lesers se agtergrond, kennisraamwerk en oortuigings

Hierdie ondersoek is onderneem om vas te stel watter rol die lesers se agtergrond, kennisraamwerke en oortuigings in die verstaan en waardering van ŉ teks speel. Vervolgens bespreek die navorser enkele opvallende aspekte van die invloed van agtergrond en opvoeding op die leesproses by hierdie spesifieke groep lesers.

Die meeste lesers het ten opsigte van *Swartskaap* dieselfde interpretasie en gevoel oor die boek gehad. Daar was slegs een leser wat glad nie van die teks gehou het nie, omdat sy dit as afgewater, dus flou en onoortuigend, beskou het. Behalwe vir hierdie leser het die ander lesers die teks positief beoordeel. Die lesers het die teks verstaan en geïnterpreteer as die verhaal van Claudie wat bo haar omstandighede uitstyg om iets van haar eie lewe te maak. Die dieper waardering vir die teks berus egter wel in 'n groot mate op die lesers se agtergrond, kennisraamwerk en oortuigings. Verskeie lesers wat meer beskermd grootgeword het en wat nog nie regtig met werklik ernstige armoede of met families met omstandighede, soos beskryf in die boek, in aanraking gekom het nie, voel dat die boek hulle deernis met mense in daardie situasie gegee het. Lesers twee, drie en vyf wat in hul werksomstandighede met mense vanuit soortgelyke agtergronde te doen kry, het juis die karakters se situasie verstaan en het meer waardering gehad vir dit wat Claudie bereik het. Een leser (leser agt) wat onlangs met so 'n familie te make gehad het, het besonder simpatiek op die boek gereageer.

Leser sewe wat volgens haar eie erkenning moeilik grootgeword het, het veral deernis met die kinders wat in so 'n situasie is en nie daaruit kan kom nie. Vir die lesers wat nie noodwendig daagliks daarmee gekonfronteer word nie, is hulle uitkyk verbreed om mense

uit sulke situasies beter te verstaan en hulself in daardie soort situasie in te leef, juis omdat die boek, soos deur al die lesers erken, die werklikheid oortuigend uitbeeld.

In die geval van *30 Nagte in Amsterdam* het hierdie aspek ook duidelik na vore gekom. Die lesers het nogal deurgaans gevoel dat hul meer oor Apartheid, en die betrokkenheid van wit mense soos Tante Zan daarby, geleer het. Behalwe leser vier wat 'n bietjie meer kennis van die politiek dra, het die meeste lesers dit interessant gevind om hierdie kant van Apartheid te leer ken. Die agtergrond van die leser speel verder ŉ beduidende rol in die leser se ontvangs van eksplisiete beskrywings van sekere gebeure. Die twee lesers, leser drie en vier wat heeltemal en gedeeltelik uit die meer liberale Engelse kultuur kom, is nie ontstel deur die eksplisiete beskrywings nie. Vir sommige van die ander lesers was die beskrywings te eksplisiet en "onnodig" soos die een leser dit gestel het. Die konserwatiewe uitgangspunte van die Afrikaner-gemeenskap speel hier ŉ rol en die lesers voel dat mens darem nie sulke dinge op hierdie wyse behoort te beskryf nie. Wat egter interessant was, is dat lesers agt en nege die beskrywings wel eksplisiet gevind het, maar soveel waardering het vir die digterlike taalgebruik dat die eksplisietheid hulle nie ontstel nie.

Soos deur Donald verduidelik (2006:2) is dit juis die oogmerk van die skrywer om deur sy teks die leser te beïnvloed en daardie leser se beskouing en uitkyk te verbreed. Dit sal egter nie ten opsigte van alle lesers gebeur nie, soos ook inderdaad uit bostaande uiteensetting blyk. Party lesers kom in aanraking met sekere situasies en omstandighede en daarom word hulle uitkyk nie verbreed nie, maar slegs ondersteun. Die invloed van vaste kognitiewe kennis en raamwerke blyk duidelik uit hierdie resultate. ŉ Leser wat nie vertroud is met die omvang en erns van sosiale- en ekonomiese probleme nie, moet sy/haar raamwerk aanpas om die konsepte wat nou aan die leser bekend gemaak is, by te voeg tot sy/haar uitkyk. Daar word in albei boeke diepgaande kommentaar gelewer op bepaalde vorme van sosiale problematiek en die tekste konfronteer die leser daarmee. Die lesers neem dit in, verwerk dit of lees net bloot die boek bolangs waar die leser dan slegs kennis neem van die inligting. In die navorser se ondersoek het dit geblyk dat die lesers wel die sosiale problematiek in ag geneem het en dat hulle wel raamwerke geskep het of aanpassings gemaak het in hulle opvattings op grond van die lees van die boeke.

Dit het ook duidelik uit die studie na vore gekom dat lesers veral ruimtes en karakters vanuit hulle eie agtergrond, kennisraamwerk en oortuigings herskep soos voorgestel deur Gerrig en Egidi (2003:34) en Herman (2009:30). Buiten lesers een en ses waar die emosies aan sekere plekke en mense ŉ rol speel, herskep of rekonstrueer al die lesers die ruimtes en karakters vanuit dit wat aan hulle bekend is. Plekke waar die lesers al was, mense wat hulle al ontmoet het en, veral in die geval van lesers een en ses, die manier hoe hierdie plekke en

mense hulle laat voel het. Dit is duidelik dat 'n skrywer se beskrywings die fondament vorm vir die leser se herskepping van die teks in haar verbeelding, maar die leser vul die leë plekke in met kennis vanuit sy/haar eie agtergrond. Die leser skep dus karakters en ruimtes vanuit sy/haar eie kognitiewe raamwerke en daarom sal die konstruksies van leser tot leser verskil, omdat alle lesers nie oor dieselfde basiese kennisstruktuur beskik nie.

Die lesers se agtergronde speel verder duidelik 'n rol in hoe die lesers die teks kognitief interpreteer. Ouderdom het nie so 'n groot rol gespeel in die studie nie. Die enigste aspek waar die ouderdom van die onderskeie lesers 'n invloed gehad het, was ten opsigte van taal. Die ouer lesers het *30 Nagte in Amsterdam* as 'n digterlike taalryke teks beskou, waar slegs een van die jonger lesers regtig waardering vir die beskrywings en taalgebruik van *30 Nagte in Amsterdam* gehad het. Die jonger mense het die taal moeilik gevind en asof daar geen sin in die ryk beskrywings is nie. Dit blyk ook uit die gevalle van lesers twee en vyf, wat erken het dat hul nie die betekenis van al die woorde afsonderlik geken het nie, maar eers die betekenis kon ontsluit in die konteks van 'n paragraaf. Die taal vereis 'n groter kognitiewe inspanning wat die jonger lesers nie kon bybring nie. Of dit is omdat die ouer mense in 'n era grootgeword het waar taaltrots belangrik was en, soos in die geval van leser agt en nege, waar taalsuiwerheid deel van hul daaglikse lewe was en nou afwesig is by die jonger generasie, is 'n oop vraag. Wat wel duidelik na vore kom, is dat die ouer mense meer waardering vir die taal het en dalk ook meer taalvaardig en meer belese is, waarskynlik omdat hierdie mense grootgeword het in 'n tyd waarin lees belangrik was en aangemoedig is, waar veral televisie nie deel was van hul raamwerk nie, maar boeke.

Die aantal boeke wat die leser lees, het nie so groot invloed op die leser se interpretasie nie, maar eerder die tipe boeke wat die leser lees. Alhoewel leser vier byvoorbeeld minder boeke lees as leser sewe, het sy 'n meer diepgaande interpretasie gemaak van die boeke. Dit is die navorser se mening dat dit juis is omdat leser vier boeke lees wat meer kognitiewe inspanning vereis as leser sewe wat meestal liefdesverhale en Christelike boeke lees. Waar dit vir leser sewe moeilik was om die verhaal van *30 Nagte in Amsterdam* te rekonstrueer om die totale verhaal te begryp, omdat sy nie gewoond is aan dié tipe boeke nie, was dit vir leser vier maklik om die dieper betekenis te ontsluit. Die teenoorgestelde is egter ook veral met die twee lesers van toepassing. Leser vier het *Swartskaap* as afgewater en maklik beskou, iets wat haar verveel, waar leser sewe baie van die boek gehou het, nie net omdat sy die storie verstaan nie, maar omdat dit tot haar eie verlede spreek.

Soos reeds genoem was al die deelnemers vroulik omdat die mans wat gevra is om die boeke vir die doel van die studie te lees, nie die boeke klaar gelees het in die gegewe tyd nie. Dit sou interessant kon gewees het om te sien of geslag 'n rol speel by die interpretasie.

Sou mans byvoorbeeld dieselfde deernis ervaar vir die hoofkarakter in *Swartskaap* of sal hulle meer voel dat die karakter haar eie situasie as kind kan verander?

Daar sou in die verband verder uitgebrei kon word op die studie deur mans te betrek. Dit sou wel moontlik nodig wees om meer tyd aan die lesers te gee, sodat hulle die boeke kan klaar lees.

Die lesers se akademiese agtergrond het nie ŉ groot rol gespeel in die resultaat nie. Die lesers se persoonlike gevoel en agtergrond was van meer belang, maar 'n akademiese agtergrond het wel by leser ses ŉ effek gehad. Leser ses wat Afrikaans op universiteit aanbied, het die boeke vanuit ŉ akademiese standpunt geanaliseer. Die leser het die dieper betekenis en simboliek gesoek in alles wat in die boeke beskryf is. Tog was hierdie leser baie negatief oor die eksperimentele aspekte van *30 Nagte in Amsterdam*. Alhoewel die leser nie alle literêre aspekte raakgelees het of waardering daarvoor het nie, het die leser wel dieper as die meeste ander lesers betrokke by die studie gelees. Die leser wou antwoord waarom die skrywer sekere besluite neem en hoe die storie aangebied word. Dit is egter wat die leser lees, hoeveel die leser daarvan lees, wie die leser is en hoe die leser gekom het waar hy/sy is, wat ŉ baie groter rol speel.

### 5.2.2 Die rol wat die volgorde waarin die boeke gelees is speel in die lesers se interpretasie

Dit is interessant dat daar ŉ ooreenkoms kan wees tussen die boek wat die leser eerste gelees het en of die leser van die ander boek gehou het. Die meeste van die lesers het dit duidelik gemaak dat hulle nie voel dat die een boek ŉ invloed gehad het op die leeservaring van die ander boek nie. Die lesers is ses tot tien maande gegee om die twee boeke te lees en dit was hulle keuse watter boek hulle eerste wil lees. Die meeste lesers, ses, het eerste *Swartskaap* gelees en daardie ses lesers het baie meer van *Swartskaap* as *30 Nagte in Amsterdam* gehou. Die drie lesers wat eerste *30 Nagte in Amsterdam* gelees het, het meer daarvan gehou. Hierdie verskynsel kan moontlik daaraan toegeskryf word dat dit baie leeswerk was en dat die lesers nie meer lus was vir die tweede boek nie, maar dit kan ook wees dat die eerste boek die toon aangegee het vir die tweede boek. Die lesers wat eerste *Swartskaap* gelees het, het die boek maklik gevind. Die storie is voor die hand liggend en toe die lesers *30 Nagte in Amsterdam* daarna lees was die boek moeilik, langdradig en deurmekaar. Dit was vir dié lesers moeilik om te voldoen aan die kognitiewe vereistes wat die boek stel nadat hulle die voor-die-hand-liggende *Swartskaap* gelees het.

Die ander drie lesers wat eerste *30 Nagte in Amsterdam* gelees het, was van die begin van die studie af besig om die dieper kognitiewe betekenis te ontsluit. Waar die lesers hulself

weer reg gemaak het vir 'n moeilike teks soos in *30 Nagte in Amsterdam*, was dit nie die geval met *Swartskaap* nie. Daarom was die maklike trant van *Swartskaap* nie uitdagend genoeg vir die lesers nie en het hul minder van die boek gehou.

**5.2.3 Buiteblad en titel van die boek**

Die buiteblad en titel van die boek skep reeds by die lesers ŉ bepaalde verwagting nog voordat die leser die boek oopgemaak het. Soos die lesers die boek lees, word die verwagte raamwerk wat hulle gevorm het op grond van die titel en buiteblad herskep, sodat dit in konteks gebring kan word met die fiksionele werklikheid wat in die verhaal ontvou. Selfs met iets so klein soos die buiteblad is daar ŉ aanduiding van hoe verskillend lesers dink. Veral in die geval van *Swartskaap* het die titel verskillende assosiasies by die lesers opgeroep (vlg. Hoofstuk 4, bl. 133). Lesers het gedink aan die buitestander, moeilikheidmaker, iemand wat gekelder word, uitgeworpene, een wat aan die kortste end trek en skandemaker. Die term *Swartskaap* word slegs gebruik om te verwys na iemand wat die familie in die skande steek, tog het die lesers verskillende assosiasies met die term. Hierdie uiteenlopende assosiasies wat die lesers het, bepaal dadelik hoe hulle die verhaal gaan ontvang, omdat dit ŉ raamwerk vir interpretasie by die leser skep.

Die buiteblad het verder wel duidelik 'n raamwerk verskaf waarmee die lesers die boek benader het. Lesers het die buiteblad van *Swartskaap* beskryf as donker, hartseer, alleen, verskriklik, ŉ kind wat soek, iemand wat alleen agtergelaat word, ŉ verlore siel en iemand wat weggegooi word op ŉ vullishoop. Hierdie buiteblad het ŉ raamwerk geskep wat deur die verhaal ondersteun is, omdat die vermoedens wat die lesers gehad het oor die buiteblad wel bevestig word in die teks self.

In die geval van *30 Nagte in Amsterdam* is die lesers se interpretasies nie uiteenlopend ten opsigte van die titel nie. Die meeste lesers het gedink die boek sal gaan oor ŉ reis na Amsterdam. Wat wel egter na vore gekom het, is dat Amsterdam vir die lesers die rooiligbuurt opgeroep het. Een leser was geboei daardeur dat die titel juis na nagte verwys en nie dae nie, wat vir haar gedui het op onderduimsheid en prostitusie.

Die buiteblad het in hierdie geval ŉ groter rol gespeel. Die lesers het assosiasies gemaak met liggies, prostitusie, partytjie, nagklubs, simboliek van wit en swart, 'n snaakse Arabiese foto en die meisie wat oor die brug hardloop as die vinnige lewe van ŉ prostituut. In die meeste gevalle het die titel en buiteblad die idee gegee van die prostitusie in Amsterdam, maar in die verhaal was dit ŉ ondergeskikte tema. Die lesers moes hulle raamwerke wat

deur die titel en buiteblad geskep is, aanpas om plek te maak vir die nuwe gedagtes wat in die verhaal na vore kom. Vir lesers wat ŉ konserwatiewe verwysingsraamwerk het, kon die titel en buiteblad reeds ŉ negatiewe invloed gehad het op hul interpretasie van die boek.

ŉ Leser kan nooit onbeïnvloed aan ŉ boek begin lees nie, en soos bo uiteengesit laat selfs iets kleins soos die titel en buiteblad reeds die kognitiewe proses van betekenisgewing en interpretasie begin.

### 5.2.4 Die invul van oop plekke deur die lesers

Daar is verder gepoog om te ondersoek hoe die boeke ontvang, verstaan en geïnterpreteer word spesifiek ten opsigte van die invulling van die oop plekke in die teks.

In die geval van *Swartskaap* is daar nie werklik oop plekke wat die lesers self moes invul nie. Wat die lesers wel vir hulself ontsluit het, is dat die verhaal nie slegs fiksie is nie, maar dat daar dele in die verhaal is wat voorkom asof dit die skrywer se verhaal is en nie bloot die karakter se verhaal nie. Nie een van die lesers het voorheen van die skrywer gehoor nie, en daarom het geen leser vooropgestelde idees gehad oor die tipe boek wat dit sal wees nie. Die interpretasie berus daarom suiwer op die skryfwerk en nie op enige geskiedenis wat die leser met die skrywer se skryfwerk het nie. Sommige lesers het opgemerk dat die taalgebruik saam met die karakter ontwikkel. Dit dien as bewys dat die lesers nie bloot agter die storie aan lees nie, maar wel 'n kognitiewe beeld van die karakter opbou en daardie karakter assosieer met haar werklikheid en daardeur die skrywer se vermoë om dit weer te gee. Dit is nie ŉ tradisionele oop plek in die verhaal nie, en is moontlik nie intensioneel deur die skrywer gedoen nie, maar die lesers het hierdie subtiele aspek raakgelees en waardeer hoe dit bydra tot die beeld van die karakter.

Op die vraag, doelbewus as oop vraag geformuleer, of Claudie groei as karakter is die lesers verdeel. Alhoewel ses lesers voel dat sy verander in ŉ sterker mens, dink die navorser dat dit juis die naïewe leser is wat van die standpunt uitgaan. Hierdie ses lesers was nog nie werklik gekonfronteer met die slegte kant van die wêreld nie en voel daarom dat die karakter merkwaardig verander. Die vier lesers wat om verskeie redes swaarder grootgeword het, voel nie dat die karakters so merkwaardig verander nie, maar dat dit meer ŉ natuurlike grootwordproses is. Die antwoord wat die lesers op die vraag gee, kan ŉ aanduiding wees hoe hulle die oop plek vul. Die ontwikkeling van die karakters word nie definitief opgelos deur die skrywer nie, die besluit word aan die leser gelaat of hy/sy voel die karakter groei en ontwikkel.

In *30 Nagte in Amsterdam* is daar egter heelwat meer oop plekke, sekerlik die belangrikste is of die karakters Henk en Tante Zan verander en groei deur die verhaal. Alhoewel slegs 2 lesers van mening is dat Tante Zan verander, is die meeste lesers van mening dat Henk verander. Sewe lesers voel dat Henk verander en groei en glo dat hy as ’n sterker en interessanter mens uit die situasie sal stap. Dit is in die geval van *30 Nagte in Amsterdam* weer die lesers wat die ander kant van die lewe al leer ken het wat voel dat Henk nie verander nie, en in sommige gevalle selfs nou nog meer pateties sal wees as wat hy oorspronklik was.

Nie twee lesers vul oop plekke op dieselfde wyse nie en oop plekke op sigself is nie vir alle lesers oop plekke nie. Vir sommige lesers was die band tussen Tante Zan en Henk ’n onverklaarde element wat hulle gevul het deurdat hulle dit as ongewoon beskryf en fout daarmee te vind. Twee lesers wat vanuit die mediese veld kom het die medikasie en Tante Zan se epilepsie bevraagteken. Hulle is dus besig met 'n realiteitstoets op die teks. Waarom het Tante Zan nie die nodige hulp ontvang nie? ’n Ander leser het Tante Zan se obsessie met patetiese mense bevraagteken en gevra waarom sy juis die swakker persone uitsoek. Is dit om haarself beter te laat voel?

Vir leser vier is die monografie wat Henk oor die onbekende Van Gogh-broer skryf ’n oop plek. Die leser het genoem dat sy graag meer oor die aspek wou lees, veral omdat sy daarmee identifiseer vanuit haar agtergrond.

Die lesers sien hierdie oop plekke hoofsaaklik as vrae wat onbeantwoord bly, selfs in hulle eie interpretasie. Sommige lesers aanvaar dit as vrae en daar was ook ’n leser wat gevoel het dat daar ’n opvolgboek geskryf moet word om hierdie oop plekke te vul. Dit wil voorkom asof lesers in baie gevalle slegs die oop plekke raaklees, maar nie noodwendig die oop plekke vul vanuit hul agtergrond nie. Hul dink daaroor en dink hoe hul sou wou gehad het dit moet eindig, maar hul vul nie hierdie plekke definitief na aanleiding van ander gegewens elders in die roman nie.

In ander gevalle lees die lesers bloot net oor die oop plekke heen omdat daardie spesifieke oop plek geen waarde vir die spesifieke leser het nie, soos in die geval van Henk se ma en ouma. Wat gebeur met hierdie karakters wat so 'n groot aandeel in Henk se lewe het? Wie is die persoon wat die beursies steel en waarom het hierdie persoon so 'n obsessie met Henk? Daar is nog baie meer oop plekke in die boek, maar hierdie oop plekke het nie vir die lesers saak gemaak nie, omdat dit nie vir hulle betekenis tot die verhaal bygevoeg het nie.

### 5.2.5 Lewensbeskoulike opvattings van die lesers

Lesers se lewensbeskoulike opvattings speel ook ŉ rol in die leser se interpretasie van die teks. Lesers een en vyf wat veral baie beskermd grootgeword het, staar hul blind teen die probleme wat in die boeke na vore kom. Leser vyf maak die opmerking dat sy naderhand gevoel het dat *Swartskaap* oordryf. Lesers een en vyf voel dat *30 Nagte in Amsterdam* kras beskrywings bevat wat onnodig eksplisiet is. In die boek is die gebeure beskryf net soos wat dit vir die skrywer in die fiksionele wêreld afspeel en die lesers wou nie met hierdie slegte, lelike kant van die lewe gekonfronteer word nie. Hulle lewensbeskouing is volgens die navorser naïef en daarom sal hul nie die dieper betekenis kan raaksien nie.

Lesers ses en sewe het ŉ diepgegronde Christelike lewensbeskoulike opvatting. Hierdie opvatting het veral ŉ rol gespeel ten opsigte van Henk se besoek aan ŉ prostituut in Amsterdam. Die twee lesers kon nie hiermee vrede maak nie en dit het ŉ beduidende rol gespeel in die lesers se interpretasie van die boek. Veral leser ses het dit verskeie kere deur die loop van die onderhoud genoem, wat ŉ aanduiding is van hoe 'n groot invloed dit gehad het op haar interpretasie. Die leser het die insident baie aanstootlik gevind.

Die mishandeling van die kinders was die insidente wat leser sewe die aanstootlikste gevind het in *Swartskaap*. Sy het gevoel dat waar die ouers die gesin moet lei, hulle van hul verantwoordelikhede weghardloop en sodoende die verantwoordelikheid op die kinders afskuif. Leser ses noem hierdie mishandeling, maar dit is veral leser sewe wat baie sterk reageer op die mishandeling.

Leser agt het ook veral klem gelê op die feit dat broers en susters na mekaar moet kyk. Vir hierdie leser was die bepalende faktor of sy van ŉ karakter hou of nie gekoppel daaraan of die karakter omsien na sy/haar familie.

## 5.3 Interpretasie van lesersinterpretasies volgens kognitiewe konsepte in 'n kwalitatiewe ondersoek

Volgens die navorser kan daar met die hulp van konsepte uit die kognitiewe paradigma deur middel van ŉ kwalitatiewe ondersoek vasgestel word hoe lesers ŉ teks interpreteer.

Die lesers het die storie in die geval van *Swartskaap* eners geïnterpreteer. Alhoewel die lesers verskillend gevoel het oor die storie se gebeure en veral verskillend gereageer het teenoor sekere karakters en situasies, het die storie as sodanig nie intense kognitiewe interpretasie vereis nie en het die lesers die storie maklik gevolg en geïnterpreteer. Die

eenvoudige taal waarin *Swartskaap* geskryf is, dra daartoe by dat die leser nie, soos deur Langacker (2008:46) genoem, nodig het om dieper betekenis te moet ontdek in die estetiese aanbieding van die teks nie. Dit was egter nie die geval in *30 Nagte in Amsterdam* nie. Die taalrykheid waarmee die boek aangebied word, is vir baie lesers ŉ struikelblok juis omdat hul nie die betekenis agter elke woord verstaan het nie. Die komplekse intrige wat in die verhaal na vore kom, het verder as struikelblok gedien vir die lesers.

Dit is nie net Henk se karakter wat op ŉ ontdekkingsreis gaan nie, maar die leser self en as die leser nie die nodige kognitiewe inspanning en interpretasie na die lesing van die boek bring nie, sal die teks vir hulle slegs ŉ bolangse deurmekaarspul wees. Dus word die interpretasie deur die kognitiewe ingesteldheid en bestaande kognitiewe raamwerke beïnvloed.

**5.3.1 Lesers se identifikasie van 'n fokuspunt in die verhale**

Soos deur Donald (2006:2) gestel is, sal daar volgens die kognitiewe benadering ŉ spesifieke punt waarop die leser fokus geïdentifiseer kan word. Die leser sal daardie punt of tema deurdink tot daardie punt verwerk is voordat die leser sal aanbeweeg na die volgende punt of tema in die teks. Dit het inderdaad duidelik na vore gekom in die lesers se interpretasies.

Daar is ŉ versoek aan die lesers gerig dat hulle die storie aan die onderhoudvoeder moet terugvertel. Dit waarop die leser gefokus het in hierdie terugvertelling, is ŉ aanduiding van die raamwerk waarbinne die leser dink en selfs waarin die leser vasgeval het. As dit vroeg in die verhaal gebeur dat die leser teen 'n tema of verhaalelement stuit, al is dit ŉ baie klein aspek van die totale verhaal, sal die dieper betekenis van die teks verlore gaan vir die leser.

In die geval van *Swartskaap,* het die lesers oor die algemeen die idee gekry dat die storie handel oor die jong meisie wat uit slegte huislike omstandighede kom en iets van haar eie lewe maak. Daar is wel by elke leser aanduidings dat die leser die boek volgens sekere raamwerke evalueer. Leser een verwys spesifiek na die verwerping wat die karakter beleef, leser twee na die feit dat daar te veel kinders in die gesin is. Leser drie verwys na die geswerf van die gesin en die ma se manipulasie. Leser vier wat die teks as eenvoudig beskou het, het nie ŉ spesifieke raamwerk waarvolgens sy die boek evalueer nie. Leser vyf verwys na die aanhoudende noodlot wat die hoofkarakter tref, leser ses na die hoofkarakter se aanpasbaarheid, leser sewe na die aspek van mishandeling, leser agt na die disfunksionele en onstabiele familie en leser nege na die feit dat daar geen ouerleiding plaasvind nie. Dit is dieselfde verhaal, maar die nege lesers benader dit vanuit verskillende raamwerke na aanleiding van wat vir hulle belangrik is en wat hulle moet verwerk in die

verhaal. Die lesers het genoem dat hul in sekere gevalle kwaad voel oor sekere aspekte van die verhaal, wat kan beteken dat die lesers nog nie daardie situasie binne hulle eie raamwerk verwerk het nie. Daarom kan daar geargumenteer word dat die lesers nie kan aanbeweeg na ʼn volgende aspek van die verhaal nie. In sommige gevalle het die lesers genoem dat hulle die mense in die boek algaande leer verstaan het, wat dan beteken dat die leser se raamwerk verbreed is en verskuif het om die nuwe aspekte wat in die verhaal na vore gebring is in te sluit in hulle eie verwysingsraamwerk.

In *30 Nagte in Amsterdam* het dieselfde verskynsel plaasgevind, alhoewel dit hier die karakters was wat die lesers se siening van die verhale oorheers. Lesers het dit gelees as òf Henk se verhaal òf Tante Zan se verhaal. Die lesers wat gemaklik was met Tante Zan se los lewe en uitgangspunte, het haar rol in die boek erken, waar lesers wat hulle nie met die eksentrieke karakter wou vereenselwig nie, dit as Henk se verhaal gelees het en heeltemal van die ander karakter weggeskram het.

Vir leser een het dit gegaan om Henk wat geheime ondek, vir leser twee om Henk van die museum wat na Amsterdam moet gaan. Leser drie sien dit as twee verhale wat tot ʼn perfekte einde loop, waar albei karakters die verlede herontdek. Leser vier het dit ook as twee verhale gesien, as vervelige Henk en die eksentrieke Tante wat familiegeheime ontdek, so ook leser vyf. Vir leser ses het dit oor Henk gegaan wat sy eie geskiedenis ontdek, so ook het leser sewe dit as die verhaal van Henk gesien wat sy werklike Tante ontdek. Laastens het lesers agt en nege die roman gesien as Tante Zan se verhaal en haar poging om Henk uit sy beknopte bestaan te bevry. Die lesers het hier baie duidelik in die raamwerke beweeg wat vir hulle gemaklik is. As hul nie gemaklik is met die eksplisiete beskrywing van Tante Zan se eksentrieke lewe nie, het hul die roman as die verhaal van Henk gelees en dit so in hul gedagtes kognitief gaan voorstel en agtermekaar gesit, terwyl dié wat gemaklik is met Tante Zan, beide karakters se verhale gelees of net Tante Zan s'n.

### 5.3.2 Verwerking van raamwerke deur die lesers

Volgens die navorser het die lesers *Swartskaap* makliker gevind omdat die storie natuurlik van raamwerk tot raamwerk beweeg. Die leser word stelselmatig gelei tot die grusaamste aspekte van die verhaal. Die lesers het die geleentheid om elke raamwerk te verwerk voordat daar aanbeweeg word na die volgende raamwerk. Daar is ʼn beeld van die karakter en haar situasie geskep en soos wat sy groter word, word daardie raamwerk saam met die storie en leser verander.

Kleiner raamwerke is deur die lesers raakgesien om die verhaal te kan rekonstrueer tot die totale verhaal wat die leser aan die einde van die roman gelees het. In die geval van *Swartskaap* gebeur dit natuurlik, omdat die boek maklik vertel word en self van raamwerk tot raamwerk beweeg. Dit vereis nie baie dinkwerk van die leser nie.

In die geval van *30 Nagte in Amsterdam* is dit egter ŉ ander saak. Dit leser word klein leidrade gegee in die eerste drie hoofstukke en daarna fragmente (gedeeltelike raamwerke) wat los van mekaar staan. Die leser moet dus die klein rame neem en ŉ meer komplekse raamwerk van die verhaal in hulle gedagtes skep. Die leser sal hierdie raamwerke saamvoeg totdat die leser gemaklik voel om ŉ interpretasie te maak van die boek. Dit is die navorser se mening dat sommige lesers nie hierdie komplekse raamwerk kon skep nie en daarom nie gemaklik voel met die verhaal nie. Dit was vir die lesers moeilik om inligting uit die moeilike taal te ontsluit, te versamel en te rekonstrueer om hulle eie raamwerk van die verhaal te kon vorm. Dit is waarom lesers die verhaal as moeilik, oordrewe geskryf, te beskrywend en deurmekaar ervaar het. Dit was vir hulle moeilik om die belangrike dele uit te haal. Lesers kon dus nie klein rame skep wat gebruik word om meer komplekse raamwerke te skep waarin lesers gemaklik sou voel om ŉ interpretasie te maak nie.

### 5.3.3 Toepassing van die kognitiewe paradigma op die literatuur soos deur David Herman voorgestel

Volgens Herman (2001:11) word die kognitiewe paradigma gebruik om tekste te verstaan en word tekste gebruik as gereedskap om die lewe te verstaan. Soos hierbo uiteengesit word daar dus kognitiewe prosesse gebruik om die tekste te verstaan. Die lesers lees die teks en gebruik hulle eie raamwerke en uitgangspunte om die verhaal te konstrueer in hulle gedagtes en sodoende die teks te verstaan. Die lesers herskep ruimtes en karakters uit wat in die teks staan en bring dit in verband met dit wat aan hulle bekend is. So ook is die aspekte van die verhaal wat vir hulle belangrik is, aspekte wat in hulle eie raamwerk ŉ rol speel.

Dit het duidelik na vore gekom dat hierdie tekste gebruik is deur sekere lesers om hulle eie lewe te verstaan. In die geval van leser een het *Swartskaap* haar sekere eienskappe van haar eie ma laat ondersoek en verstaan en leser sewe, wat self baie moeilik groot geword het, is selfs nog besig om haar eie verlede vir haarself te verwerk.

Herman verwys na verskeie terreine wat binne die kognitiewe paradigma ondersoek kan word (2009:36) en alhoewel nie al hierdie aspekte ŉ rol in hierdie studie speel nie, word daar wel aan sekere aspekte aandag gegee.

#### 5.3.3.1 Die kognitiewe verbuiging van die narratief

Die narratief word verbuig, dit wil sê verander of aangepas, volgens die leser se kognitiewe raamwerke. Daar kan nie op grond van die onderhoude een universele interpretasie deur lesers vasgestel word nie. Daar kan eerder, soos reeds bespreek, gesien word dat elke leser ŉ ander raamwerk van interpretasie het. Die narratief as vertelling word beïnvloed deur die leser se denkwyse en agtergrond en daarom sal elke leser se rekonstruksie van die verhaal verskil.

#### 5.3.3.2 Karakterassosiasie

Herman verwys verder na die representasie van die gedagtes van karakters en hoe dit lesers lei om hulself te kan identifiseer met die verhaal al sou dit nie met ŉ spesifieke karakter wees nie. Elke leser het hulself met ŉ ander karakter geïdentifiseer. In die geval van *Swartskaap* is daar drie lesers wat hulself met geen karakter geassosieer het nie. Die oorgrote meerderheid het hulself met Claudie geassosieer en slegs een leser het haarself met die onderwyseres in die verhaal geassosieer. In die geval waar die lesers hulself met Claudie assosieer, is dit nie in al die gevalle met die karakter in geheel nie, maar slegs met sekere aspekte van die karakter. Leser een assosieer met Claudie se gevoelens, leser twee met die wyse waarop sy uit haar situasie kom, leser ses assosieer met Claudie se beskermende optrede teenoor ander, omdat sy self so is. Leser sewe met sekere aspekte vanuit haar eie lewe soos reeds genoem, en leser nege het haar met Claudie se stryd om ŉ plek in die lewe te kry geassosieer. Elke leser kyk na areas of aspekte wat op hulle van toepassing is en assosieer dan daarmee.

In *30 Nagte in Amsterdam* was dit dieselfde geval. Leser een het met die Engelse ma van Henk geassosieer omdat sy deur haar familie en hulle probleme ingesluk word. Die leser het genoem dat sy soortgelyke situasies beleef het met haar suster. Sy is ingesluk deur persoonlike probleme wat haar suster in die gesin veroorsaak het en is so van haar onskuld en kinderjare beroof (vir verdere verwysing kan die onderhoude in die Addendum DVD geraadpleeg word). Leser twee hierteenoor het met geen karakter geassosieer nie, maar leser drie het met Henk geïdentifiseer, nie as mens nie, maar met die feit dat hy nie kanse wil waag nie. Sy het self erken dat sy ook nie kanse wil waag nie. Leser vier het haar ook met Henk se Engelse ma geassosieer, nie die karakter self nie, maar met die problematiek om die Engelse en Afrikaanse kulture te balanseer soos wat met haar self gebeur het as gevolg van haar opvoeding binne twee kulture. Leser vyf het met Ma Olivier geassosieer omdat sy moontlik net soos Ma Olivier dominerend is. Leser ses assosieer nie met spesifieke karakters nie, maar sy het deernis met Ma Olivier. Leser sewe wat uit ŉ baie konserwatiewe familie kom, was so gewalg deur die karakters dat sy met geeneen wou

assosieer nie. Leser agt het haar totaal met Tante Zan geassosieer, omdat sy, soos sy self erken, ook impulsief is en reg vir enige ding, terwyl Leser nege haarself met Henk geassosieer het omdat sy ook versigtig is en bang om te verander soos sy Henk ervaar het.

Elke leser het haarself geassosieer met ŉ karakter of sekere karaktereienskappe. Hierdie assosiasie met karakters help lesers om sin te maak van die verhaal en dan kan hulle die boeke interpreteer. Hier kan daar ook geargumenteer word dat dit lesers help om sin te maak van dinge in hul eie lewe, om te sien hoe die karakters sake hanteer en wat die uiteinde van hulle beproewings was.

#### 5.3.3.3 Die rol van emosies

By al die lesers het die verhale duidelike emosionele reaksies veroorsaak. Hierdie emosies kan direk gekoppel word aan die feit of die lesers van die tekste gehou het of nie. Sommige lesers het die opmerking gemaak dat hul nie van die verhaal hou nie omdat die verhaal walglik en te eksplisiet is. Dit is ŉ aanduiding is dat die lesers emosioneel na die verhaal kyk en nie wetenskaplik en analities nie. Wanneer die lesers die verhaal herkonstrueer, word hul herkonstruksie dus aan hul emosies gekoppel. So ook kan die karakter waarvan die leser gehou het of nie ŉ aanduiding wees van hierdie emosionele ingesteldheid wat ŉ rol speel. In al die gevalle waar die lesers nie van ŉ bepaalde karakter hou nie, hou dit verband daarmee dat hul ŉ negatiewe emosionele konnotasie aan die karakter of die karakter se optrede heg.

In *Swartskaap* het die lesers telkens gemeld dat hul nie van die pa-karakter hou nie, omdat hy telkens weer teruggly in sy slegte gewoontes en ook nie van die ma–karakter nie, omdat sy haar kinders manipuleer en blameer vir haar foute. In *30 Nagte in Amsterdam* het sommige lesers nie van Henk gehou nie, omdat hy ŉ pateet is, of nie van Ma Olivier nie, omdat sy skynheilig is en omdat sy haar kinders se identiteit onderdruk.

Hierdie soort emosionele reaksies kan gekoppel word aan ondervindings wat die leser self beleef het. Omdat dit, soos reeds gestel, die raamwerk is waaruit die leser dink en waarin die leser kan terugval of vasval ten opsigte van die karakter, bepaal eie ervarings die leser se emosionele standpunt oor die spesifieke karakter.[1]

#### 5.3.3.4 Koppelvlakke tussen die narratief en intellek-brein

Daar kom duidelike koppelvlakke voor tussen die narratief en die intellek-brein van die leser met betrekking tot identifisering met karakters of die empatie wat die leser mag hê met situasies en karakters. Herman (2009:6) noem dit die kognitiewe resepsie-teorie. Lesers

[1] Sien Hoofstuk 4, bl. 141-147 vir lesers se response aangaande karakterassosiasie en karakters waarvan hulle niks gehou het nie.

dink oor karakters in terme van hulle omstandighede en identifiseer moontlik daarmee. Lesers het empatie met sekere karakters en situasies op grond van en na aanleiding van eie ervarings en omstandighede.

Net so was daar ŉ duidelike kognitiewe proses betrokke by die lesers se herskepping van die tydruimtelike aspekte van die romans. Ses lesers was van mening dat die tydruimtelike aspekte in die verhale, wat voor die hand liggend verskil, geen invloed gehad het op die wyse waarop hulle die verhale konstrueer het nie.

Die navorser wil egter van die stelling verskil. Die twee lesers wat duidelik gesê het dat hul nie-chronologiese tyd verkies omdat dit meer intellektueel stimulerend is, was die twee lesers wat veral van *30 Nagte in Amsterdam* gehou het. Hulle het dit geniet om die verhaal te moet uitpluis. Dié vyf lesers wat gesê het tydspatrone speel geen rol in hulle interpretasie nie, was ook van mening dat die boek moeilik en deurmekaar is. Die tydruimtelike aspekte speel daarom duidelik wel ŉ rol in hulle kognitiewe prosesse, omdat die lesers sukkel om hierdie verhaal te konstrueer, maar hulle besef nie dat dit hierdie aspek van die roman is wat hulle interpretasie van die roman kompliseer nie. Hulle ondersoek nie die rede vir hulle negatiewe beoordeling van die roman nie. Daar was slegs een leser wat direk erken het dat sy ŉ chronologiese vertelling verkies en daarom meer van *Swartskaap* gehou het (vgl. Hoofstuk 4, bl. 142).

Die manier waarop lesers lees, word verder bepaal deur die tekseienskappe, die vermoë van die leser om hierdie strukturele en tegniese eienskappe raak te sien en die effek wat dit op die leser het. Die struktuur van die twee boeke is uiteenlopend: *Swartskaap* het duidelik ŉ baie makliker struktuur as *30 Nagte in Amsterdam*, veral ten opsigte van verteltegnieke wat gebruik word. In *Swartskaap* word daar byvoorbeeld gebruik gemaak van ŉ karaktergebonde ek-verteller. Al die lesers het in breë trekke van *Swartskaap* gehou en die verhaal oortuigend gevind en dan het hulle motivering verwys na die karaktergebonde ek-verteller. Die lesers het die verhaal maklik gevolg en voel dat daar nie gepoog word om enige iets weg te steek nie. Dit was nie die geval met *30 Nagte in Amsterdam* nie. Sommige lesers kon nie vir hulself uitsorteer wie die verteller is nie en het daarom die boek verwarrend gevind.

Dit is duidelik dat die meerderheid lesers nie gehou het van die hoër kognitiewe vereistes wat *30 Nagte in Amsterdam* aan hulle gestel het nie, maar meer van die herkenbare verteller en eenvoudige vertelstrategieë wat gebruik word in *Swartskaap*.

Uit bogenoemde kom dit duidelik na vore dat daar beduidende verskille is tussen die manier waarop lesers ŉ populêre teks soos *Swartskaap* van Odette Schoeman interpreteer en die

wyse waarop die meeste lesers *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden, wat as literêre werk beskou word, interpreteer.

Alhoewel beide boeke sosiale kommentaar lewer, is die probleme wat in *Swartskaap* uitgebeeld is, makliker verstaanbaar vir die lesers. Dit wil voorkom of die wyse waarop *Swartskaap* vertel word, die deurslaggewende faktor is om die lesers met die dilemmas van die karakters te laat meeleef. Die lesers het gemaklik gevoel met die beskrywings, karakters en taal omdat die storie aan die lesers vertel word van A tot Z. Daar is geen onverwagte tydspronge of duistere vertelstrategieë nie en die leser word geïnteresseerd gehou omdat hulle die boeiende verhaalverloop volg. Die meeste lesers het betrokke gevoel by die verhaal en die verhaal relevant gevind, veral in die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks. Dit was vir die lesers ontspannend en lekker, nie 'n verhaal waaroor hulle heeltyd moes nadink om dit te verstaan nie, maar wat hulle gemaklik kon lees en waarvoor die interpretasie natuurlik en vanself gekom het.

Sommige lesers het die opmerking gemaak dat hul saam met die karakters kon lag en huil. Die lesers het deel gevoel van die hoofkarakter se reis. Al die lesers, behalwe een beskou *Swartskaap* deurgaans as goeie skryfwerk, omdat dit "tot die werklikheid spreek" en dinge sê soos dit is en nie die inligting wat begrip vir die verloop van die verhaal kweek, probeer wegsteek agter mooi woorde en tegnieke nie. Die enigste leser wat dit nie as goeie skryfwerk beskou het nie, was leser vier, wat juis meer hou van die intellektuele boek, iets wat haar laat dink en nie net vir genot gelees word nie.

Daar kan wel ondersoek word of die lesers besef dat hulle die romans aan die werklikheid meet. Die lesers sien dit nie as fiksie nie, maar meet dit aan wat werklik moontlik is. Eintlik lees hulle die boek maklik omdat die boek baie tradisioneel is, tog lyk die verhaal nie regtig "soos" die werklikheid nie, dit is immers logies nie moontlik nie, maar soos 'n tradisionele eenvoudige verhaal. Die frases "soos dit is" en "tot die werklikheid spreek" toon dat die lesers nie begryp dat 'n boek 'n storie kan vertel oor een onderwerp, maar ander betekenisse daaruit wil aantoon nie. Die lesers maak nie ŉ onderskeid tussen die werklikheid en die fiktiewe wêreld van die boeke nie. Die lesers interpreteer dus die verhale asof dit direk na die werklikheid verwys. Die onderskeid tussen die teks, “waarheid” en werklikheid is baie vaag by die lesers.

In *30 Nagte in Amsterdam*, wat as literêre teks beskou kan word, is dit egter ŉ ander saak. Die lesers besef dat hul meer intellektueel na die verhaal moet kyk, maar daar is gevind dat die lesers nie regtig wou nie en daarom die boek in baie gevalle as ŉ wroeging beskou het. Verskeie lesers beskou die boek as goeie skryfwerk, maar is van mening dat dit net gerig is

op die literêre gemeenskap. Dit was vir die lesers nodig om baie meer te dink oor die boek om die boek te verstaan en sodoende ŉ interpretasie van die boek te maak. Die lesers het dit in sommige gevalle moeilik gevind om die dieper interpretasie van die boek te maak wat klaarblyklik nodig is om die boek te begryp, daarom het hulle maklik moed opgegee. Die lesers het die moeilike aard van die boek as "onnodig" beskou en aangetoon dat die verhaal op ŉ baie eenvoudiger manier vertel kon word. Sommige lesers was van mening dat indien die boek makliker was, die boek meer genotvol sou wees.

Duidelik begryp sulke lesers nie dat dit in kunswerke daaroor gaan dat die kunstenaar iets nuuts wil maak nie. Dit is nie dat hulle verkeerd is nie, maar hulle is onbewus van daardie dimensie in verhale wat die vertelling van die verhaal kuns maak. Dit gaan nie net oor die onderwerp en die storie nie, maar deur die kunstige manier van vertel word die gebeure en die karakters in 'n nuwe lig gestel. Deur die manier van vertel word daar ander betekenisse gegenereer. Al hou bepaalde lesers nie daarvan nie, is dit die aard van ernstige literatuur en daarom bly die onderskeid tussen ernstige en populêre literatuur voortbestaan.

Daar was slegs drie lesers wat daarvan gehou het dat die boek intellektueel is met baie woordryke beskrywings. Hierdie lesers lees die teks vanuit ander en meer gekompliseerde kognitiewe raamwerke om die verhaal te verstaan en sodoende die verhaal te interpreteer.

Daar is daarom duidelike verskille in die wyse waarop lesers die onderskeie tekste lees: sommige lesers lees 'n roman bloot as 'n verhaal wat van A tot Z afloop en spandeer nie regtig tyd daaraan om dieper na te dink oor die verhaal nie, waar ander lesers die dieper betekenis van 'n roman wil ontdek en daarom die verhaal interpreteer en deurdink totdat hulle die boek verstaan. Dit wil voorkom of die meeste lesers in die studie skaamteloos vir eie bevrediging lees. Alhoewel sommige lesers se eie raamwerk wel miskien vergroot, word die maatstawwe hiervoor bepaal deur hulle eie ervaring en verwysingsveld. Die lesers rekonstrueer dus betekenis volgens bestaande rame en skripte.

Vanuit die bostaande uiteensetting kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die resepsie-estetika en veral die kognitiewe paradigma gebruik kan word om die lesers se interpretasies van boeke te verstaan. Die lesers se interpretasies kan dus geïnterpreteer word en met behulp van die kognitiewe paradigma kan die prosesse agter die interpretasie van die leser ontleed word.

Daar kan verder vanuit die data wat versamel is, sekere probleemareas geïdentifiseer word wat lesers ondervind.

## 5.4 Geïdentifiseerde probleemareas

Daar is verskeie probleemareas wat in die studie geïdentifiseer kan word. ʼn Belangrike probleemarea is die feit dat die meeste lesers in hierdie ondersoek nie gemaklik is met meer literêre werke nie. Lesers sal eerder ʼn populêre teks verkies wat nie baie inspanning vereis nie, voordat hulle ʼn meer komplekse boek soos *30 Nagte in Amsterdam* sal lees. Hoe hierdie probleem opgelos kan word, is ʼn oop vraag. ʼn Liefde vir lees moet gekweek word, nie net vir maklike tekste nie, maar ook vir die moeiliker tekste.

Vanuit die studie kan daar verder geargumenteer word dat baie min lesers literêr ingelig of geskool is. Die lesers het nie die kennis om die literêre tekste te lees nie, en wend ook geen poging aan om dit te probeer verbeter nie. Die lesers in die studie ag hulself in die meeste gevalle as welbelese lesers, tog is dit nie die geval nie. Die meeste van die lesers in die studie lees minder as 30 boeke per jaar en daarby nog meestal liefdesverhale of Christelike boeke. Hierdie tipe genres is nie daarop uit om die leser uit te daag nie. Daarom kan die meeste lesers in die studie nie as goeie lesers beskou word nie maar eerder as gemiddelde tot swak lesers. Om hierdie rede het die oorgrote meerderheid nie die kunstigheid in die tekste gesien nie en bloot die oppervlakkige storie gesoek. Daar moet gepoog word om lesers te skool in literêre interpretasie, sodat meer lesers werklik genot uit lees kan put.

Die ander probleemarea wat in die studie vir die navorser na vore kom, is die feit dat lesers nie genoegsame inligting het oor boeke wat hul wil lees nie. Indien hulle dan tydens die leesproses agterkom dat hulle nie van 'n boek hou nie, gee hulle maklik moed op. Dit het by die navorser die gedagte laat ontstaan dat daar dalk op 'n manier tersaaklike inligting oor boeke verskaf kan word wat lesers in hulle keuses kan help. Hoe dit gedoen kan word (met bepaalde koderings of geykte aanduidings van moeilikheidgraad of gehalte in taalgebruik of tema) is egter 'n onderwerp op sigself en word nie hier verder ondersoek nie.

Soos reeds genoem, is die lesers se deursigtige wyse van lees ʼn verdere probleemarea. Die lesers verwys konstant na die werklikheid agter die teks, wat eintlik die teorie van resepsie-estetika vanuit die kognitiewe paradigma ondersteun, maar dit het tot gevolg dat die lesers min insig in die literêre tegnieke toon. Die lesers toon daarom min insig in die vertelstrategieë waardeur ʼn fiksionele wêreld geskep en waardeur betekenis gegenereer word in die verhaal.

Daar is verder by byna al die lesers wat deelgeneem het aan die studie ʼn groot onkunde en gebrek aan belangstelling in boeke as boeke. Die lesers lees nie resensies nie en koop nie

die koerante waarin resensies voorkom nie. In die meeste gevalle het die lesers wel sterk negatiewe menings oor resensies. Alhoewel die lesers in die onderhoude uitgewys het dat resensies vir hulle subjektief is, kan dit tog van nut wees om resensies te lees. Daar moet ook in ag geneem word wie die skrywer van die resensie is. Is die persoon wat die resensie geskryf het werklik ŉ kenner of net ŉ gewone leser met 'n naïewe opinie? Dit kan van nut wees as die lesers die regte resensies lees en sodoende meer inligting oor ŉ bepaalde boek bekom. Dit los wel nie die kwessie op van die beperkte inligting wat op pos- en internetgebaseerde boekwinkels verskaf word nie. In hierdie "markplekke" is daar uiters min inligting vir die leser beskikbaar.

Verskeie lesers was nie opgewasse om *30 Nagte in Amsterdam* te lees en te verstaan nie, wat ook sekerlik te begrype is. Die meerderheid lesers lees vir die genot van lees en nie soseer vir die literêre gehalte van die roman nie. Lesers wil nie noodwendig die dieper betekenis in ŉ teks ontsluit nie, maar wil bloot net lees omdat lees lees is. As lesers in die verband slegs maklike of populêre literatuur bly lees, kan dit tot gevolg hê dat die literêre leser en veral die Afrikaanse literêre lesers verder sal verminder.

## 5.5 Samevatting

In hierdie studie is daar gepoog om te bewys dat die resepsie-estetika en die meer resensente kognitiewe paradigma aangewend kan word om lesers se interpretasie van boeke te verstaan en te ontleed.

### 5.5.1 Uiteensetting van die studie

Daar is ondersoek ingestel na die teoretiese hipotese dat die agtergrond, vorige leeservaring, uitgangspunte en verskeie ander faktore soos ontwikkelingsvlak, beroep en smaak ŉ leser se ontvangs en interpretasie van 'n teks bepalend kan beïnvloed. Daar is in hoofstuk 1 ŉ kort oorsig gegee van die struktuur van die studie waarna in hoofstuk 2 verslag gedoen is van die teoretiese literatuurstudie en 'n verkenning van relevante teoretiese insigte in die resepsie-estetika en kognitiewe literatuurstudie, spesifiek die kognitiewe narratologie.

Daar word ten opsigte van die resepsie-estetika verwys na Hans Robert Jauss en Wolfgang Iser. Hierdie twee navorsers het ŉ baie groot rol gespeel in die formulering van die basiese konsepte van die resepsie-estetika. Hulle fokus op die rol van die leser, gee erkenning aan die rol van die leser se interpretasie en eis dat die leser nie in die interpretasieproses buite rekening gelaat kan of mag word nie. Daar word veral deur Jauss gefokus op die leser se verwagtingshorison en watter rol dit kan speel in die leser se interpretasie. Iser beskou oop

plekke en hoe lesers daardie oop plekke sal vul vanuit hulle agtergrond ook as van belang. Alle lesers sal wel nie dieselfde oop plekke raaklees nie. ŉ Oop plek vir een leser is nie noodwendig ŉ oop plek vir ŉ ander leser nie. Na aanleiding van die resepsie-estetika is daar gekyk na die kognitiewe paradigma en watter waarde hierdie benadering aan 'n ondersoek kan toevoeg om die interpretasies van lesers te verstaan.

In die gebruik van die kognitiewe paradigma konsentreer navorsers daarop om na te spoor hoe lesers boeke interpreteer en betekenis ontsluit. Die kognitiewe paradigma probeer beskryf en verklaar hoe lesers karakters, ruimtes en ander aspekte van die verhaal vir hulself in hulle verbeelding herskep. Daar word verder in die kognitiewe paradigma ondersoek hoe lesers in terme van bepaalde raamwerke dink en begryp. Die stelling word gemaak dat 'n mens eers bewus moet word van die werking en implikasies van die eie raamwerke voordat 'n teks met ander veronderstelde raamwerke werklik geïnterpreteer kan word. Aanvanklik lees 'n leser slegs in terme van bekende denkraamwerke en pas die inhoud van 'n verhaal in sy eie raamwerk in, maar as die eie raamwerk verwerk is, kan daar in die wêreld van die teks ingegaan word waardeur ŉ dieper betekenis van die verhaal ontsluit kan word. Daar word deur Herman (2003:12) beweer dat die kognitiewe paradigma twee belangrike strategieë het, om tekste te verstaan en om tekste as gereedskap te gebruik om jou eie lewe te verstaan[2]. Dit het duidelik uit die studie na vore gekom dat albei hierdie stellings geldig is. Alhoewel al die lesers gepoog het om die tekste te verstaan, het elke leser op die een of ander wyse iets vanuit sy/haar eie lewe raakgelees en daarom die tekste as gereedskap gebruik om hulle eie lewe te verstaan.

Nadat hierdie literatuurstudie voltooi is, is nege lesers gevra om die boeke *Swartskaap* en *30 Nagte in Amsterdam* te lees. Die onderhoude wat hierna met die lesers gevoer is, se vrae is opgestel na aanleiding van die teoretiese agtergrond sowel as die analise van die verhale volgens die narratologiese model soos uiteengesit in hoofstuk 3. Dit was nodig om ŉ analise van die verhale te maak sodat daar ŉ norm vasgestel kon word waarteen die lesers se interpretasie gemeet kan word.

Die onderhoude is digitaal opgeneem en getranskribeer, waarna die onderhoude tematies gekodeer is sodat daar sinvolle gevolgtrekkings vanuit die data gemaak kon word. Elke leser se interpretasie van beide boeke is volledig bespreek sodat daar ŉ geheelbeeld van die leser gevorm kon word. Hierdie beskrywing wil nie net verduidelik hoe die leser die onderskeie boeke interpreteer nie, maar hoe die leser dink en praat oor die verhale. Dus is daar gepoog om die weergawe van die lesers se interpretasie so na as moontlik aan die lesers se eie woorde te hou.

[2] Sien hoofstuk 2 bladsy 32 en 33 vir die beskrywing van Herman.

Elke leser se agtergrond, interpretasie van *Swartskaap*, interpretasie van *30 Nagte in Amsterdam*, die leser se opinie aangaande resensies, die vergelykende interpretasie en ander punte wat die leser in die onderhoud genoem het, is bespreek. Nadat hierdie volledige beskrywing van die leser se interpretasie gegee is, word daar ŉ kort opsommende beskrywing gegee van die navorser se opmerkings met betrekking tot die leser se interpretasie.

Nadat elke leser se interpretasie afsonderlik bespreek is, is die lesers se interpretasies stelselmatig bymekaar gevoeg sodat daar ŉ vergelykende analise in tabelvorm gemaak kon word. Hierdie vergelykende tabelle gee aan die navorser die geleentheid om ŉ geheelbeeld van die lesers se interpretasie te maak en sodoende kan daar sinvolle gevolgtrekkings gemaak word.

In hierdie hoofstuk is daar ŉ interpretasie van die lesers se interpretasie gemaak. Daar is bewys dat die kognitiewe herkonstruksie van ŉ verhaal deur die lesers ŉ bepalende faktor is in die leser se interpretasie. Lesers kan om verskeie redes van ŉ boek hou of nie. Die leser kan die teks moeilik vind, al hou hul van die storie wat vertel word en op grond van die moeilikheidsgraad nie van die boek hou nie. Die karakter waarmee die leser assosieer, kan verder ŉ bepalende faktor wees of die leser van die verhaal hou of nie. Die manier waarop ŉ leser vir homself/haarself die ruimtes waarin die verhaal afspeel, kan rekonstrueer en voorstel, gee meestal insig in die leser se verwysingsraamwerk (of die gebrek daaraan) en speel ook ŉ rol in die interpretasie. As die leser gemaklik is in die ruimte van die verhaal en met die karakters in die verhaal, sal die leser heel moontlik meer van die verhaal hou.

Daar is gevind in die navorsing dat dit nie net die agtergrond, verwysingsraamwerk en kognitiewe vermoëns van die leser is wat ŉ rol speel by lesers se interpretasie nie. Selfs kleiner aspekte soos die buiteblad, titel en die boek wat die leser eerste gelees het speel ŉ rol om 'n bepaalde ingesteldheid by 'n leser te skep waarvolgens hy/sy dan verder lees.

Dit het duidelik uit die studie gekom dat ŉ leser nooit onbeïnvloed is wanneer ŉ teks gelees word nie. Elke leser bring sy eie agtergrond, geskiedenis, vorige leeskennis en lewensbeskouing met hom saam na die leesproses wanneer hy/sy ŉ boek lees. Hierdie ‘bagasie’ wat die leser na die teks bring sal ten alle tye elke leser beïnvloed. Geen leser interpreteer ŉ teks bloot wetenskaplik nie. Selfs sou die leser probeer om objektief te wees, sal die leser op sekere raamwerke in die verhaal fokus. Die raamwerke waarop die leser fokus is ŉ aanduiding van die oogpunt waaruit die leser die teks interpreteer.

### 5.5.2 Probleemareas en voorstelle

Soos reeds genoem interpreteer ŉ leser ŉ verhaal vanuit sekere raamwerke. As die boek nie binne ŉ raamwerk beweeg waarmee die leser gemaklik is nie, is dit nodig vir die leser om sy/haar eie raamwerk aan te pas om die nuwe raamwerke in ag te neem.

Dit was egter by die meeste lesers nie die geval nie, Daar is by lesers 'n weerstand teen verandering en hulle wil nie graag hul raamwerk van interpretasie aanpas nie. Hulle neem gewoon die standpunt in dat hulle nie van die boek hou nie, eerder as wat hulle hulle eie raamwerke aanpas. Wanneer ŉ leser nie van ŉ boek hou nie, soos die geval was met die een boek wat in die studie gebruik is, kan dit tot gevolg hê dat die lesers nie weer tekste van die skrywer sal lees nie. Die lesers het een van die boeke beskryf as ŉ wroeging, wat ŉ aanduiding kan wees dat die leser nie weer deur ŉ wroeging wil gaan nie en daarom nie weer van die betrokke skrywer 'n boek sal wil lees nie.

### 5.5.3 Gevolgtrekking

Dit blyk duidelik uit hierdie studie dat die resepsie-estetika steeds gebruik kan word om boeke en veral lesers se reaksie op boeke te toets en te bestudeer. Die meer spesifieke interpretasies wat deur die gebruik van konsepte uit die kognitiewe paradigma moontlik gemaak word, kan waarde tot so 'n analise toevoeg.

Hierdie ondersoek bevestig dus opnuut die belangrikheid daarvan om met die leser rekening te hou in die sienings oor boeke, en miskien selfs in die skryf van boeke, want daar kan nooit oor die leser heen gekyk word wanneer dit by literatuur kom nie. ŉ Leser is ŉ intrinsieke deel van die totstandkoming van die literêre teks as betekenis. Sonder lesers is daar niemand wat literatuur waardeer nie. In die bemarking van boeke sou lesers dus ook liefs in berekening gebring moet word, sodat die regte boek by die regte leser sou uitkom.

Lesers word beïnvloed deur tekste en die tekste se betekenis word beïnvloed deur die lesers se agtergrond en uitgangspunte. Daarom verskil interpretasies van leser tot leser en sal 'n boek altyd opnuut weer nuwe interpretasies oplewer en moontlik maak. Hierdie interaksie is egter die sentrale kwessie in literêre kommunikasie en die bestudering van hierdie verhouding sal steeds nuwe en boeiende navorsingsmateriaal oplewer.

# BIBLIOGRAFIE


ABBOTT, H.P. 2006 Cognitive Literary Studies: The "Second Generation". *Poetics*, 24(4):712 – 722.

ALBER, J. & FLUDERNIK, M. 2009. Mediacy and Narrative Mediation. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*. Handbook of Narratology. Berlin: Walter de Gruyter. p. 174–189.)

ALVESSON, M. 2011. Interpreting Interviews. London: SAGE Publications Ltd.

ANON, 2009. NVivo 8. http://www.dinovat.com/2009/pdf/nvivo8.pdf. Datum van gebruik: 28 Junie 2010.

BAILEY, C.A. 2007. A Guide to Qualitative Field Research, 2nd ed. California: Pine Forge Press.

BAMBERG, M. 2009. Identity and Narration. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *ed*s. Handbook of Narratology. Berlin: Walter de Gruyter. p. 132–143.)

BENNETT, A. 1995. Readers & Reading. London: Longman.

BORTOLUSSI, M. & DIXON, P. 2003. Psychonarratology: Foundations for the empirical study of literary response. Cambridge: Cambridge University Press.

BRINK, A.P. 1989. Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste. Pretoria: Academica.

COCHRANE, N. 2009. Pyn van grootword in 'n gebroke gesin. *Beeld*. http://www.beeld.com/Vermaak/Nuus/Pyn-van-grootword-in-n-gebroke-gesin-20091018. Datum van gebruik: 19 Junie 2011.

DONALD, M. 2006. Art and Cognitive Evolution. (*In* Turner, M., *ed*. The Artful Mind: Cognitive Science and the Riddle of Human Creativity. New York: Oxford University press. p.3–20.)

DU PLOOY, H. 1992. Narratologie. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: Haum-literêr. p. 331–333.)

DU PLOOY, H. 2004. Narratologie Diktaat. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. 44p.

ECO, U. 1979. The role of the reader: explorations in the semiotics of texts. Bloominton: Indiana University Press.

ERASMUS, M. 1999. Etienne van Heerden (1954 - ). (*In* Van Coller, H.P., *red.* Perspektief & Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. p. 679–699.

FLICK, U., *ed*. 2007. Analyzing Qualitative Data. London: SAGE Publications Ltd. p. ix – xv.

FLICK, U. 2009. An Introdiction to Qualitative Research. 4ed. London: SAGE Publications Ltd.

GENETTE, G. 1980. Narrative Discourse. New York: Cornell University Press.

GERRIG, R.J. & EGIDI, G. 2003. Cognitive Psychological Foundations of Narrative Experiences. (*In* Herman, D. *ed*., Narrative Theory and the Cognitive sciences. Stanford: CSLI Publications. p. 33-84.)

GIBBS, G. 2007. (*In* Flick, U. *ed*. Analyzing Qualitative Data. London: SAGE Publications Ltd. p. 1 – 185).

HABIB, M.A.R. 2008. A History of Literary Criticism and Theory. Australia: Blackwell Publishing. 838p.

HERMAN, D. 2003. Introduction. (*In* Herman, D. *ed*. Narrative Theory and the Cognitive Sciences. Stanford: CSLI Publications. p. 1–32.)

HERMAN, D. 2009. Cognitive Narratology. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 30–43.)

HERMAN, D. 2010. Narrative Theory after the Second Cognitive Revolution. (*In* Zunshine, L., *ed*. Introduction to cognitive Cultural Studies. Baltimore: The Johns Hopkins University Press. p. 155-175.)

HÜHN, P. 2009. Event and Eventfulness. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 80–97.)

HUYSAMEN, G.K. 1993. Metodologie vir die Sosiale en Gedragswetenskap. Durban: Southern boekuitgewers (Edms.) Bpk.

ISER, W. 1979. The Act of Reading: A Theory of Aesthetic Responce. Baltimor: Johns Hopkins University Press.

ISER, W. 1983. The Implied Reader: Patterns of Communication in Prose from Bunyan to Beckett. Baltimor: Johns Hopkins University Press.

ISER, W. 2000a. The range of interpretaion. New York: Columbia University Press.

ISER, W. 2000b. Do I write for an Audience? *PMLA,* 115:310-314.

JANNIDIS, F. 2009. Character. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *ed*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 14 – 29.)

JAUSS, H.R. 1982. Literary History as a Challenge to Literary Theory: Toward an Aesthetics of Reception. Translated by Thimothy Bahti. Minneapolis: University of Minnesota Press.

JOHL, J.H. 1992. Karakter/karakterisering. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: Haum-literêr. p. 199–202.)

KEURIS, M. 1992. Tyd in Literatuur. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: Haum-literêr. p. 543–546.)

LANGACKER, R.W. 2008. Cognitive Grammer: A basic introduction. Oxford: Oxford University Press. p. x-562.

MALAN, I., *red.* 1983. Letterkunde en Leser. Pretoria: Butterworth-Uitgewers.

MARGOLIN, U. 2009. Narrator. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 351–369.)

MARSHALL, C. & ROSSMAN, G.B. 2006. Designing Qualitative Research. 4th ed. US, California: Sage Publications.

MAYAN, M.J. 2001. An Introduction to Qualitative Methods: A Training Module for students and Professionals. Alberta: International Institute for Qualitative Methodology.

MEISTER, J.C. 2009. Narratology. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 329–350.)

MIALL, D.S. 1995. Anticipation and feeling in literary response: A neuropsychological perspective. *Poetics*, 23:275-298.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN-Uitgewers.

NIEDERHOFF, B. 2009. Focalization. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 115–123.)

PALMER, A. 2010. Storyworlds and Groups. (*In* Zunshine, L., *ed*. Introduction to cognitive Cultural Studies. Baltimore: Johns Hopkins University Press. p. 176–192.)

PRINSLOO, A.F. 2004. Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom. Kaapstad: Pharos-Uitgewers.

RYAN, M. 2009. Space. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 420–433.)

SCHMIDT, S.J. 1982. Foundation for the Empirical Study of Literature: The Components of a basic theory. Authorized translation from the German and fully revised by Rebert de Beaugrande. Hamburg: Buske.

SCHOEMAN, O. 2010. *Swartskaap*. Kaapstad: Kwela Boeke.

SEIDMAN, I. 2006. Interviewing as Qualitative Research: A Guide for Researchers in Education and the Social Sciences. 3rd ed. New York: Teachers College Press.

SENEKAL, J. 1983. Resepsie – ’n Terreinverkenning. (*In* Malan, C. *red*. Letterkunde en leser. Pretoria: Butterworth. p. 1–42.)

STRAUSS, A.L. 1987. Qualitative Analysis for Social Scientists. Cambridge: Cambridge University Press.

TOOLAN, M. 2009. Coherence. (*In* Hühn, P; Pier, J., Schuid, W. & Schövert, J. *eds*., Handbook of Narratology. Berlin: Guuytev. p. 50 – 54.)

TURNER, M. 2003. Double-scope Stories. (*In* Herman, D. *ed*. Narrative Theory and the Cognitive sciences. Califronia: CSLI Publications. p. 117-142).

VAN HEERDEN, E. 2008. 30 Nagte in Amsterdam. Kaapstad: NB-Uitgewers.

VENTER, L. S. 1992a. Ruimte (Epiek). (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: Haum-literêr. p. 453–455.)

VENTER, L. S. 1992b. Verteller (Epiek). (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: Haum-literêr. p. 546-565)

VENTER, L. S. 1992c. Fokalisasie. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: Haum-literêr. p. 133–135.)

ZUNSHINE, L. 2010a. Theory of Mind and Experimental Representations of Fictional Consciousness. (*In* Zunshine, L., *ed*. Introduction to cognitive Cultural Studies. Baltimore: Johns Hopkins University Press. p. 193-213)

ZUNSHINE, L. 2010b. Cognitive Narratology. (*In* Zunshine, L., *ed*. Introduction to cognitive Cultural Studies. Baltimore: Johns Hopkins University Press. p.151-153.)